

Ouerbetrokkenheid en beheersing van leerderwangedrag in Noord-Kaapse skole:'n Onderwysregtelike perspektief

JPD Buys

20648936

Verhandeling voorgelê ter nakoming vir die graad Magister
Educationis in Onderwysreg aan die Potchefstroomkampus
van die Noordwes-Universiteit

Studieleier: Prof MH Smit

Oktober 2015

Dit begin alles hier TM



NORTH-WEST UNIVERSITY
YUNIBESITHI YA BOKONE-BOPHIRIMA
NOORDWES-UNIVERSITEIT [®]

VERKLARING / DECLARATION

Ek, die ondergetekende, verklaar hiermee dat die werk vervat in hierdie verhandeling / proefskrif, my eie oorspronklike werk is en dat ek dit nie voorheen, in geheel of gedeeltelik, by enige universiteit ingedien het vir 'n graad nie.



Handtekening

Datum
26/10/2015

Kopiereg©2016 Noordwes Universiteit (Potchefstroom Kampus)

Alle regte voorbehou

“Discipline is not a simple device for securing superficial peace in the classroom, it is the morality of the classroom as a small society”

- Rogers 1997

ERKENNING EN DANKBETUIGINGS

- Dit is vir my aangenaam om erkenning te gee en dank te betoon aan die volgende persone en instansies wat my die geleentheid gebied het, om die navorsing te kon uitvoer:
- Die Hemelse Vader vir gesondheid, krag en genade tydens die navorsingsproses.
- Professor Marius H. Smit as studieleier en mentor vir sy ondersteuning, geduld en bemoedigende woorde veral toe ek wou opgee na my egskeiding.
- My ouers, familie en twee dogters vir hulle gebede, morele ondersteuning en geduld.
- Noord-Kaapse Onderwys Departement vir die toestemming om die navorsing in die John Taolo Gaetsewe distrik te kon doen.
- Mnr. J.S. Ludick, skoolhoof van Wrenchville Primêr, vir sy begrip en toestemming as ek die Noord-wes Universiteit (Potchefstroom kampus) moes besoek.
- Die betrokke skole in die streek en deelnemers (ouers en onderwysers) vir hulle tyd en positiewe bydrae.
- Kollegas, vriende en kennisse vir hul belangstelling en morele onderskraging.
- Ds. Deelman vir sy bemoedigende woorde in die moeilikste tyd van my lewe.

- Gods rykste seen!

OPSOMMING

Leerderwangedrag is een van die vernaamste verskynsels in Suid-Afrikaanse skole en in die res van die wêreld wat onderrig en leer kortwiek. Dit is belangrik dat alle rolspelers soos die Departement van Onderwys, die onderwysers, die ouergemeenskap en die leerders betrek moet word by die bekamping van hierdie fenomeen.

Die fokus van hierdie studie was egter op die betrokkenheid van ouers om die onderwysers in hul opvoedingstaak te ondersteun met die vermindering van leerderwangedragprobleme in skole. Die oogmerk van die studie was om die werklike redes waarom ouers nie by die opvoeding van hulle kinders betrokke wil raak nie, te bepaal. Die rol van die skoolbeheerliggaam in die bekamping van leerderwangedrag is ook ondersoek.

Hierdie navorsing val binne die vakgebied Onderwysreg en die rol van ouers as primêre opvoeders is vanuit 'n Onderwysregtelike perspektief bestudeer.

In die studie is 'n kwalitatiewe ondersoek gedoen deur onderwysers en ouers se persepsies, oortuigings en opinies te ontleed in hulle onderskeie skoolgemeenskappe. Een prominente bevinding is dat daar verskeie faktore bydrae waarom ouers permissief en apaties is by die opvoeding van hulle kinders. 'n Ander bevinding is dat ouers onkundig is oor hulle rol in die opvoeding van hul kinders en dat hulle regskenning oor die Grondwet en onderwyswetgewing, veral ten opsigte van ouerlike lyfstraf, onvoldoende is.

Gegronde op hierdie bevindings word aanbeveel dat 'n ouer-kind opleidingskursus ontwikkel word sodat ouers opgelei kan word om hulle kinders behoorlik op te voed. Dit word ook aanbeveel dat die Suid-Afrikaanse Skolewet gewysig moet word om aan beheerliggame die bevoegdheid te verleen om ouers te verplig om saam met hulle ongedisiplineerde kinders die kursus by te woon.

Sleutelbegrippe:

Skoolbeheer, ouerbetrokkenheid, Onderwysreg, leerderwangedrag, ouer-kind opleiding, dissipline, lyfstraf, Familiereg en kinderregte.

ABSTRACT

Learner misconduct is one of the most important phenomena in South African schools and in rest of the world that impedes teaching and learning. It is important that all stakeholders like the Department of Education, teachers, parents and learners should be involved in solving learner misconduct challenges.

This study focus on the involvement of parents in assisting teachers with their educative task in reducing learner misconduct. The aim of the study was to determine the real reasons why parents are not involved in the disciplining and education of their children. The role of the school governing body in reducing learner misconduct was alsoinvestigated.

The research is part of the study field, Education Law, and the role of parents as primary educators was investigated from an Education law perspective.

A qualitative study was undertaken to determine the perceptions, believes and opinions of teachers and parents in their respective school communities. One prominent finding is that there are different factors that play a role in the permissiveness and apathy of parents with regard to the upbringing of their children. Another finding was that some of the parents are ignorant of the role that they should play in the education of their children and have insufficient knowledge of the Constitution and Education legislation, especially with regards to parental corporalpunishment.

Based on these findings it is suggested that parents should receive training by means of a parent-child course in order that parents may be able to discipline their children. In addition, it is suggested that the South African Schools Act should be amended to enable school governing bodies to compel parents to attend such a training course will their ill-disciplinedchildren.

Keywords:

School governance, parental participation, Education law, learner misconduct, parent-child training, discipline, corporal punishment, Family law and Children's rights.

VERKLARING:TAALVERSORGER

13 CHURCH STREET
MURRAYSBURG
WESTERN CAPE 6585
lmgrobler@gmail.com
082 202 4343

WORDWORKS

TO WHOM IT MAY CONCERN

DECLARATION OF EDITING

DISSERTATION: MR BUYS

I, Louise M Grobler, as a private language practitioner and member of the SA Translators' Institute, hereby solemnly declare that I have edited Chapters 2 and 3 of Mr Buys's dissertation for a Master's degree.

Louise Grobler

15 October 2013

SATI Membership No. 1001101

LET YOUR WORDS WORK!



daleen groenewald

22 OCTOBER 2015

TO WHOM IT MAY CONCERN

DECLARATION: LANGUAGE EDITING OF CHAPTER 2 –

***OUERBETROKKENHEID EN DIE BEHEERSING VAN LEERDERWANGEDRAG IN NOORD-
KAAPSE SKOLE: 'N ONDERWYSREGTELIKE PERSPEKTIEF***

I hereby declare that I have edited Chapter 2 of the thesis submitted by Mr JPD Buys and found the written work as well as in-text citations and referencing to be free of glaring and obvious errors.

Daleen Groenewald
APTrans (SATI)

PO Box 386

Kleinmond

7195

South Africa

Phone: 028 271 4677

Fax: 088 028 271 4677

Email: daleenop@mweb.co.za

ETIESE VERKLARING: TOESTEMMING VIR NAVORSING



NORTH-WEST UNIVERSITY
YUNIBESITHI YA BOIKONI-MOPHRIMA
NOORDWES-UNIVERSITEIT

Private Bag X6001, Potchefstroom
South Africa 2520

Tel: (018) 290 4900
Faxes: (018) 298-1210
Web: <http://www.nwu.ac.za>

Ethics Committee
Tel: +27 18 298 4850
Fax: +27 18 298 5825
Email: Ethics@nwu.ac.za

ETHICS APPROVAL OF PROJECT

The North-West University Ethics Committee (NWU-EC) hereby approves your project as indicated below. This implies that the NWU-EC grants its permission that, provided the special conditions specified below are met and complying any other authorisation that may be necessary, the project may be initiated, using the ethics number below.

Project title: Ouerbetrokkenheid en beheersing van leerderwangedrag in Noord-Kaapse skole: 'n Onderwysregtelike perspektief																													
Project Leader: Prof M Smit en Buys																													
Ethics number:	<table border="1"><tr><td>N</td><td>W</td><td>U</td><td>-</td><td>0</td><td>1</td><td>2</td><td>0</td><td>-</td><td>1</td><td>1</td><td>-</td><td>A</td><td>2</td></tr><tr><td colspan="4">Project name</td><td colspan="4">Year</td><td colspan="6">Date</td></tr></table>	N	W	U	-	0	1	2	0	-	1	1	-	A	2	Project name				Year				Date					
N	W	U	-	0	1	2	0	-	1	1	-	A	2																
Project name				Year				Date																					
Approval date: 2011/11/24																													
Expiry date: 2016/1/23																													

Special conditions of the approval (if any): None

General conditions:

While this ethics approval is subject to all regulations, amendments and agreements incorporated and signed in the application form, please note the following:

- The project leader (principal investigator) must report in the prescribed format to the NWU-EC:
 - annually (or as otherwise requested) on the progress of the project;
 - without any delay in case of any adverse event (or any incident that interrupts sound ethical principles) during the course of the project.
- The principal investigator is solely responsible for the conduct of the project in the institution. Should any changes to the project be required, necessary during the course of the project, the project leader must apply to approval of these changes to the NWU-EC. Should there be deviation from the project protocol without the necessary approval of such changes, the ethics approval is immediately and automatically forfeited.
- The date of approval indicates the first date that the project may be started. Should for whatever reason to substitute this date, a new application must be made to the NWU-EC and new approval received before the new date.
- In the interest of ethical responsibility the NWU-EC retains the right to:
 - request access to any information or data at any time during the course of the completion of the project;
 - withdraw or suspend any part of the project or suspend or suspend;
 - it becomes apparent that any relevant information was withheld from the NWU-EC or that information was used later or misrepresentation;
 - the required annual report and reporting of adverse events was not done timely and accurately;
 - new institutional rules, national legislation or international conventions deem it necessary.

The Ethics Committee would like to remain at your service as scientist and researcher, and wishes you well with your project. Please do not hesitate to contact the Ethics Committee for any further enquiries or requests for assistance.

Yours sincerely

Prof Antonia Lourens
(chair NWU-Ethics Committee)

INHOUDSOPGAWE

VERKLARING	Error! Bookmark not defined.
WYSE WOORDE.....	ii
ERKENNING EN DANKBETUIGINGS	iii
OPSOMMING	iv
ABSTRACT.....	v
VERKLARING: TAALVERSORGER	vi
ETIESE VERKLARING	viii
LYS VAN TABELLE	xvi
HOOFTUK1 Inleiding, Probleemstelling enNavorsingsontwerp.....	1
1.1 Inleiding	1
1.2 Probleemstelling en rasionaal.....	1
1.2.1 Leerderwangedrag en dissipline probleme in skole	1
1.2.2 Rol en funksie van ouers by die kind se opvoeding	3
1.2.3 Rol van ouers met betrekking tot leerderwangedrag	4
1.2.4 Tekortkominge in skoolbeheer ten opsigte van leerderwangedrag	4
1.3 Navorsingsvrae	6
1.4 Navorsingsdoel	6
1.5 Konseptuele raamwerk	6
1.5.1 Onderwysreg as vakdissipline	6
1.5.2 Teoretiese vertrekpunt.....	8
1.6 Navorsingsontwerp.....	8
1.7 Literatuuroorsig.....	9
1.8 Empiriese studie.....	10
1.8.1 Populasie	10
1.8.2 Doeldienende (“purposive”) steekproef.....	10
1.8.3 Seleksie van deelnemers	11
1.8.4 Die navorser se rol	11
1.8.5 Geldigheid en betroubaarheid	12
1.8.6 Etiese aspekte.....	12
1.9 Voorgestelde hoofstukke.....	13

1.10 Bydrae van die studie	13
1.11 Samevatting	14
HOOFSUK2 Literatuuroorsig	15
2.1 Inleiding	15
2.2 Konsepsuele en teoretiese raamwerk.....	16
2.2.1 Leerderwangedrag	16
2.2.2 Ouerbetrokkenheid.....	17
2.2.3 Beheer	17
2.2.4 Dissipline.....	18
2.2.5 Onderwysreg.....	19
2.2.6 Skool.....	19
2.2.7 Ouer	19
2.2.8 Sorg	20
2.2.9 Kind.....	20
2.2.10 Leerder.....	21
2.2.11 Regte (subjektiewe).....	21
2.2.12 Toerekeningsvatbaarheid	21
2.2.13 Aanspreeklikheid	22
2.3 Internasionale navorsing oor leerderwangedrag	22
2.4 Leerderwangedrag en sy oorsprong.....	24
2.4.1 Die onderwysbedeling vóór 1994	24
2.4.2 Aard en frekwensie van leerderwangedrag post-1994.....	25
2.4.3 Ernstige wangedrag by skole.....	27
2.5 Remedies ten opsigte van die hantering van leerderwangedrag.....	29
2.5.1 Hantering van gewone wangedrag by skole ingevolge die Skolewet	29
2.5.2 Hantering van ernstige wangedrag by skole ingevolge die Skolewet	32
2.5.2.1 Voorlopige ondersoek.....	32
2.5.2.2 Dissiplinêre verhoor.....	34
2.5.2.3 Die belangrikheid van ouerbetrokkenheid by 'n dissiplinêre verhoor	34
2.5.2.4 Die dissiplinêre verhoor	36
2.5.2.5 Uitsetting en skorsing	39
2.6 Regsverhoudings tussen leerders (kinders), ouers en die skool	41
2.6.1 Die ouer teenoor die leerder	41
2.6.1.1 Ouerlike bevoegdheid (gesag).....	41
2.6.1.2 Regte van Ouers	43
2.6.1.3 Verpligtinge van ouers.....	45

2.6.1.4 Ouerbetrokkenheid weens ontoerekeningsvatbaarheid en die regsaanspreeklikheid van kinders.....	47
2.6.1.5 Negatiewe ouerbetrokkenheid vererger probleme met dissipline by skole	49
2.7 Regte van leerders	49
2.7.1 Erkenning van kinderregte.....	49
2.7.2 Die privaatregtelike status van kinders	50
2.7.3 Grondwetlike regte van die kind	50
2.7.4 Kinders se grondwetlike regte en die implikasies daarvan vir ouers en leerkragte	51
2.7.4.1 Handves van Menseregte.....	52
2.7.4.2 Beste belang van die kind.....	53
2.7.4.3 Menswaardigheid	54
2.7.4.4 Gelykheid	55
2.7.4.5 Vryheid en sekuriteit van 'n person	56
2.7.4.6 Die kind se reg op onderwys	57
2.7.4.7 Vryheid van uitdrukking van leerders.....	58
2.7.4.8 Privaatheid van leerders.....	59
2.7.4.9 Reg tot regverdige administratiewe optrede	59
2.7.4.10 Reg tot 'n skoon omgewing	61
2.8 Die Skolewet en die regte van die leerder	62
2.8.1 Die kind se reg ten opsigte van die taalbeleid by openbare skole	63
2.8.2 Kinders se reg tot godsdienst in openbare skole	64
2.8.3 Die kind se reg ten opsigte van die verbod op lyfstraf by skole.....	66
2.9 Regte van kinders ingevolge ander tersaaklike wetgewing	67
2.9.1 Regte van kinders ingevolge die Kinderwet	67
2.9.2 Regulasies verwant aan Veiligheidsmaatreëls by Onafhanklike Skole (DBO 2004, hierna Privaatskool-veiligheidsregulasies)	68
2.10 Verpligtinge van kinders.....	70
2.10.1 Gehoorsaamheid aan ouers en voogde.....	70
2.10.2 Bywoning van skool.....	71
2.10.3 Nakoming van gedragskode en opdragte van onderwysers.....	71
2.10.4 Wederkerige verpligtinge tussen leerders (respek vir menswaardigheid, gelykheid en erkenning van Grondwetlike regte)	72
2.10.5 Nakoming van regsreëls en wette in SA	74
2.11 Hantering van misdade deur kinders gepleeg ingevolge die Wet op Kindergeregtigheid.....	76
2.11.1 Hantering van kinders wat met die gereg bots.....	76
2.11.2 Hofbevel	77

2.11.3 Arrestasie (aanhouding) van kinders	77
2.11.4 Vrylating, plasing en aanhouding van kinders.....	78
2.11.4.1 Vrylating versus plasing en/of aanhouding	78
2.11.4.2 Plasing van kinders in jeugsorgsentrums.....	79
2.11.4.3 Aanhouding van kinders	80
2.12 Die afwentelingsproses	80
2.13 Aanhoor van sake in die Kinderhof.....	82
2.14 Vonnis van kinders	83
2.14.1 Gemeenskapgebaseerde vonnis	85
2.14.2 Herstellende geregtigheidsvonnis.....	85
2.15 Die Strafhof.....	86
2.16 Hof vir Klein Eise.....	86
2.17 Interdik teen ouers	86
2.18 Die verband tussen ouerlike sorgplig en hantering van leerderwangedrag ...	87
2.19 Die regsverhouding van die skool teenoor ander belanghebbendes	88
2.20 Die regsverhouding van die skool teenoor die leerder.....	89
2.21 Gevolgtrekkings rakende regsimplikasies	91
2.21.1 Die mate waartoe remedies kragtens die Skolewet voldoende is.....	91
2.21.2 Die mate waartoe remedies en maatreëls kragtens die Wet op Kindergeregtigheid voldoende is	94
2.21.3 'n Herstellende versus 'n vergeldende benadering tot leerderwangedrag en ouers se rol hierin	95
2.21.4 Regsimplikasies voortspruitend uit die afskaffing van lyfstraf.....	97
2.22 Samevatting	99
 HOOFSTUK3 Navorsingsontwerp, Dataontleding en Metodologie.....	 101
3.1 Inleiding	101
3.2 Navorsingsontwerp.....	101
3.2.1 Kwalitatiewe navorsing	102
3.3 Versameling van data.....	104
3.3.1 Onderhoude	105
3.3.2 Fenomenologie as uitgangspunt.....	106
3.3.3 Doel dienende ("purposive") steekproef.....	109
3.3.4 Ontleding van data	111
3.3.5 Onderhoudsraamwerk.....	111
3.3.6 Seleksie van deelnemers.....	111
3.4 Die navorser se rol	113

3.5 Dataverifiëring	113
3.5.1 Hoe word geldigheid en betroubaarheid verseker?.....	113
3.6 Etiese oorwegings.....	115
3.7 Samevatting	116
3.8 Resultate van die navorsing	116
3.8.1 Agtergrond van skole in die streek.....	116
3.8.2 Eienskappe van geselekteerde skole	117
3.8.2.1 Ontleding en bespreking van die data.....	117
3.9 Die tipes wangedrag.....	120
3.9.1 Gewone wangedrag	120
3.9.1.1 Disrespek teenoor onderwysers en ander gesaghebbendes	120
3.9.1.2 Internetfasiliteite en selfone word nie vir die regte doel deur kinders gebruik nie	122
3.10 Ernstige wangedrag	124
3.10.1 Dwelm- en drankmisbruik	124
3.11 Sosio-ekonomiese oorsake van onbetrokke ouers.....	125
3.11.1 Afwesige ouers weens werksomstandighede	125
3.11.2 Armoede.....	126
3.11.3 Gesinstrukture ontbreek in sommige ouerhuise.....	129
3.11.4 Egskeidings.....	129
3.11.5 Enkelouergesinne.....	130
3.11.6 Afwesigheid van die vader as rolmodel.....	130
3.11.7 Lae opvoedingspeil van sommige ouers.....	131
3.12 Waardestelsels ontbreek in die verskillende gemeenskappe	133
3.12.1 Godsdienstige riglyne deur ouers ontbreek	133
3.12.2 Morele ondersteuning van ouers	134
3.13 Redes vir oneffektiewe handhawing van dissipline deur ouers.....	134
3.13.1 Permissiewe ouers	134
3.13.2 Ouers stel nie duidelike grense of reëls nie	135
3.13.3 Ouers vervul nie hul rol as primêre opvoeders nie	136
3.13.4 Apatie van sekere ouers	136
3.13.5 Ouers spandeer min kwaliteit tyd met kinders.....	137
3.13.6 Afwesige ouers (emosionele en intellektuele afwesigheid)	138
3.13.7 Gebrekkige kennis van ouers	140
3.13.8 Onkunde en wanpersepsies van ouers oor funksionering van skole.....	142
3.13.9 Onkunde van ouers ten opsigte van lyfstraf.....	142
3.13.10 Onkunde van ouer oor effektiewe dissipline metodes	144

3.13.11 Ouers ondersteun hul kinders se verkeerde oortredings.....	146
3.14 Faktore wat ouerbetrokkenheid verbeter.....	147
3.14.1 Bewusmaking van die belangrikheid van ouerbetrokkenheid by skole	147
3.14.2 Bemoedig voorheen betrokke ouers tot volgehoue betrokkenheid.....	149
3.14.3 Opleiding van onderwysers ook 'n noodsaaklikheid om betrokkenheid van ouers aan te moedig	151
3.14.4 Skool en skoolbeheerliggaam skep geleenthede vir skakeling en moedig ouerbetrokkenheid aan	151
3.14.5 Skool bied opleiding oor ouerbetrokkenheid en akademiese steun aan.....	152
3.14.6 Gemeenskapsorganisasies en kerke bied opleiding aan ouers.	153
3.14.7 Skole skep geleenthede vir betrokkenheid van ouers	153
3.14.7.1 Betrokkenheid by Sport –en kultuur funksies	154
3.14.7.2 Entreperneursdae.....	155
3.15 Ander faktore wat ouerbetrokkenheid beperk.....	156
3.15.1 Wanpersepsies van onderwysers: Kinders het te veel regte.....	156
3.15.2 Die taalkwessie as 'n verdere bydraende faktor	159
3.16 Samevatting.....	160
 HOOFSTUK4 Opsomming, Vevolgtrekkings enAanbevelings	162
4.1 Inleiding	162
4.2 Leerderwangedrag	162
4.3 Opsomming van hoofstukke	163
4.4 Bevindings en aanbevelings op navorsingsvrae	164
4.4.1 Wat is die regs-determinante wat ouers se betrokkenheid ten opsigte van leerderwangedrag by skole bepaal?	164
4.4.1.1 Ouerlike lyfstraf (redelike en matige tug)	165
4.4.2 Wat is ouers se regte en verpligtinge ten opsigte van die beheer en kontrole van leerderwangedrag by skole?	165
4.4.3 Wat is die belewenisse van die belanghebbendes ten opsigte van ouers se betrokkenheid in die John Taolo Gaetsewe streek in die Noord-Kaap?	166
4.5 Gevolgtrekkings	169
4.5.1 Tipes wangedrag.....	169
4.5.2 Afskaffing van lyfstraf	171
4.5.3 Sosio-ekonomiese faktore	171
4.5.3.1 Werksomstandighede	171
4.5.3.2 Dwelm- en drankmisbruik	172
4.5.4 Oneffektiewe ouers	172

4.5.4.1 Permissiewe ouers	172
4.5.4.2 Ouers spandeer te min kwaliteittyd aan hul kinders	172
4.5.4.3 Enkel ouergesinne.....	173
4.5.4.4 Egskeiding.....	173
4.5.4.5 Ongeletterdheid van ouers	174
4.6 Ander faktore wat ouerbetrokkenheid beperk.....	174
4.6.1 Wanpersepsie van onderwysers oor kinders se regte.....	174
4.6.2 Taalkwessie	175
4.7 Faktore wat ouerbetrokkenheid kan verbeter.....	175
4.8 Aanbevelings:.....	176
4.8.1 Aanbevelings vir skole en ouers in die streek ten opsigte van die beheer van leerderwangedrag.....	176
4.9 Die volgende aspekte verg verdere navorsing:.....	180
4.10 Samevatting.....	180
BRONNELYS.....	182
LYS VAN HOFSAKE:	200
LYS VAN WETTE	201
ADDENDUM A:TOESTEMMINGSBRIEF VAN NOORD-KAAP DEPARTEMENT VANONDERWYS.....	203
ADDENDUM B: BRIEF AAN SKOOLHOOF.....	204
ADDENDUM C:ONDERHOUDSKEDULE	205

LYS VAN TABELLE

Tabel 2.1 Rangorde van vorme en frekwensie (hoe gereeld) van gewone wangedrag soos in drie navorsingsverslae

Tabel 2.2 Vorme en frekwensie (hoe gereeld) van ernstige wangedrag

Tabel 2.3 Rangorde van effektiewe metodes om met leerderwangedrag te handel.

Tabel 4 Eienskappe van skole in studiegebied

HOOFSTUK1

Inleiding, Probleemstelling en Navorsingsontwerp

1.1 Inleiding

In terme van artikel 24 van die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika (SA, 1996c) het elke leerder die reg tot 'n omgewing wat nie skadelik is vir 'n leerder se welstand nie. Volgens Joubert en Prinsloo (2008:106) is dit onmoontlik om onderrig te word in 'n omgewing wat gekenmerk word deur wanorde, ontwrigting en onveiligheid. Dissipline is 'n essensiële voorvereiste vir effektiewe leer en onderrig in 'n skool. Joubert en Bray (2007:79) stel dit duidelik dat 'n gebrek aan orde in 'n skool weens ontwrigtende gedrag deur leerders effektiewe onderrig-leer kniehalter. Die belangrikheid van positiewe dissipline binne skoolverband, wat dien as 'n hoeksteen vir 'n positiewe leer- en onderrigomgewing, kan eenvoudig nie ignoreer word nie (Rossouw, 2003:415).

Kragtens artikel 20(1)(a) van die Suid-Afrikaanse Skolewet (SA, 1996b) word die pligte van die skoolbeheerliggaam (waarvan die ouerkomponent die meerderheid is) toegewys om gehalte onderwys te verseker. Dit is dus van kardinale belang dat die onderwysers sowel as ouers hul samewerking in hierdie verband begryp en tot uitvoer bring (Joubert en Prinsloo, 2008:166).

Volgens Oosthuizen (2006:66) is 'n gebrek aan dissipline in die ouerhuis een van die vernaamste redes vir leerderwangedrag in skole. Ouers as primêre opvoeders van hul kinders het die verantwoordelikheid om hul kinders op te voed en te leer om hul volwaardige plekke in die samelewing in te neem (Oosthuizen, 2009:281).

In formele onderwys is die terme, orde en harmonie onmisbaar vir effektiewe leer en onderrig omdat onderwysers gedurig in kontak is met leerders, die leerders se ouers en ander partye in die onderwysomgewing (Joubert & Prinsloo, 2008:25).

1.2 Probleemstelling en rasionaal

Volgens Maree (2007:3) fokus 'n probleemstelling op dit wat die navorser wil bestudeer en sodoende poog die navorser om antwoorde op probleemvrae te verkry. Die hieropvolgende paragrawe sal die navorsingsprobleem uitlig.

1.2.1 Leerderwangedrag en dissipline probleme in skole

Die behoorlike en suksesvolle handhawing van dissipline by skole het sedert die afskaffing van lyfstraf 'n wesenlike probleem by baie skole in Suid-Afrika geword. Gewelddadige voorvalle soos dié van 'n graad 10-leerling, wat deur sy skoolmaat

aangeval en met 'n skêr gesteek is, word van tyd tot tyd in die pers gerapporteer (Tempelhoff, 2006:14). So byvoorbeeld het 'n Sondagkoerant berig oor 'n groep leerlinge wat mev. Oberholser, 'n onderwyseres aan die Hoërskool Vorentoe, op die skoolterrein aangerand het (Van Aardt, 2006:10). Deesdae berig die hoofberigte in koerante van die, leerders wat hul skuldig maak aan diefstal by skole, alkoholmisbruik en geweld (Joubert & Prinsloo, 2008:1).

'n Ander voorbeeld van wangedrag is 'n groep oproerige leerders van Naphakade Sekondêre Skool in Malmesbury wat losstaande klaskamers, twee toilette en die hut van die skool se sekuriteitswag afgebrand het omdat hulle ontevrede was oor die leë beloftes van die departement om aan hulle nuwe klaskamers te voorsien (Potgieter, 2010).

'n Empiriese studie deur Wolhuter en Van Staden (2008:1) het die volgende dissiplineprobleme, waarmee Suid-Afrikaanse skole daaglik mee te doen het, getoon, naamlik: ontwrigtende gedrag, onbetaamlike taalgebruik, vertelling van leuens en afwesigheid van leerders. 'n Ander voorval van ernstige- en noodlottige geweld in Suid-Afrikaanse skole, is die van Jacques Pretorius, 'n 16 jarige leerling, wat deur Morné Harmse met 'n "samurai"-swaard aangeval was (Skoolgebaseerde geweldverslag, 2011:3).

Ander media-berigte is dié van 'n Afrikaanse hoërskool in die noordelike voorstedelike gebied van Pretoria waar ses seuns ouderdomme tussen 16 jaar en 18 jaar, arresteer was op die skoolperseel omdat hulle in besit was van onwettige alkohol (Fourie, Beeld, 25 Maart 2009). 'n Ander voorval was dié van 'n vyftien-jarige meisie wat nege keer met 'n mes in die bors en rug deur haar gewese kêrel gesteek was, nadat sy die skoolperseel by 'n hoërskool in Empangeni betree het (Liebenberg, Beeld, 29 April 2009).

Die Nasionale Skolegeweld Studie (NSGS) onderneem deur die Sentrum vir Geregtigheid en Voorkoming van Misdaad (SGVM) in 2012, rapporteer dat 22,2% van hoërskool leerders al slagoffers was van rowery, ernstige aanranding en seksuele teistering by skole (Burton en Leoschut, 2013:xi). Skole wat eens 'n veilige hawe vir onskuldige leerders was, het nou ontaard in 'n risiko-sone wat lei onder misdaad (Burton en Leoschut, 2013:1).

Die genoemde voorbeelde is 'n duidelike bewys dat leerderwangedrag in Suid-Afrikaanse skole 'n ernstige en gewelddadige formaat aanneem.

Teen hierdie agtergrond sal 'n empiriese ondersoek by skole in die Noord-Kaap geloods word om die effektiwiteit van skole en die verantwoordelikheid van ouers ten opsigte van leerderwangedrag te ontleed.

1.2.2 Rol en funksie van ouers by die kind se opvoeding

Volgens Oosthuizen (2006:66) is ouers onseker oor hul rol as ouer en ook oor die grense wat hulle tuis moet stel om beter beheer oor hul kinders uit te oefen. Ingevolge artikel 18 van die Children's Act (SA, 2005) word vier belangrike elemente van ouerlike verantwoordelikheid en regte bespreek, naamlik dat ouers vir hul kinders moet sorg, kontak met hul kinders behou, as voog optree vir die kind en bydra tot die onderhoud van die kind (Boezaart, 2009:65). Pickhardt (2004:1) sien ouerskap as 'n proses van besorgdheid en opvoeding waardeur ouers hul kinders help om te groei tot 'n onafhanklike volwassene.

Pickhardt (2004:1) is van mening dat dit die ouer se verantwoordelikheid is om die kind te leer om die goeie voorbeeld van die ouer na te streef sodat kinders die regte besluite in hul lewe kan neem. Hy verduidelik dat dissipline 'n voortdurende proses van positiewe instruksie en negatiewe korreksie is waardeur die kind geleer word om op te tree binne familiereëls en volgens familiewaardes wat in elke ouerhuis behoort te wees en die positiewe verhoudings wat tussen ouer en kind moet wees. Ingevolge die Suid-Afrikaanse Familiereg, wat gegrond is op die Romeins-Hollandse reg, is ouers geregtig om redelike dissiplinêre metodes soos lyfstraf te gebruik om hulle ouerlike pligte teenoor hul kinders te vervul (Smit, aangehaal in Oosthuizen & Rossouw, 2007:261).

In die Children's Act (SA, 2005) onder artikel 18 (2)(g) word gemeld dat die ouer die kind se gedrag op 'n mensliewende wyse moet reguleer. Die promulgering van nuwe wette en die instelling van regulasies en –prosedures sal nie transformasie in die onderwys verseker nie. Dit sal ook nie die erkenning en beskerming van leerders se regte tot gevolg hê nie (Joubert & Prinsloo, 2008:1).

Die ouer speel 'n deurslaggewende rol in die karaktervorming en waardevorming van die kind, soos deur Oosthuizen (2006:66) beklemtoon. Die gesin word deur Oosthuizen (2009:278) beskou as die basiese sosiale struktuur, en die ouer is dus primêr verantwoordelik vir die kind se opvoeding wat alreeds by die huis begin. Die verantwoordelikheid vir beheer van leerders se gedrag berus primêr by hul ouers en voogde (Rossouw, 2007:82). Mellet (2013:4) is ook van mening dat ouers, as primêre versorgers van hul kinders, verantwoordelik is om die kinders se opvoeding te lei, te rig en te verseker.

Volgens artikel 8(3) van die Nasionale Onderwysdepartement se Riglyne vir 'n Gedragskode moet ouers die skool ondersteun deur te sorg dat hul kinders die gedragskode en skoolreëls gehoorsaam en dat kinders die verantwoordelikheid vir hul dade sal aanvaar. Wolhuter en Oosthuizen (2003:454) beweer dat 'n gebrekkige

ouerbetrokkenheid by die opvoeding van die kind die grootste probleem vir dissiplinêre leerderprobleme is.

1.2.3 Rol van ouers met betrekking tot leerderwangedrag

Die gedragkode is 'n instrument wat ingevolge artikel 8 van die Suid-Afrikaanse Skolewet (SA, 1996b) regsgeldig en afdwingbaar is, mits dit binne die raamwerk van die Grondwet daargestel word (Oosthuizen, 2006:74).

Rayment (2006:31) is van mening dat verantwoordelikheid vir kinders se gewelddadige en aggressiewe gedrag tot 'n mate aan ouers se versuim om behoorlik op te voed, toegeskryf kan word. Navorsing deur Marais & Meier (2010:9) toon dat 'n gebrek aan ouerlike sorg en gesag in die gesin, sowel as die morele verval in die gemeenskap, 'n invloed het op ontwrigtende gedrag van leerders. Volgens Wolhuter en Steyn (2003:530-531) is die twee belangrikste gesinsverwante faktore, wat die verswakke dissiplinesituasies by die skool beaam, die gebrek aan ouerlike leiding aan leerders asook gebrekkige ouerbetrokkenheid by die skool. In 'n studie gedoen deur Badenhorst, Steyn & Beukes (2007:310) waar skoolhoofde in die ondersoek betrek is, was drie bevindinge die vernaamste oorsake van dissiplineprobleme by skole, naamlik: faktore binne die ouerhuis; faktore binne die samelewing (waaronder die media); en faktore wat toegeskryf kan word aan die beleid en wetgewing van die Nasionale Departement van Onderwys.

Die skoolhoofde het beweer dat ouers krities staan teenoor die onderwysowerhede asook teenoor die skool, en die negatieweit word dan na hul kinders oorgedra (Badenhorst, Steyn & Beukes, 2007:310). Volgens Louw & Barnes (2003:20) het heelwat ouers hul beheer oor hul kinders verloor in 'n samelewing waar die onderskeid tussen reg en verkeerd nie duidelik gehandhaaf word nie. Chimenga (2002:51) is van mening dat ouers die stryd teen ongedisiplineerde kinders verloor het en dat hulle die ouerlike verantwoordelikheid op die skouers van die skool plaas.

1.2.4 Tekortkominge in skoolbeheer ten opsigte van leerderwangedrag

Voor 1994 het statutêre strukture bestaan uit skoolkomitees, die skoolbestuur en bestuursrade, waar ouers hoofsaaklik in adviserende hoedanighede betrek is (Tsotetsi, Van Wyk & Lemmer, 2008:386). Die onderwysstelsel het ná die demokratiese verkiesing 'n totale paradigmaskuif ondergaan met nuwe onderwyswetgewing gebaseer op fundamentele beginsels soos gelykheid, nie-diskriminasie en geregtigheid (Squelch, 2000:137). Die veranderinge in die onderwysstelsel het ook die instelling van die skoolbeheerliggaam tot gevolg gehad wat moet toesien dat die skool effektief funksioneer (Joubert, 2007:47). Die Wet op Nasionale Onderwysbeleid (SA, 1996a)

stipuleer die belangrikheid van gemeenskapsbetrokkenheid waardeur alle betrokke rolspelers in alle fasette van die onderwysstelsel 'n bydrae moet lewer (Oosthuizen, 2009:277). Hoewel 'n skoolbeheerliggaam ook bestaan uit lede van die skoolpersoneel, leerderverteenwoordigers en die skoolhoof (ex officio) moet ouers altyd ingevolge artikel 38 van die Suid-Afrikaanse Skolewet (SA, 1996b) die meerderheid van die beheerliggaam uitmaak. Hierdie bepaling het ten doel om die betrokkenheid van ouers by die demokratiese bestuur van die skool aan te moedig.

Volgens artikels 8 en 20 van die Suid-Afrikaanse Skolewet is een van die belangrikste funksies van skoolbeheer om 'n gedragskode vir leerders op te stel ná raadpleging met ouers, leerders en onderwysers (Joubert & Bray, 2007:80). Ander funksies van die skoolbeheerliggaam behels die opstel van beleide soos die toelatings-, godsdiens-, en taalbeleid asook die administrasie en beheer van die skool se fasiliteite en finansies (Joubert, 2005:2). Mambane (2000:21) argumenteer dat dit 'n sinvolle praktyk is om ouers te betrek by die opstel van 'n gedragskode vir leerders om dissiplineprobleme te verminder.

Die vermoë van skoolbeheerliggaam om hul pligte uit te voer, word egter bepaal deur hul geletterdheidvlakke, vaardighede en ondervinding van beheer (Bush & Heystek, 2003:1; Heystek, 2006:478). Van Wyk (2004:50) rapporteer dat daar egter 'n mate van onbetrokkenheid by ouers ten opsigte van skoolaangeleenthede is en dat ouers versuim om hul kinders se dissipline te handhaaf. Volgens Van Wyk (2004:50) beskik nie alle skoolbeheerliggaamlede oor die nodige vaardighede en ondervinding nie en is daar ook 'n gebrek aan selfvertroue en onsekerheid onder lede sigbaar. Van die skoolbeheerliggaamlede weet nie waar hul verantwoordelikheid begin en waar dit eindig nie en verwar soms skoolbeheer met skoolbestuur (Van Wyk, 2004:50). Ongeskoolde ouers op die beheerliggaam het veral 'n gebrek aan bestuursvaardighede en vind dit ook moeilik om die Skolewet te interpreter (Heystek, 2006:482).

'n Belangrike funksie van die beheerliggaam ten opsigte van leerderwangedrag is om uitsetting en skorsing van leerders te hanteer kragtens artikel 9 (1) van die Suid-Afrikaanse Skolewet (SA, 1996b). Die ouerkomponent behoort bemaatig te word met regskenning om dissiplinêre verhore en ander beheerliggaamfunksies beter te hanteer (Joubert & Bray, 2007:88). Die skoolbeheerliggaam vervul 'n belangrike rol in die opvoedingsproses deurdat hulle die ouerkomponent verteenwoordig (Joubert & Bray, 2007:88). Die ouers behoort dus in noue samewerking met die skoolbeheerliggaam te werk om die rol wat die ouer in die opvoeding van die kind moet speel, te verwesenlik.

1.3 Navorsingsvrae

Wat is die regsbepalings of regsvoorskrifte wat ouers se betrokkenheid ten opsigte van leerderwangedrag by skole bepaal?

Wat is ouers se regte en verpligtinge ten opsigte van die beheer en kontrole van leerderwangedrag by skole?

Wat is die belewenisse van die belanghebbendes ten opsigte van ouers se betrokkenheid in die John Taolo Gaetsewe distrik in die Noord-Kaap?

1.4 Navorsingsdoel

Hierdie navorsing het ten doel:

Om te bepaal wat die regsbepalings of regsvoorskrifte is wat ouers se betrokkenheid ten opsigte van die beheer van leerderwangedrag by skole bepaal?

Om te bepaal wat ouers se regte en verpligtinge is ten opsigte van die beheer van leerderwangedrag by skole?

Om te bepaal wat die belewenisse van die belanghebbendes is ten opsigte van ouers se betrokkenheid in die handhawing van leerderdisipline in die John Taolo Gaetsewe distrik in die Noord-Kaap?

1.5 Konseptuele raamwerk

1.5.1 Onderwysreg as vakdisipline

Hierdie studie is vanuit 'n Onderwysregtelike perspektief onderneem.

Onderwysreg is 'n amalgamering van verskeie regsfokusse en -gebiede en het veral te make met die Grondwet, wetgewing, regspraak, regsbeginsele en regsprosedures wat verband hou met die skoolomgewing (Russo & Stewart, 2001:19). Russo en Stewart (2001:19) beskou opleiding in hierdie studieveld as 'n noodsaaklikheid vir die bewuswording van regsimplikasies in die onderwys.

Hierdie studie, vanuit 'n Onderwysregtelike perspektief, beoog om binne 'n regsraamwerk die regsbepalings of regsvoorskrifte te identifiseer, beskryf, ontleed en te evalueer. Hierdie studie fokus op die regte en verpligtinge van partye, die regsverhoudings tussen belanghebbendes, die gepaste regsremedies en die regsimplikasies, asook die belewenisse van deelnemers ten opsigte van die fenomeen van leerderwangedrag by skole.

Mawdsley & Visser (2007:155) is van mening dat Onderwysreg as afsonderlike vakdisipline tot stand gekom het, vanweë die veelvuldige toename in litigasie, publikasies, toepassingsvelde en verbruikersbelangstelling. Die aanvraag vir verenigde afsonderlike bronne en die redelike vooruitsig van volgehoue produksie van nuwe materiaal het ook bygedra tot die vakdisipline (Mawdsley & Visser, 2007:155). Onderwysreg kan dus omskryf word as 'n aparte interdisipline wat aan alle rolspelers in die onderwys geborgenheid (sekuriteit en veiligheid) verseker en gemoedsrus gee oor die reg om alle skoolaangeleenthede op 'n ordelike, stelselmatige en harmonieuse wyse te hanteer (Oosthuizen, 2009:2). Onderwysreg het ook ontwikkel vanweë die nuwe grondwetlike bestel in Suid-Afrika en die snelle hervorming in die onderwys (Oosthuizen, 2009:20).

Die vorige Suid-Afrikaanse Onderwysstelsel was gebaseer op isolering en rasse ongelykhede wat moes verander na 'n demokratiese bestel (Joubert & Prinsloo, 2008:24). Die eerste prioriteit van die Onderwys owerhede was om die onderwys in lyn te bring met die nuwe demokratiese Grondwet van die land wat beteken het dat demokratiese beginsels asook die beskerming van menseregte moes ingeskryf word binne die reg (Joubert & Prinsloo, 2008:24).

Die belanghebbendes se regte en verpligtinge word op grond van die statutêre raamwerk, gemeenregtelike beginsels asook op grond van die toepassing van regsbeginnels in regsdispute soos dit in die regspraak uitgekristalliseer word, identifiseer.

Daar bestaan 'n regsverhouding tussen die verskillende partye in die onderwys, bv. die regsverhouding tussen die skool en die leerders, die ouers en die skool, en die Nasionale Departement en die Provinsiale Departemente. Derhalwe moet daar konstante wisselwerking tussen die betrokke partye wees, want interaksie speel 'n belangrike rol in die aflewering van gehalte onderrig. Die reg speel 'n deurslaggewende rol in die regulering en harmonisering van hierdie regsverhoudings.

Vir elke regsreël wat oortree word is daar 'n regsremedie wat dit kan regstel. 'n Remedie kan onder andere behels dat 'n leerder gekorrigeer of gedissiplineer word, skadevergoeding betaal moet word, 'n verbiedende of gebiedende hofbevel uitgereik word, beslag gelê word op eiendom, 'n werker herindiens gestel of afgedank word, of dat die onderskeie partye onderhandel en 'n skikking van die probleem vind (Oosthuizen, 2009:158).

Regsimplikasies word uitgebeeld in die hofsake wat met betrekking tot spesifieke feite en regsdispute beslis is. Die regsimplikasies kan byvoorbeeld behels dat 'n beleidsverandering of nuwe maatreëls 'n positiewe uitwerking op skooldisipline of

andersins 'n newe-effek op skole se behoorlike administrasie en funksionaliteit kan hê, na gelang van geval.

Onderwysreg, as vakdissipline en studieveld, het dus ten doel om die omvang van belanghebbendes se regte en pligte, die regsbeginsele en regsimplikasies te bepaal ten einde die administratiewe liggame en staatsorgane in die onderwys, skole en skoolbeheerliggame te reguleer deur 'n netwerk van wetgewing, regulasies, beleide en regsmaatreëls (Joubert & Prinsloo, 2008:2).

1.5.2 Teoretiese vertrekpunt

Die ontologiese vertrekpunt van onderwysreg is die daargestelling en vestiging van geborgenheid in die onderwys (Oosthuizen, 2009:15). Volgens Oosthuizen, Rossouw & De Wet (2004:3) is orde, dissipline, veiligheid, harmonie en wedersydse respek grondbeginsele vir geborgenheid in die onderwys en is 'n geborge omgewing noodsaaklik ten einde voldoende onderrig te laat plaasvind.

In die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika (SA, 1996c) is geborgenheid 'n belangrike aspek vir die individu in die Suid-Afrikaanse samelewing en veral in die onderwys (Oosthuizen *et al*, 2004:17). Die rolspelers in die onderwys kan alleenlik in harmonie saamleef as die term "geborgenheid" deel uitmaak van die leerkultuur in skole (Oosthuizen, 2004:3).

Die hoofdoel van Onderwysreg is dus die bevordering van vrede en veiligheid in die onderwys (Joubert & Prinsloo, 2008:25). Joubert en Prinsloo (2008:1) is van mening dat ten spyte van die belangrikheid van onderwysreg, daar nogsteeds 'n gebrek aan kundigheid in hierdie vakgebied is veral met implementering daarvan deur skoolhoofde, opvoeders, ouers en leerders. In die huidige Suid-Afrikaanse onderwysbestel is dit duidelik dat onderwysers soms hul sorgsaamheidspelig versuim deurdat ongeborgenheid toeneem (Oosthuizen *et al*, 2004:4).

1.6 Navorsingsontwerp

'n Navorsingsontwerp kan drie vorms van navorsing aanneem, naamlik, 'n kwalitatiewe, 'n kwantitatiewe en 'n gemengde navorsingsmetode (Maree, 2007:39). 'n Navorsingsontwerp is 'n strategiese plan van aksie gegrond op filosofiese veronderstellings om geselekteerde deelnemers te vind, data te versamel deur tegnieke wat die navorser gaan gebruik en die data te analiseer vir die navorser om sinvolle bevindinge te maak (Maree, 2007:70).

In hierdie studie beoog die navorser om 'n kwalitatiewe studie vanuit 'n

interpreterende benadering (uitlegging of vertolking van menslike ervarings) te doen (Maree, 2007:75). Babbie en Mouton (2006:53) definieer die oogmerk van kwalitatiewe navorsing as die beskrywing en begrip in plaas van die voorspelling of verklaring van menslike gedrag. Hierdie skrywers stel dat die kwalitatiewe benadering in die wydste sin van die woord verwys na navorsing wat deelnemers se weergawes van die betekenis, ondervinding of persepsies uiteensit.

Volgens Gall, Borg & Gall (1996:767) is kwalitatiewe navorsing 'n ondersoek wat gegrond is in die aanname dat individue sosiale werklikhede konstrueer volgens hul eie interpretasies, en hierdie konstrakte neig om van geval tot geval te verskil en van verbygaande aard te wees. Daarom behels die dominante metodologie van kwalitatiewe navorsing dat hierdie betekenis en interpretasies ontdek moet word deur gevalle intensief in die natuurlike omgewing te bestudeer, waarna dit deur middel van induktiewe analise ontleed word (Gall *et al*). Die kwalitatiewe navorsing sal gegrond wees op die definisies van Babbie en Mouton (2006:53) en die metodologie soos deur Gall *et al*. (1996:767). Met ander woorde, spesifieke probleme wat deelnemers in hulle sosiale wêreld ondervind, sal gekonstrueer word deur die uitruil en integrasie van kennis (Maree, 2007:59).

1.7 Literatuuroorsig

Voordat die empiriese gedeelte van die navorsing gedoen word, sal 'n literatuurstudie gedoen word. 'n Literatuuroorsig het ten doel om 'n oorsigtelike uiteensetting te gee van teorie en bevindinge wat alreeds deur navorsers gepubliseer is en wat as brug kan dien om die nuwe bevindinge te vergelyk en tot nuwe gevolgtrekkings te kom (Maree, 2007:26).

'n Literatuuroorsig sal ondersoek word om die teorie aangaande skoolbeheer, ouerbetrokkenheid en leerderwangedrag te beskryf en saam te vat.

Die inligting sal verkry word deur akademiese boeke, regsdatabasisse soos Jutastat en LexisNexis, internetsoekenjins (EBSCO-Host, Google Scholar en ERIC-databasis), proefskrifte, verhandelings, en tydskrifartikels te bekom.

Daar sal van die volgende sleutelwoorde in die internetsoektog gebruik gemaak word:

Skoolbeheer/School governance

Ouerbetrokkenheid/Parental participation

Onderwysreg/Education law

Leerderwangedrag/Learner discipline/Learner misconduct

Familiereg/Family law

Kinderregte/Children's rights

1.8 Empiriese studie

Die spesifieke formaat van hierdie kwalitatiewe navorsing is 'n fenomenologiese studie. 'n Fenomenologiese studie word beskryf as 'n metode waar deelnemers se belewenisse ten opsigte van 'n fenomeen of fenomene (soos die beheer en handhawing van leerderdisipline) verstaan en geïnterpreteer word (Leedy & Ormrod, 2001:101). Volgens Maree (2007:55) is die kwalitatiewe benadering daarop gerig dat veronderstellings, bedoelings, geaardhede, oortuigings en waardes ontdek word deur ander persone se ervarings van byvoorbeeld die reg in 'n spesifieke fenomeen, in die geval van leerderwangedrag, te ondersoek. Die fokus van hierdie studie sal dus wees om die deelnemers se belewenisse ten opsigte van die handhawing van leerderdisipline en ervarings ten opsigte van die reg te ontleed, ten einde 'n beter begrip te verkry van die rol en funksie wat ouers en skoolbeheerliggame moet vervul om leerderwangedrag in skole te beheer.

1.8.1 Populasie

Die populasie sal bestaan uit die skole in die John Taolo Gaetsewe distrik in die Noord-Kaap. Die deelnemers wat ondervra sal word, sal bestaan uit twee onderwysers van geselekteerde skole en drie ouers van geselekteerde skole se gemeenskap. Die rede waarom meer ouers as onderwysers ondervra word, is om ouers se persepsies en belewenisse te ontleed. Die metode van dataverkryging tydens hierdie fenomenologiese studies sal behels dat onderhoude gevoer word met geselekteerde deelnemers wat blootgestel is aan die fenomeen van leerderwangedrag. Die rede waarom slegs vyf skole ondersoek word, is omdat die afstande tussen die skole in die Noord-Kaap baie groot is en dit finansieel haalbaar is vir die navorser.

1.8.2 Doeldienende ("purposive") steekproef

Kwalitatiewe navorsing is gebaseer op nie-waarskynlikheid-en doeldienende steekproefneming in plaas van waarskynlikheid-en ewekansige steekproewe (Maree, 2007:97). In hierdie studie sal 'n doeldienende steekproef gedoen word deur deelnemers uit vyf omliggende skole in die John Taolo Gaetsewe distrik te selekteer op grond van hul kennis of blootstelling aan leerderwangedrag.

Die onderhoude sal 'n semi-gestruktureerde formaat aanneem, waarvolgens 'n

onderhoudskedule die basiese lyn van ondervraging uiteensit. Dit sal die navorser in staat stel om ondersoekende en opvolgvrae te vra ten einde die dieperliggende redes vir die verskynsel te bepaal. Die navorser sal aandagtig luister terwyl die deelnemers hul ondervindinge met betrekking tot leerderwangedragprobleme omskryf. Die navorser moet egter waak teen subtile beïnvloeding van die deelnemers se uitdrukkings, vrae en gevolgtrekkings. Die tipe onderhoud is meer 'n informele ondervraging waar die deelnemer die meeste praatwerk doen en die navorser net luister (Leedy & Ormrod, 2005:139).

Die doeldienende ("purposive") selektering van die skole en deelnemers sal vooraf deur die navorser gedoen word deur die skole te besoek om inligting in te win en daarna die seleksie te doen. Dit sal aan die navorser 'n duidelike beeld gee van elke skool se omstandighede in die betrokke area asook die noue samewerking tussen die rolspelers by die betrokke instansie. Maree (2007:79) beveel aan dat doeldienende steekproefneming tesame met datahersiening en –ontleding gedoen moet word tydens dataverkryging. Sodoende kan dataverkryging dan gestaak word sodra teoretiese saturasie verkry word (Maree, 2007:79).

1.8.3 Seleksie van deelnemers

Onderhoude sal gevoer word met onderwysers van al die geselekteerde skole en ouers binne die betrokke gemeenskappe waar hulle woonagtig is. Die deelnemers sal geselekteer word volgens hul eienskappe, ondervinding en betrokkenheid by leerderwangedrag ten einde die belewenisse, soos die situasies op skoolvlak plaasvind, te ontleed. Die selektering sal geskied op grond van soortgelyke probleme wat deur hierdie skole ondervind word, en die navorser sal die betrokke skoolhoofde vooraf besoek om meer inligting in te win om die selekteringsproses noukeurig te doen. Die persone wat geselekteer gaan word, sal volgens die gewenste inligting wat die navorser vir sy studie benodig, gebruik word.

1.8.4 Die navorser se rol

Die navorser sal die geskikte data of inligting vir die navorsing insamel en analiseer. Die inligting sal deur internetsoektogte, boeke, tydskrifte, verhandelings en departementele dokumente, versamel word. Dit is egter belangrik dat daar 'n vertrouensverhouding tussen die navorser en deelnemers moet wees om te verifieer dat die inligting op dieselfde vlak interpreter en verstaan word (Maree, 2007:41). Die navorser sal die onderhoude voorberei en struktureer, asook die ondervraging individueel hanteer. Die taak as navorser sal wees om ook toestemming te verkry van die Hoof van Onderwys asook die verskeie skoolhoofde wat by die seleksie van deelnemers betrokke sal wees.

Dit is verder belangrik dat die navorser die navorsingsarea waar die deelnemers werkzaam is, besoek en bedag sal wees op etiese aspekte wat moontlik 'n effek kan hê op die onderhoude. Die onderhoude sal met die toestemming van die deelnemers op band opgeneem word. Poggenpoel (1993:8) beveel die volgende kommunikasietegnieke aan wat die navorser in gedagte moet hou: om te reflekteer op die inhoud en gevoelens van deelnemers, om hul ervarings, persepsies en gevoelens te verstaan, om 'n stelling deur die deelnemer gemaak, te omskryf, om terugvoering te gee aan die deelnemer oor die inhoud van die onderhoud of gedeeltes daarvan, om indien 'n deelnemer te vaag, onduidelik of verwarrend reageer, hom/haar te versoek om duideliker te wees, en om te versoek dat die deelnemer dit meer beskrywend moet stel.

1.8.5 Geldigheid en betroubaarheid

Mayan (2001:35) omskryf "interne geldigheid" as 'n akkurate voorstelling van 'n spesifieke inhoud (konteks) of 'n gebeurtenis wat deur die navorser beskryf word. Die navorser tree op as instrument om die data te analiseer deurdat hy/sy die gevoelens, persepsies en oortuigings van die deelnemers ervaar. Durrheim & Wassenaar (2002:54) verwys na geldigheid as die versekering dat die navorsers se gevolgtrekkings voortspruit uit die data wat versamel is. Die term "betroubaarheid" verwys na die wyse waarop die navorser sy gehoor oorhaal sodat sy bevindings die moeite werd is om aandag aan te skenk (Lincoln & Guba aangehaal in Johnson & Turner, 2003). Die aanwending van meer as een metode van data-insameling, soos byvoorbeeld waarneming, onderhoude en dokumentontleding, verhoog die betroubaarheid van die bevindings soos deur Niewenhuis (2007:80) beklemtoon.

1.8.6 Etiese aspekte

Daar is etiese aspekte wat in gedagte gehou moet word tydens onderhoudvoering met deelnemers, naamlik:

- toestemming om hierdie studie te loods sal van die navorsingskomitee van die Noordwes Universiteit verkry word,
- verkryging van toestemming by die provinsiale onderwysdepartement en elke deelnemer,
- vertroulikheid en anonimiteit van elke deelnemer sal verseker word,
- die navorser sal erkenning gee vir alle hulp wat ontvang is,
- alle bronne sal erken word, en
- die bevindings sal sonder distorsie weergegee word.

- Daar moet wedersydse respek tussen die navorser en deelnemers wees sodat hulle met gemak op die vrae kan reageer. Die deelnemers moet dus ingelig wees oor die doel en omvang van die navorsing en wat dit vir die navorser beteken. Die deelnemers sal nie gedwing word om vrae te beantwoord wat moontlik te sensitief is, maar sal deurentyd geleentheid gegun word om die vrae te aanvaar of te verwerp. Die navorser moet ook begrip toon indien die deelnemers nie vrae verstaan nie.
- Elke deelnemer se identiteit en inligting wat verskaf word, sal vertroulik hanteer word. Om betroubaarheid te verseker, sal 'n afskrif van die finale transkripsie van die onderhoud en die finale verslag aan die deelnemers verskaf word. Die onderhoud sal met integriteit hanteer word om die deelnemers op hul gemak te laat voel.
- Die inligting moet ook nie vooruitgegaan word nie, aangesien dit 'n moontlike negatiewe effek op die onderhoudvoering sal hê. Die navorser sal elkeen as individu hanteer omdat elkeen nie dieselfde op vrae sal reageer nie.

1.9 Voorgestelde hoofstukke

Hoofstuk 1: Inleiding en probleemstelling

Hoofstuk 2: Literatuuroorsig

Hoofstuk 3: Navorsingsmetodes en resultate

Hoofstuk 4: Gevolgtrekkings en aanbevelings

Bronnelys

1.10 Bydrae van die studie

Die volgende bydraes tot die verbetering van onderwys sal waarskynlik deur die studie se bevindings gelewer word:

- Onderwysreg as vakdisipline sal baat by die bevindings en aanbevelings oor meer effektiewe maatreëls om leerderwangedrag aan te spreek en oerbetrokkenheid in skole te bevorder.
- Die regte en verantwoordelikhede van ouers ten opsigte van leerderwangedrag in die deelnemende skole sal bepaal word.
- Die effektiewe funksionering van skoolbeheerliggame ten opsigte van regsangeleenthede by die beheer van leerderwangedrag sal bepaal word.

- Ouers se verpligtinge teenoor die skool ten opsigte van hul betrokkenheid by die beheer van leerderwangedrag sal bepaal word.
- Die studie behoort ook die tekortkominge wat ouers in die onderskeie gemeenskappe ten opsigte van regs kennis openbaar, uit te lig.
- Die studie kan moontlik 'n bydrae lewer om die Departement van Onderwys van hulp te wees met die beheer van leerderwangedrag in skole.

1.11 Samevatting

In hierdie navorsingsvoorstel is die probleme oor leerderwangedrag in die Suid-Afrikaanse konteks uitgelig. Die rol wat die reg in die beheer en regulering van wangedrag in skole speel, is verduidelik. Die betrokkenheid van die ouer by die opvoedingstaak van die kind is 'n wesenlike aspek wat aandag moet geniet ten einde die omstandighede van swak dissipline by skole te voorkom. Die skoolbeheerliggaam as verteenwoordigende orgaan, ouers, leerders en opvoeders moet die skool behulpsaam wees met leerderwangedrag. Hierdie belangrike aspekte in die navorsingsvoorstel vereis verdere ontleding om die aard en omvang van die spesifieke probleem, naamlik: leerderwangedrag, te verstaan.

HOOFSTUK2

Literatuuroorsig

2.1 Inleiding

Hierdie hoofstuk bevat 'n oorsig van die literatuur en teorie aangaande die hantering van leerderwangedrag met spesifieke verwysing na die regsaspekte wat daarmee verband hou. Aangesien daar 'n duidelike korrelasie tussen die vlak van ouerbetrokkenheid en die mate van dissiplinêre probleme by skole bestaan (Reyneke, 2013:92), gaan daar in hierdie hoofsaak gefokus word op ouerbetrokkenheid as 'n meganisme om leerderwangedrag te bekamp.

In baie gevalle tree ouers nie streng teenoor kinders by hul huise op nie, en dit dra daartoe by dat leerders hulle swak gedra by skole (Hoorn, 2006:33). As primêre opvoeders het ouers egter 'n verantwoordelikheid teenoor die skool om behulpsaam te wees met die beheer van hul kinders se wangedrag (Reyneke, 2013:552). Kortom, hoe meer ouers betrokke raak by die skool, hoe minder dissiplinêre probleme word gerapporteer (Wolhuter & Van Staden, 2008:397; Oosthuizen & Van Staden, 2010:171). Voorts is Oosthuizen (2009:281) van mening dat ouerlike hulpverlening aan die skool ook die gehalte van onderrig en leer kan bevorder.

Bo en behalwe dat die Children's Act (SA, 2005) bepalings vir ouerlike regte en verantwoordelikhede neerlê, plaas dié wet ouers tegelyk onder 'n verpligting om hierdie verantwoordelikhede na te kom. Insgelyks lê artikels 3, (5)(a) en (6)(a) van die Suid-Afrikaanse Skolewet (Wet 84 van 1996b, soos gewysig; *hierna die Skolewet*) sterk klem op ouers se verantwoordelikheid ten opsigte van leerders se skoolbywoning en hul gehoorsaming van skoolreëls, soos vervat in 'n skool se gedragskode. Om ouerbetrokkenheid (soos hierna bespreek onder 2.2.2) te bevorder, kan skole dus hierdie wetgewing en regsbeginsele inspan om ouers meer bewus te maak van hul rol in die opvoedingstaak van hul kinders.

Vervolgens gaan daar in die besonder gekyk word na die regsverhoudings tussen die betrokke partye (d.w.s. die leerders, die ouers en die skole) sowel as die regsmiddele wat aangewend kan word om leerderwangedrag te bekamp. Leemtes wat ooreenkomstig die literatuur in wetgewing en die reg bestaan om van hierdie spesifieke probleem in die onderwys werk te maak, sal ook ondersoek word.

As vertrekpunt sal oorkoepelende regsaspekte soos regulasies, prosedures, remedies en implikasies wat ten opsigte van leerderwangedrag op die betrokke partye (d.w.s.

ouers, leerders en skole) betrekking het, in oënskou geneem word. Daarna sal daar in die besonder gepoog word om ondersoek in te stel na die werklike onderliggende faktore en redes vir leerderwangedrag in Noord-Kaapse skole sowel as om aanbevelings rondom ouers se rol in die bekamping van hierdie probleem te maak.

2.2 Konsepsuele en teoretiese raamwerk

By wyse van inleiding en ter wille van duidelikheid, volg daar hierna 'n aantal oorsigtelike omskrywings van die sleutelkonsepte en -terme waarna telkens in hierdie studie verwys word:

2.2.1 Leerderwangedrag

Die Gauteng se Departement van Onderwys (1997:1) omskryf leerderwangedrag as volg:

Leerderwangedrag verwys na enige aksie deur 'n leerder wat 'n negatiewe effek op die onderwys het of op 'n leerder of ander leerders by die skool, of enige gedrag wat 'n nadelige invloed het op die leeratmosfeer binne die klas of gedurende enige ander skoolaktiwiteit.

In die Departement van Basiese Onderwys (DBO, 1998) se *Riglyne vir Oorweging deur Beheerliggame by Aanvaarding van 'n Gedragskode vir Leerders* (hierna *Riglyne vir 'n Gedragskode*) word daar onderskei tussen drie tipes wangedrag: minder ernstige wangedrag, medium wangedrag en ernstige wangedrag.

Minder ernstige wangedrag word deur Oosthuizen (2006:97) beskou as wangedrag wat op 'n daaglikse basis plaasvind en wat deur die onderwyser self hanteer kan word. Sulke wangedrag mag ook nie skorsing of uitsetting tot gevolg hê nie.

Vir minder ernstige wangedrag word korrektiewe maatreëls soos vervat in die Departement van Basiese Onderwys se regulasies, kennisgewings en riglyne voorgestel. Hierby ingesluit is 'n mondelinge waarskuwing of skriftelike teregwysing deur die opvoeder of skoolhoof, skoolwerk onder toesig wat tot die verbetering van die leerder se vordering sal bydra, die verrigting van take wat die benadeelde persoon sal ondersteun of bevoordeel, skadevergoeding, vervanging van eiendom en weerhouding van voorregte wat deelname aan skoolaktiwiteite soos sport- of kultuuraktiwiteite aanbetref.

In die geval van medium wangedrag soos afknouery, bakleiery en beledigende gedrag van 'n minder ernstige aard moet die ouer van die betrokke leerder na die skool ontbied word om die leerder se gedrag aan te spreek. Sulke gevalle word gewoonlik deur die klasonderwyser met die ondersteuning en goedkeuring van die skoolhoof behartig. In

sulke gevalle is die ouer se teenwoordigheid van kardinale belang sodat die leerder se ongewenste gedrag onder sy of haar aandag gebring kan word.

In die geval van ernstige wangedrag stel die leerder of leerders hulle kragtens artikel 9 van die Skolewetaankommoontlike skorsing of uitsetting bloot. Ingevolge hierdie wet sluit optrede wat as ernstige wangedrag beskou kan word handelinge in wat ander se veiligheid bedreig of hulle regte skend; om in besit te wees van of om iemand met 'n gevaarlike wapen te dreig; om in besit te wees van of om verbode middels soos dwelms en alkohol te gebruik of aan ander te voorsien; seksistiese of rassistiese gedrag; misdadige optrede; en die vandalisering, vernietiging of beskadiging van skool eiendom.

Aanvullend tot hierdie bepalings in die Skolewet kan die hoofde van die onderskeie provinsiale onderwysdepartemente egter tot hierdie lys van ernstige oortredings byvoeg na gelang van omstandighede. So, byvoorbeeld, het Gauteng se Departement van Onderwys (1997:1) hierdie lys uitgebrei om ook bakleiery, aanranding, afknouery, verkragting, seksuele teistering en intimidasie van ander leerders in te sluit.

Van belang hier is dat skorsing of uitsetting slegs oorweeg mag word indien alle ander pogings om die leerder se gedrag te korrigeer, misluk het en daar duidelike gronde bestaan om tot só 'n stap oor te gaan. In laasgenoemde geval berus die finale besluit egter by die provinsiale onderwyshoof.

2.2.2 Ouerbetrokkenheid

Kortom kom ouerbetrokkenheid neer op die aktiewe en vrywillige deelname van ouers aan skoolgebaseerde, onderwysgeoriënteerde aktiwiteite waarby leerders se handhawing van die skool se etos ingesluit is.

Squelch en Lemmer (1993:93) som ouerbetrokkenheid bloot as wedersydse samewerking en ondersteuning aan die kant van die ouer op.

Lemmer (2000:69) stel dit egter onomwonde dat die bedoeling met ouerbetrokkenheid is om leerders se vordering te monitor en hulle daarin te ondersteun, asook om die algemene holistiese opvoeding van die leerder te verseker.

2.2.3 Beheer

Die woord 'beheer' kan op verskeie maniere vertolk word. Volgens die HAT (Handwoordeboek van die Afrikaanse Taal) kom dit neer op "om beheer oor iets te voer" of "om sorg te dra vir iets". Insgelyks kan 'beheer' ook gelykgestel word aan om te bestuur, te administreer, te deleger – of toesig te hou. 'n Mens kan ook beheer oor iemand hê, soos ouers wat beheer oor hul kinders uitoefen (Odendal, 1997:68).

Aangesien die handeling van 'beheer' dikwels verduidelik word aan die hand van frases soos 'onder die beheer van' of 'in beheer van', sal die aksiewoord 'beheer' en 'toesig' of 'toesighouding' dus 'n gelyke betekenis in hierdie studie hê.

2.2.4 Dissipline

Die term 'dissipline' het sy oorsprong te danke aan die Latynse woord "disciplina" wat beteken om te onderrig. Rosen (2005:1) dui aan dat dié term betrekking kan hê op die verwerwing van kennis of leer; opleiding wat selfbeheersing, karakter en effektiwiteit ontwikkel; uitoefening van streng beheer om gehoorsaamheid af te dwing; of op 'n handeling om te beheer of te straf of 'n stelsel van reëls om gedrag te beheer. Voorts omskryf Rogers (1998:11) die term as 'n "onderwyser-gerigte-aktiwiteit" waar die opvoeder leiding verskaf, delegeer, die leerproses bestuur of die leerder konfronteer oor gedrag wat die regte van ander leerders beïnvloed en gaan voort om tussen drie tipes 'dissipline' te onderskei: voorkomende dissipline, korrektiewe dissipline en ondersteunende dissipline.

Voorkomende dissipline fokus op basiese regte, 'n duidelike uiteensitting van reëls en die gevolge daarvan terwyl korrektiewe dissipline verwys na die onderwyser of ouer se reaksie om ontwrigtende gedrag en anti-sosiale handeling te korrigeer. Hierteenoor het ondersteunende dissipline ten doel om seker te maak dat die korreksie of regstelling regverdig is asook om positiewe verhoudinge onder gedissiplineerde leerders te skep (Rogers, 1998:11).

Dissipline is in die verlede, en word vandag nog, deur sommige ouers en onderwysers geassosieer met straf en veral die toediening van lyfstraf (Goodman, 2006:216). Gegewe die Latynse oorsprong van die woord, is dit egter duidelik dat daar 'n duidelike verskil tussen 'dissipline' en 'straf' is. Die woord 'dissipline' is afgelei van die woord 'disciplinare' wat beteken om te onderrig, terwyl 'straf', oftewel "punish" in Engels, sy oorsprong te danke het aan die woord "punier" wat pyn beteken (Siers, 2007:2). Desondanks word straf deur verskeie onderwysers gebruik om beheer oor leerders te verkry sodat leerders voorgeskrewe reëls gehoorsaam (Vally, 2005:3-4).

Joubert en Prinsloo (2008:4) omskryf dissipline as 'n wyse om leerders self-dissipline te leer of selfwaarde by hulle te kweek en dat leerders die gevolge van hul optrede moet aanvaar. Kortom, korrektiewe dissipline word op leerders se regte gebaseer en beteken nie dat leerders met geweld hanteer moet word nie. Dit moet liever selfdissipline in leerders bevorder deur leerders bewus te maak van hul eie ongewenste gedrag en ook dat hulle verantwoordelikheid moet aanvaar vir hul optrede (UNESCO, 2006:22).

Oosthuizen (2009:155) omskryf verskillende eienskappe van dissipline, naamlik orde,

wetlikheid, balans, beskerming en regverdigheid wat veiligheid en sekuriteit in onderwys kan waarborg. Hy is van mening dat hierdie eienskappe van dissipline ook deur die ouer bevorder kan word ten einde 'n veilige onderrig- en leeromgewing daar te stel waar menslike aktiwiteite op 'n ordelike wyse kan plaasvind (Oosthuizen, 2009:156). Dissipline word ook nie net as bloot die gehoorsaming van reëls deur leerders beskou nie, maar dat leerders dit sal begryp en doelgerig en sinvol in hul eie lewens sal toepas (Pretorius, 2008:18).

2.2.5 Onderwysreg

Die vakdissipline Onderwysreg het sy oorsprong te danke aan die mens se behoefte aan sekuriteit en beskerming (*geborgenheit*) om sodoende elke individu (veral leerders en onderwysers) se veiligheid te waarborg (Oosthuizen, 2015:4). Hentzel (2005:357,359) verwys na hierdie begeerte as 'n ingebore menslike verlange na beskerming en natuurlike geborgenheit. Kinders wat nog onvolwasse, onervare en oningelig oor die lewe is, is afhanklik van hulle ouers om hul lewe in die regte rigting te stuur (Oosthuizen, 2009:18). Onderwysreg bied dus aan die leerder, die ouer, die skool en alle belanghebbendes in die onderwys daardie versekering dat hulle fundamentele regte, welsyn en veiligheid binne die onderwysmilieu beskerm sal word.

2.2.6 Skool

In die Children's Act (SA, 2005) word die woord 'skool' as volg omskryf:

- (a) 'n onafhanklike skool wat geregistreer is of geag word om geregistreer te wees ingevolge artikel 46 van die Suid-Afrikaanse Skolewet, 1996 (SA, 1996b); of
- (b) 'n openbare skool bedoel in Hoofstuk 3 van die Suid-Afrikaanse Skolewet, 1996 (SA, 1996b).

'n Skool is 'n staatsinstansie waar daar deur die staat voorsiening gemaak moet word vir die onderrig en leer van leerders tussen die ouderdomme 7 tot 15 jaar, soos in die Skolewet (SA, 1996b) vervat.

Hierdie studie het slegs ten doel om ouerbetrokkenheid ten opsigte van leerders by openbare skole na te vors.

2.2.7 Ouer

Die Skolewet (SA, 1996b) omskryf 'n ouer as volg:

- (a) die biologiese of aangenome ouer of wettige voog van 'n leerder;
- (b) die persoon met wettige aanspraak op sorg vir 'n leerder; of

- (c) die persoon wat onderneem om die verpligtinge van die persoon in paragraaf (a) en (b) ten opsigte van die leerder se opvoeding op skool na te kom.

Hierdie omskrywing sal deurgaans in dié studie gebruik word namate dit betrekking het op die wettige ouer of voog van die kind wat 'n verandering te weeg kan bring in die gedrag van daardie kind binne die skoolopset.

2.2.8 Sorg

In die Children's Act (SA, 2005) dui "sorg" of "versorging" ('care') met betrekking tot 'n kind onder andere op –

- (a) die voorsiening aan die kind binne beskikbare middele van-
- (i) 'n toepaslike plek om te woon;
 - (ii) lewensomstandighede wat bevorderlik is vir die kind se gesondheid, welstand en ontwikkeling; en
 - (iii) die nodige finansiële bystand

In die Suid-Afrikaanse Familiereg is die begrip "sorgbehoewende kind" verander na "a child in need of care and protection". Die omvang van die begrip 'sorg' is dus uitgebrei om ook 'beskerming' in te sluit, wat daarop neerkom dat kinders ook deur hul ouers beskerm moet word. Volgens die Suid-Afrikaanse Familiereg is 'n sorgbehoewende kind dus 'n kind wat wees gelaat is, gedrag openbaar wat nie deur ouers beheer kan word nie, bedel om 'n bestaan te maak of in omstandighede woon wat die fisiese, geestelike of maatskaplike welsyn van die kind ernstig kan benadeel.

Ooreenkomstig die Children's Act (SA, 2005) moet kinders in die 'sorg' van ouers wees wat sulke onwenslike omstandighede sal uitskakel, en dit is hierdie begrip van 'sorg' waarna deurgaans in hierdie studie verwys sal word.

2.2.9 Kind

In die Children's Act (SA, 2005) word "kind" omskryf as 'n persoon onder die ouderdom van 18 jaar. Ooreenkomstig artikel 4(2) van die Child Justice Act(SA, 2008) kan dit egter ook 'n persoon ouer as 18 jaar maar jonger as 21 beteken waar sodanige persoon teregstaan op 'n aanklag wat as 'n ernstige oortreding (soos vervat in Bylae 3 tot hierdie wet) beskou word en waar só 'n oortreding begaan is toe die persoon ouer as 10 maar jonger as 18 jaar was. Artikel 97(4)(a)(i)(aa) van hierdie wet bepaal voorts dat regspleging in sulke gevalle ooreenkomstig die voorskrifte van die Nasionale Direkteur van Openbare Vervolging moet geskied.

In hierdie studie omvat die omskrywing van 'kind' die bepalinge van beide wette.

2.2.10 Leerder

In hierdie studie beteken 'leerder' deurgaans enige persoon wat ingevolge artikel 1(ix) van die Skolewet (SA, 1996b) onderrig ontvang of verplig is om onderrig te ontvang. Alle verwysings na leerder of leerders het egter betrekking op minderjarige skoolgaande kinders binne die konteks van hierdie studie.

2.2.11 Regte (subjektiewe)

Regte, as konsep, verwys na norme van die reg wat die draers van regte (regsubjekte) se regsbelange beperk of beskerm (Hosten, Edwards, Church & Bosman, 1997:543). 'n Reg is 'n geldige eis of belang wat deur die regstelsel erken en beskerm word. Nie alle verhoudings of eise of belange word egter deur die reg beskerm nie. Die regte van natuurlike persone en regspersone word "subjektiewe regte" genoem (Engels 'rights'), en volgens Hosten *et al.* (1997:543) skep 'n regsnorm of reël 'n reg en gepaardgaande verpligting. 'n Regsubjek (soos 'n leerder, onderwyser of ouer) het nie net 'n reg teenoor 'n ander persoon nie, maar het ook 'n reg tot iets en daarby 'n gepaardgaande verpligting tot nakoming van die verantwoordelikhede wat deur die regsreëls en -norme bepaal word. Derhalwe hou Hosten *et al.* (1997:544) voor dat daar ten opsigte van subjektiewe regte 'n drieledige verhouding tussen die draer van 'n subjektiewe reg, die objek (voorwerp) van die reg en die regsverhouding en regsverpligtinge tussen die draer van 'n reg en ander regsubjekte bestaan. Alhoewel subjektiewe regte ook aspekte soos saaklike reg en materiële/nie-materiële regte dek, gaan daar in hierdie studie hoofsaaklik gefokus word op die persoonlike regte van leerders, onderwysers of ouers, na gelang van die geval.

2.2.12 Toerekeningsvatbaarheid

Toerekeningsvatbaarheid verwys na die blaamwaardigheid en mate waartoe 'n persoon (die dader) regtens verantwoordelik gehou kan word op grond van faktore soos ouderdom en spesifieke omstandighede, soos dronkenskap of kranksinnigheid (Davel & Jordaan, 2005:55). Ouderdom is een van die belangrikste faktore wat 'n persoon se toerekeningsvatbaarheid bepaal, omdat dit deurgaans 'n effek op daardie persoon se status het (Davel & Jordaan, 2005:55).

Ten opsigte van kinders, erken die Suid-Afrikaanse reg drie ouderdomskategorieë: *infans* (0 tot 10 jaar), minderjarige *pupillus* (10 tot 18 jaar) en meerderjarige (18 jaar en ouer) (Davel & Jordaan, 2005:55). Daarbenewens word twee sub-kategorieë ten opsigte van minderjariges se toerekeningsvatbaarheid erken, naamlik kinders tussen 7 en 14 jaar en kinders van 14 tot 18 jaar onderskeidelik (Oosthuizen, 2015:173).

Ten opsigte van hierdie twee subkategorieë is daar 'n onweerlegbare aanname dat 'n *infans* (0-10 jarige) ontoerekeningsvatbaar is weens 'n gebrek aan kennis, ervaring en oordeelsvermoë. Hierteenoor is daar 'n weerlegbare aanname dat minderjariges tussen 10 en 14 jaar ontoerekeningsvatbaar is. In die geval van minderjariges tussen 14 en 18 jaar word egter aangeneem dat leerders wel oor oordeelsvermoë beskik en dus deur die hof as toerekeningsvatbaar beskou kan word.

'n Minderjarige kind se selfhandelingsbevoegdheid, selfverskyningsbevoegdheid en regsbevoegdheid is beperk. Die mate waartoe 'n minderjarige selfstandig of met sy ouers of voogde se hulp en toestemming kan optree en handel, is 'n feitelike vraag wat afhang van die spesifieke omstandighede van geval tot geval (Davel & Jordaan, 2005:55).

2.2.13 Aanspreeklikheid

Oosthuizen (2009:149) omskryf 'aanspreeklikheid' as die kapasiteit van 'n persoon om wettig verantwoordelik gehou te word vir sy of haar eie aksies of optrede en brei hierop uit deur te sê dat die regstatus van 'n leerder derhalwe deur drie faktore bepaal word:

- (a) die ouderdom van 'n leerder of 'n minderjarige kind;
- (b) of die leerder volwassenheid bereik het; en
- (c) of die kind oor toerekeningsvatbaarheid (insig) beskik; dit wil sê of die leerder tussen reg en verkeerd kan onderskei.

Leerders se ouderdom is dus van belang wanneer daar bepaal word of 'n leerder oor oordeelsvermoë beskik in enige saak wat hom of haar raak .

In die voorafgaande gedeelte is daar op omskrywings in Suid-Afrikaanse wetgewing en literatuur gefokus namate hulle op leerderwangedrag betrekking het. Aangesien leerderwangedrag egter nie 'n probleem is wat uitsluitlik tot Suid-Afrika beperk is nie, sal daar vervolgens oorsigtelik na internasionale studies in hierdie verband gekyk word.

2.3 Internasionale navorsing oor leerderwangedrag

Leerderwangedrag is wêreldwyd 'n probleem, nie net vir die onderwyser en skoolhoof nie maar ook vir ouers (Zulu & Wolhuter, 2013:1). Verskeie skrywers (Russo, Oosthuizen & Wolhuter, 2015 (a)) is van mening dat dit 'n negatiewe effek op die gehalte en standaard van onderrig en leer het.

Navorsing deur bogenoemde skrywers het getoon dat lande met 'n tradisionele benadering (strafgerig dit wil sê tugtig die wat jy lief het) tot die probleem minder gedragsprobleme ondervind. In skole in China word tradisionele waardes soos respek,

gehoorsaamheid en morele ontwikkeling, byvoorbeeld, gevolg wat daartoe aanleiding gee dat leerders goeie gedrag openbaar (Oosthuizen, 2015:4). Gereelde ouer-onderwyser-konferensies word by hierdie skole gehou waar elke aspek van 'n leerder se gedrag en holistiese vordering met die ouer bespreek en geanaliseer word. 'n Lêer met verslae oor vorige oortredings (selfs by ander skole) word vir elke leerder bygehou en gestoor. Goeie gedrag kan egter beteken dat sekere van hierdie oortredings mettertyd 'afgeskryf' word. Voorts sal 'n onderwyser persoonlik besoek bring aan 'n leerder se ouerhuis indien daardie leerder vir sewe opeenvolgende dae sonder 'n geldige rede afwesig was (Oosthuizen, 2015:4). Hierdie metodes kan ook beskou word as maniere waarop ouerbetrokkenheid suksesvol hanteer kan word.

In Westerse lande (met inbegrip van Suid-Afrika) waar 'n meer liberale en progressiewe benadering tot die hantering van leerderwangedrag gevolg word, is die neiging of tendens tot leerderdisipline in sommige gevalle ernstig (Oosthuizen, 2015:3). Die liberale benadering plaas meer klem op regte en vryhede van leerders in teenstelling tot 'n outoritêre benadering wat die afdwinging en nakoming van pligte van gesag benadruk. Seker een van die bekendste voorvalle is die Columbine-insident in die VSA waar twee leerders sowat 10 jaar gelede altesaam 12 medeleerders en een onderwyser in 'n skietery gedood het. In Engeland, 'n paar jaar gelede, het leerders die strate ingevaar en winkels geplunder, beroof en selfs afgebrand (Oosthuizen, 2015:3).

Soortgelyke ernstige voorvalle van leerderwangedrag is ook al in alle provinsies van Suid-Afrika aangeteken:

- In Germiston (Gauteng) is 'n onderwyseres seksueel deur 'n 16-jarige leerder aangerand.
- In Sasolburg (Vrystaat) is 'n onderwyser deur 'n leerder op die skoolperseel in 'n skietery gewond.
- In Athlone (Wes-Kaap) is 'n leerder deur 'n medeleerder by die skool doodgeskiet. (Oosthuizen, 2015:3)

Oosthuizen (2015:3) is van mening dat gevalle soos hierdie toegeskryf kan word aan die feit dat daar té veel klem op die regte van leerders gelê word eerder as op die verpligtinge wat leerders in hierdie verband het.

Hierdie studie het ten doel om die rol van ouers en hul betrokkenheid by die beheer van voorvalle van leerderwangedrag in Suid-Afrikaanse skole te ondersoek. Die bestudering van hierdie navorsingstema moet egter voorafgegaan word deur die agtergrond van die onderwysbedeling en die aard van leerderwangedrag in openbare skole in Suid-Afrika te skets.

2.4 Leerderwangedrag en die oorsprong daarvan

2.4.1 Die onderwysbedeling vóór 1994

Die Suid-Afrikaanse onderwysstelsel voor 1994 het nie voorsiening vir fundamentele regte soos gelykheid, vryheid en menswaardigheid gemaak nie, en daarom moes 'n nuwe demokratiese onderwysbedeling deur verandering voorafgegaan word (Joubert & Prinsloo, 2008:24). Vroeg in die jaar 1990 is politieke onderhandelinge van stapel gestuur wat die weg tot 'n nuwe demokratiese bestel in Suid-Afrika sou baan (Joubert & Prinsloo, 2008:14). Hierdie veelparty-onderhandelinge het gelei tot die aanvaarding van 'n tussentydse grondwet in 1993 wat uiteindelik tot die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika (hierna die *Grondwet*) (SA, 1996c) verfyn is en wat na bekragting deur die Konstitusionele Hof in Februarie 1997 in werking getree het (Joubert & Prinsloo, 2008:14).

Een van die prioriteite van die nuwe regering was om spesifiek die onderwysstelsel en toepaslike onderwyswetgewing, gemeenregtelike beginsels en regspraak in ooreenstemming met die Grondwet te bring (Joubert & Prinsloo, 2008:24). Nuwe wetgewing het 'n vennootskapsverhouding tussen die staat, ouers en opvoeders daargestel en spesifieke bevoegdhede aan beheerliggame verleen met die oog daarop om beheer oor leerderdisipline by skole te bevorder.

Hierdie ideale blyk egter niks minder as 'n droom te wees nie omdat daar vandag nog skole is wat gebuk gaan onder die las van onbetrokke ouers, ongemotiveerde en negatiewe leerders en die veeleisende administratiewe verpligtinge wat deur die Departement van Basiese Onderwys aan onderwysers opgelê word. Die onderwyser moet nog steeds 'n positiewe ingesteldheid jeens hul opvoedingstaak openbaar (Lessing & Dreyer, 2007:127).

Voeg hiertoe by herhaaldelike berigte van ontwrigtende wangedrag aan die kant van leerders, en dit lei geen twyfel nie dat onderwysers en veral ouers hulself moet afvra tot watter mate hulle daartoe bydra om sulke destruktiewe gedrag in te perk (De Klerk-Luttig & Heystek, 2006:5). Volgens Hoorn (2006:54) is dit juis ouers wat met kinders se wangedrag gekonfronteer moet word, want sonder hulle betrokkenheid – en pligsbesef – sal hierdie tipe gedrag nooit 'n einde kry nie. Kortom, ouerbetrokkenheid hou die sleutel tot 'n veilige, gedissiplineerde leer-omgewing vir die Suid-Afrikaanse skoolgaande jeug. Die hieropvolgende bespreking sit bevindings van verskeie outeurs rakende die verskynsel 'leerderwangedrag' in Suid-Afrikaanse skole uiteen.

2.4.2 Aard en frekwensie van leerderwangedrag post-1994

Die aard en frekwensie van minder ernstige ('gewone') wangedrag by openbare skole word uiteengesit in Tabel 2.1 soos in drie afsonderlike studies deur Oosthuizen, Wolhuter, Van Staden en Serame bevind. Navorsing deur Oosthuizen (2006:3) wat onder meer as 'n duisend ervare onderwysers in vyf provinsies (die Wes-Kaap, Noord-Kaap, Noordwes, Vrystaat en Oos-Kaap) onderneem is, beklemtoon die feit dat die frekwensie van minder ernstige ('gewone') wangedrag hoër is en dat meer ernstige voorvalle minder gereeld in skole voorkom. Hierdie bevinding word ondersteun deur navorsing wat deur Wolhuter en Van Staden (2007:56) in Vrystaatse skole onderneem is, sowel as deur Serame (2013:65) se studie van wangedragprobleme wat in swart skole in die Noordwes-Provinsie ondervind word.

Tabel 2.1: Rangorde van vorme en frekwensies (hoe gereeld) van gewone wangedrag soos in drie navorsingsverslae uitgewys [Bron: Oosthuizen (2015:11)]

Aard van wangedrag	Rangorde van wangedrag volgens navorsers			Frekwensie
	Oosthuizen (2007:4)	Wolhuter & Van Staden (2007:394)	Serame (2013:36)	
Vloek	1	4	5	±1 maal /week
Versuim om huiswerk te doen	2	1	3	±1 maal /week
Onnetheid (kleredrag)	3	3	10	±1 maal /week
Leuens vertel	4	5	4	±1 maal /week
Afwesigheid	4	7	2	±1 maal /week
Slordigheid met skoolwerk	5	12	9	±1 maal /week
Afknoery	6	13	13	±1 maal /week
Ontwrigtende gedrag	7	2	6	±1 maal /week
Oneerlikheid	7	2	8	±1 maal /maand

Ongeskiktheid	8	8	7	±1 maal /maand
Onbeskoftheid	9	6	15	±1 maal / maand
Buierigheid	10	9	14	±1 maal / maand
Uittartende gedrag	11	10	12	±1 maal / maand
Disrespek teenoor onderwysers	12	11	11	±1 maal / maand
Graffiti	17	15	17	±1 maal per jaar
Rook by skole	18	17	1	± 1 maal per jaar

Volgens Oosthuizen (2009:153;157) behoort elke onderwyser in staat te wees om minder ernstige wangedrag in die klas- of skoolomgewing te hanteer, en is dit weliswaar deel van hul opvoedingspligte. Onderwysers moet leerders opvoed om nie oneerlike, onbeskofte, ongeskikte, buierige of oneerbiedige gedrag teenoor medeleerders en gesaghebbers te openbaar nie.

Wat egter ook duidelik uit Tabel 2.1 hierbo blyk, is dat daardie vorme van wangedrag waarmee onderwysers die meeste op 'n daaglikse basis te kampe het – 'n gevloekery, versuim om huiswerk te doen, onnetheid in soverre kleredrag aanbetref, leuenvertellery, afwesigheid en afknouery – kwessies is waarin ouers ongetwyfeld 'n baie groter rol kan vervul deur leerders basiese beginsels soos bedagsaamheid, mededeelsaamheid, verdraagsaamheid en beleefdheid in die ouerhuis aan te leer.

Kortom, die ouer het 'n verantwoordelikheid om behulpsaam te wees deur kinders tuis op te voed om nie te vloek of vuiltaal te gebruik nie. Hulle kan verder ook help met tuiswerk wat gedoen moet word, sorg dat leerders nie onnet by die skool opdaag nie en toesien dat leerders nie leuens vertel nie. Ouers kan ook die afwesigheid van leerders tuis aanspreek deur toe te sien dat leerders gereeld skool bywoon. Afknouery kan ook betyds aangespreek word indien 'n ouer 'n verandering in die leerder se gedrag sou bemerk, onderwyl ander vorme van wangedrag soos oneerlikheid, ongeskiktheid en onbeskoftheid iets is waarvan ouers tuis werk behoort te maak.

Van besondere belang vir hierdie navorsingsprojek is dat Hoorn reeds in 2006 bevind het dat die vernaamste gewone gedragsprobleme in skole in die Namakwaland-streek toe te skryf is aan vuil taalgebruik deur leerders, verontagsaming van gesag, ontwigting van klasse, tuiswerkopdragte wat nie voltooi word nie, beskadiging van skoleiendom, graffiti teen die binnemure van skooltoilette en leerders se minagtende en arrogante

houding jeens onderwysers (Hoorn, 2006:50). Hierdie gedragsprobleme van leerders, veral in die senior fase, is volgens Hoorn (2006:51) toe te skryf aan leerders se verandering in gesindheid en 'n traak-my-nieagtige houding, teëpratersy en verontagsaming van skoolreëls.

In teenstelling met gevalle van 'gewone' en 'minder ernstige' gevalle van leerderwangedrag, het skole ongelukkig ook al te dikwels met ernstige dissiplinêre probleme te kampe. Daardie probleme en hul verbandhoudende implikasies sal vervolgens in oënskou geneem word.

2.4.3 Ernstige wangedrag by skole

Verskeie berigte van skietvoorvalle, messtekery, die seksuele teistering van meisies (selfs verkragting) en handeldryf in dwelms by Suid-Afrikaanse skole is reeds wêreldwyd gerapporteer (Joubert & Prinsloo, 2008:138).

In 'n studie wat in 2011 deur Maphosa en Mammen (2011:190) onder 15 skole in die Oos-Kaap onderneem is, het 83,2% van onderwysers aangedui dat afknouery 'n wesenlike uitdaging by hulle skool is. 'n Ander studie met die tema "Onveilige Plekke by Skole" wat tussen 2009 en 2011 deur die Suid-Afrikaanse Menseregtekommissie (SAMRK) onderneem is, het getoon dat meisies al in skooltoilette, leë klaskamers, skoolgange (natuurlik ná skool) en in hostelskamers verkrag is.

In Tabel 2.2 word die bevindinge van die drie studies soos per Tabel 2.1 hierbo (d.w.s. die bevindinge van Oosthuizen, Wolhuter, Van Staden en Serame) rakende ernstige wangedrag in verskeie provinsies se skole uiteengesit, tesame met 'n aanduiding van frekwensie wat wissel van gereeld tot minder gereeld in soverre die voorkoms van hierdie tipe wangedrag aanbetref.

Dié tabel dui daarop dat die algemene tendens in skole is dat diefstal, geweld en vandalisme meer gereeld voorkom (maandeliks), terwyl voorvalle van dwelmmisbruik, pornografie en seksuele aanranding minder gereeld (gemiddeld 1 maal per jaar) voorkom. Soos uit die tabel blyk, is geen merkbare variansie tussen die betrokke navorsers se bevindinge te bespeur nie.

Van belang hier is dat Hoorn (2006:51) se studie daarop dui dat gevalle van ernstiger probleme met leerdissipline in die Namakwaland-streek in hoofsaak te make het met 'n messtekery onder leerders, gebruik van dwelms, diefstal, betasting en aanranding.

Tabel 2.2: Vorme en frekwensie (hoe gereeld) van ernstige wangedrag [Bron: Oosthuizen (2015:13)]

	Frekwensie			
Vorme van ernstige wangedrag	volgens rangorde	Wolhuter & Van Staden	Serame	Frekwensie
	Oosthuizen			
Diefstal	1	2	1	± 1 maal / maand
Geweld	2	1	3	± 1 maal / maand
Vandalisme	3	3	2	± 1 maal / maand
<i>Crimen injuria</i> teen medeleerders	4	4	4	± 1 maal / jaar
<i>Crimen injuria</i> teen opvoeders	5	5	8	± 1 maal / jaar
Bendebedrywighede	6	7	5	± 1 maal / jaar
Alkoholgebruik by skole	7	8	7	± 1 maal / jaar
Seksuele aanranding onder leerders	8	9	9	± 1 maal / jaar
Dwelmmisbruik	9	6	6	± 1 maal / jaar
Pornografie	10	10	10	±1 maal / jaar
Seksuele aanranding van opvoeders deur leerders	11	11	11	± 1 maal / jaar

Dit is opvallend dat ernstige gevalle van wangedrag, soos deur Oosthuizen nagevors, in alle openbare skole voorkom. Van groter belang egter is om daarop te let dat alhoewel die vertrekpunt van die studies waarna hierbo verwys word, was om 'destydse' wangedragprobleme onder leerders te meet, daardie probleme telkens maar weer by skole opduik.

Voorts is daar volgens Le Roux en Mokhele (2011:326) 'n duidelike verband tussen dwelm-en alkoholmisbruik en leerderwangedrag. Hierdie misbruik kan op bende-aktiwiteite uitloop wat ook 'n negatiewe invloed op die akademiese vordering van leerders

het (SAMRK, 2008:14). Ander leerders se veiligheid word ook bedreig wanneer leerders onder die invloed van dwelms of alkohol die skoolperseel betree (Le Roux & Mokhele, 2011:326) want sulke leerders is gewoonlik gewelddadig, het treitermotiewe en hou hulle besig met onverantwoordelike aktiwiteite tydens skoolure.

Uit die voorafgaande kan dus afgelei word dat leerderwangedrag steeds kenmerkend van Suid-Afrikaanse skole is en dat hierdie tipe gedrag onderrig-en-leer kniehalter tot só 'n mate dat sommige skole disfunksioneel raak (Smit, 2010:1-2; Kluluse, 2009:10). Ook van belang is dat daar oënskynlik geen wesenlike verskil tussen die voorkoms van ernstige wangedraginsidente van provinsie tot provinsie bestaan nie, en dat skole in gegoede- en agtergeblewe gemeenskappe grotendeels dieselfde probleme ondervind.

Ter opsomming, dus, navorsing deur Oosthuizen (2007:4), Wolhuter en Van Staden (2007:394) en Serame (2013:36) in verskillende provinsies het getoon dat minder ernstige wangedrag daaglik voorkom. Ernstige wangedrag wat nie so dikwels by skole voorkom nie, sluit onder andere messtekery, skietvoorvalle, seksuele teistering, afknouery, dwelms- en alkoholmisbruik in. Ander navorsingstudies deur Joubert en Prinsloo (2008:138) asook Maphosa en Mammen (2011:190) het soortgelyke tendense uitgewys. Dit blyk dus uit verskeie studies dat die verskynsel van leerderwangedrag 'n wesenlike faktor in Suid-Afrikaanse skole is waarmee rekening gehou moet word.

2.5 Remedies ten opsigte van die hantering van leerderwangedrag.

2.5.1 Hantering van gewone wangedrag by skole ingevolge die Skolewet

Sonder dissiplinêre maatreëls en -strategieë wat daarop afgestem is om 'n gunstige leer- en onderrigkultuur vir elke leerder te skep, kan skole nie funksioneer nie. Insgelyks kan 'n gedissiplineerde, gunstige leer- en onderrigkultuur nie sonder ouers se samewerking geskep word nie. Joubert en Prinsloo (2008:107) is oortuig daarvan dat 'n positiewe, gedissiplineerde skoolomgewing leerders aanmoedig om selfbeheersing uit te oefen, respek te toon vir ander leerders en die gevolge van hul verkeerde optrede te dra.

Die skoolbeheerliggaam het gewoonlik 'n dissiplinêre komitee waarop van die lede van die beheerliggaam dien. Dit is hierdie komitee se verantwoordelikheid om moontlike oplossings vir leerderprobleme te vind.

Na regte behoort van die probleme wat skole daaglik met leerderwangedrag ervaar vroegtydig deur ouers aangespreek te word, en juis daarom is Oosthuizen (2009:19) van mening dat die ouer daarop geregtig is om deel te hê aan die verbetering van die leerder se gedrag in die skool bloot omdat opvoeding alreeds vanaf 'n jong ouderdom binne die ouerhuis begin. In stede van die openhartige verhouding wat volgens Oosthuizen

(2009:19) tussen ouer en onderwyser in die vooruitsig gestel word, veroorsaak ouers se onverskillige houding egter dat die kommunikasiegaping tussen hierdie partye al hoe groter word.

Soos uit Tabel 2.3 hieronder blyk, sal skakeling met die betrokke leerder se ouers in die geval van gewone wangedrag vrugte afwerp. Navorsing deur Oosthuizen, Wolhuter, Van Staden en Serame het bevind dat bespreking van die leerder se gedrag met die ouer 'n hoë rangorde geniet op die lys van doeltreffende metodes om leerderwangedrag aan te spreek. Soos in die besonder uit Serame se studie blyk, bevorder gereelde gesprekke met die betrokke leerder se ouer nie net die ouer-onderwyser-verhouding nie, maar stel die onderwyser ook in staat om te weet presies met watter tipe leerder hy te make het.

Oosthuizen (2015:10) is van mening dat leerders se ouers of voogde die primêre opvoeders is en dus hoofsaaklik verantwoordelik is vir leerders se gedrag by skole in die algemeen en meer spesifiek in die klas (sien item 6.1 van Riglyne vir 'n Gedragkode). Daar word ook van ouers verwag om die skool in hierdie verband te ondersteun en om hul kinders aan te moedig om die skoolreëls sowel as die klasreëls te gehoorsaam. Verder word van ouers verwag om belangstelling te toon in leerders se klaswerk, skoolwerk en huiswerk (Oosthuizen, 2015:10).

Tabel 2.3: Rangorde van effektiewe metodes om met leerderwangedrag te handel
[Bron: Oosthuizen (2015:15)]

Metodes om met wangedrag te handel	Rangorde van die effektiewe metodes in drie navorsing-studies		
	Oosthuizen	Wolhuter & Van Staden	Serame
Deeglike voorbereiding van onderwyser	1	1	1
Goeie vakkennis van onderwyser	2	3	2
Positiewe dissipline	3	4	2
Besprekings met leerder se ouers	4	2	4
Klasreëls	5	5	5

Belonings	6	10	3
Beklemtoon waardes	7	6	8
Verwys na skoolhoof	8	13	7
Koester trots ondermekaar	8	8	6
Gereelde gebed deur onderwyser	10	7	14
Leerderdeelname in opstel van gedragskode	11	11	11
Teregwysing	12	15	10
Ekstra skoolwerk	13	14	12
Aanmoediging van skooltradisies	14	12	9
Verdienslike/onverdienslike puntestelsel	15	20	13
Ontneming van voorregte	16	16	17
Verwys na SBL se dissiplinêre komitee	17	9	15
Gemeenskapdiens by skool	18	17	20
Detensie	19	21	16
Isolering van leerder in klaskamer	20	10	19
Isolering buite die klaskamer	21	18	18
Lyfstraf	22	22	21

Oosthuizen (2006:78) stel voor dat sekere take as straf opgedra kan word aan leerders

wat hulle aan gewone wangedrag skuldig maak. Sulke take kan die opruim van die skoolsaal, koshuiseetsaal of klaskamers na skool insluit sowel as die uitverf van 'n klaskamer, regskuif of opruim van sporttoerusting vir 'n byeenkoms, skoonmaak van laboratoria onder toesig en werkverrigting op die skoolterrein of in die skooltuin.

Die verrigting van sulke take moet met die ouer se goedkeuring geskied en moet nie in die teenwoordigheid van ander leerders gedurende pouses plaasvind nie, want die betrokke leerder kan hierdeur verneder word (Oosthuizen, 2006:78). Voorts moet take wat deur die skuldige leerder verrig moet word, duidelik omskryf word en die betrokke leerder se ouer moet weet wanneer dit gaan plaasvind, hoe lank dit gaan duur en watter resultate verwag word (Oosthuizen, 2006:78). Sulke take kan moontlik ook die ouer se betrokkenheid aanwakker aangesien die ouer tog daarvoor verantwoordelik is om die leerder by die skool te kom afhaal indien hy of sy na skool moet aanbly.

Vir ernstige oortredings soos die misbruik van dwelms, seksuele oortredings, aanranding en drankmisbruik word ander prosedures kragtens die Skolewet (SA, 1996b) gestipuleer en is dit veral belangrik dat ouers en leerders bewus sal wees van die gevolge van ernstige en ongewenste gedrag (Joubert en Prinsloo, 2008:119). Met inagneming hiervan staar skole vandag enorme uitdagings in die gesig en is dit belangrik dat die skool, die leerder en die ouer regskenning moet hê om alle kinders te beskerm en hul gedrag by skole te reguleer (Joubert & Prinsloo, 2008:v), Gegewe die erns van hierdie saak, sal ernstige wangedrag en die hantering daarvan vervolgens in detail beskou word.

2.5.2 Hantering van ernstige wangedrag by skole ingevolge die Skolewet

2.5.2.1 Voorlopige ondersoek

Die behartiging van ernstige wangedrag moet in alle gevalle voorafgegaan word deur 'n voorlopige ondersoek. Volgens Oosthuizen (2006:86) is die doel van só 'n ondersoek om te bepaal of gronde vir die beskuldiging bestaan en of daar genoegsame bewyse teen die beskuldigde is om 'n dissiplinêre verhoor te regverdig. In geval visentering (deursoeking) nodig sou wees, moet daar ook verseker word dat prosedures en riglyne na behore gevolg word om billikheid te verseker.

Hier is dit veral van belang dat ouers deel sal hê aan die proses deur hul toestemming vir 'n voorlopige ondersoek te verleen. As ouers bewus is van die ondersoek en verstaan waarom dit gaan en wat dit ten doel het, sal hulle meer ontvanklik wees vir die proses.

Om enige vooroordeel teenoor die betrokke leerder te verhoed, mag die hoof en enige van die personeellede wat regstreeks deur die uitkoms van die saak geraak gaan word,

geen aandeel aan die voorlopige ondersoek hê nie (Joubert & Prinsloo, 2008:132-133). 'n Onafhanklike ondersoeker moet dus deur die hoof aangewys word om billikheid te verseker en sal, onder andere, verantwoordelik wees vir:

- Die verkryging van skriftelike verklarings van die klaers en getuies. Indien die saak tussen 'n onderwyser en leerder is, het laasgenoemde egter die reg tot stilswye en mag die leerder ook nie gedwing word om 'n verklaring af te lê nie. Voorts is dit volgens Oosthuizen (2006:86) bloot goeie regspraktyk om eers later 'n verduideliking van die beskuldige te vra bloot omdat enigeen wat beskuldig word, eers as onskuldig geag moet word. As die beskuldigdes egter bereid is om vrywillig 'n verduidelikende verklaring af te lê, kan so 'n verklaring wel afgeneem word nadat die reg tot stilswye aan hom of haar verduidelik is.
- Die bewaring van fisiese items soos foto's en dokumente wat later as bewysstukke kan dien.

Voorts moet daar vasgestel word of die gedragskode of skoolreëls van die skool wel oortree is deur die bepalings soos vervat in die Skolewet in oënskou te neem.

Sou gronde vir 'n voorlopige ondersoek bestaan, moet die ouers van die betrokke leerders hiervan ingelig word sowel as oor die gronde van die klagtes wat teen die leerders aanhangig gemaak is en die moontlike strafmaatreëls wat by skuldigbevinding teen hulle ingestel kan word (SA, 2008).

Nadat die skoolhoof in oorleg met die dissiplinêre komitee die resultate van die voorlopige ondersoek oorweeg het, sal daar besluit word of genoegsame bewyse en gronde bestaan om met 'n dissiplinêre verhoor voort te gaan. Só 'n besluit moet ag slaan op die erns van die oortreding, of die getuienis voldoende is en of 'n verhoor in die beste belang van die skool, leerders, onderwysers en die gemeenskap sal wees.

Gegewe dat dissiplinêre prosedures en selfs die voorlopige ondersoek van enige saak teen 'n leerder aan die vereistes vir prosedurele en substantiewe billikheid moet voldoen, stel Joubert en Prinsloo (2008:136) voor dat daar spesifiek aandag geskenk word aan die struktuur en inhoud van die skool se gedragskode om te verseker dat hierdie 'n dokument is wat ouers, leerders en die skool as geheel sal aanmoedig om werk te maak van gevalle van minder en meer ernstige leerderwangedrag.

Sou die voorlopige ondersoek egter na behore verloop, sal dit die dissiplinêre komitee in staat stel om:

- na albei kante van die saak te luister;
- met 'n ope gemoed te luister;

- net relevante inligting te oorweeg;
- 'n besluit te neem wat regverdig en op feite gebaseer is; en
- geensins op hoorsê te vertrou nie.

2.5.2.2 Dissiplinêre verhoor

Alvorens 'n skool hom tot 'n dissiplinêre verhoor kan wend, moet hy seker maak dat die skool se gedragskode 'n behoorlike regsproses insluit om te verseker dat 'n leerder op 'n billike wyse gestraf sal word (Oosthuizen, 2006:85). Volgens artikel 28(2) van die Grondwet (SA, 1996c) moet daar in die beste belang van die kind opgetree word en moet daar 'n balans tussen die oortreding van een leerder teenoor dié van die meerderheid leerders by die skool wees (Oosthuizen, 2006:86).

Die beskuldigde leerder en die ouer van die leerder moet skriftelik vooraf in kennis gestel word van die verhoor met inbegrip van die plek, tyd en datum asook die inhoud van sodanige verhoor (Joubert & Prinsloo, 2008:130). Die tydperk vir behoorlike kennisgewing sal van omstandighede sowel as die aard en die ernstigheid van die oortreding afhang (Joubert & Prinsloo, 2008:130). 'n Leerder wat beskuldig word van 'n oortreding moet ook die geleentheid gebied word om haar of sy saak te stel (Joubert & Prinsloo, 2008:136). Hierdie reël geld nie net vir 'n formele verhoor nie maar ook vir 'n voorlopige ondersoek wat tot administratiewe optrede kan lei en wat 'n invloed op die regte van 'n individu mag hê (Joubert & Prinsloo, 2008:130).

2.5.2.3 Die belangrikheid van ouerbetrokkenheid by 'n dissiplinêre verhoor

Die gewysigde onderwysbestel wat ná 1994 in werking getree het, bring mee dat ouers ook nou groter insae en inspraak kan hê in die opvoeding van hul kinders (Van Wyk, 2007:132). Artikel 23 van die Skolewet (SA, 1996b) beklemtoon die teenwoordigheid van die ouerkomponent en die gewig wat die ouer se stem dra bloot omdat die ouer direk verantwoordelik gehou kan word vir die onderrig van die kind.

Volgens Parker en Leithwood (2000:38) impliseer skoolbeheer en deelnemende besluitneming in skole dat optimale ondersteuning vanaf die ouergemeenskap bewerkstellig kan word. Deur aan ouers sleutelrolle in die skoolbeheerliggaam te gee, wat die besluitneming oor die leerders se wangedrag insluit, word die betrokkenheid van ouers verhoog. Hulle is verder van mening dat ouers selfs meerseggenskap in hierdie forum behoort te verkry sodat die deelnemende proses van demokrasie in die stelsel nog beter sal funksioneer, juis omdat ouers die huislike omstandighede van kinders beter verstaan en met aanbevelings na vore kan kom waarby die kinders sal baat.

Geen ouer sal toelaat dat 'n kind op 'n onregverdige manier gestraf word nie, en daarom

is die verteenwoordiging van ouers op 'n dissiplinêre verhoor so belangrik. Soos uit sommige sake blyk waarna hierna vermeld word, is onderwysers egter skepties oor die ouerkomponent wat op die skoolbeheerliggaam en op die dissiplinêre komitee dien. Hulle is van mening dat sommige ouers ongeletterd is, nie met die Skolewet (SA, 1996b) vertrou is nie en ook nie die nodige regsbepalings en -prosedures ken nie (Van Wyk, 2007:135). Onderwysers is ook bekommerd dat ouers wat by 'n dissiplinêre verhoor betrokke raak, subjektief sal optree en besluite rakende skorsing of uitsetting kan beïnvloed (Reyneke, 2013:117).

Desnieteenstaande, volgens die Riglyne vir Oorweging deur Beheerliggame by Aanvaarding van 'n Gedragskode vir Leerders (DBO, 1998) is ouers daarop geregtig om ook op die dissiplinêre komitee van die skoolbeheerliggaam te dien om te verseker dat die proses regverdig verloop en dat geen leerder onnodig benadeel word nie. Alhoewel die skoolbeheerliggaam 'n onpartydige party in enige saak behoort te wees, wat beteken dat hulle nie subjektief die verhoor of die uitkoms daarvan moet beïnvloed nie (Joubert & Prinsloo, 2008:132), moet ouers daarteen waak dat die subjektiewe beïnvloeding van die skoolhoof teenoor die beskuldigde leerder (wat juis soveel probleme vir hom veroorsaak) nie die besluit om die leerder te skors, afdwing nie. Indien 'n leerder se oortreding van só 'n aard is dat dit uitsetting of skorsing regverdig, kan die blote teenwoordigheid van 'n ouer en selfs 'n pleidooi deur die ouer die betrokke leerder se saak help verdedig en, hopelik, 'n ligter sanksie tot gevolg hê (Oosthuizen, 2009:292).

Die ernstigheid van 'n oortreding deur 'n leerder bepaal die betrokkenheid van die ouer en ook of regshulp benodig word al dan nie (DBO, 1998). In ernstige en gekompliseerde sake wat ernstige gevolge soos skorsing en uitsetting van 'n leerder in die vooruitsig stel, is dit raadsaam om regsverteenvoording (ondersteuning) toe te laat (Oosthuizen, 2009:69). In die hofsak van *Hamata and Another v Chairperson, Peninsula Technikon Internal Disciplinary Committee and Others* is voorgehou dat 'n besluit om wetlike verteenwoordiging (ondersteuning) toe te staan al dan nie in enige saak deurdag oorweeg moet word met inagneming van die feite en omstandighede.

Tensy 'n grondige rede tot die teendeel bestaan, is dit belangrik dat ouers ingevolge artikel 8(6) van die Skolewet (Oosthuizen, 2009:69) ouerlike bystand sal verleen of iemand sal afvaardig om namens hulle teenwoordig te wees gedurende 'n dissiplinêre verhoor wat hul kind direk raak. Indien ander leerders ook by die saak betrokke was, moet hul reg ook in ag geneem word, veral as dit by skorsing en uitsetting kom.

Volgens Oosthuizen (2009:159) moet daar duidelik besin word oor 'n leerder se skorsing en moet dit opgeweeg word teen die meerderheid leerders se reg tot onderwys teenoor

die reg van een leerder se skuldigbevinding aan 'n oortreding. Die Departement van Basiese Onderwys is soms skuldig daaraan dat hulle die probleem rondom die skuldigbevinding van 'n leerder en ouers se onbetrokkenheid by die proses weer terugplaas in die hande van die skool (skoolbeheerliggaam). Voorts bring die feit dat ouers oorbeskermend optree mee dat leerders skotvry daarvan afkom sonder dat hulle vir hul oortredings gestraf word (Pahad & Graham, 2012:8).

Oosthuizen (2006:73) wys daarop dat vier tipes funksies van juridiese straf in die strafreg gevolg kan word om ernstiger leerderwangedrag aan te spreek, naamlik wraak, vergelding, afskrikking en rehabilitasie. Hy is van mening dat die eerste drie strafmaatreëls tot 'n minimum beperk moet word indien 'n leerder skuldig is en laasgenoemde liever oorweeg moet word. Hy voer ook aan dat enige afwerende dissiplinêre situasie eers deur twee belangrike toetsvrae voorafgegaan moet word:

- Sal die ontwrigtende optrede van die leerder die onderwysproses en die normale funksionering van die skool belemmer?
- Sal die optrede van die betrokke leerder inbreuk maak op die fundamentele regte van die ander leerders?

Hierby voer Oosthuizen (2006:74) aan dat in die huidige onderwysbedeling die reg tot menswaardigheid van die onderwyser teenoor die reg van die kind opgeweeg moet word en dat laasgenoemde voorrang geniet. Kinders se regte kan dus ook beperk word en dit is nie belangriker as ander se regte nie. Desondanks moet daar in gedagte gehou word dat die onderwyser kragtens die Handves van Regte, soos vervat in artikel 10 van die Grondwet (SA, 1996c), ook oor regte beskik.

2.5.2.4 Die dissiplinêre verhoor

Oosthuizen (2006:85) is van mening dat selfs al sou 'n dissiplinêre verhoor geregverdig wees en regverdig verloop, sal howe dit as onbillik beskou indien die prosedures vir só 'n verhoor nie na behore gevolg word nie. Om hierdie rede moet die skool se beheerliggaam seker maak dat die gedragskode 'n behoorlike regsbasis insluit waarvolgens leerders billik en regverdig ten opsigte van leerderwangedrag verhoor kan word. Voorts verduidelik Oosthuizen (2006:85) dat billikheid meer behels as om bloot die regsplig na te kom. Dit kom in der waarheid daarop neer dat alles moontlik gedoen moet word om die ander persoon te akkommodeer of tegemoet te kom sodat die gewenste uitslag bereik kan word.

Sou 'n klag rakende 'n ernstige oortreding deur die skoolhoof of 'n onderwyser gemaak word, is dit raadsaam om eers 'n voorlopige ondersoek van stapel te stuur sodat daar

vasgestel kan word of 'n *prima facie* saak met voldoende bewyse bestaan. In hierdie verband sou die ouer se rol wees om die leerder te help om hom/haarself teen die klagte te verweer en om toe te sien dat die korrekte en gepaste straf, met inagneming van die leerder se huislike en persoonlike omstandighede, opgelê word of dat selfs 'n ligter straf oorweeg word.

In die hofsaak *Queens College v Department of Education, Head of Department of Education and Ten Others (2007) SA (EC) CN.454/08* het die skool klagtes gemaak teen 11 oortreders waar die departement ooreenkomstig die skoolbeheerliggaam se aanbevelings oor skorsing en uitsetting, moes toestaan. Volgens die skool het die betrokke leerders hulle by verskeie geleenthede aan wangedrag skuldig gemaak deurdat (a) ses leerders tydens 'n sportdag alkohol gebruik het, (b) een leerder onbeskof teenoor die hoof was en nie aan opdragte gehoor gegee het nie, (c) een leerder aan drankmisbruik skuldig was en (d) drie leerders dagga gerook het. In alle gevalle is die normale prosedure gevolg, dit wil sê 'n voorlopige ondersoek gevolg deur 'n dissiplinêre verhoor gevolg deur 'n aanbeveling deur die skoolbeheerliggaam aan die Departement van Basiese Onderwys vir die skorsing of uitsetting van die betrokke leerders.

Hierdie klagtes is egter deur die departement as onredelik, arbitrêr en inkonsekwent bestempel en na die skoolbeheerliggaam terugverwys met die opdrag om alternatiewe strawwe op te lê. As rede vir die besluit teen die uitsetting van hierdie leerders, het die departement die volgende aangevoer:

- Die leerders se reg tot basiese onderrig kragtens artikel 29 van die Grondwet.
- Uitsetting van 'n leerder is 'n drastiese stap en moet liewer as 'n laaste uitweg beskou word aangesien dit inbreuk maak op die leerder se reg tot basiese onderrig, soos hierbo genoem.
- Die sanksies wat opgelê word, moenie bestraffend wees nie, maar eerder rehabiliterend van aard wees.
- Van die leerders was eersteoortreders en het geen vorige gedragsprobleme by die skool getoon nie.
- Die insident het tydens 'n buitemuurse aktiwiteit plaasgevind wat nie inbreuk gemaak het op die normale funksionering van die skool nie en nog minder het dit ander leerders se veiligheid bedreig.

As verweer het die skoolbeheerliggaam aangevoer dat die skool nie 'n rehabilitasiesentrum vir leerders is nie; dat die gedragskode nie net voorsiening maak vir uitsetting as die leerders die skool ontwrig nie; dat die wet of regulasies nie duidelik gestipuleer het dat uitsetting as 'n laaste uitweg gebruik mag word nie; en dat van die

leerders nie almal eerstekeer-oortreders was nie.

Uit hierdie saak blyk dit duidelik dat die regter, ondanks die redes wat deur die skool aangevoer is, die leerders se reg tot basiese onderrig opgeweeg het en daarom besluit het dat die leerders 'n reg het om skool te voltooi en dat uitsetting dus nie as 'n gepaste straf geag kan word nie. Die beslissing van die Departement van Onderwys is op hersiening geneem en die Departement tree op as arbitrêr en mag met redes skorsing weier.

Kortom, uitsetting is 'n diskresionêre straf vir ernstige wangedrag en nie 'n verpligte straf nie. Voorts, soos voorheen deur Oosthuizen (2006:73) uitgewys, moet rehabilitasie eerder as wraak, vergelding of afskrikking ter remediëring ingespan word wat daarop neerkom dat berading en/of ouerbetrokkenheid eerder as strafmaatreël deur die skoolbeheerliggaam oorweeg moes word.

In artikel 28(2) van die Grondwet (SA, 1996c) word dit duidelik gestipuleer dat wanneer kinders se regte aangetas word, dat belange van beide partye inaggeneem moet word. Die meerderheid leerders se belange weeg ook swaarder as die skool se beeld, die nadeel vir die opvoeder of ouer of die nadeel vir die betrokke leerder wat van die oortreding beskuldig word (Oosthuizen, 2006:86).

Sou 'n ware noodsituasie egter ontstaan, berus die verantwoordelikheid egter by die hoof, sy bestuurspan en die skoolbeheerliggaam om maatreëls in plek te hê sodat situasies soos die volgende onmiddellik die hoof gebied kan word:

- Om leerders onmiddellik te skors in gevalle waar die veiligheid van die skool in gedrang sou kom, soos in artikel 9(1)(a) van die Skolewet (SA, 1996b) beoog.
- Om onmiddellik die hulp van die polisie of nooddienste in te roep.
- Om gevaarlike wapens of items soos drank en dagga te verwyder.
- Om getuies wat dalk in gevaar mag verkeer na 'n veilige plek te bring.
- Om klasse onmiddellik te ontruim sou 'n gevaarsituasie soos 'n brand of bomdreigement ontstaan.

In die Skolewet (SA, 1996b) word die bepalings vir skorsing en uitsetting duidelik gestipuleer en, soos reeds genoem, moet billikheid die proses van skorsing en uitsetting voorafgaan alvorens dit deur die hoof van die provinsiale departement van onderwys tot uitvoer gebring sal word.

Die hofsaak, *Governing Body, Tafelberg School v Head of Western Cape Education Department* (1999) 4 All SA 573 (C), in Oosthuizen (2009:292), is 'n sprekende voorbeeld van bogenoemde stelling. Die hofsaak handel oor 'n 14-jarige seun wat erken het dat hy

'n rekenaar se hardeskyf gesteel het, en die skoolbeheerliggaam het 'n aanbeveling na die hoof van die provinsiale departement gestuur dat die seun geskors moes word. Die vader van die seun het egter 'n brief aan die hoof van die provinsiale departement gestuur met die oog daarop om die besluit van skorsing te beïnvloed. Die skoolbeheerliggaam was egter ontevrede omdat die hoof van die provinsiale departement hulle nie die geleentheid gegun het om op die vader se valse beskuldigings en argumente te reageer nie.

Die hof se beslissing was dat die hoof van die provinsiale departement nie die beginsel van natuurlike geregtigheid nagekom het nie en dat die skoolbeheerliggaam se verantwoordelikheid om geregtigheid te laat geskied, verontagsaam is. Volgens Oosthuizen (2009:110) behels die beginsels van natuurlike geregtigheid, soos vervat in artikel 33 van die Grondwet (SA, 1996c), die volgende:

- (1) Elkeen het die reg tot administratiewe optrede wat wettig of regmatig, regverdig en prosedureel billik is.*
- (2) Enigeen wie se regte deur administratiewe optrede geraak is, het die reg om skriftelike redes te ontvang.*

Voorts het die Wet op die Bevordering van Administratiewe Geregtigheid (SA, 2000) ten doel om gepaste administratiewe prosesse te bevorder en lê bepalings neer vir die herstel van administratiewe optrede deur die hof of, waar beskikbaar, 'n onafhanklike en onpartydige komitee vir die aanhoor van getuienis. Dit plaas ook 'n plig op die staat om 'n uitslag te gee oor regte soos in (1) en (2) genoem. In hierdie geval het die hof aangevoer dat die skool 'n belang het in die besluit van die departement omdat die handhawing van behoorlike dissipline van fundamentele belang vir die skool is, volgens artikel 9(1) van die Skolewet (SA, 1996b), en dat dit die skoolbeheerliggaam bemagtig om dissipline in skole te handhaaf.

Die saak is na die hoof van die provinsiale departement vir heroorweging terugverwys met 'n opdrag om die skool vir hulle skade te vergoed. Die uiteinde was dat die hoof van die provinsiale onderwysdepartement bevind het dat aangesien die leerder erken het dat sy optrede verkeerd was en die hardeskyf aan die skool terugbesorg het, dit afdoende bewys is dat hy berou het oor sy dade en dat skorsing dus nie geregverdig is nie.

Soos uit die voorafgaande blyk, is uitsetting en skorsing 'n uiters kontroversiële kwessie en sal daarom vervolgens in meer detail bespreek word.

2.5.2.5 Uitsetting en skorsing

Volgens Oosthuizen (2009:159) behels 'uitsetting' die tydelike weiering van toelating van

'n leerder by 'n instansie soos 'n skool of 'n hostel, terwyl 'skorsing' op die permanente verwydering van 'n skuldigbevindende leerder by 'n skool of 'n hostel na 'n regverdige verhoor neerkom. Artikel 9 van die Skolewet (SA, 1996b) bepaal dat die skoolbeheerliggaam, met redelike gronde (bewyse) en as 'n voorsorgmaatreël, 'n leerder wat hom skuldig maak aan ernstige wangedrag vir 'n bepaalde tydperk mag skors en so 'n skorsing mag net toegepas word as die leerder 'n redelike geleentheid gegun is om homself te verdedig en waar sy ouers ook in kennis gestel is van die oortreding.

Die dissiplinêre komitee van die skoolbeheerliggaam hanteer gewoonlik die moontlike uitsetting en skorsing van leerders deur die volgende stappe, soos neergelê in die Skolewet (SA, 1996b), te volg:

- Die skoolbeheerliggaam moet 'n dissiplinêre verhoor met sodanige leerder en die ouers van die betrokke leerder hou binne sewe dae na die skorsing.
- Die verhoor moet gehou word as 'n voorkomende maatreël en die betrokke leerder se ouers moet ook teenwoordig wees.
- Na 'n regverdige verhoor behoort 'n leerder nie vir langer as 'n week geskors te word nie en dit behoort ook aan die ouer oorgedra te word.
- Die tydperk van skorsing van 'n betrokke leerder mag langer wees indien die skoolbeheerliggaam dit sou verkies, afhangende van die goedkeuring van die direkteur-generaal van die betrokke provinsie.
- Indien die dissiplinêre verhoor nie binne die sewe dae na die skorsing van 'n leerder plaasgevind het nie, moet die skoolbeheerliggaam nog steeds die goedkeuring van die hoof van die provinsiale onderwysdepartement verkry om voort te gaan met die skorsing van sodanige leerder.
- Die hoof van die provinsiale onderwysdepartement moet die aanbeveling van die skoolbeheerliggaam oorweeg en besluit om die leerder te skors al dan nie, aan die hand van alle bewyse en deur die huislike omstandighede van die leerder in ag te neem, binne 14 dae na ontvangs van die aanbeveling.

In hierdie verband is dit belangrik om daarop te let dat die ouer met die skool moet kontak maak indien 'n leerder deur die skool aangekla word van 'n ernstige oortreding. Wanneer die leerder kennisgewing van 'n dissiplinêre verhoor ontvang, moet die ouer dit met die leerder bespreek en seker maak dat hy hierdie verhoor bywoon. Dit wil sê die ouer moet die kind vergesel en in hierdie verband ondersteun (SA, 2008).

Alhoewel die skoolbeheerliggaam 'n skorsing van 'n leerder mag verleng indien dit die goedkeuring van die hoof van die provinsiale onderwysdepartement wegdra (Oosthuizen, 2009:159), is slegs die hoof van die provinsiale onderwysdepartement by

magte om 'n leerder uit die skool te sit of sodanige leerder na 'n ander skool te verplaas.

Alhoewel verplasing nie die probleem van wangedrag sou oplos nie, sal die ander skole ten minste bewus wees van die probleem en voorbereid wees om strenger regsmaatreëls te gebruik sodat die betrokke leerder met die hulp en ondersteuning van die ouer gemoniteer kan word. Ongelukkig laat skole soms na om genoegsame rekords van leerders met gedragsprobleme by te hou, met die gevolg dat hofsake teen sulke leerders verloor word.

2.6 Regsverhoudings tussen leerders (kinders), ouers en die skool

2.6.1 Die ouer teenoor die leerder

2.6.1.1 Ouerlike bevoegdheid (gesag)

Die ouers van kinders verkry *ex lege* ouerlike gesag oor hul kinders. Ingevolge die gemenereg het ouers dus die reg en plig om vir hul kinders te sorg en besluite saam met en namens hul kinders te neem. In beginsel sal ouers hul keuses in 'n groter mate namens jonger kinders uitoefen, maar namate kinders meer volwasse en onafhanklik word, sal keuses oor lewenstyl, voorkeure, vriende, godsdiensbeskouings en persoonlike opinies al hoe meer aan die kind self oorgelaat word. By bereiking van meerderjarigheid loop die ouerlike gesag oor 'n kind ten einde (Cronjé & Heaton, 2004:189-292).

Die Hoërhof is die oppervoog van alle minderjariges, wat beteken dat 'n hof by tye die ouerlike gesag oor kinders ongedaan kan maak of kan inperk en dus geregtelik met die ouers se gesag sal inmeng as dit in die beste belang van die kind is. Artikel 28(2) van die Grondwet (SA, 1996c) bepaal dat die beste belang van die kind van deurslaggewende belang is. Dit behels dat in gevalle van wangedrag deur minderjarige leerders die ouers en soms die Hoërhof sal besluit wat in die beste belang van die kind is. Onder artikel 7(1) van die Children's Act (SA, 2005) word heelwat faktore gelys wat hoewe moet oorweeg alvorens die 'beste belang van die kind'-beginsel toegepas kan word. Hierdie faktore sluit in die persoonlike verhouding tussen die kind en die ouer of die voog, die kind se fisiese en emosionele sekuriteit, die behoefte wat kinders daaraan het om in 'n stabiele gesinstruktuur op te groei en die relevante karaktereienskappe van die kind waarin die ouer ook 'n groot rol speel.

Vanuit 'n gemeneregperspektief moet kinders respek toon vir die beheer en gesag van ouers omdat dit deur die reg aanvaar word dat ouers net die beste vir hulle kinders wil hê. Die ouer-kind-verhouding het egter dramatiese veranderinge ondergaan sedert die inwerkingtreding van die Grondwet en veral met die erkenning van kinderregte in die Handves van Menseregte (Bekink, 2012:182). In hierdie handves word veral klem gelê

op die bevordering, beskerming en realisering van kinderregte (Bekink, 2012:182). In die Grondwet onder Hoofstuk 2 en spesifiek onder artikel 28 (SA, 1996c) word erkenning gegee aan kinders se regte wat in die besonder fokus op kinders se behoeftes en belange. Die kind het egter ook verpligtinge (verantwoordelikheid) wat hand aan hand gaan met sy regte en wat 'n driehoekverhouding impliseer tussen die kind, die ouer en die staat (Oosthuizen, 2009:149). Hierdie verpligtinge waaronder kinders ooreenkomstig hulle regte staan, word egter nie deur kinders as belangrik beskou nie en daarom die ontwrigtende gedrag in skole. Die Konstitusionele Hof stipuleer duidelik onder artikel 28(1)(b) dat dit primêr die ouer se verantwoordelikheid is om die verpligtinge wat deur hierdie regte opgelê word by kinders te benadruk (Bekink, 2012:188).

Ooreenkomstig artikel 18 van die Children's Act (SA, 2005) is die staat dus daarvoor verantwoordelik om te verseker dat ouers regmatig verplig word om hulle verantwoordelikhede teenoor hul kinders na te kom. In die geval waar die ouers misluk het om hulle verpligtinge teenoor hul kinders na te kom, mag die staat intree veral as die kind uit die gesinstruktuur verwyder word. Die staat is dan verantwoordelik om sodanige kind in alternatiewe sorg te plaas. Die feit dat daar onder artikel 28(1)(b) (SA, 1996c) 'n horisontale aanwending tussen die kind en die ouer bestaan, beteken dat die Suid-Afrikaanse reg die fundamentele regte erken wat soms deur kinders teen hul ouers se gesag gebruik word.

In Hoofstuk 3 van die Children's Act (SA, 2005) word ouerlike verantwoordelikhede en regte onder artikels 18-21, 27, 30-31 en 40 bespreek. Hierdie artikels weerspieël ook die regsverhouding wat die ouer teenoor die kind moet handhaaf. In die Suid-Afrikaanse Grondwet (SA, 1996c) word die regte van die kind op gesin- of ouerlike sorg onder artikel 28(1)(b) beklemtoon. Ouerlike gesag sluit dus alle regte en verpligtinge van die ouers teenoor hul minderjarige kinders in asook die beheer oor die kinders self, die kind se eiendom, sy besittings, sy sorg en sy onderhoud en beheer (Oosthuizen, 2009:125).

Ouerlike gesag kom ter sprake by die bewaring van die kind, die boedel (nalatenskap) van die kind, die regsoptredes van die kind, die benoeming van voogde vir die kind (as dit sou gebeur dat die wettige ouers wegval) en die onderhoudsplig van die kind (Visser & Potgieter, 1994:185). Om die kind te bewaar, behels die daaglikse omsien na die behoeftes van die kind, sy opvoeding en veiligheid en met wie die kind mag assosieer.

Die ouer moet dus beklee wees met die bevoegdheid of die vermoë om aan die besluitnemingsproses deel te neem waar aspekte van die kind se opvoeding binne die ouer-kindverhouding gereël word. Die ouerlike gesag van die ouer behels ook dat die ouer die kind geskikte huisvesting moet bied en in die kind se daaglikse behoeftes soos

voedsel, kleding en mediese sorg moet voorsien. Die ouer moet dus aandag gee aan 'n kind se liggaamlike ontwikkeling, die vorming van die kind se karakter, die ontwikkeling van die kind se verstand, godsdiensoonderrig en die kulturele vorming van die kind (Oosthuizen, 2009:124).

Geregte inmenging met betrekking tot ouerlike gesag teenoor die kind kan alleenlik geskied as die hof as oppervoog bewus is van fisiese mishandeling of molestering van die kind, by 'n egskeiding en indien die 'beste belang van die kind'- beginsel in gedrang kom (Bekink, 2012:188).

Die Hoërhof beskik soms ook oor voogdyskap indien albei ouers van die minderjarige gesterf het, die ouers nie bevoeg is nie of om een of ander rede die kinders verwaarloos, wanneer 'n aannemingsbevel opgehef word of in geval van 'n hofbevel (Visser & Potgieter, 1998:214).

2.6.1.2 Regte van Ouers

Die ouer het die voorreg om in die beheer van die skool te deel deur hulle kinders te ondersteun in onderwys sake wat die kind se opvoeding direk raak (Oosthuizen, 2009:19). Die Children's Act (SA, 2005) is duidelik oor die belangrikheid van veral die ouer se regte en verantwoordelikheid teenoor die kind, en onder artikels 18(1) en (2)(a)-(j) word hierdie verantwoordelikheid beklemtoon. Ook in artikel 28(1)(b) van die Grondwet (SA, 1996c) word daar melding gemaak van elke kind se reg op gesinsorg, of ouerlike sorg of op gepaste alternatiewe sorg. Die Children's Act (SA, 2005) is juis daargestel of uitgevaardig om die grondwetlike regte van kinders te verwesenlik en om ouerlike verantwoordelikhede en regte te omskryf. Ooreenkomstig hierdie wet word 'sorg' of 'versorging' as volg omskryf:

- (a) die voorsiening aan die kind binne beskikbare middele, van –
 - (i) 'n paslike plek om te woon;
 - (ii) lewensomstandighede wat bevorderlik is vir die kind se gesondheid, welstand en ontwikkeling; en
 - (iii) die nodige finansiële bystand;
- (b) die beskerming en bevordering van die welstand van die kind;
- (c) beskerming van die kind teen mishandeling, misbruik, verwaarloosing, degradering, diskriminasie, eksploitasie en enige ander fisiese, emosionele of morele leed of gevaar;

Voorts bepaal artikel 18(2) van die Children's Act (SA, 2005) onder andere dat 'n persoon

se ouerlike regte en verantwoordelikhede met betrekking tot 'n kind die versorging van die kind omvat (subartikel 18(2)(a)) asook leidinggewing, rigtinggewing en versekering van die kind se opleiding en opvoeding, insluitende godsdienstige en kulturele opleiding en opvoeding, op 'n wyse wat paslik is by die kind se ouderdom, volwassenheid en stadium van ontwikkeling (subartikel 18(2)(e)) en leiding van die kind se gedrag op 'n mensliewende wyse (subartikel 18(2)(g))

In artikel 7 van dieselfde wet word die 'beste belang van die kind'-beginsel duidelik gestipuleer en word die persoonlike verhouding wat daar tussen die kind en die ouer moet bestaan onder artikel 7(a)(i) uitgewys. Gegewe dat hedendaagse 'gesinne' egter op verskeie maniere saamgestel kan wees, skenk hierdie wet ook spesifiek aandag aan die regte en verantwoordelikhede van biologiese moeders en biologiese vaders, hetsy of hulle getroud is of nie.

Subartikel 19 bepaal dat die biologiese moeder die voog van die kind is, maar wys ook in subartikel 20 daarop dat die biologiese vader volle ouerlike regte en verantwoordelikhede ten opsigte van die kind het indien hy (a) getroud is met die kind se moeder of (b) getroud was met die kind se moeder. Voorts verleen artikel 21 ouerlike regte en verantwoordelikhede aan ongetroude biologiese vaders wat nie voorheen hierdie voorreg gehad het nie en hiervoor wil aansoek doen, met dien verstande dat hulle oor 'n redelike tydperk tot die grootmaak van die kind bygedra het of gepoog het om dit te doen.

Ouerlike regte bly 'n belangrike aspek veral as dit kom by die beskerming van kinders met betrekking tot arbitrêre aksie deur die staat of 'n derde party, en daar word veral hierop klem gelê in artikel 28(1)(b) wat aandui dat die kind die reg het tot ouerlike sorg (Boezaart, 2009:63). Die gemenerereg omskryf ouerlike outoriteit (gesag) met die insluiting dat die ouer optree as oppasser of voog of toegang het tot die kind. Dit is dan ook juis hierdie drie beginsels van die gemenerereg wat aanleiding gegee het tot die aanvaarding van die Wet op Voogdy (Wet 192 van 1993) welke wet gelyke en gesamentlike voogdyskap verleen aan beide ouers van kinders wat uit 'n huwelik gebore is (Boezaart, 2009:64).

Hier moet daar in ag gehou word dat in die geskiedenis van die Suid-Afrikaanse regstelsel, die getroude vader se regte dominerend was wanneer dit by ouerlike gesag jeens minderjarige kinders kom (Louw, 2009:32-34) en dat moeders se reg tot deelname aan die besluitnemingsproses rakende hul kinders eers in hierdie laat stadium erken is. So ook in die hofsaak van *V v V, 1998 (4) SA 169 (C)*, wat handel oor 'n egskeiding waar die vader graag voogdyskap wou verkry omdat die moeder 'n lesbiese verhouding

aangegaan het, het die hof gelyke of gesamentlike voogdyskap toegestaan deur hom op artikel 28 van die Grondwet te beroep (Boezaart, 2009:64).

Dienooreenkomstig word die regte en verantwoordelikheid van beide ouers kragtens die Children's Act (SA, 2005) gelyk verdeel en dit geld vir gevalle waar die ouers getroud is, geskei is of nooit getrou het nie, in welke geval die ongetroude vader ook oor regte en verantwoordelikheid beskik (Boezaart, 2009:64). Kortom, in die geval waar ouers nie saam woon nie, beskik beide ouers oor besluitnemingsregte wat die kind betref. Die ouer by wie die kind woon, het weliswaar die meeste seggenskap of besluitnemingsregte, maar die ouer wat nie saam met die kind woon nie, moet ook gekonsulteer word oor sekere besluite waardeur die kind direk geraak word (Boezaart, 2009:65). Kortom het die ouer by wie die kind nie woon nie, ook 'n sê in of die kind 'n funksie mag bywoon of as 'n strafmaatreël geregverdig van sekere voorregte weerhou kan word. In so 'n geval kan die ander ouer dus ook intree om besluite te neem wat die kind direk raak. Die verantwoordelikheid van ouers, selfs na 'n egskeiding, raak dus nie minder nie. Intendeel, die verantwoordelikheid van beide ouers word net meer gekompliseerd.

2.6.1.3 Verpligtinge van ouers

Volgens die Suid-Afrikaanse gemeneereg beskik die ouers oor regte en verpligtinge om die leerder se onderrig, geloofsoortuigings en algemene opgroei te reguleer (Reyneke, 2013:552). Die konsep *in loco parentis* wat 'in die plek van die ouer' beteken en wat deur die onderwyser gedurende skoolure vervul word, beteken nie dat die onderwyser as plaasvervanger vir die ouer optree nie. Die ouer kan dus nooit afstand doen van sy rol as primêre opvoeder nie want, volgens Oosthuizen (2009:125), word die gesin as 'n intieme (vertroulike) en primêre sosiale struktuur beskou.

Voorts bepaal die Skolewet (SA, 1996b) onomwonde dat skoolbywoning verpligtend is vir alle kinders tussen die ouderdom 7 tot 15 jaar of totdat die negende graad voltooi is. Hierteenoor het die ouer ook 'n verpligting en moet toesien dat die kind gereeld skool bywoon. Indien die ouer hierdie verpligting teenoor die kind versuim, kan die onderwyshoof sodanige ouer skuldig bevind aan 'n oortreding wat 'n boete of selfs tronkstraf tot gevolg kan hê. Onteenseglik staan die ouer dus onder 'n verpligting om toe te sien dat die kind gereeld skool bywoon.

Benewens hierdie verpligting van die ouer, staan die ouer ook onder die verpligting om toe te sien dat kinders die gedragskode van 'n skool gehoorsaam en streng by die bepalings van daardie kode hou. In hierdie verband haal Oosthuizen (2009:281) Weeto aan wanneer hy na die verskillende dimensies van ouers se verpligtinge teenoor hul

minderjarige kinders verwys:

- Die ouer moet aan die kind die nodige ondersteuning en liefde gee en die ouer kan dit alleenlik doen as hulle betrokke is by die kind se skoolaktiwiteite soos sport- en kulturele aangeleenthede.
- Ouers is verplig om na die kind se fisiese welstand om te sien.
- Die opgroei van 'n kind in 'n sekere kerkgenootskap en vanuit 'n sekere kulturele agtergrond wat gekenmerk word deur spesifieke praktyke, norme en waardes moet ook deur die ouer aangeleer word. Die ouer se verantwoordelikheid is dus om toe te sien dat die kind nie blootgestel word aan kontrasterende gelowe en ander kulturele praktyke wat teenstrydig is met hulle eie kulturele waardes nie.

Alhoewel daar in hierdie verslag in hoofsaak op ouers se verpligtinge jeens hul kinders se skoolloopbaan gefokus word, ly dit geen twyfel nie dat hul verantwoordelikhede veel wyer strek en dat daar primêr van 'n ouer verwag word om na die kind se behoeftes aan behuising, voeding, kleding en mediese sorg om te sien (Oosthuizen, 2009:74). Juis daarom bepaal artikel 42 van die Children's Act (SA, 2005) dat enigeen – hetsy 'n verpleër, maatskaplike werker en/of onderwyser – wat vermoed dat 'n ouer 'n minderjarige kind mishandel of die kind aan kindermolestering of gesinsgeweld blootstel, 'n saak teen sodanige ouer aanhangig kan maak (Oosthuizen, 2009:74) en kan sodanige ouer of voog, indien skuldig bevind, ingevolge artikel 50(1) van dieselfde wet aangekla word.

Van belang, egter, is dat die verpligtinge van 'n ouer en, derhalwe, sy ouerlike gesag teenoor sy kind ook die fisiese en psigologiese veiligheid van die kind omvat, sowel as die intellektuele, emosionele, sosiale en kulturele ontwikkeling van daardie kind.

In hierdie verband hou Oosthuizen (2006:4) voor dat ons, selfs as hedendaagse ouers, by die goeie raad behoort te hou wat van geslag tot geslag deur ons grootouers oorgedra is: Die ouer se verpligting teenoor die kind moet wees om die kind van kleins af te leer wat reg en verkeerd is, en kinders wat nog klein is, leer 'n les wanneer hulle, byvoorbeeld, 'n vingertjie brand deur aan 'n warm stoofplaat te vat ondanks die feit dat hulle by herhaling vermaan is om dit nie te doen nie. Die kind sal die spesifieke insident vir altyd onthou en dit nie weer doen nie. Die ouer se verantwoordelikheid teenoor sy kind is ook hier ter sprake om kinders van kleins af te leer dat reëls en vermanings gehoorsaam moet word. 'n Ander waarheid is egter dat soms wanneer 'n kind seerkry as gevolg van 'n verkeerde handeling, die kind leer om dit nie weer te doen nie.

Ongelukkig staan ouers soms onverskillig teenoor hul opvoedingstaak en verlaat hulle op ander om hul kinders te dissiplineer en hulle die regte waardes en norme aan te leer.

2.6.1.4 Ouerbetrokkenheid weens toerekeningsvatbaarheid en die regs aanspreeklikheid van kinders

In Hoofstuk 2 van die Handves van Menseregte (SA, 1996) asook in die Children's Act (SA, 2005) word daar melding gemaak van die feit dat ook kinders toegang tot die hof het en, in die geval van sake waarby kinders 'n belang het, word sodanige sake in die Kinderhof aangehoor.

Onder artikel 34 van die Children's Act (SA, 2005) beteken toegang tot die hof dat die kind ook die reg het om 'n geskil deur die toepassing van die reg te laat besleg, of in 'n billike openbare verhoor voor 'n hof te laat beslis of, waar dit gepas is, voor 'n ander onafhanklike en onpartydige tribunaal of forum. Volgens Oosthuizen (2004:53) mag die *infans* (onder tien jaar) of kind (ouer as tien jaar, maar jonger as 14) voorheen nie in 'n hof verskyn het nie omdat sulke kinders minderjarig was en nie oor verskyningsbevoegdheid beskik het nie. Die wet rondom verskyningsbevoegdheid het egter verander en kinders mag nou in hof verskyn.

Insgelyks, alvorens die kind 'n sanksie of straf opgelê word, moet die Kinderhof volgens Oosthuizen (2009:149) eers die volgende vier vrae rondom die kind se verskyningsbevoegdheid in 'n hof uitklaar: beskik die kind oor die bevoegdheid om te handel; beskik die kind oor die bevoegdheid om te litigeer (d.w.s. 'n saak teen iemand te maak); kan die kind aanspreeklik gehou word vir sy daade en, ten laaste, beskik die kind oor toerekeningsvatbaarheid.

Indien twyfel oor die ouderdom van die kind bestaan, kan sekere voorskrifte wat in die Child Justice Act (SA, 2008) vervat is, gevolg word om die ouderdom van sodanige kind te bepaal. Hiervolgens kan kinders tussen die ouderdom van 14-18 jaar volgens die hof aanspreeklik gehou word vir ernstige oortredings (Bylae 3-oortredings) en kan dus tussen reg en verkeerd onderskei. Derhalwe het kinders in hierdie ouderdomsgroep (14-18 jaar) die weerleggingslas om te toon dat hulle nie toerekeningsvatbaar is nie. Hier moet daar egter in gedagte gehou word dat ingevolge die omskrywing waarna by aanvang van hierdie hoofstuk verwys is, 'kind' oor die algemeen op 'n persoon jonger as 18 jaar dui en dat kinders in 'n skoolopset meestal onder hierdie ouderdom is (Müller, 2010: 26).

Gegewe die bepalings van beide die Children's Act (SA, 2005) en die Child Justice Act (SA, 2008) kan kinders wat by die skool van ernstige wangedrag aangekla word, hulle op die bystand van 'n ouer of voog beroep ter verdediging van so 'n saak. Volgens Oosthuizen (2004:53) is van belang hier dat ouers oor verskyningsbevoegdheid beskik

om namens die kind in die hof op te tree wat daarop neerkom dat die toerekeningsvatbaarheid van minderjarige kinders verskil van dié van volwassenes en dat die optrede van minderjarige leerders dus nie aan dieselfde standaard as dié van volwassenes gemeet kan word nie (Müller, 2010:26). Juis daarom is dit van sulke kritieke belang dat 'n ouer of voog tydens prosedures soos hierdie teenwoordig sal wees.

Die reg bepaal dat indien 'n kind minderjarig is, sodanigekind of kinders deur die wettige ouer, voog of 'n volwasse persoon wat deur die hof as voog aangewys is, verteenwoordig kan word (artikel 18(3)(b)) (SA, 2005). Indien die ouer van die leerder daarvan bewus is dat daar op een of ander wyse op sy kind se reg inbreuk gemaak is, kan sodanige ouer die hof nader. Die ouer se verskyningsbevoegdheid om namens die kind in die hof te verskyn, tree só in werking (artikel 15(b)) (SA, 2005).

In sulke gevalle beskik die ouer oor die bevoegdheid om sodanige saak, hetsy met die onderwyser of die skool, te besleg en is ook daarvoor verantwoordelik om die minderjarige kind by te staan wanneer dit by die bepaling van toerekeningsvatbaarheid kom. Toerekeningsvatbaarheid verwys na die vermoë van 'n persoon om te kan onderskei tussen reg en verkeerd (sien item 2.2.12 hierbo) en daar moet in gevalle soos hierdie dus bepaal word of die kind se kognitiewe denke tot so 'n mate ontwikkel het dat hy reg kan oordeel. Hierby moet daar in gedagte gehou word dat artikel 8(4) van die Grondwet (SA, 1996c) bepaal dat 'n regsobjek (ook leerders in skoolverband) onderworpe is aan verbandhoudende verpligtinge wat ingevolge die bepalings van die Handves van Menseregte opgedra word (Müller, 2010:20). Wanneer leerders hulle dus skuldig maak aan ernstige leerderwangedrag behoort alle voorafgaande bepalings in ag geneem te word.

Kortom, volgens Oosthuizen (2009:148), word 'n natuurlike persoon gesien as 'n draer van regte en verpligtinge soos vervat in die Grondwet en is die minderjarige kind geen uitsondering nie: Die regte en verpligtinge wat aan 'n minderjarige kind opgedra is, gaan ook met verbandhoudende verpligtinge en verantwoordelikhede gepaard.

'n Persoon beskik oor kriminele kapasiteit as hy of sy, volgens die reg, oor die verstandelike vermoëns beskik om verantwoordelik of aanspreeklik gehou te word vir sy onregmatige optrede (Snyman, 2008:160). Dit kom dus daarop neer dat sodanige persoon oor die vermoë beskik om tussen reg en verkeerd te onderskei.

Ooreenkomstig die Child Justice Act (SA, 2008) word kinders met kriminele rekords egter verskillend hanteer na gelang van hul ouderdomme. So, byvoorbeeld, sal 'n kind van ongeveer 10 nie dieselfde straf ontvang as 'n kind wat net ouer as 10 maar jonger as 14 jaar is nie. Insgelyks is die hantering van minderjariges wat voor die ouderdom van 18

hulle aan growwe wangedrag skuldig maak maar tot ouderdom 21 gehoorafwagtend bly, 'n grysarea wat ongetwyfeld aangespreek moet word.

2.6.1.5 Negatiewe ouerbetrokkenheid vererger probleme met dissipline by skole

Soms wil ouers hul kinders ondersteun, maar omdat hulle selde indien ooit werklik by die leerder se opvoeding betrokke raak, gee sulke lukrake betrokkenheid bloot daartoe aanleiding dat die probleem met dissipline by die skool vererger word. Hieronder volg 'n voorbeeld van só 'n verskynsel:

In die Noord-Kaap by Hoërskool Kalahari het 'n geveg tussen twee leerders uitgebreek deurdat 'n wit matrikulant 'n swart leerder aangerand het omdat laasgenoemde 'n plek betree het wat net vir matrikulante gereserveer is (Louw, 2010:1). Dié voorval het verskeie reperkussies tot gevolg gehad, tot so 'n mate dat 'n groep swart leerders die wit seun by die skool se hekke ingewag het met die voorneme om hom aan te rand. Nodeloos om te sê, hierdie relletjie het die vraag laat ontstaan of hierdie dalk 'n 'rasgedrewe' voorval was (Louw, 2010:1), wat noodwendig 'n hewige reaksie by die betrokke ouers ontlok het.

In hierdie geval was die ouers aan albei kante maar te geneig om hul kinders se wangedrag goed te praat, tot hul daarop gewys is dat aanranding ooreenkomstig die Children's Act (SA, 2005) 'n ernstige oortreding is en dat enigeen wat hom hieraan skuldig maak, dienooreenkomstig vervolg sal word. Dus, in stede daarvan om die skool in die aanspreek van wangedrag te ondersteun, soos Taylor en Ryan (2005:162) voorhou, was die ouers in hierdie geval se reaksie om hul kinders se negatiewe optrede aan te hits.

Die teenkant is ongelukkig ook waar: Soms steek leerders wangedrag aan die kant van hul ouers weg – hetsy aanranding, molestering of blote afknouery. Onderwysers staan onder 'n verpligting om kinders teen mishandeling asook teen enige ander fisiese, emosionele of morele leed of gevaar te beskerm en word volgens Joubert en Prinsloo (2008:163) verplig om gevalle waar mishandeling voorkom word, by die plaaslike maatskaplike werker, die Kindbeskermingseenheid of die polisie te rapporteer.

2.7 Regte van leerders

2.7.1 Erkenning van kinderregte

Volgens Osler (1994:141) het die wêreld hom nie veel aan kinderregte gesteur tot so laat as vroeg in die twintigste eeu nie. Om tred te hou met die tóé byderwetse tendens om kinderregte te beskerm, het Suid-Afrika in 1913 die Kinderbeskermingswet (Wet 25 van

1913) gepromulgeer sodat kinders met 'n rekord van kriminele oortredings in goeie ouerlike sorg geplaas kan word en om te sorg dat kinders teen mishandeling, verwaarloosing, aanranding en vernedering beskerm word. Die Kinderbeskermingswet soos hierbo na verwys, het artikel 254 van die Strafproseswet (Wet 51 van 1977) verskeie veranderinge teweeggebring wat dit moontlik gemaak het om 'n brug of oorgang tussen die kindgeregtigheidstelsel en die kindbeskermingstelsel te bewerkstellig. Die uitgangspunt van hierdie wet was dat kinders liever van strafregpleging gevrywaar moet word en eerder na welsyngeoriënteerde howe verwys moet word. Sedertdien word daar volgens Oosthuizen (2004:51) aanvaar dat kinders, kragtens die Grondwet, oor dieselfde regte as volwassenes beskik. Hierdie aanname in Suid-Afrika se Grondwet is grotendeels te danke aan die Verenigde Nasies se Universele Verklaring van Menseregte (VN, 1948) waarin ook die kind se reg tot onderwys beklemtoon word (Osler, 1994:141; Van Bueren, 1992:214).

2.7.2 Die privaatregtelike status van kinders

Die ouderdom van die kind speel 'n belangrike rol by die beoordeling van 'n kind se privaatregtelike status in die sin dat 'n ouer leerder se daade nie dieselfde beoordeel gaan word as dié van 'n jonger leerder nie. Ingevolge die gemenereg word die toerekeningsvatbaarheid van 'n leerder bepaal deur sy ouderdom. Kortom, volgens Oosthuizen (2004:52), indien 'n daad of handeling deur 'n minderjarige leerder gepleeg is, kan die *infans* nie in die hof verskyn nie en moet hy deur sy ouers verteenwoordig word. Volgens Pretorius (2008:50) is dit tot die kind se eie voordeel om beperkte aanspreeklikheid te hê. Kinders, veral minderjariges, is nie bevoeg om ten volle aanspreeklik gehou te word nie, en dus word hulle teen hul eie optrede beskerm. In gevalle waar die kind se ouderdom ter sprake is, sal daar van die hof verwag word om in die beste belang van sodanige kind of leerder op te tree.

2.7.3 Grondwetlike regte van die kind

Volgens die Suid-Afrikaanse Grondwet (SA, 1996c) behels 'n kind se grondwetlike regte dat hy ingelig behoort te word oor die regte wat hy as volwaardige burger van 'n land het (Niewenhuis, 2007:34) en dat sy menswaardigheid deur die onderwyser of 'n volwasse persoon (die ouer) erken behoort te word (Pretorius, 2008:51). Ander grondwetlike regte met betrekking tot kinders is dat kinders gelyk voor die reg behandel moet word, dat kinders se menseregte en vryheid erken behoort te word en dat kinders geen vorm van rassisme of seksisme in openbare skole moet beleef nie (Oosthuizen, 2009:26). Artikel 39(1)(a) van die Grondwet (SA, 1996c), wat deel uitmaak van die Handves van Regte, bepaal dat elke hof, tribunaal of forum die grondwetlike regte van elke burger (insluitend

kinders) van Suid-Afrika moet respekteer en bevorder (Oosthuizen, 2009:26).

Die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika (SA, 1996c) is die hoogste gesag in wetgewing, en ingevolge artikel 2 van hierdie wet mag geen wetgewing teenstrydig daarmee wees nie, veral nie die gemeneregbeginsels nie (Oosthuizen, 2009:10), welke beginsels enige persoon se regte moet erken, ook dié van 'n leerder. Artikel 39(2) van die Grondwet stel dit onomwonde:

By die uitleg van enige wetgewing, en by die ontwikkeling van die gemene reg of gewoontereg, moet elke hof, tribunaal of forum die gees, strekking en oogmerke van die Handves van Regte bevorder.

Die gemeenregtelike beginsels soos veral “die reëls van natuurlike geregtigheid”, “*audi alteram partem*” en “onpartydigheid” moet ook geld of bevorder word in sake wat kinders raak. Die leerder is daarop geregtig dat daar na sy kant van die saak (*audi alteram partem*) geluister word indien hy by 'n ernstige geskil by die skool betrokke raak. Dit gebeur dikwels dat ouers selfs nie bewus is van die feit dat hulle kan appelleer indien hul kind benadeel is deurdat hy nie die geleentheid gehad het om sy saak te stel nie (SA, 1996b). Artikel 9(4) van die Skolewet (SA, 1996b) verleen aan leerders hierdie reg tot appèl en moet dus by die skool se gedragskode en by die dissiplinêre prosedures van die skoolbeheerliggaam ingesluit word (Joubert & Prinsloo, 2008:135).

Dit geld ook vir die gemeneregbeginsel van “*nemo iudex in propria causa*” wat beteken dat geen persoon die regter in sy eie saak kan wees nie. Hierdie reël is onder artikel 6(2)(a)(iii) van die Wet op die Bevordering van Administratiewe Geregtigheid (SA, 2000) geïnkorporeer wat aandui dat 'n administrasie aksie deur iemand in 'n besluitnemingsposisie wat bevooroordeel was, of waar daar vermoed word dat daardie persoon bevooroordeel was, hersien moet word. Enige persoon of liggaam wat sy of haar eie diskresie gebruik (‘n onderwyser, die skoolhoof, die skoolbeheerliggaam of die Departement van Onderwys) moet dus onpartydig, objektief en sonder vooroordeel 'n saak van 'n leerder hanteer (Oosthuizen, 2009:119).

In 'n hofsak moet die regsprosedure dus ook geld vir die leerder onderverdenking sowel as vir sy ouers deur wie hy verteenwoordig word. Elke individu se saak behoort dus met die nodige billikheid, prosedurele billikheid en regverdigheid hanteer te word waarvan die gemeneregbeginsels ook in elke administratiewe aksie bevorder moet word.

2.7.4 Kinders se grondwetlike regte en die implikasies daarvan vir ouers en leerkragte

In die Grondwet van Suid-Afrika (SA, 1996c), wat as die oppergesag beskou word, word

die bepalings van menseregte soos in veral Hoofstuk 2 vervat, beskryf en wat veral ook vir die onderwys en die rolspelers (die kind, die ouer en die breë skoolgemeenskap) in die onderwys van groot belang is (Oosthuizen, 2004:17).

Navorsing het getoon dat die meeste opvoeders asook ouers 'n vae, algemene begrip van mense se fundamentele regte en verpligtinge het wat betref hul eie regte en die regte van die kinders met wie hulle daaglik te doen het (Joubert & Prinsloo, 2008:106). 'n Effektiewe skool beoefen goeie dissiplinêre maatreëls en fokus op die implementering of handhawing van 'n leer- en onderrigkultuur (Joubert & Prinsloo, 2008:106). Hier is dit van belang dat die skool kennis sal dra van die regte van 'n kind sodat daar nie onbillik opgetree word nie en die skool homself teen misdrywe kan beskerm, byvoorbeeld toediening van lyfstraf wat moontlik tot die skorsing van 'n opvoeder kan lei (Oosthuizen, 2004:50). Hieronder word sekere regte wat betrekking het op kinders bespreek en waarvan skole bewus moet wees sodat hulle die regte tipe prosedures na gelang van die oortreding kan volg.

2.7.4.1 Handves van Menseregte

In Hoofstuk 2 van die Grondwet (SA, 1996c) waarin die Handves van Menseregte verwoord word, word belangrike regte van kinders onder artikel 28(1)(b) en (d) en 28(2) bespreek:

Kinders

28. (1) Elke kind het die reg –

(b) op gesinsorg of ouerlike sorg, of op gepaste alternatiewe sorg wanneer die kind uit die gesinsomgewing weggeneem word;

(d) om teen mishandeling, verwaarlosing, misbruik of vernedering beskerm te word;

28. (2) 'n Kind se beste belang is van deurslaggewende belang in elke aangeleentheid wat die kind raak.

Volgens Rossouw en Oosthuizen (2005:17-21) dui artikel 28(2) daarop dat dit eerder vermy moet word om 'n saak teen 'n leerder in die hof te laat besleg. Voorts moet artikel 12 ook in gedagte gehou word indien die kind se belange in gedrang sou kom.

Die beginsel van 'beste belang van die kind' in enige saak wat die kind direk raak, het soms reperkussies as daar oor 'n gepaste regsremedie vir sodanige leerder besluit moet word. In die hofsak *Western Cape Residents' Association obo Williams and Another v Parow High School 2006 (3) SA 542 (C)* is 'n leerder die reg weerhou om 'n graad 12-

funksie by te woon omdat die leerder 'n dissiplinêre rekord gehad het en ook nie respek vir outoriteit of persone as gesagdraers getoon het nie. 'n Welsynsorganisasie het die leerder in die hof verteenwoordig. Dié organisasie was van mening dat hul kliënt se reg op gelykheid, menswaardigheid en vryheid van spraak bedreig is deur haar nie na die funksie te nooi nie. Die beslissing van die hof was egter dat die leerder se reg op gelykheid, menswaardigheid en vryheid van spraak nie bedreig is nie omdat ander leerders dit verdien het om die funksie by te woon, maar nie sy nie. Die hof was ook van mening dat indien so 'n voorreg as 'n beloning vir goeie gedrag toegestaan word, dit gebruik kan word om leerders dissipline en respek vir outoriteit aan te leer. Verder het die hof ook genoem dat dit nie regverdig teenoor die ander leerders sou wees wat wel so 'n voorreg verdien het om toe te laat dat een leerder wat haarself nie aan gesag wou onderwerp nie toe te laat om die funksie by te woon.

Wanneer kinders se konstitusionele regte in enige saak bedreig word, moet daar 'n balans wees tussen kinders se behoefte aan outonomie en kinders se behoefte aan beskerming (Currie & De Waal, 2013:601). Die konstitusionele hof het erkenning verleen aan die outonomie van kinders van die regte ouderdom en wat volwassenheid bereik het deur hulle aan te moedig om deel te hê aan regsake wat hulle direk raak (Boezaart, 2009:276).

2.7.4.2 Beste belang van die kind

Die Grondwet (SA, 1996c) lees egter "'n Kind se beste belang is van deurslaggewende belang in elke aangeleentheid wat die kind raak" (SA, 1996c). Dit impliseer dat artikel 28(2) op individuele kinders toepasbaar is, terwyl in internasionale reg verwys die 'beste belang van die kind'-beginsel na individuele kinders sowel as 'n groep kinders en kinders in die algemeen (Reyneke, 2013:220). Reyneke (2013:220) hou voor dat dit die vraag laat ontstaan of artikel 28(2) van die Grondwet uitsluitlik bedoel kinders individueel of kinders in 'n groep of in die algemeen wie se beste belange ondersoek moet word.

Couzens (2010:274) is egter van mening dat die beginsel in die Grondwet dieselfde bepalings neerlê. Sy is verder van mening dat alhoewel artikel 28(2) nie verwys na kinders in 'n groep of kinders in die algemeen nie, moet dit saam met artikel 8(1) gelees word wat verwys na kinders in 'n groep en kinders in die algemeen. Dit is ook omdat die besluitnemers waarna in 8(1) verwys word, besluite neem vir kinders in 'n groep en in die algemeen. Eweneens word daar in die onderwys besluite geneem vir 'n groep en in die algemeen (Reyneke, 2013:221).

In die mees onlangse Children's Act (SA, 2005) fokus die 'beste belang van die kind'-beginsel primêr net op die individu (Reyneke, 2013:221). Om enige twyfel uit te skakel,

het die Konstitusionele Hof in die hofsaak *S v M* verklaar: “Individually and collectively all children have the right to express themselves as independent social beings.”

Die volgende hofsaak het ook te make met die ‘beste belang van die kind’-beginsel, naamlik die saak van *Harris v Minister of Education (2000)* waar ’n leerder vir drie jaar by ’n preprimêre skool in Johannesburg (1998) was en aansoek gedoen het om as graad 1-leerder by die skool King David Linksfield Primary ingeskryf te word. Die skoolbeheerliggaam het haar aansoek vir toelating geweier omdat hulle volgens departementele voorskrifte gehandel het en omdat die leerder te jonk was om toelating te kry (Oosthuizen, 2009:49). Die applikant (mev. Harris) het beweer dat haar dogter skoolgereed is, volgens ’n verslag vanaf die skoolsielkundige, en dat die besluit van die skoolbeheerliggaam ongrondwetlik is. Die moeder se verweer was dat die skoolbeheerliggaam nie die ‘beste belang van die kind’-beginsel in ag geneem het nie. In die Transvaalse Hoërhof het regter Coetzee in beginsel die applikant se versoek toegestaan en die volgende genoem:

- Die Departement van Onderwys se beleid diskrimineer op grond van die leerder se ouderdom, en
- Kragtens artikel 28(2) van die Grondwet moet die ‘beste belang van die kind’-beginsel toegepas word.

Soos uit bogenoemde hofsake blyk, is dit dus belangrik om in enige hofsaak die ‘beste belang van die kind’-beginsel in ag te neem indien enige sanksie teen ’n kind oorweeg sou word.

Die kind word ook gesien as draer van regte volgens die Grondwet, en daardie regte moet in enige saak erkenning geniet (Oosthuizen, 2009:148). Die regte wat kinders kragtens die Grondwet geniet, sal vervolgens in meer detail bespreek word:

2.7.4.3 Menswaardigheid

Artikel 10 van die Grondwet omskryf menswaardigheid soos volg:

“Elkeen het ingebore waardigheid en die reg dat daardie waardigheid gerespekteer en beskerm word.”

Die onderwyser wat die skool verteenwoordig moet elke leerder in sy klas met waardigheid behandel. Voorts moet die onderwyser nie die waardigheid van die kind aantast deur die leerder te verneder of te verkleineer deur moontlik die ouer by te kom nie, maar eerder ’n goeie verstandhouding met die ouer kweek (Joubert & Prinsloo, 2001:121).

Die skool het dus die verantwoordelikheid om meganismes daar te stel wat die uitbouing van respek teenoor medeleerders, onderwysers en ouers asook die erkenning daarvan bewerkstellig. Dit kom daarop neer dat 'n samewerkingsooreenkoms tussen ouerhuis en skool aangegaan moet word (Oosthuizen, 2004:55).

Oosthuizen (2004:55) is egter van mening dat onderwysers dalk uit onkunde hulself skuldig maak deur hierdie reg van die kind tot menswaardigheid te misbruik, en dat ouers ook hieraan skuldig is deur hul verantwoordelikheid in die hande van die skool te plaas. Volgens Küng en De Waal (in Oosthuizen & Rossouw, 2007:110) is leerders soms ook skuldig aan onmenswaardige optredes aangesien afknouery en viktimisering deur leerders teenoor medeleerders en onderwysers aan die orde van die dag is.

Sarkastiese aanmerkings deur onderwysers of selfs die gebruik om 'n leerder voor die klas te laat staan of vir 'n redelike lang tydperk te ignoreer sodat die leerder ongemaklik begin voel, kan ook as 'n skending van menswaardigheid beskou word. Die toediening van lyfstraf word ook as ongrondwetlik beskou omdat dit inbreuk maak op die leerder se menswaardigheid. Hierdie verbod op lyfstraf sluit ook aan by artikel 12(1)(e) van die Grondwet wat duidelik stipuleer dat elkeen die reg het om nie op 'n wrede, onmenslike manier gestraf of behandel te word nie (Oosthuizen, 2004:20).

2.7.4.4 Gelykheid

Voor die verkiesing van 1994 het nie alle Suid-Afrikaners gelyke regte en voorregte geniet nie en is daar teenoor anderskleuriges op grond van hul velkleur, ras, kultuur, godsdiens en/of politieke oortuigings gediskrimineer. Na die demokratiese verkiesing kon elke Suid-Afrikaanse burger gelykheid in die ware sin van die woord ervaar deurdat hierdie veranderinge teweeggebring het dat alle bevolkingsgroepe se etniese herkoms en diversiteit erken word. Artikel 9(1) en (3) van die Grondwet (SA, 1996c) stipuleer duidelik dat elke persoon se reg op gelykheid erken behoort te word en lees as volg:

9. (1) Elkeen is gelyk voor die reg en het die reg op gelyke beskerming en voordeel van die reg.

9. (3) Die staat mag nie regstreeks of onregstreeks onbillik teen iemand diskrimineer op een of meer gronde nie, met inbegrip van ras, geslagtelikheid, geslag, swangerskap, huwelikstaat, etniese of sosiale herkoms, kleur, seksuele georiënteerdheid, ouderdom, gestremdheid, godsdiens, gewete, oortuiging, kultuur, taal en geboorte.

Alle leerders behoort regverdig en billik behandel te word veral as dit kom by die

toelatingsbeleid van 'n skool. Hier behoort die skoolbeheerliggaam sterk na vore te tree om nie onnodig teenoor 'n leerder te diskrimineer as sy ouers miskien onwettige immigrante is of as 'n leerder se MIV-positiewe status aan die skool bekend is nie (Oosthuizen, 2004:55). In artikel 5(1) van die Skolewet (SA, 1996b) word daar duidelik gespesifiseer dat openbare skole leerders moet akkommodeer of inneem ongeag kultuur of herkoms. Die ouer as verteenwoordiger op die skoolbeheerliggaam se verantwoordelikheid in dié verband is om te verseker dat alle leerders gelyke geleenthede in 'n skool geniet en dat daar nie teen enige leerders op grond van hul ras, velkleur, taal en/of herkoms gediskrimineer word nie.

In die hofsaak van *Matukane and Others v Laerskool Potgietersrus* in 1996, waar dié primêre skool se toelatingsbeleid uitsluitlik voorsiening gemaak het vir die toelating van wit leerders, was regter Spoelstra se uitspraak dat hierdie toelatingsbeleid ongrondwetlik is omdat dit onregverdig diskrimineer op grond van ras. Hy het verder beweer dat 'gelykheid' nie impliseer dat leerders dieselfde moet wees of oor dieselfde talente en vermoëns moet beskik nie. Dit beteken ook nie dat persone identies hanteer moet word nie (Oosthuizen, 2009:30).

2.7.4.5 Vryheid en sekuriteit van 'n persoon

Ingevolge artikel 12(1)(a), (b), (d) en (e) van die Grondwet (SA, 1996c) moet enige persoon se vryheid en sekuriteit erken word indien die persoon in 'n geskil betrokke sou raak:

12. (1) Elkeen het die reg op vryheid en sekerheid van die persoon, waarby inbegrepe is die reg om –
 - (a) nie arbitrêr of sonder gegronde rede vryheid ontnem te word nie;
 - (b) nie sonder verhoor aangehou te word nie;
 - (d) op geen wyse gemartel te word nie; en
 - (e) nie op 'n wrede, onmenslike of vernederende wyse behandel of gestraf te word nie.

Dié reg bepaal dat niemand gemartel, mishandel of onmenslik behandel behoort te word nie, en daar word ook indirek op hierdie bepaling in verskeie ander artikels van die Grondwet uitgebrei waaronder artikel 14 (wat handel oor privaatheid) en artikel 10 (menswaardigheid) (Joubert & Prinsloo, 2008:50). Soos reeds voorheen vermeld, vind hierdie reg aansluiting by die verbod op lyfstraf juis omdat dit beskou word as 'n onmenslike handeling om 'n kind op hierdie wyse te straf (Joubert & Prinsloo, 2008:50).

Die ouer in samewerking met die skool (oftewel die onderwyser) moet toesien dat alle leerders veilig op die skoolterrein is en dat die skool voldoende meganismes in plek het om die sekuriteit van elke leerder te waarborg. Die ouer moet verder onderneem om die skool in hierdie verband te ondersteun.

2.7.4.6 Die kind se reg op onderwys

Aangesien die kind deur die hof erken word as iemand wat regte het, selfs al sou die ouer vir die kind instaan of hom in 'n hof ondersteun, beteken dit dat die hof ag moet slaan op die kind se reg op onderwys – 'n reg wat ingevolge artikel 29(1) van die Grondwet (SA, 1996c) ook deur die skool, die onderwyser en die ouer erken moet word.

Die kind se reg op onderwys mag nie deur 'n instansie soos 'n skool geweier word nie, en die ouer mag ook nie die kind weerhou om skool by te woon nie. Indien die ouer sy plig versuim om toe te sien dat die kind gereeld skool bywoon, mag die hof die ouer 'n boete opleë (SA, 1996c). Insgelyks plaas hierdie bepaling die staat onder 'n finansiële verpligting om in gemeenskappe se behoeftes te voorsien deur, onder andere, opvoedkundige instansies soos skole daar te stel (Oosthuizen, 2009:43).

Vir die doel van hierdie studie is veral die bepaling vervat in artikel 29(1) en (2) van belang:

29. (1) Elkeen het die reg –

(a) op basiese onderwys, met inbegrip van basiese onderwys vir volwassenes; en
(b) op verdere onderwys, wat die staat, deur middel van redelike maatreëls, in toenemende mate beskikbaar en toeganklik moet maak.

(2) Elkeen het die reg om in openbare onderwysinstellings onderwys te ontvang in die amptelike taal of tale van eie keuse waar daardie onderwys redelikerwys doenlik is. Ten einde doeltreffende toegang tot en verwesenliking van hierdie reg te verseker, moet die staat alle redelike alternatiewe in die onderwys, met inbegrip van enkelmediuminstellings, oorweeg, met inagneming van – (i) billikheid; (ii) doenlikheid; en (iii) die behoefte om die gevolge van wette en praktyke van die verlede wat op grond van ras gediskrimineer het, reg te stel.

Volgens Malherbe (2000a:54) was dit 'n moeilike onderhandelingsstryd om die uiteindelijke formulering van die reg op onderwys tot tevredenheid van alle partye by die nuwe Grondwet in te sluit, juis dalk omdat volgens Oosthuizen (2004:61) dit veral in die

onderwys was waar die meeste en mees sigbare diskriminasie op sekere gebiede van die gemeenskapslewe in die verlede plaasgevind het.

2.7.4.7 Vryheid van uitdrukking van leerders

Malherbe (2006:12-13) is van mening dat hierdie reg van vryheid van uitdrukking alle vorme van kommunikasie beskerm, insluitend die vryheid van toegang tot media, die vryheid van kreatiwiteit en akademiese vryheid, met inbegrip van wetenskaplike navorsing. Insgelyks sluit dit in dat enige persoon die reg het om uitdrukking te gee aan enige mening maar tegelyk daarvan weerhou word om 'n mening op iemand af te dwing en sodoende 'n ander persoon sy vryheid van uitdrukking te ontnem.

Artikel 16 van die Grondwet (SA, 1996c) spel hierdie reg van vryheid tot uitdrukking as volg uit:

16. (1) Elkeen het die reg op vryheid van uitdrukking, waarby inbegrepe is –
 - (a) die vryheid van die pers en ander media;
 - (b) die vryheid om inligting of idees te ontvang of oor te dra;
 - (c) die vryheid van artistieke kreatiwiteit; en
 - (d) akademiese vryheid en vryheid van wetenskaplike navorsing.
- (2) Die reg in subartikel (1) omvat nie –
 - (a) propaganda vir oorlog nie;
 - (b) die aanstigting van dreigende geweld nie; of
 - (c) die verkondiging van haat wat op ras, etnisiteit, geslagtelikheid of godsdiens gebaseer is en wat aanhitsing om leed te veroorsaak, uitmaak nie.

Oosthuizen (2004:62) wys daarop dat die skoolhoof oor sekere diskresionêre magte beskik wat hom in staat stel om, indien leerders die grondwetlike waardes van die onderwyser of die regte van ander leerders skend of misbruik, hul regte op vryheid van uitdrukking in te perk mits hy dit kan motiveer. Insgelyks, sou 'n ouer die bestuurstyl van die skoolhoof of die standaard van onderrig by 'n skool kritiseer deur dit in 'n koerant te publiseer en waar só 'n berig die skool se beeld skade kan berokken, mag daardie ouer vervolgt word (Oosthuizen, 2004:63).

Dus, alhoewel die onderwyser, die leerder en die ouer die vryheid het om hul menings te lug, moet hulle dit met die nodige omsigtigheid doen sodat onderrig nie ontwig word nie (Malherbe, 2004:17). Hier behoort ouers ook eerder hul reg tot vryheid van uitdrukking in te span om die skool te help om dissipline te verbeter eerder as om deur negatiewe

beriggewing skade aan die beeld van die skool te berokken.

2.7.4.8 Privaatheid van leerders

In die Grondwet (SA, 1996c) word die reg tot privaatheid as volg verwoord:

14. Elkeen het die reg op privaatheid, waarby inbegrepe is die reg dat –
- (a) hul persoon of woning nie deursoek word nie;
 - (b) hul eiendom nie deursoek word nie;
 - (c) daar nie op hul besittings beslag gelê word nie; of
 - (d) daar nie op die privaatheid van hul kommunikasies inbreuk gemaak word nie.

Skole moet uiters versigtig en omsigtig met die privaatheid van alle leerders handel, ongeag hul godsdienstige- of kulturele herkoms, veral aangesien daar deesdae ook van skole verwag om te verhoed dat leerders se private inligting lukraak versprei word (Joubert & Prinsloo, 2008:51).

Voorts, alhoewel skole die reg het om leerders se persoonlike besittings te deursoek, moet dit nooit sonder grondige rede geskied nie en moet daar deurentyd by die voorgeskrewe prosedures gehou word. Desondanks bevat artikel 36 van die Grondwet (SA, 1996c) 'n beperkingsklousule waarin gestipuleer word dat geen reg absoluut is nie en gewysig mag word indien daar 'n redelike vermoede of suspisie bestaan dat 'n leerder, byvoorbeeld, 'n gevaarlike wapen of verbode middels in sy besit het (Joubert & Prinsloo, 2008:51). Hierby is Oosthuizen (2004:21) van mening dat die reg om, byvoorbeeld, 'n leerder se rugsak te deursoek, opgeweeg moet word teen daardie leerder se reg tot privaatheid en die fundamentele regte van ander leerders by dieselfde skool.

Die ouer se verantwoordelikheid in dié verband kan nie genoeg beklemtoon word nie. Ouers is medeverantwoordelik vir die veiligheid en sekuriteit van leerders by die skool en moet daarom in samewerking met die skool alle leerders beskerm deur subtiel te werk gaan wanneer dit by die privaatheid van leerders kom. Die ouers is egter gou om beswaar te maak wanneer dit by die regte van hul kind kom, maar vergeet maklik dat daardie regte gepaardgaan met verantwoordelikhede, soos gestipuleer in die Riglyne vir 'n Gedragskode (DBO, 1998).

2.7.4.9 Reg tot regverdig administratiewe optrede

Die kind het ook die reg tot regverdig administratiewe optrede, soos vervat in artikel 33 van die Grondwet (SA, 1996c) –

“Elkeen het die reg op administratiewe optrede wat regmatig, redelik en prosedureel billik is” – wat impliseer dat 'n kind of kinders regverdig behandel behoort te word in enige

saak waaraan die kind skuldig bevind word.

In die Wet op die Bevordering van Administratiewe Geregtigheid (SA, 2000) word 'n administratiewe handeling as volg omskryf:

enige besluit geneem, of die versuim om 'n besluit te neem, deur -

(a) 'n staatsorgaan, indien-

(i) sodanige staatsorgaan 'n mag uitoefen kragtens die Grondwet of 'n provinsiale grondwet; of

(ii) sodanige staatsorgaan 'n publieke mag uitoefen of 'n publieke funksie vervul kragtens enige wetgewing; of

(b) 'n natuurlike persoon of 'n regspersoon, behalwe 'n staatsorgaan, indien sodanige persoon kragtens 'n magtigende bepaling 'n publieke mag uitoefen of 'n publieke funksie vervul, wat 'n nadelige uitwerking het op die regte van enige persoon en wat 'n direkte eksterne regswerking het

Gegewe die omskrywing hierbo kan die skool, volgens Oosthuizen (2009:65), ook beskou word as 'n staatsorgaan met publieke outoriteit (gesag) wat 'n publieke funksie verrig soos opgedra in die Skolewet (SA, 1996b).

Soos voorheen uitgewys, kan daar kragtens artikel 6(2)(a)(iii) van die Wet op die Bevordering van Administratiewe Geregtigheid (SA, 2000) besluit word om enige administratiewe handeling in herooring te neem indien vooroordeel vermoed word. In die geval van 'n skool sou dit impliseer dat die proses van administratiewe optrede wat deur die skoolbeheerliggaam tydens 'n dissiplinêre verhoor gevolg is, nie regverdig, redelik en/of prosedureel billik hanteer is nie. Volgens Oosthuizen (2009:63) word die reëls van natuurlike regverdigheid juis deur howe gebruik om bevooroordeeldheid as 'n beginsel in gemenerereg in ag neem.

Handelinge rakende administratiewe geregtigheid het veral te make met prosedurele billikheid teenoor die onderwyser en die leerder. Alle dissiplinêre ondersoeke en optredes moet streng volgens hierdie voorgeskrewe prosedure geskied – 'n prosedure wat juis daar is om te verseker dat geregtigheid geskied en dat die beskuldigde 'n regverdige geleentheid gebied is om sy saak te stel (*audi alteram partem*-beginsel) onderwyl dit tegelyk verhoed dat 'n saak vanuit 'n subjektiewe posisie hanteer word (Oosthuizen, 2005:66).

Die ouer se betrokkenheid by die skoolbeheerliggaam is hier van wesenlike belang om juis sulke sake te verdedig ten einde te verseker dat leerders regverdig behandel word.

Voorts behoort elke openbare en privaatskool die Riglyne vir 'n Gedragskode (DBO, 1998) byderhand te hou en hulle op die Skolewet (SA, 1996b) te verlaat om te verseker dat die administratiewe proses gedissiplineerd en na behore verloop.

Waar enige administratiewe optrede 'n impak op 'n persoon se regte mag hê, wys Joubert en Prinsloo (2008:70) daarop dat die administrateur, ingevolge artikel 3(2)(b) van die Wet op die Bevordering van Administratiewe Geregtigheid (SA, 2000), by die volgende bepalings moet hou:

- (b) Ten einde uitvoering te gee aan die reg op prosedureel billike administratiewe handeling moet 'n administrateur, onderhewig aan die bepalings van subartikel (4), die persoon bedoel in subartikel (1) –
 - (i) voldoende kennisgewing gee van die aard en doel van die voorgestelde administratiewe handeling
 - (ii) 'n redelike geleentheid bied om verhoër te word;
 - (iii) 'n duidelike uiteensetting gee van die administratiewe handeling
 - (iv) voldoende kennis gee van enige reg op hersiening of interne appèl, waar dit van toepassing is, en
 - (v) voldoende kennis gee van die reg om redes kragtens artikel 5 te versoek.

In die hofsaak *Schoonbee and Others v MEC for Education, Mpumalanga and Another* 2002 (4) SA 877 (T) het regter Moseneke bevind dat die versuim van die skoolbeheerliggaam, soos deur die hoof van die provinsiale onderwysdepartement ooreenkomstig artikel 3(2)(b) as verweer aangehaal was, nie prosedureel billik was nie. In hierdie geval was die regter se mening dat elke persoon daarop geregtig is om hom/haar voor te berei en derhalwe in kennis gestel behoort te word van enige administratiewe aksie teen sodanige persoon (Joubert & Prinsloo, 2008:71).

2.7.4.10 Reg tot 'n skoon omgewing

In die Handves van Menseregte onder artikel 24(a) word die 'omgewing' waarin die leerder hom bevind (en in hierdie geval die skoolterrein) ook as belangrik geag in die sin dat die skool daardie verpligting het om te verseker dat elke leerder se veiligheid en sekuriteit in hierdie opsig gewaarborg moet word. Artikel 24(a) (SA, 1996c) verwoord dit soos volg: "Elkeen het die reg op [(a)] 'n omgewing wat nie skadelik vir hul gesondheid of welsyn is nie."

Volgens Joubert en Prinsloo (2008:62) impliseer die reg van onderwysers en leerders tot 'n veilige en skoon skoolomgewing ook dat hulle konstitusionele regte gerespekteer sal

word bloot omdat die veronderstelling is dat daar, ingevolge die Grondwet, verhoed sal word dat leerders (en leerkragte) aan negatiewe insidente soos besoedelde lug, brande of ontploffings blootgestel word. Voorts, en weer eens gegewe die basiese regte vervat in die Grondwet, is die veronderstelling volgens Currie en De Waal (2013:519) dat leerders van basiese lewensmiddele soos kos, skuiling en water voorsien sal word. Hierdie veronderstelling plaas die skool ongetwyfeld onder 'n verpligting.

'n 'Skoon omgewing' is egter nie beperk tot die enkele aspekte waarna hierbo verwys word nie. Volgens Oosthuizen (2006:61) bestaan daar ook 'n verband tussen die fisiese voorkoms van 'n skoolgebou en leerders se gedrag. Hy is dan ook van mening dat verskynsels soos graffiti tot leerders se swak gedrag kan bydra.

Derhalwe hou Oosthuizen (2006:61) voor dat om eienaarskap vir die skool te aanvaar, 'n merkbare verbetering in leerders se gedrag teweeg kan bring. 'n Skoon skoolomgewing beteken ook dat skole moet toesien dat die skoolterrein en selfs die leerders skoon en netjies vertoon. In hierdie verband het die ouers beslis 'n rol te vervul aangesien hulle kinders tuis moet leer om netjies aan te trek en op hul voorkoms te let. Sulke goeie gedrag wat deur die ouer aangemoedig word, kan bydrae tot selfrespek en help om leerders se selfvertroue op te bou.

2.8 Die Skolewet en die regte van die leerder

Waar die onderwysstelsel in Suid-Afrika voorheen op isolasie en ongelykhede gebaseer was, moes dit verander word om in ooreenstemming te wees met die nuwe demokratiese Grondwet, wat beteken het dat beginsels soos die beskerming van menseregte by skolewetgewing ingeskryf moes word (Joubert & Prinsloo, 2008:24). Die Suid-Afrikaanse Skolewet (SA, 1996b) het in werking getree, en as 'n regsdocument bevat dié wet regsprosedures en -regulasies waarvolgens 'n skoolbeheerliggaam orde by 'n skool moet handhaaf.

In die Skolewet word daar melding gemaak van 'n toelatings-, taal- en godsdienstebeleid wat onder die skoolbeheerliggaam ressorteer en waarby die regte waaroor kinders by openbare skole beskik, ingeskryf is. Ingevolge subartikels 5(1), (2) en (3) beskik die kind oor die reg om tot 'n openbare skool toegelaat te word ongeag die etniese herkoms, ras, kultuur of godsdienste van sodanige leerder.

Volgens die Skolewet is die beheerliggaam van 'n skool verantwoordelik vir die opstel van die toelatingsbeleid. Die wet bepaal voorts dat geen skoolbeheerliggaam by magte is om enige toets wat verband hou met die toelating van 'n leerder tot 'n openbare skool toe te pas nie. Die beheerliggaam is ook nie by magte om die skoolhoof of enige ander

persoon opdrag te gee om sodanige toets uit te voer nie. Die plasing van kinders met spesiale onderwysbehoefte word deur die hoof van die provinsiale onderwysdepartement behartig en in hierdie verband moet die reg van die ouer om goedkeuring te verleen, ook in ag geneem word.

Benewens die reg tot toelating, het leerders ook regte ten opsigte van die onderrigtaal wat by 'n openbare skool gebruik word. Dit kan lei tot wangedrag indien die leerder nie die taal verstaan nie en frustreerd raak wat lei tot ontwrigting binne die klas.

2.8.1 Die kind se reg ten opsigte van die taalbeleid by openbare skole

Onder artikel 6(1) van die Skolewet (SA, 1996b) word die verantwoordelikheid van die minister sowel as die skoolbeheerliggaam met betrekking tot die taalbeleid in openbare skole beklemtoon. Weer eens is die skool se beheerliggaam daarvoor verantwoordelik om die skool se taalbeleid te bepaal, en hier moet daar in gedagte gehou word dat leerders nie op grond van 'n skool se onderrigtaal toelating tot daardie skool geweier kan word nie. Kinders beskik oor die reg om onderrig te ontvang in die taal van hul keuse mits daardie taal as 'n medium van onderrig by sodanige skool gebruik word. As dit nie die geval is nie, kan die ouer steeds besluit om die kind by daardie skool in te skryf mits die medium van onderrig nie die kind sal benadeel nie.

Dit is 'n tendens by sommige skole om soms die medium van onderrig te gebruik om die toelating van leerders te beïnvloed en maak hulle sodoende skuldig aan 'n oortreding van die Skolewet wat dit duidelik stel dat geen vorm van diskriminasie geduld sal word nie. Insgelyks benadeel ouers soms hul kinders deur nie die onderrigtaal van 'n skool in ag te neem nie of deur daarop aan te dring dat hul kind in 'n taal onderrig ontvang wat nog nie deur die kind bemeester is nie. In sulke gevalle sukkel die leerder dan om vordering te toon en sal die ouer, om sy keuse van skool te regverdig, die leerder tuis moet help om die taal te bemeester of deur vir addisionele privaatesse in daardie taal te betaal. Die ouers het ook die reg om hul keuse uit te oefen om hul kinders by 'n ander skool in te skryf wat wel die taal waarmee die leerder vertrou is as onderrigmedium gebruik.

In die hofsak *Governing Body of Mikro Primary School and Another v Western Cape Minister of Education and Others, 2005*, het die Wes-Kaapse departement van onderwys die skoolhoof van Mikro Primêr opdrag gegee om 21 Engelssprekende leerders by sy skool in te skryf. As die skoolhoof sou weier, sou hy dissiplinêr aangekla word. Die skoolbeheerliggaam van hierdie skool, Mikro Primêr, het egter 'n klag teen Wes-Kaapse departement van onderwys ingedien en aangevoer dat hulle ingevolge die Skolewet (SA, 1996b) die reg het om 'n taalbeleid vir hul skool te bepaal. Op sy beurt het die departement beweer dat skoolbeheerliggame staatsorgane is en dat hulle eers die Pan-

Suid-Afrikaanse Taalraad moes geraadpleeg het voordat hulle die hof genader het.

Regter Thring het egter besluit dat die skoolbeheerliggaam korrek was deur die 21 leerders by hul skool te weier omdat hulle 'n Afrikaansmedium skool is. Hy het verder besluit dat skoolbeheerliggame nie staatsorgane is nie want die staat het nie absolute beheer oor hulle nie, en dat in hierdie geval die 'beste belang van die kind'-beginsel ter sprake is. Hy het ook verder beslis dat die 21 leerders by die skool De Kuillen Primêr ingeskryf kon word wat maar net 1,2 kilometer vanaf Mikro Primêr en boonop 'n parallel-medium-skool is (Oosthuizen, 2009:45).

Ter samevatting, ouers het dus die keuse om hul reg uit te oefen om hul kinders by 'n skool in te skryf waar die medium van onderrig ooreenstem met die taal waarin hul kinders onderrig moet word. Indien die skool egter nie daardie spesifieke taal aanbied nie, het ouers die reg om 'n ander skool te nader.

2.8.2 Kinders se reg tot godsdiens in openbare skole

Kinders het die reg om vry en vrywillig 'n godsdiens van hul keuse by 'n skool te beoefen, en volgens die Skolewet (SA, 1996b) moet die skool leerders wat 'n ander godsdiens as die meerderheid beoefen, akkommodeer en mag daar nie teen sodanige leerders gediskrimineer word nie (artikel 9). In hierdie verband is artikels 15 en 31 van die Grondwet (SA, 1996c) in 'n skoolopset van belang omdat die minderheid leerders nie noodwendig die meerderheid leerders se godsdiens beoefen nie (Oosthuizen, 2009:290). Artikel 15 bepaal dat elkeen die reg het tot vryheid van gewete, godsdiens, denke, oortuiging en mening. Artikel 31 brei hierop uit deur aan die minderheid leerders se regte erkenning te verleen in soverre elkeen wat aan 'n sekere godsdiensgroep binne die gemeenskap behoort, nie geweier mag word om met sodanige godsdiensgroep te assosieer nie (Oosthuizen, 2009:290). Enige godsdiens wat wel by 'n opvoedkundige instansie beoefen word, moet egter nie teenstrydig wees met die bepalings in die Handves van Regte nie.

Die Pillay-saak dien as voorbeeld van 'n geval waar 'n skool se gedragskode gewysig moes word om voorsiening vir kulturele of godsdienstige uitsonderings te maak. In hierdie saak, *MEC for Education: KwaZulu-Natal v. Pillay and Others (CC)*, CCT 51/06, is bevind dat die skoolbeheerliggaam die ouerhuis se kultuur en tradisies in ag moet neem indien dit nie die algemene dissipline van die skool ontwig nie.

Sunali Pillay, 'n leerder van Durban Girls' High, is deur die beheerliggaam aangekla nadat sy na die skoolvakansie met 'n goue neusring by die skool opgedaag het. Dié skool se gedragskode het net voorsieninggemaak vir die dra van eenvoudige ooringe. Die skoolhoof het Sunali se moeder oor die dra van die neusring ingelig en daarop

aangedring dat mev Pillay 'n verduidelikende brief skryf en redes vir die dra van die neusring verstrek. Volgens mev Pillay word daar volgens hul Suid-Indiese herkoms van jong meisies by bereiking van die ouderdom van 16 jaar verwag om 'n neusring te dra ter uitlewing van hul tradisie en kultuur. Mev Pillay het egter tydens die toelating van haar dogter in 2002 'n verklaring onderteken waarvolgens sy haar sal onderwerp aan die reëls en regulasies van die skool soos in die gedragskode vervat.

Mev Pillay was nogtans ongelukkig oor die besluit van die skoolbeheerliggaam en het gevoel dat hulle haar dogter se grondwetlike reg om haar geloofsoortuiging en kultuur uit te leef, geskend het. Die skoolhoof het beklemtoon dat alvorens die gedragskode aanvaar is, dit eers deeglik deur alle rolspelers (leerlinge, onderwysers, ouers en skoolbeheerliggaam) bestudeer is. In die geval van Sunali het haar moeder dit nie duidelik aan die skool gestel dat die dra van 'n neusring deel van hul geloofsoortuiging is nie.

Volgens Eloff (2009:60) moes die hof oor die volgende regs vrae besluit:

- Het die diskriminasie wat deur mev Pillay aangevoer is, voortgevloei uit die bepalings van die skool se gedragskode?
- In dié geval, was die diskriminasie onbillik?
- Hoe word diskriminasie in artikel 20 van die Gelykheidswet omskryf?

Die hof het bevind dat die dra van 'n neusring nie beteken het dat Sunali haar aan leerderwangedrag skuldig gemaak het nie. Verder het die hof verklaar dat die dispuut vermy kon word indien die skool 'n vrystellingsproses in plek gehad het om toegewings vir bepalings in die gedragskode moontlik te maak en dat die bepaling oor juwele in die gedragskode nie buigsaam genoeg was nie (Eloff, 2009:60).

Die Konstitusionele Hof het bevind dat daar ingevolge die Wet op die Bevordering van Gelykheid en Voorkoming van Onbillike Diskriminasie (Wet 4 van 2000, hierna die Gelykheidswet) (SA, 2000b) onbillik teen Sunali gediskrimineer is op grond van haar kultuur en geloofsoortuiging en dat, ooreenkomstig die Grondwet, albei aspekte (kultuur en godsdiens) gelyke beskerming geniet.

Uit die voorafgaande blyk dit dat ouers 'n rol te speel het in hierdie verband deurdat hulle tydig aansoek om vrystelling moet doen indien hulle nie tevrede is met van die bepalings in 'n skool se gedragskode nie. Ouers het 'n plig om navrae te doen oor die skool se vrystellingsproses en moet nie oorhaastig die hof nader en 'n klag indien nie, maar eerder ander alternatiewe ondersoek wat moontlik die beste belang van die kind op die hart dra.

2.8.3 Die kind se reg ten opsigte van die verbod op lyfstraf by skole

Straus & Stewart (1999:55-69) beskryf verskillende vorme van lyfstraf, naamlik: om kinders te slaan op die hand of op die bene, kinders op die agterlyf pakslae te gee, kinders te knyp, hulle aan die skouers skud en met 'n gordel (belt) of 'n plank by te kom.

Artikel 10 van die Skolewet (SA, 1996b) plaas 'n verbod op lyfstraf in skole en maak enige persoon wat lyfstraf aan 'n leerder toedien hom ingevolge subartikel (1) aan 'n misdryf skuldig. Ouers mag ook nie toestemming aan 'n onderwyser of skoolhoof verleen om lyfstraf op hul kinders toe te pas nie en ook word ouers verbied om hul kinders op die skoolperseel te tug (Joubert & Prinsloo, 2008:124).

In die saak *Christian Education South Africa (CESA) v Minister of Education of the Government of the Republic of South Africa* moes die Hoërhof uitspraak lewer of hierdie verbod op lyfstraf slegs op openbare skole van toepassing is. Die applikant, CESA, 'n Christelike privaatskool, het beweer dat artikel 10 van die Skolewet net op openbare skole van toepassing is en nie op privaatskole nie. Hierdie organisasie is ten gunste van lyfstraf omdat hulle glo dat dit 'n belangrike deel uitmaak van hul Christelike geloofsoortuiging en dat ouers sterk daarvoor voel dat lyfstraf aan hulle kinders toegedien behoort te word. Die hof het egter beslis dat lyfstraf in 'n Christen privaatskool nie net kragtens die Skolewet "unlawful" is nie, maar dat dit ook ongrondwetlik is. Regter Sachs het egter geen besluit geneem oor ouerlike lyfstraf nie omdat daar nog nie só 'n wysiging deur die hof bepaal is nie.

Lyfstraf is inderwaarheid net in skole afgeskaf, maar baie ouers verkeer onder die indruk dat dit ook in die ouerhuis nie toegedien mag word nie. Die afskaffing van lyfstraf, wat voorheen as strafmaatreël by skole in gebruik was, tesame met ouers se wanpersepsie ten opsigte van die toediening van lyfstraf by die huis het egter veroorsaak dat leerderwangedrag geweldig toegeneem het (Rossouw, 2007:79).

Ouers is volgens die reg daarop geregtig om redelike, gematigde tug (insluitend lyfstraf) aan hul kinders tuis toe te dien. Verskeie onderwysers is van mening dat ouers nie genoegsame ondersteuning aan skole bied om spesifiek leerders se gedrag aan te spreek nie (Lessing & Dreyer, 2007:122). Die ouers kan eerstens hul verantwoordelikheid nakom soos in die Skolewet (SA, 1996b) vermeld waar daar genoem word dat ouers moet toesien dat hul kinders die reëls in die gedragskode gehoorsaam. Voorts kan ouers tuis hul kinders se gedrag monitor (Oosthuizen, 2006:67) deur streng huisreëls neer te lê waarvolgens hul kinders moet handel. Daarby kan ouers, as 'n alternatief vir lyfstraf, hul kinders straf deur sekere voorregte van kinders te weerhou of deur kinders nie te beloon nie.

Volgens Lessing en Dreyer (2007:122) dra die onbetrokkenheid van ouers soms daartoe by dat alternatiewe metodes wat onderwysers volg om leerders te straf, misluk. Ouers dra ook by tot die oorbeklemtoning van leerders se regte deurdat hulle die outoriteit van onderwysers ondermyn en hul kinders se wangedrag regverdig deur die onderwysers te blameer vir onvoldoende toesighouding (Reyneke, 2013:98). Om sake te vererger, is Reyneke (2013: 99) ook van mening dat die leerder soms die situasie uitbuit deur die skool teenoor die ouer af te speel.

2.9 Regte van kinders ingevolge ander tersaaklike wetgewing

2.9.1 Regte van kinders ingevolge die Kinderwet

Benewens die regte waarop kinders ingevolge die Grondwet (SA, 1996c) aanspraak kan maak en wat deur alle staatsorgane (skole ingesluit) gerespekteer, beskerm, bevorder en verwesenlik moet word, word verskeie regte en beginsels waardeur kinders direk geraak word, in detail in hoofstuk 2 van die Children's Act (SA, 2005) bespreek.

Hierdie wet verklaar dat die kind se ingebore waardigheid gerespekteer behoort te word, wat impliseer dat die kind ten alle tye met die nodige waardigheid deur ouers, medeleerders en onderwysers behandel moet word. Indien 'n onderwyser 'n kind in die hoek van die klas laat staan of plat op die vloer laat sit terwyl ander leerders daaroor lag, behandel hy nie daardie leerder met die nodige waardigheid nie. Hierdie reg waaroor die kind beskik (waardigheid), word as die belangrikste reg teenoor ander regte beskou.

In die hofsaak *S v Makwanyane*, wat oor die doodstraf gehandel het, het regter Chaskalson die belangrikheid van twee regte, naamlik 'die reg op lewe' en 'die reg op waardigheid', beklemtoon. Hy het dit as volg gestel:

Other rights may be limited and may even be withdrawn and granted again, but their ultimate limit is to be found in the preservation of the twin right of life and dignity. These twin rights are the essential of all rights under the constitution (Oosthuizen, 2009:33).

Benewens hierdie ingebore reg op waardigheid beskik die kind ook oor die reg om op 'n regverdige en gelyke wyse (artikel 9) behandel te word. Alhoewel Joubert en Prinsloo (2008:45) saamstem dat die konsep van gelykheid beteken dat alle leerders in dieselfde skoolkurrikulum onderrig behoort te ontvang, dit nie regverdig sou wees vir 'n gestremde leerder om dieselfde skoolkurrikulum te volg as ander leerders in die hoofstroom nie. 'n Gestremde leerder benodig spesiale aandag en opgeleide onderwysers om in sy behoeftes te voorsien. Ander leerders mag voel dat meer aandag aan sodanige leerders geskenk word en dat hul vernalaat word wat wangedrag tot gevolg mag hê.

Die reg op gelykheid staan direk teenoor diskriminasie want om 'n kind gelyk te behandel, beteken juis dat die gronde waarop ingevolge subartikel 9(3) gediskrimineer kan word, in ag geneem moet word. In die Grondwet onder artikel 9(2) (SA, 1996c) gaan gelykheid gepaard met die persoon se genietinge van sy regte en vryhede. Dit impliseer dat indien 'n leerder se gelyke status binne die klaskamer nie teenoor die van ander leerders en deur die onderwyser erken word nie, daar teen sodanige leerder gediskrimineer word. Subartikel 9(3) stipuleer voorts dat daar nie teenoor iemand gediskrimineer mag word op grond van sodanige persoon se ras, geslag, gestremdheid, kultuur, kleur, status, sosiale oorsprong, geloofsoortuiginge of godsdiens nie.

Hierteenoor stipuleer subartikel 6(2)(d) van die Children's Act (SA, 2005) dat die kind beskerm moet word teen onregverdigde diskriminasie *op enige grond*, insluitend op grond van die kind se gesondheidstatus of gebrek. Joubert en Prinsloo (2008:46) voeg hiertoe by dat onregverdigde diskriminasie verwys na enige situasie waar mense verskillend behandel word sonder enige regverdiging.

Dit laat die vraag ontstaan of differensiasie aanleiding gee tot onregverdigde diskriminasie op grond van die verskille wat in subartikel 9(3) genoem word. Byvoorbeeld wanneer 'n swart leerder toegang tot 'n skool geweier word, word dit as diskriminasie beskou. Hierteenoor, in die geval waar 'n gestremde leerder toegang tot 'n openbare skool geweier word, kan daar redes vir so 'n weiering aangevoer word, naamlik dat die leerder weens sy spesiale behoeftes in 'n spesiale skool onderrig moet ontvang. 'n Verdere rede wat vir so 'n besluit aangevoer kan word, is dat sodanige leerder spesiale aandag nodig het en dat onderwysers in hoofstroomskole nie altyd vir dié taak opgelei is nie (Joubert & Prinsloo, 2008:46).

Joubert en Prinsloo (2008:48) kom tot die slotsom dat gelykheid ingevolge artikel 9 van die Grondwet (SA, 1996c) beteken dat alle leerders geregtig is op gelyke beskikbaarstelling van onderrigfasiliteite, gelyke geleenthede en gelyke behandeling in Suid-Afrikaanse skole.

2.9.2 Regulasies verwant aan Veiligheidsmaatreëls by Onafhanklike Skole (DBO 2004, hierna Privaatskool-veiligheidsregulasies)

Aangesien ouers en voogde 'n regsverpligting het om hul kinders te beskerm en om na hul fisiese en psigologiese welstand om te sien (Joubert & Prinsloo, 2008:140), behoort leerders se veiligheid by skole 'n gesamentlike poging te wees waaraan beide ouers en onderwysers aandag moet skenk (Joubert & Prinsloo, 2008:166).

In die Privaatskool-veiligheidsregulasies (DBO, 2004) wat ingevolge artikel 61 van die Skolewet (SA, 1996b) uitgevaardig is, word alle ongerymdhede wat by skole kan opduik,

onder die loep geneem. Aspekte wat in hierdie regulasies aangespreek word, sluit in geweld, alkohol- en dwelmmisbruik, veiligheid rondom die vervoer van leerders en hul beoefening van fisiese aktiwiteite, noodhulp en brandoefeninge, persone wat toegelaat word om die skoolterrein te betree en leerders wat toegelaat word om die skoolterrein weens mediese redes te verlaat (Joubert & Prinsloo, 2008:140).

Hierdie regulasies stipuleer duidelik dat geen onderwyser, ouer, leerder of enige ander persoon tydens enige skoolaktiwiteit in besit mag wees van alkohol, dwelms, onwettige stowwe of gevaarlike voorwerpe nie. In hierdie verband is artikel 8A tot die Skolewet (SA, 1996b) bygevoeg en bepaal dat leerders en hul eiendom by skole lukraak vir gevaarlike wapens en verbode middels deursoek kan word en dat daar op sulke items beslag gelê mag word. Ingevolge hierdie artikel kan leerders ook blootgestel word aan dwelmtoetsing indien daar 'n vermoede bestaan dat hulle dwelms gebruik het (Joubert & Prinsloo, 2008:143).

In hierdie verband behoort ouers bewus gemaak te word van wat hulle kinders daaglik in hul rugsakke skool toe neem en moet hulle onmiddellik ingelig word indien dwelmtoetse positief is (Joubert & Prinsloo, 2008:143). Veral in soverre dwelmmisbruik aanbetref behoort ouers bedag te wees op veranderinge in hul kinders se gedrag en met wie hulle vriende is.

Wat die beoefening van sport betref, bepaal die regulasies dat alhoewel die skool (onderwysers) die veiligheid moet verseker van elke leerder wat sport beoefen, behoort leerders wat aan sport deelneem te beseft dat hulle hulself aan beserings tydens die beoefening van sodanige sport blootstel. Aangesien daar onsekerheid bestaan oor die leerder se regmatige kapasiteit om tot deelname aan 'n sportsoort in te stem en derhalwe die gepaardgaande risiko van beserings te aanvaar (Joubert & Prinsloo, 2008:159), mag geen leerder aan enige fisiese aktiwiteit deelneem as sodanige leerder se gesondheid dit verbied of indien die ouer die leerder se mediese toestand aan die skool voorgehou het nie (Joubert & Prinsloo, 2008:142). 'n Leerder mag deur 'n mede leerder geboelie word om deel te neem aan 'n sport wat lei tot wangedrag.

Voorts bepaal die regulasies dat 'n skool ekstra voorsorg moet tref indien leerders ekskursies na 'n swembad, rivier of 'n dam onderneem (Joubert & Prinsloo, 2008:142). Toesighouding by sulke plekke is van kardinale belang, en leerders moet duidelik teen gevare gewaarsku word (Joubert & Prinsloo, 2008:142).

Wat ekskursies aanbetref moet ouers egter aanvaar dat die skool nie verantwoordelikheid of aanspreeklikheid kan aanvaar vir insidente buite die skoolterrein wat plaasvind nadat die skool reeds verdaag het nie (Mellet, 2013:6).

2.10 Verpligtinge van kinders

2.10.1 Gehoorsaamheid aan ouers en voogde

Artikel 16 van die Children's Act (SA, 2005) beklemtoon kinders se verantwoordelikheid teenoor hul gesin, die gemeenskap en die staat. Hiervolgens staan die kind onder 'n regsverpligting teenoor die ouer deurdat hy aan die ouer onderdanig en gehoorsaam moet wees, en insgelyks het die ouer ingevolge sy regte die bevoegdheid om kinders te vermaan en te dissiplineer. Ook in artikel 18 van die Grondwet (SA, 1996c) word die verantwoordelikhede en regte van ouers uitgestip. Kortom kan ouers gehoorsaamheid van hul kinders vereis aangesien dit hulle verantwoordelikheid is om toe te sien dat kinders nie verwaarloos, verneder of mishandel word nie. Eweneens behoort die gedragskode van enige skool ouers te verplig om toe te sien dat hul kinders die skoolreëls gehoorsaam.

Gegewe hierdie bepalings en regte, sou dit dus redelijkerwys van ouers verwag kon word om ook reëls vir kinders binne hulle eie huishoudings neer te lê en kan daar redelijkerwys van kinders verwag word om aan hul ouers onderdanig te wees en hierdie huishoudelike reëls te gehoorsaam. Insgelyks, in soverre artikel 15 van die Children's Act (SA, 2005) op die "afdwinging van regte" fokus, kan die aanname gemaak word dat ouers ook die reg behoort te hê om 'n hof te nader om kinders te verplig om aan hulle gehoorsaam te wees. Só 'n vergunning behoort veral te geld in gevalle waar 'n kind reeds op 'n vroeë ouderdom weens ernstige wangedrag met die gereg bots en waar dit in die beste belang van die kind sou wees om ouerlike gesag te laat geld.

Kragtens heersende wetgewing mag die ouer sy kind tug, maar veral in gevalle waar minderjarige kinders deur ouers getug word, moet die redelikheid van só 'n maatreeël ingevolge die Children's Act (SA, 2005) gemeet word aan:

- die aard en erns van die oortreding;
- die mate van straf of geweld wat toegedien word;
- die liggaamlike en geestelike toestand van die kind;
- die geslag, ouderdom en liggaamsbou van die kind;
- die aard van die tugmiddel; en
- die doel en motief van die persoon wat die straf toedien.

Die reg bepaal ook dat 'n landdros as 'n kommissaris kan optree en kan gelas dat kinders wie se destruktiewe gedrag nie deur hul ouers beheer kan word nie en wat hulle nie aan ouerlike gesag wil onderwerp nie, onder toesig van 'n maatskaplike werker in pleegsorg geplaas of na 'n kindershuis of spesiale skool verwys kan word. Kinders kan egter slegs

in sorg of by 'n spesiale skool geplaas word op aanbeveling van die hof, en só 'n aanbeveling moet in alle gevalle as 'n laaste uitweg beskou word.

In Suid-Afrika is ouers se regte ten opsigte van die afdwingbaarheid van ouerlike gesag tot op hede slegs ten opsigte van ouerlike instemming tot die sluiting van 'n huwelik of kontrak getoets. Ingevolge artikel 18 van die Children's Act (SA, 2005) sluit die ouer se opvoedingsverantwoordelikheid en -verpligtinge in dat die ouer mag bepaal met wie die kind mag assosieer en kan die ouer ten opsigte van die kind in die besonder sy toestemming tot huweliksluiting of kontraksluiting verleen of weerhou.

In die hofsaak van *Gordyn v Barnard 1977 1 SA 887(K)* het Regter Steyn, byvoorbeeld, 'n interdik aan die vader van 'n 18-jarige dogter toegestaan omdat die regter beslis het dat die vader die reg het om 'n 29-jarige man te belet om sy dogter te besoek (Maré, 1998:16).

In 'n ander hofsaak, *L v H 1992 2 SA 594 (OK)*, het Regter Zietsman ook 'n vader se subjektiewe verklaring dat sy dogter té onvolwasse is om 'n huwelik aan te gaan, aanvaar (Maré, 1998:8). In hierdie saak het die vader, wat besorg was oor sy 18-jarige ongetroude swanger dogter se welstand, om 'n interdik teen die dogter se vriend aansoek gedoen omdat dié vriend, volgens die vader, 'n geweldige houvas op sy dogter gehad het en omdat beide partye, na die mening van die vader, nog té jonk was om hulle in 'n huwelik te begeef.

2.10.2 Bywoning van skool

In die hedendaagse samelewing en veral in die skoolopset word daar baie klem gelê op die regte van kinders, maar daar word selde uitgewys dat kinders ook 'n verantwoordelikheid het om hul verpligtinge na te kom (Müller, 2010:2). Een van hierdie verpligtinge is om gereeld skool by te woon.

In die Skolewet (SA, 1996b) word die belangrikheid van skoolbywoning uitgespel asook tot op watter ouderdom leerders verplig is om skool by te woon. Ingevolge artikel 3 en subartikel 5(a) en 6(a) van hierdie wet is ouers verplig om te sorg dat hul kinders die skool bywoon en indien hulle versuim om hierdie opdrag na te kom, kan ouers vervolg en selfs 'n boete opgelê word.

2.10.3 Nakoming van gedragskode en opdragte van onderwysers

Artikel 8 van die Skolewet (SA, 1996b) bepaal dat die skoolbeheerliggaam verplig is om 'n gedragskode vir die skool op te stel. Hierdie gedragskode het primêr ten doel om die ontwikkeling van 'n gedissiplineerde en doelgerigte skoolomgewing in die hand te werk wat tot die gehalte van die leerproses sal bydra (Joubert & Prinsloo, 2008:92). Subartikel

8(1) van hierdie wet beklemtoon ouers se betrokkenheid by die opstel van die gedragskode en wys daarop dat selfs al sou ouers nie met die skool se missiestelling saamstem nie (subartikel 5(3)(b)), hulle steeds verplig is om hulle by die skoolreëls neer te lê en te sorg dat hul kinders dit gehoorsaam.

Die gedragskode van 'n skool is daar om leerders daarop te wys dat 'n skool nie sonder dissipline en reëls as 'n leerinstansie kan funksioneer nie. Reeds in 1948 het die hof in die saak van *R v Muller* die verpligtinge van leerders uitgewys:

These obligations are inherent in any proper school's system and constitute, so to speak, the common law of the school. Every learner is presumed to know this law and is subject to it, whether it has or has not been re-enacted by the ...board in the form of written law. (Oosthuizen, 2009:88)

In *Pillay v Durban Girls High* het hoofregter Langa ook die belangrikheid van skoolreëls beklemtoon deur die volgende stelling te maak:

Rules are important to education. Not only do they promote an important sense of discipline in children, they prepare them for the real world which contains even more rules than the schoolyard. Schools belong to the communities they serve and that ownership implies a responsibility not only to make rules that fit the community, but also to abide by those rules.

Leerders het dus 'n verpligting om die skool se reëls na te kom deur, byvoorbeeld, nie laat te kom nie, die dra van 'n skooluniform te respekteer, nie juwele of haarstyle te dra wat in die gedragskode verbied word nie en om hulle tydens buitekurrikulêre aktiwiteite wat deur die skool aangebied word, aan gesag en reëls te onderwerp (Colditz, 2007:6). In baie gevalle verontagsaam leerders egter hierdie skoolreëls en wil hulle nie onder gesag staan nie.

Oosthuizen (2009:88) is van mening dat skoolreëls noodsaaklik is vir die vooruitgang van enige skool en dat leerders ook 'n verpligting teenoor ander leerders het om nie hulle reg tot onderwys te ondermyn nie en respek daarvoor te toon (Oosthuizen, 2009:88). Daar sal vervolgens gekyk word na hoe leerders teenoor ander leerders behoort op te tree ten einde hul reg tot onderwys te respekteer.

2.10.4 Wederkerige verpligtinge tussen leerders (respek vir menswaardigheid, gelykheid en erkenning van Grondwetlike regte)

Onder artikel 2 van die Grondwet (SA, 1996c) word die Handves van Menseregte beklemtoon, wat elke individu se fundamentele regte beskerm (Oosthuizen, 2009:27). Die staat en alle staatsorgane (insluitend skole) asook elke hof, tribunaal of forum (artikel

39(1)(a)) is dus verplig om hierdie fundamentele regte soos menswaardigheid, gelykheid en vryheid te respekteer, te eerbiedig en te bevorder (Oosthuizen, 2009:26-27).

Volgens Joubert en Prinsloo (2008:42) is alle fundamentele regte en vryhede van individue nie absoluut nie. Dit beteken dat 'n individu se regte nie belangriker geag kan word as 'n ander persoon se regte nie. Veral in 'n skoolopset geniet alle persone gelyke status met betrekking tot hul fundamentele regte (onderwyser teenoor leerder en leerder teenoor leerders). 'n Persoon kan slegs sy regte uitoefen as hy in kontak kom met ander persone en ook wanneer sodanige persoon in 'n verhouding staan met ander persone (Müller, 2010:17).

Die beperkingsklousule (artikel 36) in die Grondwet (SA, 1996c) bepaal dat individue se regte met grondige redes beperk mag word, byvoorbeeld wanneer dit die openbare orde of die veiligheid, gesondheid en demokratiese waardes van ander bedreig (Currie & De Waal, 2005:163). Bray (2005:30) voeg hiertoe by dat die staat ook kragtens artikel 37 van die Handves van Regte 'n reg in 'n noodgeval mag beperk, maar dan slegs onder uitsonderlike omstandighede en volgens streng vereistes wat met die spesifieke reg gepaardgaan.

Dit kom daarop neer dat sekere regte (die reg tot vryheid) gewysig of beperk mag word, maar dat so 'n beperking geen beperking plaas op ander regte soos die reg op menswaardigheid, die reg tot lewe en die reg om vry te wees van wrede, vernederende en onmenslike behandeling nie (Joubert & Prinsloo, 2008:42). Dit beteken ook dat 'n leerder nie absolute vryheid van uitdrukking in 'n skoolopset het nie, omdat ander se reg op byvoorbeeld privaatheid, vertroulikheid en die reg op menswaardigheid respekteer moet word (Bray, 2005:29).

'n Ander wyse waarop 'n reg beperk mag word, is wanneer die formulering van sodanige reg opsigself 'n beperking bevat. Byvoorbeeld, indien leerders ingevolge artikel 17 aan 'n staking sou deelneem, mag hulle deelneem indien hulle dit op 'n ordelike en vreedsame wyse doen. Indien dit nie die geval is nie, mag sodanige reg beperk word om ander leerders se veiligheid te waarborg of ander teen geweld te beskerm (Joubert & Prinsloo, 2008:42).

Menswaardigheid word deur Currie en De Waal (2006:273) omskryf as die bron van 'n persoon se inherente reg op vryheid en fisieke integriteit waaruit ander regte ook voorspruit, naamlik die reg om nie wreed, onmenslik en vernederend behandel te word nie en dat 'n persoon se privaatheid gerespekteer behoort te word. Menswaardigheid stem ook ooreen met die reg op gelykheid, omdat alle mense oor menswaardigheid in gelyke regte beskik en almal dieselfde respek waardig is (Currie & De Waal, 2006:273).

Bray (2004:42) voer hiertoe by dat menswaardigheid nie net 'n universele reg is nie maar ook met verantwoordelikheid gepaard gaan. Elke persoon (selfs leerders ondermekaar) is dus daarop geregtig om met die nodige waardigheid, onvoorwaardelike respek en aanvaarding erken te word en het dus ook die verpligting om hierdie selfde waardigheid, respek en aanvaarding teenoor ander leerders te betoon (Bray, 2004:39).

Müller (2010:3) is van mening dat opvoeders dit moeilik vind om leerderwangedrag aan te spreek en dissipline in die klas te herstel. Dit lei daartoe dat leerders wat wel op hul skoolwerk wil fokus, ontnem word van hul reg op gehalte-onderrig wanneer die klas deur ander leerders ontwig word (Joubert, De Waal & Rossouw, 2004:84). Wanneer 'n weerbarstige leerder dus geskors word, moet in ag geneem word dat dissipline 'n belangrike deel vorm van onderwys en dat ander leerders ook oor die reg tot basiese onderwys in 'n veilige skoolomgewing beskik, veral as die skorsing gehandel het oor die onwettige gebruik van alkohol of dwelms (Joubert & Prinsloo, 2008:43).

Die opvoeder het dus die reg om leerders in sy klas met menswaardigheid te behandel veral vanuit sy gesagsposisie en met die toepassing van dissiplinêre maatreëls (Müller, 2010:31). Hierteenoor het leerders ook die verpligting om die onderwyser met die nodige respek en menswaardigheid te behandel (Müller, 2010:31). Hierdie verpligting sover dit leerders aanbetref, word deur artikel 31(a) van die Afrika-handves oor die Regte en Welsyn van die Kind (AU, 2000) ondersteun waarin daar beklemtoon word dat kinders die plig het om hul ouers, medeleerders en ouer persone ten alle tye met die nodige respek te behandel.

2.10.5 Nakoming van regsreëls en wette in SA

In die Suid-Afrikaanse regstelsel is regsreëls en -norme in die volgende regsbronne vervat: die Handves van Regte, wetgewing, internasionale kinderregte, die deliktereg, die gemenereg, strafreg en regspraak. Hierdie regsreëls en wette behoort deur elke individu (sowel as leerders) gehoorsaam te word (Oosthuizen, 2009:26; 27).

Die staat op regeringsvlak is onderhewig aan die Grondwet en het 'n verantwoordelikheid teenoor elke individu (vertikale toepassing van die reg), en elke individu het 'n regsverantwoordelikheid teenoor mekaar (horisontale toepassing van die reg). Die Handves van Menseregte (vervat in Hoofstuk 2 van die Grondwet) beskerm eerstens die fundamentele regte van elke individu teen die staat, maar ook die regte van die individu met betrekking tot mekaar (Oosthuizen, 2009:27). Elke individu moet dus ander se regte ten opsigte van die Handves van Menseregte respekteer en dit eerbiedig.

Volgens artikel 15 van die Skolewet (SA, 1996b) word 'n skool as 'n regspersoon beskou, en artikel 8(2) van die Grondwet (SA, 1996c) bepaal uitdruklik dat 'n natuurlike persoon

sowel as 'n regspersoon in ooreenstemming met die Handves van Menseregte moet optree. Dit kom daarop neer dat die skool die bepalings in die Handves van Menseregte wat handel oor individuele fundamentele regte moet eerbiedig, beskerm, bevorder en verwezenlik.

Daar rus 'n groot verantwoordelikheid op die onderwys sowel as op die ouers om 'n menseregtekultuur in skole en veral by die huis te skep. Dit beteken dat leerders, ouers en onderwysers verdraagsaam teenoor mekaar moet wees. Hier moet ouers 'n rol speel deur hul kinders tuis korrek op te voed ook in soverre verdraagsaamheid en waardigheid aanbetref.

Daar word van skole verwag om leerders se ingebore waardigheid en vryheid te eerbiedig, te beskerm en te bevorder, maar die ontwrigtende gedrag van sommige leerders is teenstrydig met die demokratiese of fundamentele regte van ander soos gelykheid, menswaardigheid, vryheid en sekerheid van die persoon asook die reg op onderwys. Gevolglik noop en verplig die regsreëls soos vervat in die Grondwet skole om leerderwangedrag te beheer en aan te spreek.

Elke leerder het 'n konstitusionele reg (artikel 24) om onderwys te ontvang in 'n harmonieuse en sorgvrye skoolomgewing wat bevorderlik vir doeltreffende onderrig en leer is (Joubert & Prinsloo, 2008:156). 'n Skool se sorgsaamheidspilg teenoor elke leerder begin wanneer leerders die skoolperseel betree en eindig sodra leerders die skoolperseel verlaat. In 'n instansie soos 'n skool is die gehoorsaming van reëls een van dié belangrikste aspekte wat op 'n daaglikse basis hanteer behoort te word want leerders is nie gevrywaar van die gehoorsaming van die skoolreëls en dissiplinêre maatreëls wat deur skoolbeheerliggame voorgehou word nie (SA, 1996b, artikel 8(4)).

Regsreëls is ook in die kinders se fundamentele reg op gelykheid (artikel 9) opgesluit. Volgens hierdie reg behoort alle leerders in 'n skoolopset gelyk behandel te word ongeag kleur, ras, etnisiteit, kultuur en herkoms. Die een leerder wat hom skuldig maak aan ernstige wangedrag en wie se toekoms by die skool in die weegskaal hang se reg mag nie swaarder weeg as die res van die leerders se reg nie. Hiermee word bedoel dat daar deursigtig besin moet word oor die oortreding van een leerder teenoor die onderrig van die res van die leerders. Oosthuizen (2009:159) voer voorts aan dat dit in die beste belang van 'n leerder wat uitsetting in die gesig staar sou wees om daardie leerder in 'n ander skool te plaas en om sodoende die ander leerders se reg op onderwys te waarborg. So ook kan 'n weerbarstige leerder die klas belet word indien dit in belang van die ander leerders is.

2.11 Hantering van misdade deur kinders gepleeg ingevolge die Wet op Kindergeregtigheid

2.11.1 Hantering van kinders wat met die gereg bots

Indien 'n kind se onmiddellike gesinsomgewing of lewensomstandigheid van so aard is dat dit skadelik vir die kind se welstand is, moet die staat ingryp om die kind onder alternatiewe sorg te plaas (Boezaart, 2009:163). Boezaart voeg hiertoe by dat 'n groot persentasie van Suid-Afrikaanse kinders vandag op straat leef wat opsigself 'n duidelike aanduiding is dat daardie kinders 'n behoefte aan sorg en beskerming het. Die vernaamste persone betrokke by die versorging en beskerming van kinders is die ouers, die skool, welsynwerkers, mediese personeel, sielkundiges, die polisie en persone met regsbevoegdheid of opleiding in regsweë wat kinders in hierdie verband kan bystaan.

Ingevolge die Child Justice Act (SA, 2008) moet kinders wat hulle aan ernstige kriminele wangedrag skuldig maak, op 'n bepaalde wyse hanteer word. Die Direkteur van Openbare Vervolging sal sulke ernstige gevalle ooreenkomstig artikel 5(2) en (4) van hierdie wet hanteer en moet ooreenkomstig artikel 9 deur 'n proefbeampte bygestaan word in gevalle van kinders jonger as 10 jaar. Kinders wat van ernstige kriminele wangedrag aangekla word, sal ook vooraf deur 'n proefbeampte geassesseer word, veral waar dit die kind se eerste verskyning is. Die ouderdom van die beskuldigde kind en die ernstigheidsgraad van die oortreding moet ook in ag geneem word.

In gevalle waar die kind jonger as 10 jaar is, beskik daardie kind nie oor toerekeningsvatbaarheid nie en kan sodanige kind ingevolge artikel 9 nie aan 'n hof blootgestel of vervolg word nie. Ingevolge artikel 11 moet die staat in alle gevalle oor genoegsame bewyse beskik dat 'n kind wel toerekeningsvatbaar is alvorens die kind vervolg kan word, en dit geld veral in gevalle waar die kind 10 jaar en ouer maar jonger as 14 jaar is. Voorts mag 'n polisiebeampte nie 'n kind jonger as 10 jaar arresteer nie, maar moet eerder die ouer van die kind se oortreding in kennis stel en, indien geen ouer of voog beskikbaar is nie, moet die polisiebeampte die kind na 'n proefbeampte verwys.

Sou die Direkteur van Openbare Vervolging bevind dat die kind wel vervolg moet word, sal hy opdrag gee dat die polisiebeampte 'n skriftelike kennisgewing aan die kind moet oorhandig waarin die kind aangesê word om 'n voorlopige verhoor by te woon. In hierdie verband bepaal artikel 56(1)(c) van die Strafproseswet (SA, 1977) dan ook dat slegs in gevalle van skulderkenning of by betaling van 'n boete, die bestelling van só 'n kennisgewing op die kind nie nodig is nie.

Die skriftelike kennisgewing wat op 'n kind bestel word, moet die datum, tyd en plek van

die verhoor aandui en moet in die teenwoordigheid van die ouer, voog of 'n geskikte volwassene aan die kind oorhandig word. By oorhandiging van die skriftelike kennisgewing moet die polisiebeampte die kind en ouer inlig oor die aard van die beskuldiging teen die betrokke kind, die regte waaroor die kind beskik en die prosedures wat ná oorhandiging gevolg behoort te word. Daar word dan ook van die ouer of voog verag om ontvangs te erken deur sodanige kennisgewing te onderteken.

2.11.2 Hofbevel

'n Hofbevel moet ook soos in die geval van 'n skriftelike kennisgewing deur 'n polisiebeampte oorhandig word. In die geval van 'n hofbevel, word die kind (leerder) en sy ouers aangesê om ingevolge artikel 54 van die Strafproseswet (SA, 1977) in die hof te verskyn en moet die betrokke proefbeampte ook binne 24 uur vanaf oorhandiging ingelig word sodat die proefbeampte tydens die hofverrigtinge teenwoordig kan wees.

2.11.3 Arrestasie (aanhouding) van kinders

Daar is sekere prosedures wat eers deur die polisiebeampte gevolg moet word alvorens 'n kind gearresteer kan word (Child Justice Act, 2008:24), en daar moet soos per Bylae 1 tot hierdie wet genoegsame redes vir só 'n arrestasie bestaan. 'n Arrestasie is onder die volgende omstandighede geregverdig:

- As die polisiebeampte daarvan oortuig is dat die kind nie oor 'n fisiese residensiële adres beskik nie;
- As die polisiebeampte daarvan oortuig is dat die kind 'n gevaar vir homself en vir ander kinders inhou;
- Wanneer die kind betrap word onderwyl hy besig is om die daad te pleeg; en/of
- Waar die misdaad gepleeg is onder omstandighede soos uiteengesit in die nasionale instruksies onder Child Justice Act, artikel 95(5)(a)(ii).

Die polisiebeampte sal hierna 'n lasbrief vir arrestasie uitreik soos deur artikel 43 van die Strafproseswet (SA, 1977) bepaal waarin die kind versoek word om 'n voorlopige verhoor by te woon. By oorhandiging van die lasbrief moet die polisiebeampte die kind inlig oor die aanklag teen hom, aan die kind sy regte voorhou en ook aan die kind die onmiddellike prosedures wat gevolg gaan word, verduidelik. Die kind se ouers, voog of 'n geskikte volwassene moet ook deur die polisiebeampte in kennis gestel word.

Die polisiebeampte deur wie die kind gearresteer is, moet binne 24 uur ná arrestasie van die kind die proefbeampte wat in die area werksaam is oor die arrestasie inlig. Indien die polisiebeampte versuim om die proefbeampte oor die arrestasie in te lig, moet daardie beampte dadelik 'n verslag aan die betrokke landdros rig waarin hy verduidelik waarom

die proefbeampte nie onmiddellik oor die arrestasie ingelig is nie.

Ongeag of die gearresteerde kind tydens sy aanhouding deur 'n proefbeampte geëvalueer is of nie, is die polisiebeampte daarvoor verantwoordelik om die kind na die betrokke landdroshof te neem. Hierna word daar van die betrokke landdros verwag om binne 48 uur ná arrestasie ingevolge artikel 5(2) en (4) van die Child Justice Act (SA, 2008) met die saak te handel. In hierdie verband moet daar egter ook ag geslaan word op die bepalings vervat in artikel 50(1)(d) van die Strafproseswet (SA, 1977) wat betrekking het op:

- 'n Hof se normale ure;
- Fisiese ongeskiktheid of ander fisiese toestand; en
- Gevalle waar arrestasies buite die hof se area van jurisdiksie plaasvind en waar 'n verlenging van die 48-uur-voorskrif toegestaan kan word.

Aangesien daar rederlikerwys van ouers verwag kan word om hul kinders in hierdie omstandighede by te staan, is dit belangrik dat ouers hierdie verloop van gebeure sal volg en hulle volle samewerking aan die proefbeampte sal gee wanneer dié beampte besoeke reël.

2.11.4 Vrylating, plasing en aanhouding van kinders

2.11.4.1 Vrylating versus plasing en/of aanhouding

Daar sal ingevolge artikel 21 (2) en (3) van die Child Justice Act (SA, 2008) bepaal word of 'n kind vrygelaat of aangehou moet word, en die Kinderhof sal dienooreenkomstig 'n skriftelike kennisgewing aan die polisiebeampte uitreik. Die staatsaanklaer handel gewoonlik ingevolge artikel 24(2)(b), en ooreenkomstig die klassifikasies vervat in Bylae 1 en 2 tot hierdie wet, met die vrylating van kinders en kan ook ingevolge artikel 25, gelees met 59A, vrylating toestaan. 'n Kind wat die eerste keer in 'n voorlopige verhoor verskyn, kan ook ingevolge artikel 24(2)(a) vrygelaat en onder die sorg van 'n ouer, voog of 'n geskikte volwassene geplaas word (artikel 18 gelees met artikel 22).

Indien die polisiebeampte met die oog op die kind se vrylating in die sorg van 'n ouer, voog of 'n geskikte volwassene na verskeie pogings nie só 'n persoon kon opspoor nie, kan die voorsittende beampte nogtans ingevolge artikel 25 borgtog aan die kind toestaan. 'n Polisiebeampte kan ook 'n kind vrylaat indien daar 'n substansiële risiko bestaan dat die kind 'n gevaar inhou vir homself of vir ander leerders in aanhouding.

Vóór vrylating moet die voorsittende beampte egter in alle gevalle die kind aansê om op 'n spesifieke datum, tyd en plek aan te meld en die volgende voorwaardes tot vrylating aan die kind voorhou, naamlik dat die kind:

- Aan 'n gespesifiseerde persoon of by 'n gespesifiseerde plek moet rapporteer;
- 'n Spesifieke skool moet bywoon;
- By 'n spesifieke adres moet woon;
- Onder die toesig van 'n gespesifiseerde persoon geplaas sal word;
- Nie met enige getuie mag inmeng, met enige persoon of groep mag assosieer en mag poog om insae in enige bewyse te verkry nie; en
- Moet instem tot alle voorwaardes wat na gelang van die spesifieke saak deur die voorsittende beampte voorgestel word.

Insgelyks moet die voorsittende beampte die ouer, voog of geskikte volwassene onder wie se toesig die kind geplaas word, aansê om te sorg dat die betrokke kind op 'n spesifieke datum, tyd en plek verskyn. By versuim om aan hierdie voorwaarde te voldoen, kan die voorsittende beampte ingevolge artikel 19 'n lasbrief vir arrestasie van die kind uitreik om sodoende te verseker dat die kind wel in die Kinderhof verskyn. Voorts kan die ouer of voog wat hierdie voorwaardes verbreek ook ingevolge artikel 5 in hegtenis geneem en 'n boete opgelê word.

2.11.4.2 Plasing van kinders in jeugsorgsentrums

Die voorsittende beampte kan ingevolge artikel 29 'n hofbevel uitreik dat 'n kind by 'n jeugsorgsentrum geplaas word, ongeag of die kind vir die eerste keer of reeds verskeie kere 'n voorlopige verhoor in die Kinderhof bygewoon of voor daardie hof verskyn het. Só 'n plasing moet deur 'n polisiebeampte behartig word nadat alle prosedure ingevolge artikel 27(a) gevolg is.

In gevalle soos hierdie moet oorweging geskenk word aan:

- Die ouderdom en volwassenheid van die kind;
- Die erns van die oortreding;
- Die risiko dat die kind 'n gevaar vir homself en ander kinders sal inhou;
- Die mate van sekuriteit by die jeugsorgsentrum; en
- Die beskikbaarheid van akkommodasie in die jeugsorgsentrum.

In die reël moet plasing in 'n jeugsorgsentrum in alle gevalle oorweeg word as die kind ouer as 10 maar jonger as 14 is.

Kinders by jeugsorgsentrums mag deur hul ouers, maatskaplike werkers, sielkundiges, proefbeamptes, gesondheidspersoneel en geestelike beraders besoek word. In hierdie verband is dit belangrik dat ouers enige mediese of psigologiese toestand verwant aan die kind onder die personeel by die jeugsorgsentrum se aandag sal bring en dat daar

dadelik hiervan werkmaak sal word.

Kinders wat hulle aan Bylae 3-oortredings skuldig maak, kan egter nie vir plasing by 'n jeugsorgsentrum oorweeg word nie en sal in aanhouding bly.

2.11.4.3 Aanhouding van kinders

Indien daar genoegsame bewyse bestaan dat 'n kind hom aan 'n ernstige oortreding skuldig gemaak het, soos in Bylae 3 tot die Child Justice Act (SA, 2008) gestipuleer, en nadat die betrokke proefbeampte se evalueringsverslag oorweeg is, kan die Direkteur van Openbare Vervolging gelas dat 'n kind in aanhouding moet bly.

Ongeag die geval, kan die voorsittende beampte slegs 'n bevel tot aanhouding toestaan indien:

- Die kind se aansoek om borgtog uitgestel of geweier is omdat daar nie aan twee of meer borgvoorwaardes gehoor gegee is nie; of
- Omdat 'n kind van 14 jaar of ouer beskuldig word van 'n oortreding soos vervat in Bylae 3 tot die wet; of
- Aanhouding in belang van administratiewe geregtigheid en/of ter beveiliging of beskerming van die publiek geregverdig sou wees; en/of
- Die kind by skuldigbevinding aan 'n swaar tronkstraf onderwerp sou word.

Desnieteenstaande moet die voorsittende beampte alle tersaaklike bewyse, soos na verwys in artikel 40(2), in ag neem. Dit wil sê die beginsel van 'beste belang van die kind' moet gemeet word teen die agtergrond van die kind se gezondheidstoestand, sy vorige oortredings, vorige afwentellingsprosesse wat ten opsigte van die kind gevolg is en sy vorige skuldigbevindings voor die hof.

Bo en behalwe dat daar van die kind verwag word om elke 14 dae voor die voorsittende beampte te verskyn onderwyl sy saak verhoor word, is dit belangrik dat ouers hul kind sal ondersteun en alle hofverrigtinge sal bywoon.

Kinders in aanhouding mag besoek van hul ouers, maatskaplike werkers en sielkundiges ontvang, en hierdie besoekers moet veral bedag wees op tekens van skade aan of skade wat deur die betrokke kind in aanhouding berokken kan word.

2.12 Die afwentelingsproses

Volgens Oosthuizen (2009:176) kom afwenteling daarop neer dat die saak van 'n kind wat aan 'n ernstige misdaad skuldig bevind word, buite die hof geskik kan word en dat

hierdie reëling ten doel het om versoening tussen oortreder en slagoffer te bewerkstellig sodat beide partye in harmonie kan aanbeweeg. Gallinetti (2009:8) voeg egter hiertoe by dat die Kinderwet juis daar is om te verseker dat kinders wat van misdaad beskuldig word, vir hul dade aanspreeklik gehou en hul ouers tot verantwoording geroep moet word en dat beide die skuldige kind en sy ouers om hierdie rede aan rehabilitasieprogramme onderwerp behoort te word (Gallinetti, 2009:8).

Soos voorheen uitgewys en soos deur Gallinetti (2009:21-23) beklemtoon, moet die ouer van 'n kind wat van 'n misdryf beskuldig word daardie kind ondersteun deur, eerstens, die kennisgewing van sodanige misdaad te onderteken en, tweedens, te verseker dat die kind betyds en op die datum van die voorlopige verhoor by die regte plek opdaag (Gallinetti, 2009:25).

In die Child Justice Act (SA, 2008) word 'n voorlopige verhoor omskryf as 'n informele voorafgaande verhoor (hofsitting) wat deur 'n landdros behartig word. Dit word gewoonlik binne die hof gehou of, indien die kind se emosionele toestand dit vereis, op 'n geskikte plek by die hof wat vir die landdros aanvaarbaar is.

Tydens hierdie verhoor wat deur die beskuldige, sy ouers of as die ouers afwesig is, 'n onafhanklike waarnemer, die proefbeampte, die polisiebeampte wat die saak ondersoek het en die aanklaer bygewoon moet word, sal die hof besluit of die saak na 'n proefbeampte vir assessering verwys moet word (Children's Act, 2005:24). Die landdros is egter by magte om enige persoon by so 'n voorlopige verhoor uit te sluit of verteenwoordiging te weier as daardie persoon se teenwoordigheid nie in die beste belang van die kind is nie.

Indien daar op assessering besluit word, sal die proefbeampte die ernstigheid van die betrokke saak aan die kind en sy ouers/voog verduidelik sowel as die proses wat gevolg gaan word (Gallinetti, 2009:20). Die kind sowel as sy ouers/voog moet onderneem om die sessies wat deur die proefbeampte voorgestel word, gereeld by te woon en die ouer moet die verantwoordelikheid neem om toe te sien dat die kind nie een sessie sonder geldige rede misloop nie en dat die proefbeampte vroegtydig in kennis gestel word indien dit wel sou gebeur (Gallinetti, 2009:20). Voorts is die ouer daarvoor verantwoordelik om die nodige leiding en ondersteuning tydens hierdie assesseringstydperk aan die kind te bied en te verseker dat die kind hom nie weer in hierdie tyd aan enige oortredings of misdrywe skuldig maak nie (Gallinetti, 2009:25).

Na afloop van die assesseringsprogram (proses) moet die proefbeampte 'n verslag oor die kind se vordering aan die staatsaanklaer voorlê en 'n datum vir afwenteling voorstel. By hierdie geleentheid moet die hof volgens Oosthuizen (2009:177) besluit of:

- Daar 'n *prima facie* saak teen die kind bestaan;
- Die kind sy verantwoordelikheid vir die oortreding erken het en nie deur iemand beïnvloed is om sy verantwoordelikheid te erken nie;
- Die kind en sy ouers of 'n onafhanklike waarnemer tot afwenteling ingestem het; en
- Die staatsaanklaer 'n aanduiding gegee het dat die saak afwenteling regverdig.

Indien afwenteling wel deur die hof toegestaan word, moet die ouer selfs 'n groter verantwoordelikheid vir die doen en late van die kind aanvaar en elke beweging van die kind monitor. Die proefbeampte kan ook in sy verslag aan die aanklaer voorstel dat die kind terapie ondergaan of deur 'n sielkundige ondersoek word, afhangende van die omstandighede en die ernstigheid van die saak (Gallinetti, 2009:20).

Volgens Oosthuizen (2009:178) kan die hof ook goedkeuring vir die volgende afwentelingsopsies verleen:

- 'n Geskrewe of mondelinge verskoning aan die betrokke persoon of instansie;
- 'n Formele waarskuwing met of sonder enige verdere voorwaardes;
- Verwysing na berading of terapie;
- Vergoeding aan die slagoffer deur 'n item terug te besorg of terug te koop of 'n bedrag as vergoeding aan te bied;
- Gemeenskapsdiens onder die toesig van 'n geskikte persoon of instansie wat deur die proefbeampte voorgestel word.

Indien die kind nie sy verpligting ingevolge artikel 9 van die wet nakom nie, sal sy saak na die Kinderhof verwys word.

2.13 Aanhoor van sake in die Kinderhof

In die Grondwet (SA, 1996c) onder artikel 28 word die 'beste belang van die kind'-beginsel beskryf, en alle kinderhowe probeer ten alle tye om minderjarige kinders te beskerm deur hulle sover as moontlik uit die hof te hou. Kinders wat hulle aan 'n ernstige oortreding skuldig maak, word na die Kinderhof verwys welke hof die relevante bepalinge soos vervat in die Strafproseswet (SA, 1977) wat verband hou met die verdediging en verhoor van beskuldigde persone moet toepas (Child Justice Act, SA 2008:64).

Voordat die kind se saak verdedig kan word, moet die voorsittende beampte die kind inlig oor die aard van die beskuldigings teen hom. Die voorsittende beampte moet verder ook die kind inlig oor sy regte en die proses wat gevolg gaan word verduidelik

soos in die Child Justice Act (SA, 2008) bepaal.

Die Kinderhof moet die 'beste belang van die kind'-beginsel in enige saak rakende enige kind in ag neem of daaraan aandag skenk. In hierdie verband moet die voorsittende beampte enige addisionele inligting rakende die kind wat deur enige persoon verskaf word, in ag neem en moet ook gedurende die verhoor en tydens kruisondervraging verseker dat die verhoor van die kind regverdig verloop. Die voorsittende beampte is ook by magte om slegs persone by so 'n verhoor toe te laat wat insae het in die betrokke saak of wat met die prosedure van 'n Kinderhof vertrou is.

'n Kind beskik oor die reg om deur sy ouer, 'n geskikte volwassene of voog in 'n Kinderhof ondersteun te word. Indien 'n ouer of voog nie die verhoor kan bywoon nie, moet hulle hul redes op skrif stel en aan die voorsittende beampte voorsien. Die voorsittende beampte kan ook 'n onafhanklike waarnemer aanwys om as ouer of voog die kind in sy saak in 'n Kinderhof te ondersteun.

Daar word van die Kinderhof verwag om die prosedures van 'n verhoor waarby kinders betrokke is, so spoedig moontlik af te handel en dit nie onnodig te vertraag nie. Indien die kind nog in aanhouding is, moet die verhoor nie vir langer as 14 dae uitgestel word nie en as die kind hom in 'n jeugsorgsentrum bevind, moet die verhoor nie vir meer as 30 dae uitgestel word nie. Waar kinders op borgtog vrygelaat is, moet die verloop van die verhoor nie met meer as 60 dae op 'n keer uitgestel word nie (Child Justice Act, SA 2008:66). In die geval waar die kind se borgtog nog nie gefinaliseer is nie, sal die prosedure gevolg word soos onder artikel 50(6)(d) van die Strafproseswet (SA, 1977).

Die Kinderhof is by magte om 'n kind vir afwenteling te oorweeg selfs voor die betrokke saak afgehandel is, soos bepaal onder artikel 52(5) van die Child Justice Act (SA, 2008). Die Kinderhof mag só 'n afwentelingsbevel toestaan indien 'n kind suksesvol by die voorwaardes van die afwentelingsbevel gehou het en nie afgewyk het daarvan nie en as die verslag van die proefbeampte afwenteling regverdig.

2.14 Vonnis van kinders

Deel 1 van die Child Justice Act (SA, 2008:67) bevat algemene bepalinge rakende die vonnis van kinders terwyl deel 2 oor vonnisopsies handel. Inleidend tot Hoofstuk 10 van hierdie wet word die algemene doelstelling met die vonnis van kinders as volg verwoord:

In addition to any other considerations relating to sentencing, the objectives of sentencing in terms of this Act are to-

- (a) encourage the child to understand the implications of and be accountable for the harm caused;
- (b) promote an individualised response which strikes a balance between the circumstances of the child, the nature of the offence and the interests of society;
- (c) promote the reintegration of the child into the family and community;
- (d) ensure that any necessary supervision, guidance, treatment or services which form part of the sentence assist the child in the process of reintegration; and
- (e) use imprisonment only as a measure of last resort and only for the shortest appropriate period of time.

Die Kinderhof mag nie 'n kind jonger as 14 jaar oud vonnis nie, en 'n kind van 14 jaar of ouer sal in die reël slegs gevonniss word as die oortreding as 'n Skedule 3-oortreding beskou word. In die geval van 'n Skedule 2-oortreding, moet daar substansiële en oortuigende/konkrete redes vir vonnisoplegging wees en in geval van 'n Skedule 1-oortreding, moet die kind 'n rekord van vorige soortgelyke oortredings hê om vonnisoplegging te regverdig. In alle gevalle mag 'n kind ingevolge subartikel (3) nie vir 'n tydperk van langer as 25 jaar gevonniss word nie.

Indien 'n vonnis onvermydelik is, moet die Kinderhof ag slaan op die erns en aard van die oortreding, die skade wat berokken is, die kind se toerekeningsvatbaarheid, die reg van die gemeenskap om beskerm te word en, indien van toepassing, hoe die kind op vorige nie-residensiële alternatiewe gereageer het. Voorts wanneer daar ingevolge artikel 76 van hierdie wet oorweeg word om 'n kind aan verpligte verblyf in 'n jeugsorgsentrum met 'n gepaardgaande rehabilitasieprogram te onderwerp, moet die Kinderhof ook bepaal of:

- Die oortreding van 'n ernstige aard was en daar aanduidings is dat die kind hom gereeld aan sulke skadelike aktiwiteite skuldig maak;
- Die omvang van die skade wat berokken is 'n residensiële vonnisbepaling regverdig;
- Die kind by die dienste van 'n spesifieke jeugsorgorganisasie sal baat.

Volgens subartikel (1) gelees met subartikel (3) mag 'n leerder nie vir langer as vyf jaar in 'n jeugsorgsentrum gehou word nie en moet die proefbeampte gedurende hierdie tydperk gereelde vorderingsverslae aan die Kinderhof voorsien. Voorts is die hoof van die jeugsorgsentrum verplig om nadat die kind se vonnis voltooi is, 'n skriftelike verslag aan die Kinderhof te voorsien waarvolgens bepaal sal word of die kind vir herindeling/herintegrasie binne die gemeenskap oorweeg moet word.

Veral waar daar met minderjarige kinders gehandel word, is dit belangrik dat die hof al hierdie bepalings in beste belang van die kind deeglik sal opweeg en ook die volgende

alternatiewe vonnisopsies sal oorweeg.

2.14.1 Gemeenskapgebaseerde vonnis

In die Child Justice Act (SA, 2008:69) word 'n gemeenskapgebaseerde vonnis omskryf as 'n vonnis waar die kind onder korrektiewe toesig gemeenskapsdiens verrig en steeds toegelaat word om in die gemeenskap aan te bly. In sulke gevalle is die proefbeampte daarvoor verantwoordelik om die kind wat hierdie tipe vonnis uitdien, te monitor en om gereeld vorderingsverslae aan die Kinderhof voor te lê. Die proefbeampte moet ook verseker dat die kind by die bepalings van die hofbevel hou. Indien die kind hierdie bepalings sou verbreek, sal hy weer voor die Kinderhof gebring word en sal daar strenger teen sodanige kind opgetree word.

2.14.2 Herstellende geregtigheidsvonnis

Ingevolge artikel 61 van die Child Justice Act (SA, 2008) kan die Kinderhof 'n kind wat skuldig bevind is na 'n gesinsgroepkonferensie of, ingevolge artikel 62, vir slagoffer-beskuldigde-mediasie of 'n ander geskikte vorm van herstellende geregtigheid verwys. In alle gevalle sal daar van hierdie remediëringsmondstukke verwag word om 'n aanbeveling aan die Kinderhof rakende die kind se straf (lot) te maak.

In die geval waar 'n boete vir die kind se oortreding oorweeg word, moet die Kinderhof bepaal of die kind of sy ouers in staat is om die boete óf as 'n volle bedrag óf in paaierente te betaal. Sou dit nie die geval wees nie en die kind dalk daarom in die tronk kan beland, moet die hof dit oorweeg om alternatiewe opsies voor te stel. Sulke alternatiewe kan insluit dat die kind onder toesig van 'n spesifieke persoon of persone of dalk 'n welsynorganisasie geplaas word. Indien 'n kind enige dienste onder die toesig van 'n persoon of welsynorganisasie moet verrig, moet daardie kind ten minste 15 jaar oud wees.

Indien die proefbeampte se verslag aan die Kinderhof toon dat die kind nie by die bepalings van die gemeenskapsgebaseerde vonnis of 'n herstellende geregtigheidsvonnis gehou het nie, of nie die boete betaal het soos in artikel 74 beoog nie, moet die kind weer voor die Kinderhof verskyn en sal die oorspronklike vonnis weer opgelê word.

Indien kinders hulle skuldig maak aan oortredings soos diefstal, aanranding, bedrog, crimen injuria en ander ernstige wangedrag, kan sulke leeders krimineel aangekla word en voor 'n Strafhof verskyn.

2.15 Die Strafhof

Volgens Oosthuizen (2006:79) kan leerders deur die skoolhoof, 'n onderwyser of die skoolbeheerliggaam van 'n kriminele oortreding aangekla word waarby ook die steel van vraestelle of eksamen-afskrywery, die gebruik of besit van dwelms en *crimen injuria* ingesluit is. Voorbeelde van laasgenoemde sluit in om iemand se menswaardigheid of privaatheid te skend of om iemand te vloek. Volgens Oosthuizen en Rossouw (2009:83) toon onlangse navorsing dat die gebruik van vuil taal 'n al hoe groter tendens onder die Suid-Afrikaanse jeug word.

2.16 Hof vir Klein Eise

'n Leerder kan ook voor 'n Hof vir Klein Eise verskyn indien skade aan, byvoorbeeld, die skool, 'n leerder of 'n onderwyser se privaateiendom aangerig is. In hierdie hof word daar nie voorsiening gemaak vir regsverteenvoering nie, en die proses is baie eenvoudig (Oosthuizen, 2006:80). Die hele aksie word deur 'n beampte van 'n plaaslike landdroshof behartig, en hier is dit belangrik dat die proses onder beskerming van die skoolbeheerliggaam van stapel gestuur word en dat die verweerder genoegsame bewyse voorlê.

Die verweerder betaal geen koste vir regsverteenvoering nie, maar die ouer of voog van die betrokke leerling moet vergoeding vir skade aangerig betaal. Ondanks die feit dat ouers verantwoordelik is vir hul kind se gedrag, soos dit ook in die skool se gedragskode vervat is (SA, 1996b), gebeur dit dikwels dat die ouer weier om skadevergoeding te betaal en dat só 'n leerder skotvry daarvan afkom.

'n Voorbeeld van so 'n tipe hofsaak was *Governing Body, Tafelberg School v Head of Cape Education Department (2000)* waar die skool se besittings gesteel is. Die skool kon egter in dié geval nie as applikant optree nie, maar die onderwyser kon wel vir skadevergoeding eis (Oosthuizen, 2009:181).

2.17 Interdik teen ouers

Volgens Oosthuizen (2006:81) kan 'n hofinterdik teen 'n ouer of 'n wettige voog as maatreël gebruik word indien 'n leerder hom aan swak gedrag skuldig maak. Die riglyne vir die implementering van die gedragskode stel dit duidelik dat die ouer primêr verantwoordelik is vir 'n leerder se wangedrag (Oosthuizen, 2006:81). In hierdie verband is dit dan ook in 'n skool se belang om 'n regsgeleerde op sy beheerliggaam te hê en sal dit beslis tot voordeel van die skool strek indien daardie persoon verskyningsbevoegdheid in 'n Hoërhof het en sodoende die skool met die bekamping van

leerderwangedrag van hulp te kan wees teen 'n aansienlik laer koste.

2.18 Die verband tussen ouerlike sorgplig en hantering van leerderwangedrag

Sedert die aanvaarding van die Konvensie oor die Regte van die Kind in Junie 1996 en die Afrika-handves oor die Regte en Welsyn van die Kind in Januarie 2000 word daar meer klem gelê op die regte van die kind en is verskeie Suid-Afrikaanse wette gewysig om erkenning te verleen aan die behoeftes, regte, versorging en beskerming van kinders. Hierby ingesluit is die Grondwet (Artikel 28) en die Kinderwet (SA, 2005), en het veral laasgenoemde tot so 'n mate 'n verandering in die ouer-kind-verhouding teweeggebring dat die gemeneregkonsep van ouerlike gesag met 'n kindgesentreerde benadering vervang is (Boezaart, 2010:202).

Ouers se verantwoordelikheid teenoor hul kinders strek egter veel verder as die blote versorging, kleding, huisvesting en beskerming van kinders, maar sluit ook kinders se skoolastiese opvoeding in. Reyneke (2013:97) is van mening dat aktiewe ouerbetrokkenheid alle aspekte van kinders se formele onderrig omvat, wat beteken dat die ouer indirek ook vir leerderdissipline verantwoordelik is wat 'n belangrike deel van hul opvoeding uitmaak. Ouers is egter geneig om hulle verantwoordelikheid ten opsigte van leerderwangedrag uitsluitlik aan die skool oor te laat, in stede daarvan om groter verantwoordelikheid vir hul kinders se ontwrigtende gedrag by die skool te aanvaar (Mtsweni, 2008:33).

Pretorius (2008:29) stem saam dat die skool nie alleen geblameer kan word vir verswakte leerderdissipline nie, maar dat faktore soos gesinsverbrokkeling, swak waardestelsels en 'n gebrek aan gesagsfigure ook hiertoe bydra. Ouers wat nie goeie lewenswaardes aan hul kinders voorhou nie en ook nie konsekwent in hul optredes is nie, skep verwarring by hul kinders oor wat reg en verkeerd is (Van Loggerenberg, 2004:1).

Die situasie en omstandighede tuis is dikwels bepalend vir 'n leerder se gedrag in die klas, en ouers kan hier 'n waardevolle bydrae lewer deur die leerders se gedrag te korrigeer (Tiwani, 2010:58). Ouers het baie meer tyd tot hul beskikking tuis om aandag aan die kind se fisiese ontwikkeling en karaktervorming te skenk (Pretorius, 2008:29), maar volgens Vogel (2004:3) is die grootste rede vir leerders se wangedrag toe te skryf aan ouers wat nie hul plig nakom om hul kinders te dissiplineer nie. Die onkunde van ouers wanneer dit by die opvoeding van hul kinders kom, het ook 'n impak op leerderwangedrag (Strydom, 2006:1).

Reyneke (2013:99) is van mening dat ouers soms ook bydra tot dissiplinêre probleme by die skool deurdat hul weier om te glo dat hul kinders skuldig is aan wangedrag. Sommige ouers sterk liever hul kinders in hul kwaad as wat hulle betrokke raak by die bekamping van sulke optrede. Pretorius (2008:44) voer aan dat tensy leerders self-dissipline aanleer, skole altyd met dissiplinêre probleme te kampe sal hê.

2.19 Die regsverhouding van die skool teenoor ander belanghebbendes

Joubert en Prinsloo (2008:138) is van mening dat gehalte-onderrig slegs van waarde is as leerders hul onderwysregte kan uitoefen in 'n omgewing wat gekenmerk word deur veiligheid en sekuriteit. Die regsverhouding tussen die skool en die skoolgemeenskap kom na vore waar die skool aanspreeklikheid moet aanvaar vir enige beserings wat leerders mag opdoen. Dit is dus van kardinale belang dat die skool die sekuriteit en veiligheid van leerders moet kan waarborg, want as enigiets met 'n leerder sou gebeur, kan die vraag ontstaan wie daarvoor verantwoordelik gehou moet word (Joubert & Prinsloo, 2008:138). Die skool moet dus 'n veiligheid- en sekuriteitsbeleid in plek hê om die skool te vrywaar van enige insidente wat tot enorme regskoste kan lei.

In 'n skoolopset sou 'n tipiese siviele aksie wees waar 'n leerder seergekry het en die skool met die ouer in 'n hofsaak betrokke raak. Dit kan 'n fisiese besering wees waar die leerder in 'n geveg met 'n ander leerder betrokke geraak het of 'n besering wat tydens 'n rugbywedstryd opgedoen is (Joubert & Prinsloo 2008:138). In bogenoemde gevalle sal die skool aanspreeklikheid vir die insident moet aanvaar en die betrokke ouer vir skade moet vergoed (Hopkins, 2008:8).

'n Ander vorm van kriminele en siviele aanspreeklikheid is waar regstappe deur 'n leerder se ouers of voog teen die skool geneem word as gevolg van 'n besering wat die leerder in die chemieklas tydens die uitvoering van 'n gevaarlike eksperiment opgedoen het (Hopkins, 2008:9). In hierdie verband lê die Grondwet (SA, 1996c) en nasionale wetgewing soos die Skolewet (SA, 1996b), die Wet op Beroepsgesondheid en Veiligheid (SA, 1993) en die Children's Act (SA, 2005) bepalings neer rakende veiligheidsmaatreëls wat by openbare skole getref moet word om leerders se veiligheid te verseker (Joubert en Prinsloo, 2008:140).

In die gemenereg word daar ook na die onderwyser (die skool) se regsverpligting verwys deurdat die ouer by magte is om sy regsverpligting na die onderwyser te delegeer (Joubert & Prinsloo, 2008:145). Dit staan bekend as *in loco parentis* wat letterlik beteken dat die onderwyser in die plek van die ouer optree maar nie noodwendig die primêre rol van die ouer vervang nie. Die Privaatskool-veiligheidsregulasies (DBO 2001) waarna

vroeër verwys is, bepaal dat indien die skool leerders na ekskursies soos sport- en kulturele aktiwiteite wil vervoer, moet goedkeuring hiervoor vanaf die Departement van Basiese Onderwys verkry word (Joubert en Prinsloo, 2008:141). In Bylae 1 tot hierdie regulasies word stappe rakende die vervoer van leerders beskryf, en moet die ouers in alle gevalle toestemming verleen alvorens 'n leerder aan enige ekskursie of uitstappie kan deelneem.

2.20 Die regsverhouding van die skool teenoor die leerder

Die Nasionale Onderwysbeleid (SA, 1996a) dui uitdruklik die belangrikheid van gemeenskapsbetrokkenheid by die ontwikkeling van onderwysbeleid aan, en die beginsels wat in só 'n beleid oorweeg moet word, word in die Witskrif op Onderwys en Opleiding van 1995 (DBO, 1995) saamgevat en kom daarop neer dat 'n demokratiese bestel op elke vlak van die onderwyssisteem weerspieël moet word (Oosthuizen, 2009:277).

Die Skolewet (SA, 1996b) maak voorsiening daarvoor dat die nasionale stelsel vir skole die regte van leerders, ouers en onderwysers sal erken en insgelyks hul verantwoordelikheid vir die organisasie, beheer en befondsing van skole in vennootskap met die staat sal bevorder. Dit het die demokratisering van die beheer en funksies van die skoolbeheerliggaam tot gevolg gehad, maar het ook daartoe gelei dat litigasie deur skoolbeheerliggame oor die reg om aanbevelings te maak rakende die aanstelling en oorplasing van onderwysers, die skorsing en uitsetting van leerders, die bepaling van beleide en die opstel van 'n gedragskode vir leerders sedert 1994 geweldig toegeneem het.

Volgens Oosthuizen (2009:148) tree die skool as 'n regspersoon op omdat die skool nie net 'n gebou of instansie is nie, maar uit natuurlike persone soos leerders, onderwysers, ouers en ander rolspelers of belanghebbendes bestaan en daarom is die skool ook 'n draer van regte. In die geval van gewone oortredings kan die skool (onderwyser) teen 'n leerder optree deur die leerder mondelings te waarsku of deur die leerder na die skoolhoof te verwys. In ernstige voorvalle van wangedrag, kan die skool as regspersoon die leerder wat oortree na die skoolbeheerliggaam se dissiplinêre komitee verwys om so 'n leerder vir nie langer nie as 'n week te laat skors of indien die oortreding baie ernstig is, te oorweeg om die leerder uit die skool te sit (Oosthuizen, 2007:18).

Die skool as staatsorgaan met uitvoerende magte moet ook sy reg uitoefen om elke individue in die skoolopset gelyk te behandel en dus nie teen enige persoon te diskrimineer nie. Die skool het dus die reg om op te tree indien 'n leerder of onderwyser

se reg op gelykheid bedreig word of inbreuk daarop gemaak word.

Artikel 9 van die Handves van Menseregte stel dit duidelik: “Elkeen is gelyk voor die reg en het die reg op gelyke beskerming en voordeel van die reg” (SA, 1996c). Om gelyk voor die reg te wees, beteken dat die staat nie direk of indirek onregverdig teenoor enige persoon op grond van die persoon se ras, kleur, etnisiteit, godsdienst, taal of kultuur mag diskrimineer nie (Oosthuizen, 2009:30). Die skool het dus die reg om ingevolge artikel 9(1) en (3) (SA, 1996b) ’n klag aanhangig te maak teen persone wat hulself in die skoolopset daaraan skuldig maak dat hulle alle leerders nie gelyk behandel of nie gelyke geleenthede bied nie.

Voorts het die skool die reg om individue wat hulle in die skool opset aan kriminele oortredings skuldig maak, te rapporteer. In die verlede het sulke gerapporteerde voorvalle van kriminele leerderwangedrag al fisiese aanranding, geweld, verkragting, crimen injuria en diefstal ingesluit (Jacobs, 2007:2; Liebenberg, 2007:8; Fredericks, 2007:4). In die hofsaak *Governing Body, Tafelberg School v Head of Western Cape Education Department* (2000), waar ’n 14-jarige leerder ’n skool se hardeskyf gesteel het, het die dissiplinêre komitee van die skoolbeheerliggaam uitsetting van die leerder voorgestel omdat dié liggaam dit as ’n kriminele oortreding beskou het (Oosthuizen, 2009:175). Sulke insidente bedreig die orde in ’n skoolomgewing (Oosthuizen, 2009:175), en daarom het die skool die reg om dit te rapporteer ter beskerming van die ander leerders en onderwysers en om ook sodoende ’n doeltreffende leer- en onderrigomgewing te verseker.

Die skool beskik ook oor die reg om elke individu in die onderwys se ander demokratiese waardes soos menswaardigheid, privaatheid, vryheid van uitdrukking, vryheid van godsdienst en vryheid en sekuriteit van persoon te erken, te bevorder en te verwesenlik. Volgens Oosthuizen (2009:175) het fisiese aanranding tussen leerders en selfs tussen onderwyser en leerder ’n algemene verskynsel in Suid-Afrikaanse skole geword. Só ’n insident het in 2006 plaasgevind waar ’n 17-jarige leerder ’n ander leerder in die skool se kleedkamer met die vuiste bygekom het. Die slagoffer moes vyf dae in die hospitaal deurbring, en die aanrander is twee jaar tronkstraf opgelê wat vir vyf jaar opgeskort is (Smith, 2006:15; De Beer, 2007:6).

Onlangse navorsing het bevind dat crimen injuria deesdae ’n algemene vorm van ernstige leerderwangedrag is waar leerders ongewenste taal teenoor onderwysers gebruik (Oosthuizen, 2007:3). Volgens Oosthuizen (2009:176) kan crimen injuria omskryf word as die intensie om iemand se menswaardigheid of privaatheid ernstig te skend. Hy gaan verder deur te noem dat menswaardigheid na selfrespek verwys, en as

dit geskend word, mag 'n skool teenoor sodanige leerder optree. In gevalle waar 'n kollega hom aan sulke gedrag teenoor 'n ander kollega skuldig maak, kan 'n saak deur die dissiplinêre komitee van die skoolbeheerliggaam aanhangig gemaak word. Skole het onteenseglik die reg om sy onderwysers en leerders teen sulke insidente te beskerm en om te verseker dat alle rolspelers die skool as 'n veilige leer- en onderrigomgewing ervaar.

2.21 Gevolgtrekkings rakende regsimplikasies

2.21.1 Die mate waartoe remedies kragtens die Skolewet voldoende is

Oosthuizen (2009:158) verwys na verskeie remedies wat kragtens die Skolewet (SA, 1996b) teen leerders wat hulle aan ernstige wangedrag skuldig maak, ingestel kan word. Hierby ingesluit is skorsing en uitsetting, verwysing na die skoolbeheerliggaam, aanhangigmaking van 'n kriminele klag, verwysing na die Menseregtekommissie, gebruikmaking van 'n gelykheidshof of hof vir klein eise, uitreiking van 'n hofbevel en lukrake deursoeking en beslaglegging op gevaarlike wapens en dwelms. Die vraag ontstaan egter of hierdie remedies voldoende is om wangedrag in skole te verminder. Nie alle remedies sal hier bespreek word nie, maar daar gaan wel enkele gevalle uitgewys word waar remedies nie behoorlik toegepas is nie.

In die geval van skorsing en uitsetting as 'n remedie het navorsing deur Rossouw (2003:425), Lessing en De Witt (2011:415) en Maphosa en Shumba (2010:394) getoon dat onderwysers van mening is dat die skorsing- en uitsettingsproses té lank neem en dat daar nie 'n streng sanksie is wat onmiddellik in stede hiervan toegepas kan word nie. Reyneke (2013:83) voeg hiertoe by dat selfs al het 'n leerder 'n ernstige oortreding begaan, die leerder steeds by die skool aanbly onderwyl die hofsaak sy gang gaan en briewe heen en weer na die Departement van Basiese Onderwys gestuur word. Leerders buit sulke situasies uit omdat hulle agtergekom dat niks werklik met hulle gebeur nie.

Eerder as om die skool in hierdie verband te ondersteun, lê die Departement van Basiese Onderwys gereeld die blaam vir leerders se optrede voor die deur van die skool (Lessing & De Witt, 2011:415) en sloer dikwels met terugvoer rakende dissiplinêre probleme wat deur skole na hulle verwys word (Badenhorst, Steyn & Beukes, 2007:312). Reyneke (2013:1980) voeg hiertoe by dat die skoolbeheerliggaam se vermoë om appèl teen die besluite van die provinsiale departementshoof rakende skorsing en uitsetting aan te teken, beperk is en wys daarop dat 'n leerder of ouer wat 'n appèl wil aanteken, hulle direk tot die minister van onderwys kan wend maar 'n skoolbeheerliggaam mag

slegs 'n aanbeveling aan die hof maak en mag nie self 'n appèl by die minister van onderwys aanhangig maak nie. Juis om hierdie rede is dit van kardinale belang dat die skoolbeheerliggaam oor voldoende kennis sal beskik van die regsraamwerk wat oor die algemeen vir skole geld en in die besonder vertrouwd sal wees met die aard en gevolge van die skool se gedragskode en sy dissiplinêre prosedures en verhore (Bray, 2005:133). Indien die skoolbeheerliggaam nie behoorlik opgelei is nie, bestaan die risiko dat hulle nie die korrekte prosedure in 'n dissiplinêre verhoor sal volg nie en so die 'beste belang van die kind'-beginsel oor die hoof sal sien (Reyneke, 2013:118).

In die hofsaak van *Maritzburg College v C.R. Dlamini N.O. and Others*, waar drie leerders betrokke was by 'n insident waartydens 'n gehuurde skoolbus se ruite vernietig is, is bevind dat hierdie leerders onder die invloed van alkohol was en is 'n bottel brandewyn selfs in een se rugsak gevind. Die provinsiale departementshoof het 21 maande geneem om 'n besluit hieroor te neem, wat bewys dat die proses om leerders te straf soms baie lank neem. Die skoolbeheerliggaam het toe die Hooggeregshof genader vir 'n besluit in hierdie verband. Die provinsiale departementshoof het aangevoer dat artikel 9(1)(a) van die Skolewet nie toelaat dat leerders vir langer as 'n week geskors word nie en dat tussentydse skorsing wat tot uitsetting sou lei, ongrondwetlik was. Die beslissing van regter Combrinck was egter dat die skoolbeheerliggaam korrek opgetree het deur die voorskrifte van die provinsiale wet en regulasies toe te pas en dat die provinsiale departementshoof hom nie op die voorskrifte van artikel 9 kon verlaat nie omdat die Skolewet in daardie stadium nog nie ooreenkomstig gewysig was nie (Oosthuizen, 2009:160).

In gevalle waar gewone oortredings na die skoolbeheerliggaam verwys is, is daar bevind dat dit 'n positiewe uitwerking gehad het omdat leerders hul ervaring voor die dissiplinêre komitee as 'onaangenaam' ervaar het (Oosthuizen, 2009:172). Elke skool hanteer strafmaatreëls egter op sy eie manier, en wat goed vir een skool werk, sal nie noodwendig vir 'n ander skool werk nie.

Die gebruik van gevaarlike wapens en onwettige dwelms is deesdae werklik 'n rede tot kommer binne sommige skole (Reyneke, 2013:182). Die wysiging van die Skolewet deur artikel 8A(2) by te voeg, beteken dat skoolhoofde en onderwysers nou leerders lukraak vir wapens en dwelms kan deursoek en daarop beslag kan lê sowel as dat leerders aan dwelmtoetse onderwerp kan word indien die vermoede bestaan dat hulle dwelms gebruik het. Alhoewel hierdie wysiging help om hierdie probleem meer doeltreffend aan te spreek, is Reyneke (2013:182) van mening dat hierdie bepaling nie duidelik is oor watter faktore oorweeg moet word om só 'n deursoeking teen die beste belang van die kind op te weeg nie. In hierdie verband wys Oosthuizen (2009:182)

daarop dat die regte van die kind ingevolge artikel 36 van die Grondwet nie absoluut is nie en ook ingevolge die Nasionale Beleid oor die Behartiging van Dwelmmisbruik by Leerders (DBO 2002b, hierna Beleid op Dwelmmisbruik) ingeperk word. Voorts is hierdie ondersoeke, wat soms as 'n 'klopjag' deur die polisie onderneem word, ook nie altyd doeltreffend nie omdat leerders deur medeleerders of selfs deur onderwysers vooraf gewaarsku word.

Om 'n klag van kriminele oortreding teen 'n leerder aanhangig te maak, het ook soms nie die uitkoms wat 'n skool te wagte sou wees nie. In die hofsaak van *Governing Body, Tafelberg School v Head of Western Cape Education Department, 2000*, het die skoolbeheerliggaam van 'n skool vir gestremde kinders 'n klag teen 'n leerder gelê omdat hy 'n hardeskyf gesteel het. Dié veertienjarige leerder het dan ook erken dat hy die hardeskyf van die rekenaar in die tegniese tekeninge-klaskamer gesteel het. Die leerder is aanspreeklik gehou vir diefstal omdat hy deur sy erkenning toegegee het dat sy optrede verkeerd was en die hof sodoende sou kon bepaal of die leerder oor toerekeningsvatbaarheid beskik. Die dissiplinêre komitee het geëis dat die leerder summier uit die skool gesit moes word, en die skool se beheerliggaam het hierdie aanbeveling vir bekragtiging na die hoof van die Wes-Kaapse departement van onderwys verwys. Die leerder se vader het egter in 'n brief aan die departement sy seun se saak bepleit, en die respondent in hierdie saak se besluit om die leerder vir uitsetting te oorweeg, is volgens die applikant deur hierdie brief beïnvloed. In hierdie geval is die besluit terugverwys na die respondent wat ook die koste van die hofsaak moes dra. Het die skoolbeheerliggaam nie so sterk oor die saak gevoel nie, sou die leerder sy straf van uitsetting vrygespring het. Hier is dit van belang dat die skoolbeheerliggaam tydens die opstel van hul gedragkode ouers daarop sal wys dat ernstige oortredings deur leerders nadelige gevolge kan inhou. Ouers behoort ook hul kinders die beginsel aan te leer dat die neem van iemand anders se besittings 'n oortreding is en selfs nie by die skool geduld sal word nie.

In 'n ander hofsaak, *Le Roux and Others v Dey (Freedom of Expression Institute and Restorative Justice Centre as Amici Curiae)*, (3) SA 274 (CC), in 2006 waar leerders 'n foto van die onderhoof en die skoolhoof gemanipuleer het deur hulle seksueel te laat poseer, het die skoolhoof en onderhoof 'n klag gelê omdat hulle gevoel het hul menswaardigheid is hierdeur geskend. 'n Strafregtelike klag en later ook 'n siviele klag is teen die leerders gelê en R600 000 is deur die onderhoof geëis. Na verskeie pogings om te appelleer, is die saak uiteindelik in 2011 deur die Konstitusionele Hof aangehoor. Na vyf jaar se hofverrigtinge is net 'n skrale R25 000 aan die slagoffers uitbetaal en hierdie bedrag het nie eens 'n duik in die regkoste gemaak nie.

Die toename in leerderwangedrag kan ook moontlik aan onderwysers se traak-my-nieagtige houding jeens die hantering van sulke gedrag toegeskryf word. Reyneke (2013:425) stem hiermee saam en voeg by dat onderwysers té passief raak ten opsigte van dissipline. Voorts blyk dit ook uit die bogenoemde hofsake dat provinsiale departementshoofde se gebrekkige kennis van die remedies wat in die Skolewet vervat is, tot onbevoegdheid en wanadministrasie aanleiding gee. Gevolglik word ernstige leerderoortredings na skole terugverwys wat veroorsaak dat hierdie remedies nie behoorlik tot uitvoering kom nie. Hoofde van provinsiale onderwysdepartemente maak ook soms die fout om die beskuldigde leerder weer in dieselfde skool terug te plaas, wat moontlik weer tot probleme en 'n herhaling van die sanksieproses teen die leerder aanleiding kan gee.

2.21.2 Die mate waartoe remedies en maatreëls kragtens die Wet op Kinderegeregtheid voldoende is

In 1980, toe apartheid nog 'n wesenlike probleem in Suid-Afrika was, het 'n internasionale groep 'n verslag uitgebring oor kinders wat sonder 'n behoorlike verhoor in aanhouding was (Sloth-Nielsen, 2001:201-231). Hierdie verslag het aanleiding gegee tot 'n internasionale konferensie wat in 1989 in Harare gehou is en wat die impak van apartheid op kinders beklemtoon het. Die uitkoms van hierdie konferensie het die weg gebaan vir 'n nuwe benadering tot kinders se regte in Suid-Afrika (Sloth-Nielsen, 2001:201-231), en in 1994 het die Suid-Afrikaanse Regskommissie opdrag ontvang om nuwe wetgewing te ontwikkel wat spesifiek sou handel met kinders wat met die gereg bots en tot op daardie stadium nie regtig in hierdie verband ondersteun is nie.

Remedies kragtens die Child Justice Act (SA, 2008) is voldoende in die sin dat daar 'n deeglike ondersoek ingestel moet word alvorens 'n kind voor 'n hof (onafhanklike tribunaal of forum) verskyn. Sou 'n Skedule 3-oortreding die inhegtenisneming van 'n kind (14-18 jaar) regverdig, moet 'n skriftelike kennisgewing en hofbevel eers deur 'n polisiebeampte of 'n proefbeampte op die kind en sy ouers bestel word alvorens arrestasie kan plaasvind en hierna moet daar bepaal word of die kind oor verskyningsbevoegdheid of toerekeningsvatbaarheid beskik voordat die reg verder sy gang kan gaan.

In alle gevalle moet die ouer deur die polisiebeampte van die kind se oortreding in kennis gestel word, en indien die kind jonger as 10 jaar is, mag hy nie in hegtenis geneem word nie. Die polisiebeampte sal tegelyk ook die ouer en die betrokke kind oor die kind se regte inlig asook oor die prosedures wat in die regsproses gevolg gaan word.

In hierdie verband behoort daar egter meer klem gelê te word op die rol wat die ouer

moet speel eerder as om bloot van die ouer te verwag om by verhoor op te daag en die kind tydens 'n verhoor te ondersteun. Kortom, ouers behoort verantwoordelikheid te aanvaar vir hul kinders se ernstige oortredings en behoort aanspreeklik daarvoor gehou word.

Artikel 54 van die Strafproseswet bepaal wel dat beide die kind en die ouer hofverrigtinge moet bywoon, maar die ouer tree hier slegs as verteenwoordiger van die kind op en daar is nie regtig 'n afdwingbare remedie wat op die verpligting van die ouer teenoor die kind dui nie. Voorts word daar onder artikel 18 van die Child Justice Act slegs gemeld dat die kind tydens die afwentelingsproses onder die sorg van die ouer, voog of 'n geskikte volwassene geplaas moet word sonder om die ouer daarop te wys dat hy daarvoor verantwoordelik is om te sorg dat die proefbeampte se besoeke aan die kind en die ouer ongehinderd verloop sodat die proefbeampte na behore 'n assesseringsverslag aan die voorsittende beampte kan voorlê.

Voorts moet ouers toesien dat die kind aan 'n rehabilitasieprogram, intervensieprogram of 'n gesinskonferensie deelneem. In laasgenoemde geval word die slagoffer en sy ouers in 'n ontmoeting met die beskuldige en sy ouers saamgebring (SA, 2008:55). Tydens hierdie ontmoeting word daar deur die forum bepaal hoeveel skade aan beide kante berokken is en hoe hierdie twee gesinne met mekaar kan versoen. Die ouer beskik egter slegs oor verskyningsbevoegdheid tydens die afwentelingsproses, wat nie voldoende is nie (Gallinetti, 2009:21-23). Daar moet in die reg voorsiening gemaak word vir die rol wat ouers moet vervul in gevalle waar hul kinders hulself aan ernstige oortredings skuldig maak (Reyneke, 2013:552). Hierdie rol van die ouer moet prominent na vore kom in soverre ouers aangesê moet word om saam met hul kinders die daaglikse program (opleiding) te deurloop waartydens daar aandag aan skooldisipline geskenk word (Reyneke, 2013:552-553).

2.21.3 'n Herstellende versus 'n vergeldende benadering tot leerderwangedrag en ouers se rol hierin

Soos uit die literatuuroorsig in hierdie studie blyk, verplig verskeie wette ouers daartoe om aan die opvoeding van hul kinders deel te neem. Veral die Grondwet, Skolewet, Children's Act en die Child Justice Act sowel as die Suid-Afrikaanse Familiereg-bundel verwys telkens na ouers se regte en verantwoordelikhede. Volgens die Suid-Afrikaanse regstelsel kan hierdie regte en verantwoordelikhede nie daadwerklik deur houe op ouers afgedwing word nie.

Alhoewel die ouer vanuit die gemeenregtelike perspektief, soos in die Suid-Afrikaanse Familiereg-bundel vervat, die reg het om die kind se gedrag te korrigeer en om redelike

en matige lyfstraf aan sy kind toe te dien (Cronjé & Heaton, 2004:291), kan die ouer nie voor die hof gedaag word as hy nie sy verpligting jeens die korrigerende van sy kind se wangedrag nakom nie. Trouens, volgens Cronjé en Heaton (2004:292) is die hof te traag om met die ouer se uitoefening van sy regte en verantwoordelikhede, wat ook beheer en dissipline insluit, in te meng.

Indien kinders deur hulle ouers verwaarloos of selfs mishandel word, kan die hof wel as oppervoog intree. Die Hoërhof het gemeenregtelik die bevoegdheid om na die belange van alle minderjarige kinders om te sien en indien ouers nie in die beste belang van hul kinders optree nie, is die hof by magte om die voogdyskap van sulke ouers op te skort (Cronjé & Heaton, 2004:293). In sulke gevalle kan die hof as oppervoog ook iemand anders as voog van sodanige kinders aanwys of 'n derde persoon aanwys wat verantwoordelikheid vir die ondersteuning van die kind in litigasie moet aanvaar (Cronjé & Heaton, 2004:293).

Ouers ondermyn soms openlik die gesag van die onderwyser deurdat hulle hul kinders se ontwrigtende gedrag by skole verdedig en onderwysers vir hul kinders se wangedrag blameer (Reyneke, 2013:98). Insgelyks, volgens 'n studie deur Lessing en De Witt (2011:410), maak onderwysers hulle daaraan skuldig dat hulle leerders se huislike omstandighede aan leerders se onaanvaarbare gedrag meet.

Die slotsom is dat die rol wat ouers in die hantering van skooldissipline behoort te speel, nie duidelik in wetgewing uitgespel word nie (Reyneke, 2013:552). So, byvoorbeeld, meld Reyneke (2013:552) dat ouers nie altyd na behore 'n rol in die opstel van 'n skool se gedragskode vervul of by formele dissiplinêre verhore betrek word nie (Skolewet, 1996b:8).

Reyneke (2013:425) is egter van mening dat ouers sowel as onderwysers opgelei kan word om 'n herstellende benadering ("restorative approach to discipline") ten opsigte van die hantering van wangedrag te volg. Sy is ook oortuig daarvan dat 'n vergeldende benadering ("retributive approach to discipline") tot leerderwangedrag nie die gewenste oplossing bied vir hierdie verskynsel waarmee skole daagliks te kampe het nie.

Volgens Reyneke (2013:425) kom die vergeldende benadering neer op 'n strafbare en outoritêre benadering tot leerderwangedrag waarvolgens die skuldige op 'n korrektiewe of strafbare wyse die gevolge van sy dade moet dra. Hierteenoor fokus die herstellende benadering daarop om die leerder daarby te betrek om 'n oplossing vir sy verkeerde gedrag te vind. Met hierdie benadering word van die leerder verwag om verantwoordelikheid vir sy optrede te aanvaar én om die gevolge daarvan te dra. Hierdie benadering word ook ooreenkomstig artikel 55(2)(b) en (c) in die Child Justice Act (SA,

2008) voorgehou as 'n proses waarvolgens die slagoffer, die beskuldigde en beide se gesinne asook gemeenskapslede by die versoeningsproses betrek kan word.

Alhoewel Reyneke (2013:461) toegee dat 'n herstellende benadering heelwat tyd en opleiding aan die kant van die ouer gaan verg, dit oor die langtermyn 'n haalbare oplossing vir leerderwangedrag kan bied mits dit deurdag beplan en nagevolg word (Reyneke, 2013:461). Dit is egter nie 'n proses wat onmiddellik resultate gaan oplewer nie, en die regte ingesteldheid en 'n bereidwilligheid tot samewerking aan die kant van alle rolspelers (skoolhoof, onderwysers, leerders en ouers) sal hier deurslaggewend wees.

2.21.4 Regsimplikasies voortspruitend uit die afskaffing van lyfstraf

Volgens Wolhuter en Oosthuizen (2003:438) het die afskaffing van lyfstraf 'n vakuum gelaat in die hantering van leerderwangedrag in Suid-Afrikaanse skole en is baie opvoeders, ooreenkomstig 'n studie wat deur Maree en Cherian (2004:76) onderneem is, van mening dat gedragsprobleme weens die afwesigheid van lyfstraf onder sommige leerders toegeneem het.

Om dissipline effektief te handhaaf, moet skole reëls ten opsigte van leerdergedrag neerlê, en om hierdie reëls af te dwing, moet 'n mate van straf (korrektiewe dissipline) toegepas word sou leerders die reëls verbreek of klasse ontwrig (Joubert & Prinsloo, 2008:123). 'n Studie deur Burton (2008:29) toon dat onderwysers dit moeilik vind om dissipline te handhaaf indien hulle hulself nie op 'n reaktiewe eerder as 'n proaktiewe manier kan verlaat om leerderdissipline af te dwing nie. Reaktiewe metodes om leerderdissipline af te dwing behels dat leerders pyn ervaar en sodoende genoop word om van hul ongewenste gedrag af te sien. Seker een van die bekendste vorme van reaktiewe dissipline is lyfstraf wat, ondanks die grondwetlike verbod daarop, klaarblyklik vandag nog in sommige skole in Suid-Afrika toegepas word (Reyneke, 2013: 427).

Joubert en Prinsloo (2008:124) omskryf straf (lyfstraf) as 'n sanksie of korrektiewe maatreël wat gebruik word om 'n leerder te straf wat 'n skoolreël verbreek of hom aan ontwrigtende gedrag skuldig maak. Ingevolge artikel 10 van die Skolewet word 'n verbod op lyfstraf in openbare skole geplaas en word daar onomwonde verklaar dat enigeen wat hierdie verbod oortree, hom aan 'n misdryf skuldig maak en by skuldigbevinding 'n vonnis vir aanranding opgelê kan word (Smit, 2015:39). Hierdie artikel van die Skolewet moet saamgelees word met artikel 12 van die Grondwet wat enigeen verbied om 'n ander op 'n vernederende, onmenslike of verkleinerende wyse te straf. Desondanks die verbod wat ingevolge artikel 10 van die Skolewet ten opsigte van lyfstraf opgelê word, bevat hierdie wet geen omskrywing van 'lyfstraf' nie, en verwys dokumente komende van die

Departement van Basiese Onderwys maar net vaagweg daarna as "fisiese lyfstraf" (Reyneke, 2013:547).

Ondanks die fisiese en psigologiese impak wat lyfstraf op leerders het, word dit steeds in sommige skole toegepas (Wolhuter & Van Staden, 2008:396; SAMRK, 2008:13; Burton, 2008:28-30) en is Reyneke (2013, 78) van mening dat onderwysers vandag nog lyfstraf as dié dissiplinêre strafmaatreël beskou wat, volgens hulle, 'n onmiddellike en hoogs effektiewe oplossing vir dissiplinêre probleme bied. 'n Studie wat in 2008 onderneem is (NSVS, 2008), het dan ook aangetoon dat 7 uit 10 (70,1%) van laerskoolleerders en omtrent die helfte (47,5%) van hoërskoolleerders aangedui het dat hulle al deur 'n onderwyser of skoolhoof met 'n rottang, tuinslang of stok geslaan is omdat hulle 'verkeerd' opgetree het. Hierdie bevinding word deur Leoschut (2009:41) se nasionale studie onderskraag waarin bevind is dat lyfstraf al aan 51,7% van leerders toegedien is.

By nadere beskouing van die verslae wat deur die Menseregtekommissie in die loop van 2008 en 2011 in hierdie verband gepubliseer is, blyk dit duidelik dat ondanks die verbod op lyfstraf, hierdie strafmaatreël steeds in meer as die helfte (51,4%) van Suid-Afrikaanse skole toegepas word en dat veral die Oos-Kaap (65,3%), Mpumalanga (64,1%) en Limpopo (55,7%) hulle op hierdie remedie verlaat. Die regsimplikasie wat dit spesifiek vir die onderwyser inhou indien hy hom aan die toediening van lyfstraf skuldig sou maak, is dat hy 'n boete opgelê, tot gevangenisstraf gevonnis en selfs uit die onderwysberoep geskors kan word. Voorts kan 'n onderwyser strafregtelik van aanranding aangekla word deur die ouer van 'n kind wat onverskillig geslaan is en sal die onderwyser wat hom aan só 'n oortreding skuldig maak ingevolge artikel 17(d) van die Wet op die Indiensneming van Opvoeders (SA, 1998) hom aan onmiddellike ontslag blootstel (Smit, 2015:107).

Alhoewel daar in hierdie studie op die regsimplikasies vir die onderwyser gefokus word, moet daar in gedagte gehou word dat ook 'n ouer nie die reg het om 'n onderwyser opdrag te gee om lyfstraf op sy kind toe te dien nie (Oosthuizen, 2009:183). Joubert en Prinsloo (2008:124) brei hierop uit deur by te voeg dat selfs die ouer verbied word om lyfstraf aan sy kind op die skoolperseel toe te dien en, indien 'n ouer aan sodanige oortreding skuldig bevind sou word, ook hy gevonnis of 'n boete opgelê kan word.

Le Roux en Mokhele (2011:326) is van mening dat daar 'n duidelike verband tussen dwelm- en alkoholmisbruik en leerderwangedrag bestaan. Volgens hulle wil dit voorkom asof skole ná die afskaffing van lyfstraf in onveilige plekke ontaard het waar maatskaplike euwels soos alkohol- en dwelmmisbruik, seksuele teistering en bendebedrywighede aan die orde van die dag is. Voorts het 'n ondersoek deur die Suid-

Afrikaanse Menseregtekommissie (SAMRK, 2008:19) getoon dat leerders wat aan geweld by hul huise blootgestel word, geneig is om soortegelyke gedrag by die skool te openbaar.

Dat geweld in Suid-Afrikaanse skole nie 'n nuwe verskynsel is nie, blyk duidelik ook uit die tweede navorsingstudie wat deur Burton en Leoschut in 2012 onderneem is (Burton & Leoschut, 2012: xii). Hierdie studie getitel *National School Violence Study* wat namens die Sentrum vir Geregtigheid en Misdaadvoorkoming onderneem is, het getoon dat geweld kenmerkend van Suid-Afrikaanse skole is. Dié studie waaraan 5,939 leerders, 121 skoolhoofde en 239 onderwysers deelgeneem het, het getoon dat 12,2 % van leerders deur geweld geteister word, 6,3 % van leerders al aangerand is, 4,7 % al seksueel aangerand is en 4,5 % al op skool beroof is (Burton & Leoschut, 2012:xii).

Vergeleke met 'n soortgelyke studie wat in 2008 onderneem is, was daar 'n aanmerklike toename in jong leerders wat vóór toelating tot 'n hoërskool reeds aan geweld, alkohol- en dwelmmisbruik of bendebedrywighede (hetsy as slagoffer of ooggetuie) in hul skool, huis of gemeenskap blootgestel is (Burton & Leoschut, 2012:xiii). Hierdie studie wat in al nege provinsies onder laer- en hoërskole onderneem is, skets 'n akkurate beeld van die geweld wat in Suid-Afrikaanse skole ervaar word (Burton & Leoschut, 2012:2).

Kortom, dat daar wel redes vir leerders se wangedrag bestaan, ly geen twyfel nie. Wat egter ook nie weerspreek kan word nie, is dat alhoewel die regsimplikasies vir die kind wat aan ernstige wangedrag skuldig bevind word, duidelik uitgespel word en hy hom op verskeie remedies kan verlaat, dieselfde aanspraak nie noodwendig deur die skool as 'n regsentiteit gemaak kan word nie. Voorts wil dit voorkom asof ouers skotvry daarvan afkom in soverre hulle verantwoordelikhede ten opsigte van die dissiplinering van hul kinders aanbetref.

2.22 Samevatting

Uit die literatuur is dit duidelik dat leerderwangedrag kommerwekkende afmetings in Suid-Afrikaanse skole en elders in die wêreld aanneem. Daar moet daadwerklik gepoog word om ouers se betrokkenheid af te dwing ten einde 'n oplossing vir hierdie probleem te vind. Om hierdie betrokkenheid te bewerkstellig, moet ouers 'n kultuur van meelewendheid aanleer en moet Suid-Afrikaanse wetgewing wat op onderrig betrekking het, bepalinge neerlê waarvolgens ouers verplig word om deel te hê aan 'n meganisme wat daarop afgestem is om werk te maak van hul kinders se wangedrag.

Die hof moet dus by magte wees om te beveel dat ouers meer tyd saam met hul kinders moet bestee sodat daar spesifiek aandag geskenk kan word aan aspekte rondom

dissipline, strafmaatreëls en die hantering van afwykende gedrag. Insgelyks moet daadwerklike pogings aangewend word om die gaping tussen die skool en die ouer in hierdie verband te oorbrug en om ouers tot 'n groter mate by leerderdissipline te betrek. Kortom, daar behoort daadwerklik daarvan werk gemaak te word om die leemte in die reg rakende die afdwinging van ouerlike verantwoordelikhede aan te spreek.

Hierby sal die Departement van Basiese Onderwys, skole en ouergemeenskappe saam daaraan moet werk om die situasie in die onderwys te verbeter sodat Suid-Afrikaanse leerders se reg op 'n gehalte-onderwys verwesenlik kan word en almal daartoe bydra om van hierdie jongelinge volwaardige burgers te maak wat ten volle toegerus is om hierdie land se vraagstukke die hoof te bied.

HOOFSTUK3

Navorsingsontwerp, Dataontleding en Metodologie

3.1 Inleiding

Die voorafgaande hoofstuk bevat die literatuuroorsig wat die inligting dek dat daar werklike leerderwangedragsprobleme in Suid-Afrikaanse skole en in die res van die wêreld bestaan waarmee onderwysers daaglik te doen het, asook dat die afwesigheid van ouerbetrokkenheid wel een van die vernaamste faktore van leerderwangedrag is. Dit dien ook as motivering vir die navorser om die fokus te plaas op veral die gebrek aan ouerbetrokkenheid ten opsigte van die hantering van leerderwangedrag in skole in die John Taolo Gaetsewe-distrik in die Noordkaap waar die navorser werksaam is.

In Hoofstuk 3 word die navorsingsontwerp uiteengesit asook hoe die navorser te werk gegaan het om skole en deelnemers te selekteer om ryk, relevante data wat op die fenomeen onder bespreking betrekking het uit die deelnemers in die skoolgemeenskappe van hierdie betrokke streek te verkry. Die navorsingsontwerp sluit in: die induktiewe proses wat behels hoe die empiriese studie gedoen is, die populasie geneem is, die steekproef bepaal is, dataverkryging hanteer is, seleksie van deelnemers geïdentifiseer is, die navorser se rol, hoe geldigheid en betroubaarheid gewaarborg word en ten laaste die etiese aspekte wat deelnemers se persepsies, veronderstellings en opinies sal beskerm.

In hierdie hoofstuk sal die navorser ook die bespreking van die resultate wat hy vanaf die verskillende deelnemers ontvang het, noukeurig ontleed en die metodes verduidelik wat gebruik is om die inligting te ontleed. Die data-ontledingsproses sal dan volg waar die versamelde data deur die navorser ontleed, herstruktureer en georden word om 'n geheelbeeld van die data te verkry. Daarna sal die ingesamelde data in segmente verdeel word waar die navorser belangrike temas, subtemas en sub-subtemas formuleer. Die ontleding van data sal ook verder in hierdie hoofstuk bespreek word.

3.2 Navorsingsontwerp

'n Navorsingsontwerp kan drie vorms van navorsing aanneem, naamlik 'n kwalitatiewe, kwantitatiewe en gemengde navorsingsmetode wat beide kwalitatief en kwantitatief in die studie behels (Creswell, 2014:3). 'n Navorsingsontwerp is 'n strategiese aksieplan gegrond op filosofiese veronderstellings om geselekteerde deelnemers te vind en data te versamel deur tegnieke wat die navorser gaan gebruik om die data te ontleed om sinvolle bevindinge te maak (Maree, 2007:70). Babbie & Mouton (2001:74) beskou 'n

navorsingsontwerp as beplanning en strukturering van 'n navorsingstudie om die geldigheid en betroubaarheid van sodanige studie aan die einde daarvan te verseker. De Vos & Fouché (1998:99) is van mening dat 'n navorsingsontwerp 'n padkaart is om die doelwitte en doelstellings van die navorsingstudie te bereik. 'n Kwalitatiewe benadering is gevolg om die doelwitte en doelstellings van die studie te bereik.

3.2.1 Kwalitatiewe navorsing

'n Kwalitatiewe studie word gegrond op drie basiese aspekte, naamlik: Wat is waarheid (ontologie), hoe vind ons uit wat die waarheid of wat die realiteit is (epistemologiese veronderstellings) en watter konsepte is beskikbaar vir die navorser om homself met die ontologiese kennis en epistemologiese veronderstellings in 'n nuwe wêreldsiening te vereenselwig (Maree, 2007:47). Navorsers beskryf 'n kwalitatiewe benadering as 'n poging om ryk, beskrywende data te verkry om 'n spesifieke fenomeen of konteks te bestudeer of waar te neem om 'n beter begrip daarvan te formuleer. 'n Kwalitatiewe studie word as 'n breër term beskou waaronder 'n wyer verskeidenheid navorsingsbenaderings en metodologieë beskryf word, soos naturalistiese, subjektivistiese, interpretivistiese en konstruktivistiese metodes (Maree, 2007:50).

Kwalitatiewe navorsing as 'n navorsingsmetodologie konsentreer op die verstaan van die prosesse en die sosiale en kulturele konteks wat 'n variasie van gedragspatrone behels en konsentreer op die eksperimentering met die “waarom” en “hoekom” vrae in die navorsing (Maree, 2007:51). Hierdie tipe navorsing bestudeer mense of sisteme deur wisselwerking en deur waarneming in hierdie deelnemers se natuurlike omgewing en deur te fokus op die deelnemers se bedoelings en interpretasies van 'n fenomeen (Maree, 2007:51).

Die klem moet wees op die “kwaliteit of gehalte” (ryk, beskrywende data) en “diepte” van die inligting en nie op die bestek of wydte van inligting soos in kwantitatiewe navorsing verag word nie. 'n Kwalitatiewe navorsingsmetodologie stel min belang in die ontwikkeling van statistiese betroubare monsters of die soeke na statistiese ondersteuning vir 'n hipotese of om die grootte of bestek van 'n fenomeen te bepaal (Maree, 2007:51).

Die wetenskap (kennis) van kwalitatiewe sowel as kwantitatiewe navorsing of enige ander navorsing se grondslag word onderlê in die veronderstellings wat op die geldigheid van navorsing baseer is en watter navorsingsmetodes vir 'n spesifieke rede binne 'n spesifieke konteks geskik is. Om hierdie geldigheid van navorsing te bestudeer moet die volgende vrae gestel word:

- Wat is waarheid of realiteit (ontologie)?

- Wat is die aard van 'n fenomeen (temas/ onderwerpe wat nagevors word)?
- Hoe sal ons weet?/ Is dit werklik dit wat ons wil weet (epistemologiese veronderstellings)?
- Wat is die verhouding tussen die soeker na kennis en dit wat alreeds bekend is (dit wat 'n persoon alreeds weet)?

In hierdie studie beoog die navorser om 'n kwalitatiewe studie vanuit 'n interpretivistiese benadering te doen (Maree, 2007:75). Die interpretivistiese benadering se oorsprong is gesetel in hermeneutiese denke; die studie van teorie en praktiese beoefening van interpretasie. Van Rensburg & Landman (1990:198) is van mening dat die mens persoonlike sinneming en singewing ervaar deur betrokke te wees by sy wêreld waar dinge, gebeure of verhoudings betekenis kry. Die interpretivistiese perspektief is dus gegrond op die volgende veronderstellings:

(a) menslike lewe kan alleenlik binne konteks verstaan word

Dit wil sê, om 'n fenomeen (onderwerp) te bestudeer, moet die navorser tegnieke gebruik wat ten doel het om te verstaan hoe mense die fenomeen binne hul sosiale omgewing interpreteer.

(b) sosiale lewe is 'n kenmerkende menslike produk

Die dieperliggende veronderstelling is dat wanneer mense in hul sosiale omgewing geplaas word, dit 'n groter geleentheid vir die navorser bied om die persepsies wat mense oor hulself en oor hulle eie aktiwiteite het en hoe hulle die omliggende wêreld beskou en verstaan.

(c) Die menslike geheue is 'n doelgerigte bron of oorsprong van menings (opinies)

Deur eksperimentering van die ryke, diepgaande en gekompliseerde fenomene begin ons 'n begrip kry hoe mense fenomene binne sosiale konteks interpreteer.

(d) menslike gedrag word deur kennis van die sosiale wêreld beïnvloed

Indien die kennis en ons begrip van die sosiale wêreld en die realiteite wat gekonstrueer is toeneem, verryk dit ons teoretiese en konseptuele raamwerk (denkwyse).

(e) die sosiale wêreld bestaan nie onafhanklik van menslike kennis

As navorsers sal ons eie kennis en begrip van 'n fenomeen ons beïnvloed in terme van die tipe vrae wat ons stel en die manier waarop ons die navorsing uitvoer. Om die wêreld dus as ekstern en onafhanklik van ons eie kennis en verstaan te sien, is om die subjektiwiteit van ons eie pogings te ignoreer (Maree, 2007:60).

Babbie en Mouton (2006:53) definieer die oogmerk van kwalitatiewe navorsing as die beskrywing en begrip in plaas van die voorspelling of verklaring van menslike gedrag. Hierdie skrywers stel dat die kwalitatiewe benadering in die wydste sin van die woord verwys na navorsing wat deelnemers se weergawes van die betekenis, ondervinding of persepsies uiteensit. Volgens Gall, Borg en Gall (1996:767) is kwalitatiewe navorsing 'n ondersoek wat gegrond is op die aanname dat individue sosiale werklikhede volgens hul eie interpretasies konstrueer en hierdie konstrakte neig om situasie gebonde en van verbygaande aard te wees. Daarom behels die dominante metodologie van kwalitatiewe navorsing dat hierdie betekenis en interpretasies ontdek moes word deur gevalle intensief in die natuurlike omgewing te bestudeer, waarna dit deur middel van induktiewe analise ontleed word (Gall *et al.*;1996:767).

Die kwalitatiewe navorsing is gegrond op die definisies van Babbie en Mouton (2006:53) en die metodologie soos beskryf deur Gall *et al.* (1996:767). Die fokus vir die studie was dus om die deelnemers se ervarings en ondervindinge te ontleed om 'n beter begrip te verkry, van die rol wat ouers en skoolbeheerliggame in die hantering van leerderwangedrag in skole moet speel. Die metode het die navorser in staat gestel om tot nuwe insigte te kom oor die spesifieke fenomene binne die subjektiewe ondervindings van menslike aktiwiteite in hul sosiale wêreld (Maree, 2007:59); met ander woorde, die manier waarop mense hul sosiale wêreld konstrueer deur die uitruil en integrering van kennis.

Die veronderstelling is dat, deur mense in hul eie sosiale konteks te plaas, die geleentheid groter is om die persepsies wat hulle oor hul eie aktiwiteite het te verstaan (Maree, 2007:60). Fenomenologiese studies poog om menslike persepsies, perspektiewe en begrip met betrekking tot 'n spesifieke situasie te verstaan (Leedy & Ormrod, 2005:139).

3.3 Versameling van data

Die kwalitatiewe navorser het 'n verskeidenheid navorsingsmetodes waaruit hy kan kies om sy studie te begrond, naamlik: narratiewe, waarneming, onderhoude en die gebruik van dokumente en visuele materiaal. Hierdie kwalitatiewe navorsingsmetodes toon ooreenkomste deurdat hulle almal van verbale beskrywings gebruik maak (Creswell, 2014:185). Die ooreenkomste is die volgende:

- Die navorser tree op as instrument in die proses van data-insameling en -ontleding.
- Kwalitatiewe navorsing gaan gepaard met veldwerk in 'n natuurlike omgewing.

- 'n Induktiewe proses word gevolg.
- Die teikengroep word doelgerig geselekteer en is gewoonlik 'n klein groep deelnemers wat volgens spesifieke kriteria gekies word.
- Navorsingsbevindings behels deurlopende temas, kategorieë en tentatiewe hipotese-afleidings of -vorming.
- Kwalitatiewe navorsing fokus op die diepgaande beskrywing van die fenomeen (Creswell, 2014:185-186).

Die navorser het besluit om indiepte-onderhoude met die geselekteerde deelnemers te voer om 'n dieperliggende beskrywing van die fenomeen te verkry.

3.3.1 Onderhoude

Volgens Maree (2007:87) is 'n onderhoud 'n twee-rigtinggesprek waar die navorser aan die deelnemer vrae stel om data te bekom en op so 'n wyse leer die navorser meer van die deelnemer se idees, persepsies, oortuigings, menings en gedrag binne 'n natuurlike konteks.

McMillan & Schumacher (1997:264) beskryf drie vorme van onderhoude wat deur die kwalitatiewe navorser gebruik kan word, naamlik: gestruktureerde, semi-gestruktureerde en ongestruktureerde onderhoude. In die geval van 'n gestruktureerde onderhoud kom dit te rigied voor deurdat geskrewe vrae presies net so aan die deelnemer gestel word (McMillan & Schumacher, 1997:264). 'n Semi-gestruktureerde onderhoud is meer informeel en buigsaam, want die navorser kan van tyd tot tyd die vrae anders stel vir ryker spontane verkryging van data. Die ongestruktureerde onderhoud vereis sosiale interaksie tussen gelykes vir een doel, om relevante navorsingsinligting te verkry (Creswell,2014:190).

Die navorser het besluit om indiepte- semi-gestruktureerde onderhoude as data-insamelingsmetode te gebruik om die dag-tot-dag-belewenisse van deelnemers te interpreteer en te verstaan. Dié tipe data-insamelingsmetode vereis ook dat die navorser in beheer van die onderhoude moet wees en presies weet wat hy wil bereik deur dit so te doen. In 'n semi-gestruktureerde onderhoudvoering word daar van 'n onderhoudskedule (aansluite D en E) gebruik gemaak.

Poggenpoel (1993:8) beveel die volgende kommunikasietegnieke aan wat die navorser in gedagte moet hou tydens die ondervragingsproses:

- Om te reflekteer op die inhoud en gevoelens van deelnemers om hul ervarings, persepsies en oortuigings te verstaan,

- om 'n stelling deur die deelnemer gemaak te omskryf,
- om terugvoering aan die deelnemer te gee oor die inhoud van die onderhoud of gedeeltes daarvan,
- om indien 'n deelnemer te vaag, onduidelik of verwarrend reageer, hom/haar te versoek om duideliker te wees, en om te versoek dat die deelnemer dit meer beskrywend moet stel.

Die deelnemers wat ondervra is, het bestaan uit onderwysers en ouers uit elke skoolgemeenskap. Dit het die navorser in staat gestel om ondersoekende en opvolgvrae te vra ten einde die dieperliggende redes vir die verskynsel te bepaal. Die navorser het aandagtig geluister terwyl die deelnemers hul ondervindings met betrekking tot die fenomeen omskryf en moes vaak teen subtiële dog betekenisvolle leidrade in die deelnemers se uitdrukkings, vrae en gevolgtrekkings. Die tipe onderhoud was meer 'n informele of semi-gestruktureerde ondervraging waar die deelnemer die meeste praatwerk gedoen het en die navorser het net geluister en aantekeninge gemaak van wat gesê is (Leedy & Ormrod, 2005:139). Die navorser as fenomenoloog het besluit om sy studie op 'n fenomenologiese benadering te baseer.

3.3.2 Fenomenologie as uitgangspunt

Kwalitatiewe navorsing het sy oorsprong in die fenomenologiese benadering (Cresswell, 2014:12). Die fenomenologiese navorser konsentreer meer op tydrowende onderhoude met vooraf geselekteerde deelnemers wat die geskikte en maksimum inligting oor die onderwerp verskaf (Leedy & Ormrod, 2005:139; Creswell, 2005:203).

'n Fenomenologiese studie word beskryf as 'n metode waar deelnemers antwoorde op vrae verskaf wat betrekking het op fenomeen (verskynsels) en hoe dit verstaan en geïnterpreteer word (Leedy & Ormrod, 2001:101). 'n Fenomenologiese studie fokus op die dieperliggende lewenservarings van individue aangaande spesifieke verskynsels en hoe hierdie individue dit wat ervaar word, binne hul eie leefwêreld konstrueer (Creswell, 2007:37).

Hierdie benadering vereis dus dat die navorser homself inleef in die deelnemers se leefwêreld en deur die oë van die deelnemer die fenomeen in perspektief aanskou (Fouché, 2002:273). Die fenomenologiese benadering is deur die navorser gekies om die rol wat oerbetrokkenheid in hierdie fenomeen speel te ondersoek en moontlike antwoorde op die navorsingsvrae te verskaf.

Die fenomenologiese metode het die navorser in staat gestel om 'n indiepte-beskrywing te gee van hoe oerbetrokkenheid 'n rol kan speel by die vermindering van

leerderwangedrag. Volgens Maree (2007:55) is die kwalitatiewe benadering daarop gerig dat veronderstellings, bedoelings, geaardhede, oortuigings en waardes ontdek word deur ander persone se ervarings van 'n spesifieke fenomeen te ondersoek. Die vrae wat aan die deelnemers gestel is, was in duidelike taal en deelnemers het die keuse gehad om te antwoord in die taal wat vir hulle gemaklik was. Hierdie onderhoude was in die vorm van 'n informele aangesig-tot-aangesig gesprek waar die navorser die vrae aan die deelnemers stel om ryk, beskrywende data te verkry.

Die onderhoude is op band vasgelê waar daar met elke deelnemer vooraf gereël is om dit op hierdie wyse te doen en waar deelnemers ook vrywillig skriftelik daartoe ingestem het. Die spesifieke tyd en plek waar onderhoude sou plaasvind is ook vooraf met deelnemers onderhandel.

Die onderhoudvoerder moes op sy hoede wees ten opsigte van die reaksies van die deelnemers op sy vrae deur moontlik die vrae anders te stel om direk by die fenomeen onder bespreking aan te sluit (Maree, 2007:87). Dit gebeur soms dat 'n besprekingspunt of vraag wat gestel word die lyn van ondervraging in 'n heel ander rigting stuur en juis hier was die onderhoudvoerder se bevoegheid op die proefgestel om in te gryp en die deelnemer te laat fokus op die fenomeen onder bespreking.

Volgens Sowell (2001:7) moet die navorser versigtig wees met die plek waar die onderhoudvoering gaan plaasvind. Die navorser moet die omstandighede van elke deelnemer in ag neem en seker maak dat die voorgestelde tyd wel die deelnemer pas en indien dit die deelnemer nie pas nie, 'n ander tyd te skeduleer.

Elke onderhoud, hetsy groeponderhoude of individuele onderhoude, is uniek in die hantering daarvan. In 'n groeponderhoud mag deelnemers dalk meer vrymoedigheid hê om hul opinies met ander deelnemers binne die groep te deel terwyl 'n individuele onderhoud deelnemers van die inligting mag weerhou omdat dit moontlik te persoonlik is.

Die navorser (onderhoudvoerder) moes dus op 'n subtile tog objektiewe manier sy vrae stel om deelnemers se vertroue te wen en professionaliteit deurgaans te handhaaf. Die lengte van die onderhoude het afgehang van wat die deelnemers nog wou meedeel en in sekere gevalle het van die deelnemers nie baie uitgebrei oor 'n vraag nie. Die voorafgaande punt wat genoem is, stel dit duidelik dat indien die navorsingsvrae aan 'n deelnemer gestel is en die betrokke deelnemer nie verder daarop kon uitbrei nie, het dit 'n versadigingspunt bereik.

Die onderhoudvoering het met die toestemming van elke deelnemer (veral in die geval van die ouers) in die betrokke deelnemer se huis plaasgevind. Die rede vir die besluit was om die deelnemers op hul gemak te laat voel en om die gedagte van intimidasie wat

moontlik deur die deelnemer ervaar sou word, uit te skakel. Indien die deelnemer sou instem vir die versoek deur die onderhoudvoerder om die onderhoud tuis te laat geskied, moes die deelnemer seker maak dat daar geen onderbreking sou wees.

In die geval van die onderwysers as deelnemers het die onderhoudvoering na ure in die personeelkamer van die betrokke skool plaasgevind. Die onderhoudvoerder het juis hierdie geskeduleerde tyd so bepaal om ontwigting of enige onderbreking wat moontlik sou opduik te vermy. Die navorser het onderhoude met die deelnemers gevoer totdat die ryk, beskrywende data 'n versadigingspunt bereik het.

3.3.3 Doeldienende (“purposive”) steekproef

Kwalitatiewe navorsing word gegrond op nie-waarskynlikheid- en doeldienende steekproefneming in plaas van waarskynlikheid- en ewekansige steekproewe (Maree, 2007:79). In hierdie studie sal 'n doeldienende steekproef gedoen word deur vyf-en-twintig deelnemers uit vyf omliggende skole in die John Taolo Gaetsewe-distrik te selekteer op grond van hul kennis of blootstelling aan leerderwangedrag in die streek. Die doel met die selektering van net vyf skole is nie om die resultate na 'n groter populasie (byvoorbeeld meer onderwysers en ouers in die Noordkaap) te veralgemeen nie, maar om dit te beperk tot vyf skole met soortgelyke probleme in dié streek.

Die volgende kriteria is gebruik om die navorser te help met die seleksie van die vyf skole, naamlik:

- Die skool moet in die John Taolo Gaetsewe-distrik in die Noordkaap geleë wees.
- Die skool moet 'n oorbevolkte leerdertal akkommodeer.
- Die skool moet ernstige en minder ernstige leerderwangedrag probleme ondervind.
- Die skool moet 'n staatsondersteunende skool wees.
- Die onderwyser moet ook in die streek werksaam wees.
- Die ouers as deelnemer moet ook in die streek woon.

Die doeldienende (“purposive”) selektering van die skole en deelnemers is vooraf deur die navorser gedoen deur die skole te besoek om inligting in te win en daarna die seleksie te doen. Dit het aan die navorser 'n duidelike beeld gegee van elke skool se omstandighede in die betrokke area asook die noue samewerking tussen die rolspelers (die bestuurspan van die skool, skoolbeheerliggaam, onderwysers, ouers en leerders) by die betrokke instansie. Maree (2007:79) beveel aan dat doeldienende steekproefneming tesame met datahersiening en -ontleding tydens dataverkryging

gedoen moet word. Sodoende kan dataverkryging dan gestaak word sodra teoretiese versadigingspunt bereik is (Maree, 2007:79).

3.3.4 Ontleding van data

Transkribering verwys na die proses van opskryf van die opgeneemde gesprekke (onderhoude) van deelnemers om dit op papier te verwoord (Poland, 1995:292; Wellard & McKenna, 2001:180). Die navorser het *verbatim* transkribering toegepas; met ander woorde, woord-vir-woord beskrywing van data (Poland, 1995:292).

Poland (1995:292) argumenteer dat die akkuraatheid van die transkripsieproses problematies word as die subjektiewe aard van menslike kommunikasie in ag geneem word en ook die feit dat die transkripsie interpretatief omskryf word. Die manier waarop die data van die onderhoud deur die navorser (transkribeerder) gehoor en weergegee word, speel 'n belangrike rol in die vorm en akkuraatheid van die transkripsie van die spesifieke data (MacLean, Meyer & Estable, 2004:113). In die geval van onderhoude kan ryk, beskrywende en indiepte verbale data verskil afhangende van die spesifieke navorsingsontwerp en navorsingsvraag wat onder bespreking is.

In 'n kwalitatiewe paradigma word die data-ontledingstegnieke soos onderhoudvoering, diskoers en narratiewe ontleding gebaseer op *verbatim* transkribering. Hierteenoor maak kwantitatiewe navorsing van geslote-einde vrae gebruik om struktuur aan die onderhoude te gee en bied die geleentheid aan deelnemers om 'n keuse te maak tussen vooropgestelde reaksiekategorieë.

Babbie & Mouton (2006:490) is van mening dat daar nie 'n enkele en spesifieke rigiede metode bestaan om kwalitatiewe data korrek te ontleed nie. Die navorsingsmetode wat die navorser gebruik, bepaal gewoonlik hoe die ontleding van die data plaasgevind het.

a) 'n Holistiese beskouing van die data

Elke getranskribeerde onderhoud van die deelnemers was gelees en hoofgedagtes was onderstreep en gedagtes was langsaan in die paragraaf waar dit voorkom, opgeteken. Die transkripsies is individueel deur die navorser gelees om hoofgedagtes te formuleer wat later in temas en spesifieke kategorieë verdeel is.

b) Segmentverdeling van data

Die getranskribeerde onderhoude is daarna weer verder ontleed en belangrike gedeeltes daarvan in segmente verdeel en reël-vir-reël vertolk om 'n dieperliggende begrip te verkry. Die navorser moes deurentyd die volgende vrae in gedagte hou:

- Is die beantwoording van die vrae deur die deelnemer nog van toepassing op die studie?
- Beantwoord dit in 'n mate nog die navorsingsvrae?
- Hou die antwoorde van die deelnemers nog verband met die voorafgaande inligting in die literatuuroorsig of verskil dit?

Die data wat vanaf elke deelnemer verkry is, moes ontleed word deur belangrike konsepte daaruit te haal wat die bepaalde omgewing van elke deelnemer beskryf. Die gedeeltes word deur die navorser na verskeie oorwegings in temas herrangskik en tot verdere subtemas indien moontlik beklemtoon.

c) Identifisering van temas, subtemas en sub-subtemas

Die navorser het ook van temas, subtemas en sub-subtemas gebruik gemaak om die data te klassifiseer en sodoende die hoofgedagtes te beklemtoon wat op die noodsaaklike gedeeltes van die studie betrekking het. Die navorser het ook gebruik gemaak van plakkate om die inligting daarop te vertoon en dan gevolgtrekkings en vergelykings te maak met ooreenkomste tussen die temas en kategorieë.

d) Kodering

Weaver & Atkinson (1994:31) beskryf kodering as 'n strategie waarby data gesegmenteer en geëtiketteer word volgens die navorser se begrip en vertolking van gedeeltes van die data wat iets in gemeen het en wat dus saamgevoeg kan word.

Die navorser het van die volgende koderingstegnieke in sy studie gebruik: oop kodering, aksiale kodering en selektiewe kodering om meer optimale en sinvolle idees, gedagtes en persepsies van die versamelde data te verkry (Leedy & Ormrod, 2005:141). **Oop kodering** stel die navorser in staat om die versamelde data in die studie (teksgedeeltes) te herwin en gedeeltes daarvan aan 'n tema of kategorie te koppel (Maree, 2010:105). Leedy en Ormrod (2005:141) beskryf oop kodering as die vermindering van data na 'n kleiner porsie van sleuteltemas wat die fenomeen dieper beskryf. **Aksiale kodering** kom voor waar die navorser 'n verband probeer vind tussen kategorieë/ temas en subkategorieë/ subtemas asook sub-subtemas (Maree, 2010:107; Leedy & Ormrod, 2005:141). **Selektiewe kodering** word deur Maree (2010:107) beskryf as die proses van selektering en identifisering van die kerngedagtes (kategorieë) om dit met die aanvanklike of ander kategorieë (deurlopende temas) in verband te bring.

Om kodes aan beklemtoonde segmente toe te ken, omskryf die hele proses van kodering (Rossman & Rallis, 2012). Hierdie kodes kan slegs 'n enkele woord of beskrywende woorde wees wat as tema gebruik kan word (bv. die woord respek of disrespek as kode).

Behalwe die kodes wat in die vorm van 'n enkele woord of frase gebruik is, was daar byvoorbeeld aan die onderwysers as deelnemers en die ouers as deelnemers ook kodes toegeken (byvoorbeeld vir onderwyser 1 is T1 gebruik en vir 'n ouer wat 11de ondervra was, P11).

Na al die temas, subtemas en sub-subtemas geïdentifiseer is, was al die response van deelnemers se perspektiewe ontleed deur ooreenkomste en teenstrydighede te onderskei en te interpreteer. Verskillende kleure is ook toegeken aan temas om die beklemtoning soos deur die deelnemers genoem, vas te stel en die herhaling deur verskillende deelnemers in hul verskillende natuurlike omgewing uit te wys. Die kodes is by elke getranskribeerde onderhoud gebruik om ooreenkomste uit te ken en nuwe kodes te formuleer wat moontlik ook by al die ander transkripsies voorkom. Indien van die gedeeltes onduidelik was, is daardie betrokke deelnemers genader om die gedeeltes te bevestig.

e) Optelling

Die frekwensie van kodes is deur die navorser bepaal deur vas te stel watter kodes die meeste voorkom (deur verskillende kleure te gebruik soos hierbo genoem) en ook meer as ander kodes toegeken is. Hierdie kodes wat meer as ander voorgekom het, is as die prominente temas beskou wat in die onderhoude voorgekom het.

f) Vergelyking met die literatuur. Die bevindinge is ook met bestaande navorsing uit die aard vergelyk en met die navorsingsprobleem in verband gebring, naamlik die beheersing van leerderwangedrag en die betrokkenheid van ouers in dié verband.

3.3.5 Onderhoudsraamwerk

Die deelnemers wat vooraf met die hulp van die betrokke hoofde van die skole deur die navorser geselekteer is, was vier onderwysers en vier onderwyseresse beide van die laerskool, 'n middelskool asook van die hoërskool en ook twee hoofde wat deel uitgemaak het van die deelnemers. Die ander deelnemers was ouers, drie huisvroue, twee enkelouers, drie beheerliggaamlede, een voormalige besigheidsman, een motorwerktuigkundige, een ouer werksaam by die distriksraad, een ouer as 'n gemeenskapwerker by 'n welsynorganisasie, een ouer werksaam by die plaaslike myn en een algemene werkster. Die laaste deelnemer kon weens haar werksomstandighede nooit bereik word nie.

3.3.6 Seleksie van deelnemers

Onderhoude is gevoer met twee van elke skool se onderwysers en drie ouers binne die betrokke gemeenskap waar hulle woonagtig is. Die navorser het semi-gestruktureerde

onderhoude eerder as vraelyste aangewend om diepgaande kwalitatiewe data vanaf die deelnemers te verkry.

Die deelnemers is geselekteer volgens hul eienskappe, ondervinding en betrokkenheid by leerderwangedrag ten einde die realiteit, soos die situasies op skoolvlak plaasvind, te ontleed. Die selektering het geskied op grond van soortgelyke probleme wat deur hierdie skole ondervind word en die navorser het die betrokke skoolhoofde vooraf besoek om meer inligting in te win om die selekteringsproses noukeurig uit te voer. Die deelnemers wat in die doeldienende seleksie geselekteer is, was geskik om omvangryke, relevante data te verskaf.

Die geselekteerde deelnemers hoef nie noodwendig op die skoolbeheerliggaam of op enige dissiplinêre komitee te dien nie, hoewel dit eintlik die geskikte persone sou wees om te ondervra, aangesien dit deel van hul taak is om sekuriteit en veiligheid van leerders te waarborg. Die navorser het die betrokke skole uit 'n lys selekteer wat deur die distrikskantoor in die spesifieke area aan hom voorsien is. Die deelnemers is met behulp van die advies van skoolhoofde, onderwysers en ouers in die John Taolo Gaetsewe-distrik geïdentifiseer. Altesaam 24 deelnemers het aan die studie deelgeneem.

Deelnemers as onderwysers en as ouers is volgens die volgende kriteria geselekteer:

Deelnemers as onderwyser:

- Die onderwyser moes ten minste vyf jaar ondervinding in die onderwys hê.
- Die onderwyser moes aan 'n openbare primêre of sekondêre skool verbonde wees en oor kennis van dissiplinêre strukture beskik wat by die betrokke skool funksioneer.
- Die deelnemer moes kennis dra van die verskillende leerderwangedragprobleme wat deur sy eie skool en in die streek ervaar word.

Deelnemer as ouer:

- Moes 'n leerder of leerders by die betrokke skool ingeskryf het of wat alreeds daar skoolgegaan het.
- Moes kennis van leerderwangedragprobleme dra wat by die betrokke skool ondervind word.
- Ouers wat op skoolbeheerliggame of beheerliggaam komitees gedien het sowel as ouers wat nie op formele skoolstrukture gedien het nie, is geselekteer.

3.4 Die navorser se rol

Die navorser, as fenomenoloog in die navorsing, het nie buite die navorsingsproses gehandel nie, maar deel daarvan gevorm om die fenomeen in sy sosiale konteks in diepte te verstaan en te ontleed (Babbie & Mouton, 2001:74). Die navorser was dus 'n instrument nie net vir die insameling van die data nie, maar ook vir die ontleding en verwerking daarvan. Die navorser het die geskikte data soos wat aanvanklik beplan was, ingesamel vir die verwerking en analisering daarvan.

Die navorser se belangrike rol was om as onderhoudvoerder op te tree en om die deelnemers op hulle gemak te laat voel. Dit is egter belangrik dat daar 'n vertrouensverhouding tussen die navorser en deelnemers moes wees om te verifieer dat die inligting op dieselfde vlak vertolk en verstaan word (Maree, 2007:41). Die navorser moes vaardighede soos luistervaardighede en kommunikasievaardighede aanleer om deelnemers se vertroue te kon wen. Die navorser het die onderhoude voorberei en gestruktureer, asook die ondervraging individueel (aanhangsels D en E) gehanteer. Die navorser het ook die transkriberingsproses van die getikte onderhoude geanaliseer en dit was ook deur die navorser geproeflees en agterna aan deelnemers voorsien om insette te lewer en ook om die korrektheid daarvan te bevestig.

3.5 Dataverifiëring

3.5.1 Hoe word geldigheid en betroubaarheid verseker?

Malan (2001:35) is van mening dat "interne geldigheid" as 'n akkurate voorstelling van 'n spesifieke konteks (inhoud) of 'n gebeurtenis wat deur die navorser in sy studie beskryf word, beskou kan word. Die navorser se geloofwaardigheid as intieme waarnemer en sy wisselwerking met deelnemers dra by tot hierdie "interne geldigheid". Durrheim & Wassenaar (2002:54) verwys na geldigheid as die versekering dat die navorser se gevolgtrekkings en argumente voortspruit uit die data wat versamel is. Die term "betroubaarheid" verwys na die wyse waarop die navorser sy/haar gehoor oorhaal dat sy/haar bevindings die moeite werd is om aandag aan te skenk (Lincoln & Guba in Johnson & Turner, 2003: 297).

Die aanwending van meer as een metode van data-insameling, soos byvoorbeeld waarneming, onderhoude en dokumentontleding, verhoog die betroubaarheid van die bevindings soos deur Niewenhuis (2007:80) beklemtoon.

Die kwalitatiewe navorser sal altyd met die volgende terme, geloofwaardigheid, oordraagbaarheid, konsekwentheid en bevestigbaarheid, gekonfronteer word wat die

geldigheid en betroubaarheid van die navorsing spesifiseer en waarborg (Lincoln & Guba, 1985:126). Die volgende aspekte van geldigheid en betroubaarheid wat betrekking het op kwalitatiewe navorsing word verder bespreek:

a) Geloofwaardigheid ("Credibility")

Geloofwaardigheid is baie meer sentraal in kwalitatiewe navorsing. Kwalitatiewe navorsers bevestig hul bevindings deur die verskillende stappe van hul navorsingsproses en om hierdie stappe mee te deel is sentraal in die versekering van hul bevindinge asook hul geloofwaardigheid. Volgens Creswell (2003:195-196) is die doel met geloofwaardigheid om te bepaal of die bevindings vanaf die kant van die navorser, deelnemer en ook die leser akkuraat is. Miles & Huberman (1994:38) omskryf geloofwaardigheid as "truth-value" ongeag of die bevindinge vir dié wat dit bestudeer en dié wat dit lees, sin maak. Die direkte aanhalings van deelnemers word gebruik om die ervarings te beskryf en dit dra by tot die geloofwaardigheid van die navorsing.

b) Oordraagbaarheid ("Transferability")

Volgens Lincoln en Guba (1985:126) kan oordraagbaarheid alleenlik bepaal word as 'n digte kwalitatiewe beskrywing van die navorsingsproses gegee word. Om oordraagbaarheid verder vas te stel is of die bevindinge van 'n studie in 'n ander konteks of omgewing en met 'n ander groep deelnemers toegepas kan word.

c) Konsekwentheid ("Trustworthiness")

Die konsekwentheid van die resultate moet in lyn wees met die konsekwentheid van die bevindinge indien die studie in dieselfde of soortgelyke konteks met dieselfde deelnemers weer gedoen word (Marshall & Rossman, 2011:192). Miles & Huberman (1994:278) omskryf konsekwentheid in 'n studie as die proses wat samehangend en redelik stabiel nagevors word oor 'n tydperk deur ander navorsers wat verskillende metodes gebruik.

d) Bevestigbaarheid ("Confirmability")

Bevestigbaarheid is 'n konsep wat behels dat die data deur iemand anders as die navorser self bevestig word (Conrad & Serlin, 2011:274). Objektiviteit vereis ook dat die bevindinge deur 'n studieleier of promotor bevestig moet word, om die bevindinge meer geloofwaardig te maak. Marshall & Rossman (2011:192) is dit eens dat die bevindinge die deelnemers en die navorsingdoelwit moet weerspieël en nie deur die navorser se bevooroordeeldheid beïnvloed mag word nie. Miles & Huberman (1994:278) stel voor dat bevestigbaarheid bepaal word deur die mate waartoe die navorser:

- duidelik deur 'n "ouditeerbare roete" kan demonstreer hoe die data ingesamel en ontleed is;
- bewus was van sy eie veronderstellings, waardes en bevooroordeeldheid wat moontlik die studie kan beïnvloed;
- gevolgtrekkings deur 'n onpartydige persoon ten volle in ag geneem het.

Die navorser het van die studieleier se kundigheid gebruik gemaak om die navorsingvrae te ontleed deur die getranskribeerde onderhoude na te gaan en saam te stem of te verskil oor die navorser se keuse van temas en kategorieë.

3.6 Etiese oorwegings

Om die deelnemers se persepsies, oortuigings en opinies te beskerm moet die volgende etiese aspekte ingedagte gehou word.

In 'n kwalitatiewe navorsing word etiese oorwegings deur Merriam (1998:131) as belangrike aspekte beskou veral as dit die beskerming van deelnemers in 'n navorsingstudie insluit. Die navorser het probeer om te alle tye eerlik en opreg op te tree om sodoende die werklike weergawe van die reaksies van die deelnemers te weerspieël.

- *Verkryging van toestemming en verkenning van navorsingsarea*

Die navorser het toestemming verkry vanaf die navorsingskomitee van die Noordwes-Universiteit, die Hoof van Onderwys, die provinsiale onderwysdepartement asook die verskillende skoolhoofde wat by die seleksie van deelnemers betrokke was. Die deelnemers het ook vooraf 'n toestemmingsbrief vir vrywillige deelname aan die studie onderteken.

Dit was verder belangrik dat die navorser die navorsingsarea besoek en bedag sou wees op etiese aspekte wat moontlik 'n effek op die onderhoude kon hê. Deur die navorsingsarea te besoek sou aan die navorser gemoedsrus verskaf om met selfvertroue sy vrae te stel en ook 'n beter beeld van die werkplek van elke deelnemer te verkry.

- *Die reg om die deelnemer in te lig oor die studie*

Die deelnemers is ingelig oor die doel en omvang van die navorsingstudie asook wat hulle rol in die hele data-verkrygingsproses sou wees. Daar is geen pogings aangewend om die deelnemers in hierdie studie te mislei nie en om hul beeld as volwaardige inwoner in hul onderskeie gemeenskappe te skend nie.

- *Die reg op vertroulikheid en anonimiteit*

Die deelnemers se toestemming is skriftelik verkry om die onderhoude op band op te

neem en hulle het vrywillig daartoe ingestem (Holloway & Wheeler, 1996:43). Die deelnemers is deur etiese riglyne beskerm wat streng deur die navorser gevolg is (Silverman, 2001:270). Hierdie riglyne het die beskerming van deelnemers se identiteit asook die skole waar hul werkzaam was ingesluit (Berg, 1995:213).

Die inligting wat deur die deelnemers verskaf is, was vertroulik gehanteer en deelnemers het na ondervraging die inligting wat hulle verskaf het, geverifieer (Berg, 1995:213). Om vertroulikheid verder te verseker, is aan die deelnemer 'n afskrif van die finale transkripsie van die onderhoud en die finale verslag verskaf. Die onderhoude was met die nodige integriteit gehanteer deur nie valse verwagtinge by die deelnemer te skep nie.

- *Vrywillige deelname*

Die deelnemers is nie gedwing om vrae te beantwoord wat moontlik te sensitief was nie en is deurentyd die geleentheid gegun om dit te aanvaar of te verwerp. Die navorser het ook begrip getoon indien die deelnemer nie korrek geantwoord het nie. Indien 'n deelnemer nie 'n vraag verstaan het nie, is dit deur die navorser herhaal of duideliker gestel. Die deelnemer het ook die vrae in hulle taal beantwoord om te verseker dat die deelnemer nie onder druk geplaas is nie.

Die inligting wat moontlik 'n negatiewe uitwerking op die onderhoudvoering sou hê is ook nie vooruit geloop nie. Die navorser sou elkeen as individu hanteer omdat elkeen nie dieselfde op vrae sou reageer nie.

- *Erkenning aan deelnemers*

Die navorser het erkenning gegee aan die deelnemers vir hulle bydrae tot die studie en ook aan die bronne wat vir die studie gebruik was. Die bevindinge sal ook sonder enige verwringing weergegee word.

3.7 Samevatting

In hierdie afdeling is die navorsingsontwerp en –metode van die studie bespreek. Die ontvouingsproses van die navorsing, dit wil sê hoe dit gestruktureer was, is uiteengesit. Die etiese oorwegings tydens die verkryging van data is deur die navorser in oorweging geneem en die etiese riglyne is streng nagevolg.

3.8 Resultate van die navorsing

3.8.1 Agtergrond van skole in die streek

Die vyf skole bestaan uit: een skool (voorheen Model C-skool) met 'n multikulturele samestelling (bruin, wit, Indiër en swart leerders) wat met busse en taxi's pendel; twee

skole wat in agtergeblewe swart gemeenskappe geleë is; 'n laerskool en 'n middelskool met redelike groot leerdergetalle; twee skole in 'n bruin gemeenskap wat ook groot leerdergetalle huisves en wat deur die omliggende swart woonbuurte ("villages") omring word.

Die vyf geselekteerde skole in die streek huisves die afgelope jare groot getalle leerders en dit op sigself mag moontlik ook bydra tot leerderdisiplineprobleme. Die navorser ook werkzaam in die streek as onderwyser is bewus van die demografie van die skole wat die oorvolheid behels wat definitief 'n rol in die bydrae tot leerderwangedrag speel. In dié streek is daar verskeie ander skole met redelike ver afstande van mekaar wat soortgelyke probleme het as die skole wat geselekteer is.

3.8.2 Eienskappe van geselekteerde skole

Tabel 4 verskaf 'n verduideliking van die vyf geselekteerde skole in die streek en hul onmiddellike omgewing waar navorsing gedoen is. Dit beskryf ook die dissiplinêre strukture wat by die skole hanteer word asook hoe doeltreffend die skoolbeheerliggaam, die ouers en die bestuursplan van die skool die opvoedingstaak hanteer.

3.8.2.1 Ontleding en bespreking van die data

Die ontleding van die data word vervolgens uiteengesit.

Die volgende temas en subtemas, wat 'n besliste impak op leerderwangedrag in skole in die Noordkaap en veral in die John Taolo Gaetsewe-distrik het, is deur die navorser geïdentifiseer, naamlik: Disrespek, sosio-ekonomiese oorsake (werksomstandighede, egskeidings, enkelouergesinne), waardestelsels ontbreek, permissiewe ouers, ouers stel nie duidelike grense en reëls nie, ouers spandeer min kwaliteittyd met kinders, onkunde van ouers oor effektiewe dissipline metodes, bewusmaking van die belangrikheid van ouerbetrokkenheid by skole.

'n Opvallende faktor, soos deur die navorser ontdek, was dat die probleem van leerderwangedrag nie beperk was tot skole met 'n hoë leerder tot onderwyser ratio nie. Leerderwangedrag het by alle skole voorgekom ongeag die getal leerders of klas grootte (leerdergetal). Die betrokkenheid van ouers by die geselekteerde skole wissel na raming van 20% tot 40% by van die skole wat as min betrokkenheid van die kant van die ouer bestempel kan word en 60% tot 80% by skole waar ouers wel hul samewerking gee (T3, LN168-171)

3.8.3 Tabel 4

1) Eienskappe van skole in studiegebied	Skool A	Skool B	Skool C	Skool D	Skool E
2) Medium van instruksie	Parallelmedium (A en E)	Parallelmedium (A en E)	Engels	Parallelmedium (A en B)	Engels
3) Aantal onderwysers	41	36	45	38	29
4) Aantal leerders	1 346	832	1 527	881	1 009
5) Formele dissiplinêre strukture	Prefektestelsel, dissiplinêre komitee	Leerlingraad, dissiplinêre komitee	Dissiplinêre komitee	Dissiplinêre komitee Puntestelsel, leerlingraad	Dissiplinêre komitee
6) Sosio-ekonomiese toestande	Armoede en werkloosheid kom voor. Geen skoolfonds verhaal.	Armoede en werkloosheid kom voor. Geen skoolfonds verhaal.	Onder armoedevlak	Goed Leerders betaal skoolfonds. (Staatsubsidie gedeeltelik).	Nie-skoolfonds skool (70% armoede)
7) Gedragskode beskikbaar	Ja	Ja	Ja	Ja	Ja
8) Sekuriteit by die skool	Geen	Geen	Gekontroleerde metodes in plek	Nee, net na-ure sekuriteit beskikbaar	Geen

9) Fasiliteite	Geen	Netbalvelde beskikbaar	Beskikbaar, maar nie vir buitekurrikulêre doeleindes nie	Baie goeie toestand	Geen
10) Toestande van skoolgeboue	In goeie toestand, toilette redelik	Gehawend en verniel	Goeie instandhouding van geboue	Baie goeie toestand	Ou geboue (gedeeltelike opgradering)
11) Skoolbeheer-liggaam (aktief/passief) betrokkenheid	Aktief in 'n mate	Passief	In 'n mate betrokke	Aktief betrokke	Aktief betrokke
12) Ouer-betrokkenheid	In 'n mate betrokke (20%- 30%)	In 'n mate Betrokke (30%)	60% van totale leerdergetal van ouers betrokke	Aktief betrokke (80%)	30%- 40% aktief
13) Quintile kapasiteit (Befondsing deur staat)	Quintile 2 (Staat voorsien seksie 21-gelde)	Quintile 2 (Staat voorsien seksie 21-gelde)	Quintile 1 (Staat voorsien seksie 21-gelde)	Quintile 5 (Klein gedeelte seksie 21-gelde)	Quintile 2 (Staat voorsien seksie 21-gelde)

Hierdie aanname is deur die navorser tydens die onderhoudvoering gemaak waar deelnemers pertinent genoem het dat ouers nie werklik betrokke is nie. 'n Deelnemer as ouer het selfs genoem dat oueraande so 'n noodsaaklike aspek is en dat ouers dit nie in daardie lig sien nie.

Die volgende temas en subtemas wat deur oop kodering gedoen is, hou direk verband met leerderwangedrag in die streek en word hieronder breedvoerig verduidelik, naamlik:

3.9 Die tipes wangedrag

3.9.1 Gewone wangedrag

3.9.1.1 Disrespek teenoor onderwysers en ander gesaghebbendes

In die vyf geselekteerde skole in hierdie streek wat baie ver van mekaar geleë is, was die vernaamste verskynsel wat die navorser deur sy analise van die onderhoude kon wys word, die verskynsel van *disrespek*. Disrespek as een van die prominente temas; dit is deur die meerderheid deelnemers genoem as een van die kenmerkende oorsake waarom onderwysers in skole in hierdie streek met leerderwangedragprobleme gekonfronteer word. De Klerk & Rens (2004:354) beweer ook dat 'n gebrek aan respek teenoor die onderwyser asook teenoor die ouer een van die hoofredes is vir die agteruitgang van dissipline in skole. Een van die deelnemers het die volgende oor disrespek genoem, naamlik:

“...ek dink ons grootste probleem wat deesdae in ons skole sit, is maar dat kinders nie meer respek het nie, maak nie saak wat se spektrum toe jy gaan nie of dit nou die ouer is of die onderwyser is of kom ons sê nie meer respek vir ouer mense nie” (P13, LN42-45)

Die volgende opmerking deur 'n onderwyseres gemaak, was dat leerders twintig jaar gelede gedissiplineerd was, maar nie meer vandag nie. Sy is daarvan oortuig dat kinders onderwysers begin disrespekteer het net nadat die regering wette begin instel het wat die onderwyser se gesag ondermyn. Sy is van mening dat kinders se gedrag verswak het omdat hulle nie meer in skole getug word nie.

“...omdat die regering wette in plek gestel het, onderwysers word gekortwiek om kinders te dissiplineer met die dat lyfstraf weggeneem is” (T5, LN25-27)

'n Ander deelnemer het verder genoem dat ouers uit daardie era niks wou hoor as hul kinders by die huis kom met klagtes dat hulle deur die onderwyser byvoorbeeld getug is nie; die ouer het regtig nie na die kind se klagtes geluister nie, maar deesdae word die onderwyser nie in hierdie verband deur die ouer ondersteun nie. Sommige ouers is

grotendeels te blameer vir die huidige toestande in skole omdat hulle nie hul kinders korrek opvoed nie, minder betrokke is by hul kinders en ook nie hul kinders se gedrag reguleer nie (Van Wyk, 2001:198).

'n Ouer was oortuig daarvan dat party ouers te blameer is vir die swak gedrag van leerders by die skool. Sy beweer dat ouers nie die voorbeeld stel wat kinders moet nastreef nie en dat ouers nie let op die afkraking van sekere onderwysers nie.

“Moenie van 'n onderwyser lelik praat nie” (P21, LN153)

Die ouer behoort versigtig te wees wat hulle voor hul kinders oor die onderwyser sê, want kinders kom gou agter indien 'n ouer van 'n onderwyser sleg praat en die kind sal die situasie heeltemal uitbuit, is deur die deelnemer genoem. Dit veroorsaak verwarring by kinders en hulle neem aan dat as my pa of ma nie respek het vir die betrokke meneer of juffrou nie, hoekom moet ek daardie respek betoon? 'n Ander deelnemer het die volgende te sê gehad, naamlik:

“Ouers het die geneigdheid om die onderwyser te beskinder en af te kraak en dan doen hulle dit voor hul kinders. Die kind het dan geen respek vir daardie onderwyser nie” (T9, LN164-166)

Die navorser het deur sy waarnemings en deur die antwoorde van deelnemers bevind dat sommige ouers versuim om hul kinders op te voed om respek vir onderwysers en ander persone in gesagsposisies te hê. Daar is net nie meer daardie wedersydse respek tussen onderwyser en leerder nie, het 'n ouer ook erken; die respek wat kinders vir hulle ouers moet hê, is lankal iets van die verlede.

“Kyk, jy moet 'n kind van kleins af leer om grootmense, sal ek sê ouer mense, te respekteer en selfs jy as ouer, die kind moet jou respekteer” (P22, LN125-126)

Van die deelnemers (onderwysers) was daarvan oortuig dat die probleem van leerderwangedrag by die huis begin en dat ouers nie genoeg tuis doen om hierdie dissiplinêre probleme waaraan leerders hulself skuldig maak aan te spreek nie.

“Ek dink dit grens baie nou aan ouers se opvoeding tuis” (T3, LN80)

Hierdie resultate word ook bevestig deur soortgelyke bevindings van Oosthuizen (2006:66) dat die gebrek aan dissipline in die ouerhuis die vernaamste oorsaak is vir leerderwangedragprobleme by skole. Die volgende antwoord is deur een van die deelnemers aan die navorser meegedeel oor die kwessie van disrespek, naamlik:

“So, ouers, ek dink, ook die wanpersepsie wat bestaan, wat verstaan ek, is respek. Wat verstaan die ouers as respek? Wat verstaan die kind as respek?”

(P9, LN169-172)

Uit bogenoemde bevindinge is dit duidelik dat, disrespek, 'n vernaamste verskynsel is wat in skole in die streek heers.

In die skole in die streek het 'n onderwyser wat by 'n laerskool onderrig gee ook genoem dat leerders onbeskof is teenoor onderwysers en dat leerders terugpraat wanneer met hulle geraas word. Van die tipes wangedrag wat in die skole in die streek voorkom, is gewone oortredings soos versuim om huiswerk en opdragte te doen, gesag van onderwysers word ondermyn, swak taalgebruik deur leerders, en klasse bank (dros). Die oortredings wat meer ernstig voorkom, is pornografie, messteek, aanranding, verbale en fisiese boelie, rook en drink in skooluniforms. 'n Onderwyser was van mening dat die wangedrag basies die tyd van ander leerders steel wat konstruktief met hul werk besig is. Sy voer verder aan dat hierdie tipe wangedrag wissel van algemene wangedrag tot erger gevalle waar leerders mekaar fisies seermaak.

“regtig nou nie erger tot kinders wat mekaar fisies seermaak... en dit steel basies van die kinders in die klas se tyd” (T1, LN34-35; 36-37)

“Die ernstige wangedrag waar meer onderwysers mee te doen het in skole in die streek deesdae wissel vanaf aanranding (fisies en verbaal) tot en met seksuele misdrywe (pornografie) en dwelms” (T9, LN24, 26 & 62).

Leerderwangedrag is een van die mees kommerwekkende verskynsel waarmee onderwysdepartemente en veral skole daaglik mee te doen kry.

3.9.1.2 Internetfasiliteite en selfone word nie vir die regte doel deur kinders gebruik nie

'n Onderwyser het genoem dat die Internet ook 'n rol in die snelle veranderde gedrag van leerders speel. Hy gaan verder deur te noem dat die traak-my-nie-agtige houding van kinders ook aan die aanhoudende gebruik van die Internet toegeskryf kan word.

“En vandag het die kinders vrye toegang tot Internet en massa-inligting bied allerhande tipe goed op die uitkyk op hulle lewe. Ons moet ook aanvaar dat kinders meer hul eie reg het, want hulle word deur die *Kinderwet* beskerm” (T9, LN64-67)

Kinders is so geïnteresseerd in daardie Internet-speletjie of twitter-/ facebook-gesprek dat hulle soms nie onmiddellik reageer op ouers wat na hulle roep om byvoorbeeld aan tafel te sit nie. 'n Hoof by 'n sekondêre skool het genoem dat toe hul kinders was, was

pornografie glad nie beskikbaar nie. Hy gaan verder deur te noem dat die staat ook sekere programme gesensor het en dit is deur hul ouers ook gedoen. 'n Laerskoolonderwyser het ook genoem dat pornografie nou een van die goed is wat al so oud soos die berge is. Daarby bedoel hy dat dit destyds so goed deur die ouer onderdruk is dat kinders glad nie eens daarvan geweet het nie; nou is dit oral in winkels beskikbaar.

“Ek dink wat wel 'n verskil maak is die feit dat daar 'n verval in die gemeenskap ongeag wie se gemeenskap dit is, Blank-, Kleurling- of Swartgemeenskappe en dan die massa-inligting, die kinders, jongsdade was pornografie glad nie beskikbaar nie, TV was gesensor en dan ons ouers, ons mag net sekere programme gekyk het” (T9, LN52, 53, 61-63)

'n Afgetrede onderwyser wat gereeld toesprake aan hoërskoolleerders rig, was van mening dat leerders, veral meisies, seksueel met seuns in die toilette verkeer wat neerkom op die opvoeding wat die kinders tuis ontvang en dat dit uitsluitlik die verantwoordelikheid van die ouer is. Dit wil sê, dat ouers strenger moet optree om tuis hul kinders die regte en verkeerde dinge in die lewe uit te wys. Hy is verder van mening dat ouers nie hul kinders gereeld vermaan oor verkeerde dinge nie. Hy het die volgende hieroor te sê gehad:

“Ek dink van die, as 'n mens kan kyk na die “extreme”. Wanneer kinders mekaar fisies aanrand en dat jy stories hoor van meisies wat in toilette met die seuns seksueel verkeer” (P11, LN54-56)

Van die deelnemers is daarvan oortuig dat die grootste blaam vir die kinders se verkeerde optrede by die ouers lê. Ouers laat te veel dinge toe en het permissief geword. Die volgende dinge word ook deur ouers toegelaat, byvoorbeeld kinders wat tot laat snags televisie kyk of videospelletjies speel. Daar is sekere programme met ouderdomsbepanking wat nie deur ouers gesensor word nie.

“...maar in die verlede het ons ouers ook programme gesensor” (T9, LN64)

Ouers laat ook toe dat kinders nie voor sonder in die huis is nie en dat kinders met hul vriende Okapyp rook. Die gebruik van selfone om te klets en “mix it” word ook nie deur ouers gemonitor nie.

“It will be chatting and everything, so he will forget about the homework” (T10, LN30-31)

(Daar word met die selfoon gesels, so hy sal heeltemal van tuiswerk vergeet)

'n Skoolhoof wat nog klas gee, het beweer dat ouers strenger moet optree teenoor die

gebruik van veral selfone, want dit veroorsaak dat leerders nie konsentreer tydens lesure nie. Hy gaan verder deur te noem dat leerders, meisies sowel as seuns, hulle so in die gebruik van selfone uitleef en versuim om opdragte betyds in te handig. 'n Deelnemer het beweer dat ouers saamspan en hul kinders sterk in hul kwaad deurdadig hulle toelaat dat leerders met selfone die skoolterrein betree terwyl die skoolreëls dit verbied.

“Now parents today they give their learners cell phones even at school there is a learner code of conduct that say no cell phones at schools but now a parent will ask if I have a problem. How am I going to contact my learner/ child?” (T10, LN291-293)

(Vandag se ouers gee aan hul kinders selfone selfs by die skool, alhoewel daar 'n gedragkode vir leerders is wat selfone verbied en ouers wil weet as hulle 'n probleem het, hoe sal hulle hul kinders dan kontak?)

'n Laerskoolonderwyser was daarvan oortuig dat sommige kinders partymaal waarde heg aan dinge soos hulle skoolgebou en skoolomgewing waarop hulle kan trots wees. Hy voer aan dat leerders hulle besig hou met afknouery, vandalisme en nie omgee of leer plaasvind in 'n skoon omgewing nie. Die leerders is nie eens trots op hul skoolwerk nie en is nie selfgedrewe nie, het hy ten laaste genoem. Die deelnemer het die volgende genoem, naamlik:

“'n Kind moet self werksaam wees, 'n kind moet selfgedreweheid het (*sic*) binne in hom hê. Dit is wat ons kinders erg ontbreek. Dan kry jy boewery, vandalisme waar hulle nie 'n sin het vir om goed te bewaar nie, maar weer op vernielsugtigheid spandeer” (T3, LN42-45)

Die ouers vandag is skuldig daaraan deurdadig hulle hul kinders versterk in hul kwaad deur allerhande duursame items soos selfone, iPods en videospelletjies met hul kinders saam skool toe te stuur wat 'n groot impak op die kind se vordering het. Dit belemmer ook die goeie verhouding wat daar eens was tussen onderwyser en ouer.

Uit bogenoemde antwoorde van deelnemers is dit dus duidelik dat ouers versuim om kinders te leer om die nodige respek aan ouer persone asook aan onderwysers te betoon. As hierdie respek alreeds by die huis kan begin sal onderwysers minder leerderwangedragprobleme by skole hoef te hanteer.

3.10 Ernstige wangedrag

3.10.1 Dwelm- en drankmisbruik

Die verskynsel waaraan sommige leerders hulle skuldig maak wat ook deur van die

deelnemers genoem was en wat 'n groot impak op leerderwangedrag in die Noordkaapse skole het, is die misbruik van dwelms en alkohol in skoolunivorm.

“Cause some they, they can drink, they can drink alcohol and smoke, wearing their uniforms. Even if it is school hours, they do smoke” (P16, LN32, 33)

(Want ander drink, hulle kan drank drink en rook terwyl hulle skooldrag dra. Dit is partykeer in skoolure wat hulle rook)

Die ouer wil soms nie erken dat sy kind sterk drank gebruik nie en probeer te alle tye om die argument te vermy deur verskonings te maak vir kinders se optrede (Kitching & Rossouw, 1992:71). 'n Ouer wat voorheen in die onderwys was, is van mening dat die ouer nie oral saam met die kinders beweeg nie en kan dus nie met sekerheid sê of kinders skuldig is aan verkeerde gebruike nie.

“Kyk, 'n mens voed mos jou kind op en jy wil nie graag hê hulle moet deel wees van die kinders wat die probleem veroorsaak nie, maar ongelukkig kan 'n mens mos nie jou kind vrywaar van die goed nie” (P14, LN64-66)

Sy gaan verder deur te noem dat kinders kinders sal bly en altyd sal probeer om hulle vriende te beskerm as dit daarby kom om leuens te vertel en dit sal hulle doen. Die ouer moet probeer om 'n ope sosiale verhouding met hul kinders te hê wat kinders positief sal beïnvloed en wat sal bydra tot 'n positiewe gedrag by die skool (Oosthuizen, 2009:126). 'n Ouer het die volgende oor hierdie verskynsel te sê gehad:

“Dagga is die meeste van die probleme; ek meen die meeste van die tyd by die skool is dagga en die “glue”-rokers. Gedurende die pouse, as hulle so uitgaan dan gaan hulle by die winkel, dan koop hulle die dwelms. Dagga, dink ek is maar hier in die strate die grootste probleem wat ons het met die skoolkinders” P18, LN31-34)

Dit wat deur die deelnemers genoem was oor die gebruik van dwelms, is 'n wesenlike probleem in die Noord-Kaap. Dit het 'n werklike impak op leerders se vordering en veroorsaak dat so baie leerders die skool op 'n jong ouderdom verlaat.

3.11 Sosio-ekonomiese oorsake van onbetrokke ouers

3.11.1 Afwesige ouers weens werksomstandighede

Die hedendaagse werkende ouer word so gebombardeer deur die eise wat die handelswêreld aan hulle stel dat hulle met die lang werksure versuim om hul kinders se opvoeding te monitor, was deur 'n onderwyser as deelnemer genoem.

“Baie keer as gevolg van werksomstandighede, skeur ouers en kinders weg van mekaar, want die ouers werk van 7-uur in die môre tot 8-uur vanaand dan sien hulle eers hul kinders” (T12, LN96-98)

’n Ouer was daarvan oortuig dat die werkende ouer ook sy pligte as ouer versuim deurdat daar nie genoeg aandag aan leerders se swak gedrag by die huis geskenk word nie. Die ouers kom partykeer so laat by die huis en daar is nooit die geleentheid om stil te sit en met kinders te gesels oor hulle skoolwerk of enige probleme wat die kinders dalk ondervind nie, is ook genoem.

’n Hoërskoolonderwyser was ook daarvan oortuig dat die ouer se werksopset ’n groot impak het op leerders se skoolwerk. Hy voer verder aan dat daar geen dissipline by sulke huishoudings is waar ouers laat werk nie.

“Jy sit met leerders wat werkende ouers het, so dit wil sê na skool by die huis, is daar nie dissipline nie” (T2, LN60-61)

“You know nowadays our parents of our learners they are not at home. They are always at work and they are working you know, far places. They don’t come home after work” (T10, LN188-189; 191-193)

(Jy weet deesdae is die ouers van die leerders, hulle is nie tuis nie. Hulle is altyd by die werk en hulle werk baie ver van die huis. Hulle kom ook nie huis toe na werk nie)

3.11.2 Armoede

Die werkloosheidsyfer en armoede is van die faktore wat ook in die Noordkaap oorwegend voorkom wat deur die navorser waargeneem is tydens sy besoeke aan die skole en wat ook in baie gevalle bydra dat ouers nie in die daaglikse behoeftes van hul kinders kan voorsien nie. ’n Onlangse voorbeeld van gewelddadige leerderwangedrag in skole in Suid-Afrika, waar die leerder se huislike omstandighede ’n rol gespeel het, is die hofsaak van *Jacobs v Chairman of Governing Body of Rhodes High School and Others*, (2010). Die spesifieke saak handel oor Jacobs, ’n 31-jarige onderwyseres van Hoërskool Rhodes, wat deur ’n leerder met ’n hamer aangeval is. Die leerder het sosiale en persoonlike probleme by die huis gehad, aangesien sy vader in die tronk en sy moeder werkloos was. Die leerder moes geld verdien as akteur en model om in sy behoeftes en dié van sy moeder te voorsien. Hierdie gebrek aan ondersteuning van die ouerhuis en moeilike sosiale omstandighede het direk aanleiding gegee tot die leerder se ernstige wangedrag. Die Hof bevind dat die skool se maatskaplike werker onvoldoende stappe geneem het om daadwerklik iets te doen aan die disfunksionele

toestande van die ouerhuis. Die skoolhoof was egter ook nalatig aangesien hy nie behoorlik toesig oor die leerder gehou het voor die voorval nie.

Die Wes-Kaapse Onderwysdepartement is namens die skool aanspreeklik gehou vir skadevergoeding vanweë hierdie traumatiese gebeurtenis.

'n Hoërskoolonderwyseres het ook iets oor armoede te sê gehad, naamlik dat sommige leerders ondervind swak sosio-ekonomiese omstandighede en dat kinders die skool as hul toevlug sien om uiting aan hul huislike omstandighede te gee.

“...swak sosio-ekonomiese probleme en baie keer is die skool, veral in hoërskoolsituasie, baie keer hulle uitlaatklep” (T1, LN59-61)

'n Enkelouer wat voorheen skool gehou het, het ook genoem dat sy as onderwyser soms nie geweet het hoe om die situasie van leerders met sosio-ekonomiese probleme in haar klas te hanteer nie. Jy is soms nie eens bewus van sulke probleme van kinders nie. Jy het partykeer ook nie eens die kennis om dit te hanteer nie.

“Sosiaal of ekonomiese probleme waarvan jy nie bewus is nie, of jou hande is afgekap” (P12, LN70-71)

'n Onderwyser het selfs genoem dat jy by sommige huishoudings vind dat die ouers drink en dit beïnvloed die sosiale lewe van die kind. Dit is nie 'n goeie huishouding vir kinders om in groot te word nie.

“Your find a situation at home that parents are drinking” (T10, LN140-141)

(Jy ondervind 'n situasie by sommige huise dat die ouers drink)

Die feit dat ouers nie werk het nie en armoede wat in die meerderheid huishoudings heers, dra by tot die afwesigheid van leerders en ook gedragsprobleme by skole (Van der Walt & Oosthuizen, 2007:334). Van der Walt en Oosthuizen (2007:334) is verder oortuig dat aspekte soos slordige kleredrag, onnetheid, wanvoeding en ondervoeding swak gedrag van leerders by skole aanhits. Winkley (1996:3) is van mening dat hierdie sosio-ekonomiese probleme waaronder gesinne gebuk gaan aanleiding gee tot emosionele probleme by leerders. Die leerder voel skaam en teruggetrokke om gedurende pouse tussen sy maats gesien te word omdat hy nie ook kos het om met sy maats te deel nie.

Na aanleiding van wat deelnemers genoem het oor sosio-ekonomiese probleme blyk dit 'n wesenlike probleem in skole te wees wat ook onderrig en leer strem.

In hierdie streek is armoede 'n alledaagse verskynsel en moet ouers soms kwalik geneem word vir die toestand waarin die gesin gedompel is.

“Daar is ouers wat kinders erg uitbuit en mishandel” (T3, LN90)

Vandag is die tendens dat die vader sy swaarverdiende loon op vriende spandeer. Met die gevolg dat daar nie geld is om in die behoeftes van die kinders in die huishouding te voorsien nie. Wanneer ouers as gevolg van armoede nie meer goed oor die weg kom in die ouerhuis nie, dra dit by tot die leerder se aggressiwiteit of swak gedrag binne die klaskamer. Armoede gee ook aanleiding tot gesinsgeweld binne die huishouding; leerders volg die voorbeeld van die ouers na. Die toenemende geweldsyfer in Suid-Afrika kring later uit na die skool waar die betrokke leerder in 'n bullebak ontaard.

“Mother and father they are fighting, learner cannot concentrate on their work”
(T10, LN129)

(Die moeder en die vader baklei en die leerder kan nie op sy werk konsentreer nie)

Armoede het ook tot gevolg dat die meerderheid van die Suid-Afrikaanse jeug op straat beland weens die volgende redes: 'n soeke na ekstra inkomste, kinderverwaarlosing deur ouers, werkloosheid binne die huishouding, armoede in die gemeenskap en gesinsgeweld (Le Roux, 1997:18). Die ouer het nie daardie ope vadermoederverwantskap met hul kinders nie, waar daar liefde en belangstelling in die ouerhuis heers en waar die kind bly is om vir pa of ma sy toetsuitslae te wys nie, het 'n deelnemer genoem. Die leerder verwaarloos sy skoolwerk juis omdat sy huislike omstandighede nie gaan verander nie.

Die sosio-ekonomiese toestande van baie kinders is so erg dat die kinders rebels raak en met maats baklei om uiting te gee aan die situasie by die huis waarvan hulle wil wegbreek. Die onderwyser, onbewus van die huislike omstandighede van sulke leerders, raas soms met hulle deur op hulle te skree en kom hulle selfs met die lat by, het 'n deelnemer genoem.

“... sometimes as an educator you might lose your control” (T10, LN51-52)

(Partykeer kan jy as onderwyser jou selfbeheersing verloor)

Volgens Reyneke (2013:98) word sommige leerders aan onwenslike huislike omstandighede blootgestel, wat soms gekenmerk word deur konflik, dwelm- en alkoholmisbruik, armoede, fisiese en emosionele mishandeling. Hierdie tipe blootstelling is 'n traumatiese ervaring vir leerders en gee aanleiding tot ontwrigtende gedrag van leerders by skole.

Die navorser het ook deur aksiale kodering van die resultate tot die volgende gevolgtrekking gekom wat hieronder bespreek word en wat moontlike redes verskaf

waarom ouers nie regtig praat oor die eintlike probleme waarom hulle nie teenoor ongehoorsame en onbeskofte kinders wil optree nie.

3.11.3 Gesinstrukture ontbreek in sommige ouerhuise

Dit het ook in die onderhoude na vore gekom dat daar in sommige ouerhuise nie behoorlike gesinstrukture heers nie, wat 'n beeld van 'n hegte band tussen gesinslede skep wat mekaar vermaan oor verkeerde optredes. Dit was ook pertinent genoem dat kinders uit gebroke huise kom en sy bedoel dus hiermee dat kinders fisies in beheer van die huishouding is. Daar is egter nie 'n ma en pa om na kinders om te sien nie en kinders vind soms die skool as hulle uitlaatklep om dan uiting te gee aan die omstandighede waarin hulle hul bevind. Die kind moet dan kind wees by die skool en ma of pa wees vir kleiner boeties en sussies by die huis en dit skep by die kind 'n hele wanopvatting van kindwees.

“Broken families, there are really no good parental structure at home, they not used to really behaving well” (T4, LN52; 53)

(Gebroke families, daar is regtig geen goeie gesinstrukture by van die huise nie, kinders is nie gewoond daaraan om hulle goed te gedra nie)

In hierdie streek is dit dus 'n verskynsel wat altyd 'n impak gaan hê op kinders se lewens wat hierdeur geraak word en sal dit altyd 'n rol speel in die vordering van hul skoolwerk.

3.11.4 Egskeidings

'n Laerskoolonderwyser was daarvan oortuig dat kinders alleen groot word en die feit dat ouers, weens egskeiding, ensovoorts, nie meer in dieselfde huishouding bly nie. Dit skep ook verdere probleme. Hy beweer verder dat die kinders in so 'n huishouding daaronder ly. Die kinders moet soms tussen twee wêreldes kies en dit bring verwarring in die kinders se lewens mee.

“...in baie gevalle is die kinders alleen. In alle kultuurgroepe vind 'n ou dat die kind nie by die ouerhuis is en dit self is 'n groot probleem ... die egskeiding van ouers is meer alledaags en dit skep ook vreeslike probleme. Daai kind vat 'n knock dan soek hy iets in die lewe wat hy nie weet hoe om te kry nie” (T7, LN97-101)

Egskeidings gee ook aanleiding tot die feit dat ouers geen dissipline, toesighouding en morele ondersteuning aan hul kinders bied nie (Botha, 2004:113). 'n Egskeiding het 'n impak op almal wat tot die persone verbind is wat uitmekaar gaan; die kind word erg daardeur geraak, familieledes, vriende asook ouers van die man en vrou wat skei en ook kollegas by die werk (Botha, 2004:113). Na 'n egskeiding ervaar die kinders die meeste

ongerief, want hulle word deur die egskeiding gedwing om nou aan te pas by 'n nuwe huis, 'n nuwe omgewing, nuwe vriende asook 'n nuwe skool en dit het 'n groot invloed op hulle skoolwerk (Botha, 2004:118). 'n Deelnemer het die volgende genoem, naamlik:

“Kinders bly by 'n oom of 'n tannie wat nie omgee soos 'n bloedma en -pa vir die kind nie” (T7, LN44-45)

3.11.5 Enkelouergesinne

Uit die antwoorde wat na vore gekom het, is gerapporteer dat die probleme wat in hierdie streek ondervind word, toegeskryf kan word aan die feit dat daar baie enkelouergesinne voorkom. Daar is ouers wat ongetroude enkel ouers is wat omsien na jonger kinders binne 'n huishouding en dan is daar gesinne waar die vader of die moeder alreeds gesterwe het. In baie gevalle van enkelouergesinne is die kinders gewoonlik in die sorg van die moeder en is die vaderfiguur afwesig. Die lewenswyse van ouers is van so 'n aard dat kinders nie hulle ouers as hulle rolmodelle beskou nie omdat baie ouers nie 'n goeie voorbeeld stel wat die kind kan nastreef nie, is ook deur 'n onderwyser genoem.

“...if you find a situation at home, that the social life of learners is in extreme whereby parents are now divorcing” (T10, LN140-142)

(Jy sal agterkom by hierdie huise, dat die sosiale lewe van die kinders in sy ergste graad is waar ouers byvoorbeeld op die punt staan om te skei)

Na aanleiding van bogenoemde gesprekke deur deelnemers is dit dus duidelik dat sommige ouers nie sorg vir hul kinders soos hulle behoort te doen nie. Hulle versuim hul pligte as 'n ouer.

3.11.6 Afwesigheid van die vader as rolmodel

In hierdie streek in die Noordkaap kom baie van die leerders uit disfunksionele families waar die vaderfiguur of in baie gevalle die broodwinner deur een of ander rede afwesig is. Die afwesigheid van 'n vaderfiguur as rolmodel binne 'n gesinstruktuur lei ook tot antisosiale gedrag van leerders (Pretorius, 2008:31).

In dié streek kom baie gevalle voor waar albei ouers afwesig is en kinders word gewoonlik in die sorg van 'n oupa en oma of 'n tannie en 'n oom gelaat wat nie bewus is van al die verkeerde plekke waar sommige kinders hulself soms bevind nie.

“al waar daar net 'n ma is, daar's 'n gebrek aan 'n vadermodel, dan kry jy ook dat die kind rebelleer as daardie gedrag ook by die skool 'n verhouding tussen ouer en kind is absoluut belangrik” (P11, LN101-103)

“Because the ouma or grandmother will tell you oh, my child I know nothing, please contact the parents. You realised that the parents they are really are more far (*sic*). That is our significance” (T10, LN208-210)

(Die ouma sal jou vertel dat sy van niks weet nie en dat jy die ouers van die kind moet kontak. Dit is wanneer jy besef dat die ouers baie ver is. Dit is ons uniekheid)

Dit gebeur dat die biologiese moeders en vaders dikwels nie plaaslik teenwoordig is nie en dan sien die kinders hulle net gedurende vakansietye; met die gevolg dat die regte norme en waardes nie aangeleer word nie.

Stoop & Stoop (2007:79) bevestig dat kinders wie se vaders die huis verlaat het of gewoonlik afwesig is, meer gedragsafwykings toon as dié kinders wie se vaders nog in die huis woon.

3.11.7 Lae opvoedingspeil van sommige ouers

Van die deelnemers was oortuig daarvan dat die gebrekkige geletterdheidsvlak van die ouers in die streek beslis ook bydra tot die probleem van leerderwangedrag in die Noordkaapse skole. Dit is egter baie moeilik om 100% betrokkenheid van ouers in die John Taolo Gaetsewe-distrik te bewerkstellig aangesien die oorgrote meerderheid ouers in die eerste plek net tot graad 7 op skool gevorder het; in die tweede plek werk baie van die ouers in die omliggende myne en ook elders in die buitewyke van die streek wat 'n rol speel veral wat betref die werksure en die vervoer om deel te wees van ondersteunings- en opleidingskursusse, het 'n deelnemer ook genoem. Die oorgrote meerderheid van die ouers vind dit dus moeilik om hul kinders tuis te help met hul skoolwerk, is deur deelnemers genoem. Verskeie deelnemers het dit pertinent genoem dat sommige ouers soms huiwerig is om betrokke te raak by die skool juis omdat hulle ongeletterd is.

“And then, you realise especially in my community most of my community parents, they are really illiterate, just want to say it but I have to mention it, really because you go to them and then we invite them to school to come and see, you realise that the parent cannot even sign. He makes an X instead of signing” (T10, LN228-231)

(En dan kom jy agter, veral in my gemeenskap baie van onse ouers, hulle is regtig ongeletterd, ek wil graag dit sê, maar ek moet dit noem, regtig, want wanneer jy na hulle gaan en jy nooi hulle uit na die skool, dan besef jy dat die ouer kan nie eens 'n handtekening maak nie. Hy maak 'n X in die plek waar hy

moet teken)

Dit het ook na vore gekom uit die ondervraging dat ouers nie belangstelling toon in hul kinders se skoolwerk nie, want 'n onderwyseres het probeer verduidelik deur 'n voorbeeld te maak van die boeke wat deur ouers geteken moes word wanneer dit met die kinders huis toe gestuur word; jy kan dit tel so min ouers reageer daarop. Sy voer verder aan dat die enigste rede vir die swak reaksie deur die ouers is dat ouers nie verstaan het wat hulle moes doen nie en haar gevolgtrekking in die verband was dat ouers ongeletterd of onkundig is. 'n Onderwyser by 'n ander skool het ook 'n soortgelyke probleem ondervind waar hy 'n werkopdraggie aan kinders gegee het om by die huis te voltooi en dan aan die hele klas moes kom voordra. Dit was verbasend om te sien dat die kinders in hul swakheid die opdrag self aanmekaar geflans het, het hy gesê.

“Daar is ouers die geletterdheidsvlak speel 'n rol, jou gemeenskap, die ouergemeenskap is nie geletterde mense nie” (T3, LN150; 151)

Hy het agtergekom dat ouers nie eens navrae gedoen het oor die opdrag nie en dit het hom laat beseef dat ouers nie verstaan nie; dat ouers glad nie die tyd daarvoor het nie of dat ouers bloot nie geweet het wat om te doen nie. Hier is van die antwoorde wat die deelnemers verskaf het:

“We’ve got levels of parents. There are parents who are really not totally educated. Parents who received minimal education. There are parents who are (emphasis) WELL EDUCATED, like myself, my child” (T10, LN216-218)

(Ons het sekere geletterdheidsvlakke van ouers. Daar is ouers wat heeltemal glad nie opvoeding ontvang het nie. Ouers wat minimaal opvoeding ontvang het. Dan is daar ouers wat goeie opvoeding ontvang het soos ek, my kind)

Die huidige tendens in enige gemeenskap is dat ouers hul verantwoordelikheid op die skouers van die skool plaas, het een van die deelnemers genoem en dat die skool versuim om definitiewe stelsels in plek te plaas om hierdie probleem hok te slaan. Die skool moet nou pa staan of verantwoordelikheid aanvaar vir kinders waar ouers versuim het om hul ouerlike plig na te kom.

“en ek glo dat die enigste manier dat ons dit gaan regkry is as skole uitreik na ouers toe en weer daar 'n waardesisteem skep wat terug na die skool toe kom” (T9, LN172-173)

Dit is duidelik dat die probleem van ongeletterdheid in sommige ouergemeenskappe 'n universele probleem geword het en dat ouers soms te trots is om dit te erken en nie die

nodigheid insien om iets aan hulle situasie te doen nie.

3.12 Waardestelsels ontbreek in die verskillende gemeenskappe

Dit het geen noemenswaardige uitwerking as jy binne 'n skoolatmosfeer 'n waardestelsel probeer skep en dit word nie deur die ouergemeenskap ondersteun nie, het 'n skoolhoof aangevoer. Hy voeg verder by dat die onderwyser sy bes probeer om binne die skoolterrein leerders se swak gedrag te verander na goeie gedrag wat in die breë skoolgemeenskap aanvaarbaar is.

“en ek glo dat die enigste manier dat ons dit gaan regkry is as skole uitreik na ouers toe en weer daar 'n waardesisteem skep wat terug na die skool toe kom, want om te probeer om in vier drade die sekere waardesisteem te skep en dit nie gehandhaaf word buite nie, is van geen waarde nie” (T9, LN169-175)

Hy het ook verder genoem dat hy as kind deur sy pa aangespreek was as hy nie met die nodige waardigheid teenoor die onderwyser gehandel het nie. Hy is ook van mening dat indien die ouer nie kinders korrek opvoed nie, kinders die onderwyser nogsteeds as 'n arbeider beskou. Die inkonsekwentheid van die ouers veroorsaak dat die kind hierdie besluite en optredes van die ouer verkeerd vertolk en die kind neem dan aan dat dit die norm is (Stoop & Stoop, 2007:262).

'n Gesin as 'n kleiner eenheid handhaaf ook sy eie waardestelsel waar ouers die verantwoordelikheid het om kinders se opvoeding daarvolgens te evalueer en as steunpilaar kinders se optredes te meet.

3.12.1 Godsdienstige riglyne deur ouers ontbreek

Van die deelnemers was van mening dat ouers nie meer aandag aan godsdienstige riglyne skenk om kinders se gedrag te reguleer nie. Hulle was daarvan oortuig dat ouers min tyd maak byvoorbeeld om die Bybel vir kinders te lees en hulle daaruit te vermaan. 'n Afgetrede onderwyser wat ook soms by skole preek, het beweer dat die Christelike omhoogleiding vir hom van kardinale belang is en dit moet as fondament in enige huishouding dien. 'n Ouer was daarvan oortuig dat ouers se gedrag en lewenstyl gevestig moet wees op wat ons uit die Woord van God leer. Hierdie deelnemer het ook genoem dat kinders grootgemaak moet word in die weë van die Here.

“Daarom is dit belangrik dat jy jou kinders grootmaak in die weë van die Here, leer hulle van die Bybel, leer hulle van die kerk daar kinders moet weet dat hulle, dat dit dat hulle self en nie uit dwang uit kerk toe sal gaan” (P12, LN120-123)

“Ek gebruik nie noodwendig die lat nie, maar gebruik ander vorm van opvoeding,

vermaning en die godsdienstige riglyne, die Christelike omhoogleiding is vir my kardinaal. Dit is 'n fondament" (P11, LN88-90)

Dit is duidelik dat party ouers nie meer godsdienstige riglyne aan hul kinders soos die Tien Gebooie voorhou nie en dat party ouers ook nie meer tyd maak om uit die Bybel te lees en daarvolgens hul kinders te vermaan nie.

3.12.2 Morele ondersteuning van ouers

'n Deelnemer is daarvan oortuig dat die morele ondersteuning uitsluitlik die verantwoordelikheid van die ouer is. 'n Mens moet 'n gesonde verhouding met kinders hê om jou kinders se vertrouwe te wen. Sodra kinders ervaar dat pa en ma belangstel, sal hulle ook die vrymoedigheid het om dinge met hul ouers te deel. Hy voer verder aan dat moraliteit van kinders wat verder uitkring na die skool, kom van die ouer. Dit is wat hy genoem het, naamlik:

"Die kind se morele onderbou is uitsluitlik die aanspreeklikheid van die ouer" (P11, LN71).

Ouers behoort hul kinders moreel te ondersteun deur bewus te wees van kinders se tuiswerk en om 'n verhouding met die onderwyser aan te knoop, het die deelnemer verder genoem.

3.13 Redes vir oneffektiewe handhawing van dissipline deur ouers

3.13.1 Permissiewe ouers

'n Skoolhoof as deelnemer wat ook klas aanbied, was daarvan oortuig dat die grootste oorsaak van leerderwangedrag in skole neerkom op die opvoeding wat van geslag tot geslag verskil. Hy verduidelik dit deur te noem dat toe hy grootgeword het, sy ouers baie streng was deur alles van televisieprogramme tot leesboeke te sensor.

"Televisie was gesensor...ons mag net sekere programme gekyk het" (T9, LN62-63)

Hy was ook van mening dat die hedendaagse ouer geslag verswak het in hul pogings om strenger op te tree teen kinders wat hulle wangedra. Die hedendaagse generasie versuim om leerders se verkeerde gedrag deurentyd aan te spreek. Die feit dat die ouer nie streng optree teenoor die kind nie lei tot ongehoorsaamheid onder kinders en dit kring uit na die skool.

"Ek sal nie so streng wees soos my pa nie en elkeen verswak bietjie, bietjie en uiteindelik sit ons waar ons vandag is" (T9, LN60-61)

'n Onderwyser wat ook onlangs as hoof in 'n agtergeblewe woonbuurt aangestel is, het genoem dat ouers nie meer streng optree deur hul kinders op die regte manier te dissiplineer soos dit in die verlede was nie. Hy het 'n voorbeeld gemaak deur te noem dat wanneer die vader van die werk by die huis sou aankom, kinders sou weet dat hulle nou op hul gedrag moet let, want hul vader is tuis. Die kinders sou hul besig hou deur hulle boeke te vat uit vrees vir hul pa en omdat hulle weet dat hul vader baie streng is.

“Like, you know, when your father, when he comes home, you know if the father is there, there'll be discipline” (T10, LN89-90)

(So, jy weet as jou vader huis toe kom; jy weet as jou vader daar is, sal daar dissipline wees)

Dit wil voorkom dat party ouers nie meer streng optree teenoor kinders nie en dat kinders al hoe meer op hulle eie aangewese is. Die nuwe millennium kinders word deur sommige ouers toegelaat om te doen wat hulle wil al is dit ook verkeerde dinge en sommige ouers kyk eenvoudig anderpad.

3.13.2 Ouers stel nie duidelike grense of reëls nie

Uit sommige huishoudings kom jy as navorser agter dat kinders ongemanierd die skoolperseel betree en dat kinders hulle nie wil onderwerp aan gesag nie. Een van die ouers het genoem dat 'n ouer behoorlike grense vir jou kinders moet stel en ouers laat kinders te dikwels toe om te maak soos hulle wil; dit kring later uit na die skool waar die kind weier om onder gesag te staan. 'n Ander ouer het genoem dat kinders self ook moet weet van die grense wat deur hul ouers gestel word en dit nastreef.

...grense te stel en vir die kind waarsku en wys daarop die skool het ook grense!”
(P14, LN68-69)

“hulle wil nie onder gesag staan nie en maak wat hulle wil” (P14, LN28-29)

Nog 'n ouer het genoem dat dit belangrik is om duidelik aan kinders uit te spel wat jy as ouer verlang en dat kinders dit nie verkeerd sal interpreteer en die teenoorgestelde ding doen nie.

“en die kind dink dit is maar normaal en dit is nie nodig om binne die lyne te beweeg nie” (P13, LN99-100)

Dit is dus duidelik dat sommige ouers hulle min of weinig steur aan riglyne wat hulle vir hul kinders moet neerlê en waarvolgens hulle hul kinders se gedrag kan meet. Uit bogenoemde antwoorde is dit ook duidelik dat party ouers insiklik begin raak het oor

wat verkeerd en wat reg is binne hul huishoudings.

3.13.3 Ouers vervul nie hul rol as primêre opvoeders nie

Volgens Reyneke (2013:552), is ouers die primêre opvoeders en behoort hulle die verantwoordelikheid vir die kind se fisiese en skolasiese ontwikkeling na te kom. Die ouer behoort die kind die basiese reëls binne die gesinstruktuur te leer; sodoende sal die kind ook reëls in 'n opvoedkundige instansie (n skool) gehoorsaam, het een van die ouers genoem.

“So al wat jy moet doen is maar om te probeer om by die huis die reëls te stel”
(P14, LN68)

'n Ouer is ook van mening dat ouers se eerste prioriteit hul kinders se opvoeding moet wees en dat ouers dus aanspreeklikheid vir daardie kinders moet aanvaar.

“Wel, natuurlik is dit die ouer se eerste verantwoordelikheid om sy kind op te voed, met ander woorde die kind se morele onderbou is uitsluitlik die aanspreeklikheid van die ouer, want ek dink 'n skool is so goed soos die kwaliteit van die kinders se moraliteit en die moraliteit van die kinders lê by die ouer om dit te bou” (P11, LN70-73)

Die ouer as primêre opvoeder moet die kind ook sekere dinge by die huis leer sodat die kind nie hierdie dinge by die skool hoef te leer nie, maar alreeds ken. Hier praat ons van eenvoudige basiese reëls, het 'n onderwyser genoem, soos om 'n ouer persoon te groet, nie terug te praat wanneer met jou gepraat word nie en dankie te sê wanneer jy iets ontvang.

Hy gaan verder deur te noem dat dit aspekte is wat die ouer van kleins af vir hul kinders moet leer, sodat wanneer die kind skoolgereed is, kinders al die basiese reëls sal ken en waarop die skool kan voortbou en op verbeter.

“Daar is goedjies, dankie, asseblief, môre, wat 'n kind by sy ouerhuis leer en jy kom nogal agter dat die kinders kom skool toe en die skool moet hulle hierdie dinge leer dan dink ek is dit 'n bietjie te laat” (T3, LN82-84)

Volgens antwoorde hierbo verskaf deur onderwysers en ouers is dit dus duidelik dat ouers hulle plig as primêre opvoeders versuim. Die ouers slaan nie eens ag op sulke eenvoudige aspekte wat te doen het met hul kinders se gedrag nie en wat sal bepaal of hul kinders sal kan meeding in 'n snel veranderde samelewing.

3.13.4 Apatie van sekere ouers

'n Onderwyser by 'n laerskool het ook genoem dat die ouer 'n traak-my-nie-agtige

gesindheid ten opsigte van hul kinders se skoolstudies opvoeding het. Sy gaan verder deur te noem dat die ouer alleenlik daardie opvoeding aan die kind kan gee as die ouer fisies betrokke is by die kind se skoolwerk. Sy bedoel as die ouer die huiswerk van die kind saam met die kind doen.

“en veral toesien dat ouers saam met die kinders hul skoolwerk aanpak” (P12, LN84-85)

“Waar ’n ouer betrokke is, is ’n leerder ... dan vorder hy ook beter” (P21, LN97)

’n Onderwyseres wat graad 4-leerders onderrig, was van mening dat ouers nie eens hul kinders se huiswerkopdragte nagaan nie. Sy voer verder aan dat ouers wie se kinders goed presteer gereeld betrokke is by hul kinders se opvoeding en dat daar ouers is wat net belangstelling gaan toon as hul kinders nie na die volgende graad gevorder het nie. Dit is dan vir haar te laat vir ouers om op so ’n laat stadium ’n poging aan te wend om die leerders se vordering te monitor.

“Ouers kom skool toe as hulle hoor hul kinders word nie bevorder na die volgende graad nie” (T5, LN106-108)

’n Ander ouer het ook erken dat as jy as ouer versuim om na die leerder se huiswerk te kyk, dit later ophoop en dat die kind nie meer moeite sal doen om by sy ouers hulp te vra nie.

“Dan besef jy maar ek het nie die kind se boek gekyk nie. So ek het nooit gehelp nie en hy het later gesien, Ag, dis oraa!” (P23, LN98-99)

3.13.5 Ouers spandeer min kwaliteittyd met kinders

Sommige ouers bestee min of glad nie tyd saam met hul kinders nie, is deur ’n onderwyseres genoem. Dit het tot gevolg dat party ouers soms nie weet wie die kind se onderwyser is nie. Die ouer is veronderstel om tuis die leerder se goeie en slegte gedrag te evalueer en in kontak te wees met die onderwyser indien probleme by die skool ontstaan waarby die kind betrokke was.

“maar dat die belangrikste ook lê by daai opvoeding: skoolstudies opvoeding wat jy vir die kind moet gee” (P12, LN101-102)

In die bogenoemde antwoord van ’n deelnemer was dit duidelik dat ouers se werksure van so ’n aard is dat hulle nie tyd het om saam met kinders te bestee nie. ’n Onderwyseres wat al baie jare onderwysondervinding het, het ook gesê dat ouers liever daaraan moet dink om hulle werksomstandighede te verander om sodoende meer tyd by

hul kinders te kan spandeer.

“So ouers sal moet dink daaraan om hulle se werksomstandighede te verander sodat hulle meer aandag gee aan die kinders” (T12, LN99-100)

’n Ander onderwyseres was daarvan oortuig dat ouers glad nie gedurende die dag hul kinders sien nie en dat ouers nie tyd maak om aandag aan hul kinders te skenk nie. ’n Onderwyser by ’n hoërskool het ook genoem dat in baie gevalle kinders alleen is en dit is nie net ter sprake by ’n blanke skoolgemeenskap nie, maar in ander kultuurgroepe kom hierdie verskynsel ook voor waar leerders nie hul ouers gedurende die tydperk na skool tot saans laat sien nie.

’n Skoolhoof het ook aangevoer dat ouers selfs nie na werk huis toe gaan nie en ook hul verantwoordelikheid teenoor hul kinders op die skouers van die groter kinders in die huishouding plaas. Hy gaan verder deur te noem dat wanneer jy huisbesoeke doen, die biologiese ouers nooit tuis is nie en die tante wat na die kinders omsien ook nie verantwoordelikheid vir die kinders wil aanvaar nie.

“The aunt will tell you I am not the biological parent of this so I can not take responsibility” (T10, LN195-196)

(Die tannie sal jou laat verstaan dat sy nie die biologiese ouer is nie en sy kan nie verantwoordelikheid vir die kind aanvaar nie)

“They don’t come home after work. So you’ll will find that some of our learners they stay with their older brothers or their siblings or their aunts, things like that” (T10, LN193-194)

(Hulle kom nie huis toe na werk nie. So jy sal vind dat van die leerders bly by hulle ouer broers of hulle tantes, dinge soos dit)

Dit is dus duidelik uit die beantwoording dat sommige ouers nie kwaliteittyd saam met hul kinders deurbring nie en dat die rede hiervoor moontlik is dat ouers se werksomstandighede ’n rol speel.

3.13.6 Afwesige ouers (emosionele en intellektuele afwesigheid)

Die ouers tree nie strenger teenoor hul kinders tuis op nie en in baie gevalle is ouers nie teenwoordig om kinders binne ’n huishouding uitmekaar te maak as kinders stry of baklei nie, is deur ’n ouer genoem. ’n Ouer wat voorheen onderrig het en wat tans uithelp by ’n hoërskool, het pertinent genoem dat daar geen ouerlike toesig oor kinders is nie en dat kinders op hul eie aangewese is. Die kind maak wat hy wil gedurende die dag en doen

selfs nie eens sy skoolwerk nie, want daar is nie 'n ouer of 'n voog om hierdie kinders te monitor nie, het hy ook bygevoeg.

“'n Mens kan sien baie keer is daar swak gedrag by kinders omdat hulle of in 'n ouerlose huisgesin funksioneer” (P11, LN99-100)

'n Ouer het die volgende erken dat sommige ouers baie min tyd met hul kinders spandeer en dat ouers nie eens meer navrae doen oor hoe hul kinders se skooldag verloop het en of hul kinders dalk enige huiswerk vir die dag ontvang het. Ouers weet nie wat hul kinders gedurende die dag doen nie of waar hul kinders hulle bevind nie, is deur 'n deelnemer genoem.

“Jy moet belangstel, as die kind uit die skool kom. Vra, hoe was jou dag by die skool? Vra is daar nie tuiswerk nie en saam met hom/haar deurgaen, waar hy vashaak hom help” (P19, LN76-79)

'n Skoolhoof het ook genoem dat baie ouers soms nie by die huis is nie omdat dit te ver is om na hul huise te reis en dan slaap die ouer maar in by die werkgewer. Dit het tot gevolg dat kinders dan alleen na die huishouding vir die tydperk wat die ouer afwesig is, moet omsien.

“Parents are working on the farms, in the mines, they are working in the kitchen, they are sleeping in. So children are just left at home alone. Now other learners are staying with their grandparents” (T10, LN201-202; 203-204)

(Ouers werk op plase, in die myne, hulle werk in kombuise, hulle slaap oor. Dus die kinders word alleen gelaat by die huis. Ander leerders bly weer by hulle grootouers)

Volgens Stoop & Stoop (2007:138) moet ouers 'n goeie verhouding met hul kinders hê om kinders geestelik, emosioneel en sielkundig vir hul eie lewe voor te berei. Sy gaan verder deur te noem dat navorsing toon dat kinders wat 'n veilige en hegte verbintenis (verhouding) met hul ouers het, 'n beter verhouding met vriende het, beter akademies presteer en kan ontstellende situasies beter hanteer en oorleef. 'n Ouer wat ook godsdienstige praatjies by skole hou en wat afgetree het, is daarvan oortuig dat kinders ook op 'n geestelike manier deur die ouer vermaan moet word en dat ouers dit in lyn moet bring met die godsdienstige riglyne wat hulle hul kinders moet leer.

“...maar ek gebruik ander vorm van opvoeding, vermaning en die godsdienstige riglyne, die Christelike omhoogleiding is vir my van kardinale belang” (P11, LN89-90)

Dit is dus belangrik dat ouers belangstelling in hul kinders se lewens toon en wys dat

hulle omgee, nie net oor die akademie van hul kinders nie, maar ook in die geestelike volwassewording van hul kinders. Daar is vandag soveel ouers en kinders wat vervreem raak van mekaar omdat ouers soms nie die tyd uitkoop om deel te wees van kinders se sosiale lewe nie.

3.13.7 Gebrekkige kennis van ouers

Sommige ouers is soms oorhaastig en wil nie eens hul kinders se verduidelikings van 'n saak aanhoor nie en is gou om die kind die skuld te gee, het 'n juffrou genoem. Sy voer verder aan dat ouers na hul kinders moet luister alvorens hulle die kind alreeds geoordeel het. 'n Ander ouer het pertinent genoem dat opvoeding by die huis begin en dat ouers nie van 'n onderwyser kan verwag om by die skool te vermag wat hulle as ouers nie eens by die huis regkry nie.

“die ouer is die primêre bron van opvoeding” (P14, LN103-104)

'n Ouer as huisvrou het ook aangevoer dat sommige ouers verwag dat die kind dissipline by die skool moet leer en dus word die ouer se verantwoordelikheid na die skool verskuif. Dit is waarom so baie ouers nie hul kinders se gedrag by die huis kan hanteer nie.

“Al die dissipline begin by die huis” (P15, LN74)

Die *Witskrif* (White Paper 1) van die post-apartheidsera erken die rol van die ouer as die primêre opvoeder in die opvoeding van die kind (Departement van Onderwys, 1995) en stipuleer ook die regte van die ouer volgens die gemenereg, as volg:

Ouers het die reg om te kies watter formaat die onderrig vir hul kinders die beste sal wees, veral in die vroegste stadium van die kind se skooljare, voorsien deur die staat of nie, onderhewig aan redelike veiligheid wat bekom word deur die reg.

Die feit dat die kind die meeste van sy lewe in 'n familie-eenheid of gesinstruktuur deurbring, bied aan die ouer die ideale geleentheid om die grootword en die gedissiplineerde gedrag van die kind te reguleer (Smit, 2011:321). Die opvoedkundige kennis ontbreek egter by sommige ouers omdat die ouer net informele opvoeding aan die kind kan bied en dat die formele taak by die skool berus om die kind holisties en in totaliteit op te voed (Smit, 2011:321).

Die regte norme en waardes word ook nie behoorlik deur party ouers ingeskerp nie, want kinders steur hulle min aan reëls in die ouerhuis en dit brei verder na die skool uit, is deur 'n deelnemer genoem. Party ouers bly ook in gebreke wat die didaktiese en gespesialiseerde vaardighede betref waaroor die onderwyser wel beskik (Smit, 2011:322). Die onderwyser is bekwaam genoeg om differensiasie binne sy beplanning

te laat geskied en doelgerigte strategieë te gebruik om die volle potensiaal van elke leerder optimaal na vore te bring (Smit, 2011:322).

Die navorser kon ook met sy besoeke waarneem dat die oorgrote meerderheid ouers in die John Taolo Gaetsewe-distrik gebrekkige kennis het oor byvoorbeeld die rol van die skoolsielkundige by die skool, die rol van die maatskaplike werker by die skool, wanvoeding en ondervoeding as 'n mens oplet hoe leerders soms vuil, onversorg en honger by die skool opdaag. Ouers wil soms ook nie hul samewerking in die geval van toetsing van leerders deur die skoolsielkundige gee nie. 'n Ander deelnemer was ook oortuig daarvan dat die ouer soms skaam voel en weier om deur die maatskaplike werker oor die versorging van hul kinders besoek te word. Die ouers het verskeie verskonings deur elke afspraak met hulle gereël nie na te kom nie en liever die kinders leuens te laat vertel dat hulle laat werk. Die skool kan hier weer 'n deurslaggewende rol speel om as skakel tussen die ouer en die onderwysdienste op te tree wat by die skool beskikbaar is. In hierdie verband het ouers gebrekkige kennis en weet hulle soms nie waar om hulp te soek nie.

“Want as jy kyk, ons hardloop so ons wys vir (naam van maatskaplike werkster) die kinders van die ouers (foster care, *weeskinders*) elke keer. Hulle is nie meer by die skool nie. Ons wys vir (naam van maatskaplike werkster) ons is besig by elke huis, teken daar, as ons nie die moeder kry nie, los ons boodskap laat hy vir ons by die office (*kantoor*) skakel” (P20, LN49-51)

“...call the Child Unit, what is it? Child Care. If it is a serious problem. If I cannot control it. I will definitely involve someone else” (P16, LN69-70;71; 73)

(Bel die Kindereenheid, wat is dit? Die Kindersorg. As dit ernstige probleem blyk te wees. As ek dit nie kan hanteer nie. Ek sal iemand anders se hulp in die verband betrek)

'n Ander deelnemer het ook genoem dat lede (veral die ouer-en onderwyserkomponent) op die skoolbeheerliggaam nie soms weet wat om te doen nie. Hulle het gewoonlik nie die nodige kennis oor die rol van die skoolbeheerliggaam en verskeie ander skoolaktiwiteite wat direk verband hou met opvoeding.

“But now we are having we are all having a discipline committee at school that involved SGB and the educator and they does nothing” (T10, LN132-133)

(Maar ons het nou ons het nou 'n dissiplinêre komitee by die skool wat die skoolbeheerliggaam insluit en die onderwyser en hul doen niks)

3.13.8 Onkunde en wanpersepsies van ouers oor funksionering van skole

Die ouers het ook wanpersepsies van wat by 'n skool gebeur, het 'n onderwyser aangevoer. Hy gaan verder deur te noem dat die Departement van Onderwys, in samewerking met elke skool, die inisiatief moet neem om die ouergemeenskap in dié verband op te lei en om maniere te vind om die ouers hul pligte in die opvoedingstaak van hul kinders te laat beseef. Die ouer verstaan soms nie die werklike skoolopset nie en handel dus onkundig as dit kom by die gedrag van hulle kinders, was 'n onderwyser se mening. 'n Ander onderwyser het genoem dat die ouer baie vinnig sal reageer as sy kind oortree het of dissiplinêr aangekla word, maar as dit kom by die swak vordering van hul kinders, verkiesing van nuwe lede op die beheerliggaam en gereelde bywoning van ouervergaderings, daag ouerseenvoudig net nie op nie.

“Ek dink werklik dat ouers dalk net 'n wanpersepsie het van wat werklik verwag word van hulle en dan skole sal daadwerklik moet regtig begin betrokke raak wat bestaande en basiese reëls dan is” (T9, LN122-124)

'n Ouer het ook genoem dat die ouers bewus moet wees van wat presies aangaan by 'n skool en dat dit ook deelvorm van ouerbetrokkenheid. Hy het ook genoem dat deur 'n verhouding met die onderwys op te bou, die ouer meer bewus word van die behoeftes van die kind asook die frekwensie van tuiswerk.

“Wel, elke ouer moet oor die kind se skouer loer. Belangrik dat die ouer, al kan die ouer nie die werk bemeester nie, moet die ouer bewus wees van die aard van tuiswerk wat gegee word, met ander woorde een vorm van betrokkenheid is om die onderwyser te nader, met die onderwyser 'n verhouding te bou, sodat die onderwyser dan die ouer oriënteer ten opsigte van die kind se behoeftes, die frekwensie van tuiswerk en al die tipe van detail” (P11, LN77-81)

Dit is duidelik dat sommige ouers nie werklik verstaan wat by 'n skool aangaan nie en dit kan moontlik die rede wees waarom ouers dus wegbly of min oueraande bywoon.

3.13.9 Onkunde van ouers ten opsigte van lyfstraf

Ingevolge die Suid-Afrikaanse gemenereg het die ouer die reg en verpligting om die kind reg op te voed, 'n rol te speel in die geloofsoortuiging van die kind asook om behulpsaam te wees met die algemene grootwording van hul kinders (Reyneke, 2013:552). Ouerlike gesag sluit dus ook die vermaning en regulering van die kind se gedrag in. Uit die onderhoude was dit duidelik dat ouers nie meer lyfstraf by hul huise toepas nie omdat hulle nie meer weet hoe om op te tree teenoor hul eie kinders nie. 'n Ander rede vir ouers se buigsaamheid met hul kinders mag moontlik wees dat

ouers onder die indruk verkeer dat lyfstraf ook by die huis nie meer toegedien mag word nie omrede dit reeds by skole verbied word. Die ouers is dus ook onseker oor die toediening van lyfstraf by hul huise asook oor ander strafmaatreëls wat hulle kan gebruik om leerders se gedrag te verbeter.

“’n Mens kan nou nie weer soos in die outyd, kon jy mos geslaan het” (P19, LN84-85)

Die ouers het te permissief begin raak oor hul kinders se wangedrag tuis. Die onaanvaarbare aspekte soos neusringe en oorbelle dra, swak taalgebruik en om Okapyp op die hoeke van strate te rook, om net ’n paar te noem, kan as redes aangevoer word waarom daar ’n verval in sommige gemeenskappe is, is ook deur ’n onderwyser aangevoer. Hierdie dinge sien sommige ouers nie meer as verkeerde oortredings van hul kinders nie, het hy verder genoem.

“Goed wat ons onaanvaarbaar aanvaar het, kan ouers nie eens vandag, hulle dink jy is belaglik” (T9, LN53-54)

Dit is dus duidelik, wat ook uit die ondervraging na vore gekom het, dat die wette deur die regering ook die ouers se toepassing van orde in die ouerhuis ondermyn het.

“Toe is daar wette gemaak wat sommer die dissipline, die handhawing van dissipline uit die ouerhand gevat het” (T3, LN91-92)

Verskeie response het ook daarop gedui dat sommige ouers en party onderwysers sou verkies dat lyfstraf in ’n mate teruggebring moes word. Hulle beweer dat dit voorheen ’n goeie maatstaaf was om kinders se gedrag te reguleer. Dit wil voorkom dat lyfstraf dissipline by leerders kon afdwing en dat leerders in die verlede gehoorsamer was as die nuwe generasie van vandag.

“...pakslae is nog ’n groot prioriteit by my...”....(P13, LN128-129)

“ek sê nie ’n pakslae help altyd nie, maar dis hoe ons almal groot geword het en ons het geleer” (P15, LN131-132)

Dit skep ook die indruk dat die bestaande strafreëls deur ouers nie ’n goeie uitwerking op leerders se gedrag het nie en dat party ouers nie oor beter alternatiewe strafmetodes beskik nie.

“Let there be something in place to discipline them, I know that corporal punishment is no more there” (P16, LN50-51)

(Laat daar iets in plek wees wat hulle kan dissiplineer, ek weet lyfstraf kan nie meer toegepas word nie)

Dit wil voorkom of daar ouers is wat eintlik effe skrikkerig is om kinders te tug omdat hulle nie werklik bewus is van wat die wet oor hierdie aspek van lyfstraf sê nie. 'n Onderwyser het juis hieroor uitgebrei deur te noem dat sommige ouers ook deur die kind met die polisie gedreig word as die ouer die kind 'n pakslae wil gee. Die kind dreig selfs die ouer met die maatskaplike werker indien die ouer die kind wil tug. Die deelnemer het die volgende hieroor te sê gehad.

“But nowadays if maybe the parents they try to engage with the learners. The learner will tell the parent you can't beat me I am going to take you to the police or I am going to take you to the social worker” (T10, LN90-92)

(Deesdae wanneer die ouer betrokke wil raak by hul kinders se lewe, dan is dit dieselfde kinders wat hulle ouers dreig met die polisie wanneer hulle oortree het of die ouer wil aankla by die maatskaplike werker)

Dit is dus duidelik na wat deur deelnemers genoem is dat sommige ouers nie meer weet hoe om die situasie by die huis te hanteer nie en dat hulle raadop is. Hulle probeer ook nie om ander metodes te ondersoek wat moontlik die onderwyser kan help om orde en dissipline in sy klas te kan handhaaf nie.

Deur selektiewe kodering te bespreek na aanleiding van die resultate verskaf, kon die navorser tot die gevolgtrekking kom dat ouers eintlik baie min of glad nie kennis het oor spesifieke maatreëls en stappe om hul kinders se gedrag te verbeter nie.

3.13.10 Onkunde van ouer oor effektiewe dissipline metodes

Sommige ouers beskik nie oor die nodige kennis om hul kinders se gedrag by die huis aan te spreek nie as die volgende antwoorde ontleed word wat deur sommige ouers genoem is, naamlik;

“Ek dink daar is nie eintlik baie wat jy kan doen nie” (P19, LN96)

Hierdie spesifieke ouer het nie regtig ander metodes genoem nie, soos hoe sy as ouer 'n bydrae kan lewer om toe te sien dat haar kinders, indien hulle oortree, op alternatiewe wyses gestraf kan word nie.

Deur net met die kind te praat, het nie altyd die gewenste uitwerking nie. Sommige kinders luister nie eintlik nie of hulle steur hulle maar min aan die vermanings van hul ouers. Sommige ouers as deelnemers is daarvan oortuig dat jy die kind respek moet leer en daardeur sal kinders se gedrag verander. Dit is in baie gevalle net nie genoeg

nie, want kinders word deur baie ander faktore beïnvloed, faktore partykeer buite die ouers se beheer, soos reeds in die studie genoem, soos portuurdruk om een faktor te noem.

“Ag, leer hom respek” (P15, LN96)

“Ek praat met die kind as ek nou gesien het daar is iets wat hy nie reg gedoen het nie” (P17, LN100-101)

“If my son or daughter sees me always doing a good thing I think he or she will see what kind of person he or she must be” (P24, LN 89-90)

(As my seun of dogter sien dat ek iets goed doen sal hulle sien watter tipe mens hulle moet wees)

Uit die response hierbo is dit duidelik dat ouers opleiding in dié verband nodig het, want jy kom agter dat daar sommige ouers is wat goeie voorbeelde kon opnoem wat gevolg kan word, hoe hulle dissipline by die huis hanteer en ander wat nie weet hoe om op te tree teenoor kinders se verkeerde gedrag nie. Dit kan ook wees dat ouers weens werksomstandighede nie die tyd maak of tyd tot hulle beskikking het nie om leerders se gedrag te monitor. 'n Ander rede vir ouers wat versuim om hul kinders se swak gedrag aan te spreek kan moontlik wees dat ouers onkundig is of ongeletterd is, soos alreeds deur sommige deelnemers (onderwysers) genoem. Dit kan moontlik wees dat ouers nie betrokke wil raak in aangeleenthede wat later hul kennis van die *Skolewet* of regsaspekte op die proef sal stel. Dit kan ook moontlik wees dat ouers onkundig is en nie weet hoe om in sekere situasies teenoor hul kinders op te tree nie.

“I will teach the child the values and morals or I think that is all” (P16, LN90-91)

(Ek sal my kind leer van waardes en norme en dit is al)

Dié antwoord wat 'n ouer verskaf het, is 'n duidelike bewys dat ouers onkundig is. Die onkundigheid van ouers kan verder versterk word deur die feit dat kinders op die gevoelens van hulle ouers speel. Die feit dat ouers graag alles vir hul kinders wil doen en gee, maak dat kinders die swakheid in ouers om duidelike riglyne te stel, raaksien en dit tot hulle eie voordeel gebruik.

Dit mag moontlik wees dat ouers agteroor gaan sit het omdat hulle nie van beter alternatiewe strafmaatreëls weet om hul kinders te straf nie en omdat hulle versigtig is om nie ongewild by kinders te raak nie. Die ouers wat wel goeie voorbeelde kon opnoem oor metodes of stappe wat hulle volg wat kinders se swak gedrag kan verbeter

of verminder, kan deur skole genader word om behulpsaam te wees met opleiding. Een ouer het byvoorbeeld genoem dat as jy wil hê 'n kind moet na jou luister, moet jy eers die kind se vertrouwe wen.

“Mens moet die kind se vertrouwe wen om 'n gesonde verhouding met die kind te hê” (P11, LN99-100)

'n Ouer as deelnemer het genoem van “trek-en-stoot” faktore wat ouers kan gebruik en daardeur kan die ouer die kind se vertrouwe wen. Hy is van mening dat ouers ook aan die kind die rede vir die straf moet verduidelik, wat heeltemal sin maak. Die straf moet die oortreding regverdig. 'n Ander ouer het ook verduidelik dat hy sy kind beloon volgens die krediete wat die kind opbou. Die kind moet goeie punte behaal, in ruil vir waarmee hy beloon gaan word. Die ouer is verder van mening dat indien die kind iets ernstig verkeerd gedoen het, hy al sy krediete wat hy oor 'n tydperk opgebou het, sal verloor.

“Bring vir my iets van jou akademie wat dit sal regverdig sodat ek dit vir jou kan beloon” (P23, LN184)

'n Ouer as huisvrou het aangevoer dat jy sekere voorregte wat die kind geniet moet wegneem as die kind oortree het. Sy beweer dat jy kinders moet straf deur hulle minder televisie te laat kyk of deur hulle sakgeld in te kort om so dissipline af te dwing. 'n Ander ouer het weer genoem dat hy sy kinders se selfone wegvat of dat hy hulle hok en dus nie laat uitgaan tydens 'n skoolfunksie nie.

“Vat hul selfone weg of hok hulle in dat hulle nie kan uitgaan nie” (P13, LN130)

Hierdie ouers kan op ouer- en onderwyserforums dien en hul kennis op so 'n manier met ander deel wat hulp in hierdie verband nodig het. Hierdie goeie gedagtes of idees van ouers kan saamgevat word en as 'n handleiding uitgegee word wat wenke verskaf oor die optredes van leerders en hoe om in unieke situasies op te tree.

Na aanleiding van wat sommige deelnemers genoem het, kan die navorser die gevolgtrekking maak dat party ouers nie goed ingelig is oor duidelike strafmaatreëls wat werk om by hul huise uit te voer nie en dat opleiding in dié verband 'n noodsaaklikheid geword het om ouers spesifiek op te lei om beter dissipline te handhaaf.

3.13.11 Ouers ondersteun hul kinders se verkeerde oortredings

In baie opsigte, wanneer die kind in 'n ernstige geskil by die skool betrokke raak, staan die ouer nie neutraal nie, maar die ouer neem die kind se part en sal tot die bitter einde vir die kind in die bresse tree, is deur 'n hoof by 'n hoërskool as deelnemer genoem.

“Meneer en ouers wat aanvaar het as jy byvoorbeeld baie keer kinders gaan

aanvat sou hul ouers hulle beskerm. Met ander woorde, hulle versterk hulle absoluut in hulle oortredings” (T9, LN54-56)

’n Ouer wat by die Distriksraad werksaam is en wat voorheen ook op die skoolbeheerliggaam gedien het, was daarvan oortuig dat ouers hul kinders se verkeerde optredes ondersteun. Hy gaan verder deur te noem dat tydens die tydperk wat hy op die skoolbeheerliggaam gedien het, hulle dikwels gevalle gehad het waar die ouers verbaas was dat hul kinders sulke dinge kon aanvang en wat vir hom sleg was, was die feit dat die ouers hul kinders ondersteun terwyl die kinders regtig verkeerd was.

“En wat vir my sleg is en dan baie keer dan is die kind regtig verkeerd en die ouer ondersteun daardie verkeerde optrede van hom” (P13, LN117-119)

Sommige ouers reageer soms oorhaastig nog voordat hulle die ware feite van ’n saak het en beskuldig daardeur die enigste geleentheid wat hulle het om versoening tussen hulle en die onderwyser te bewerkstellig. Vir die voortbestaan van ’n instansie soos ’n skool is dit dus van kritieke belang dat ouers en onderwysers goed oor die weg moet kom ter wille van die kind se vordering op skool.

3.14 Faktore wat ouerbetrokkenheid verbeter

3.14.1 Bewusmaking van die belangrikheid van ouerbetrokkenheid by skole

In hierdie streek word ouerbetrokkenheid nie baie beklemtoon nie en jy kom dit gou agter as meer as die helfte van die deelnemers dieselfde opinie huldig oor ouerbetrokkenheid. Die skakeling met die skool vanaf die ouer se kant kom ook nie tot sy reg nie, was die pleidooi van ’n onderwyseres. Sy staaf haar antwoord deur te noem dat wanneer sy die leerder se ouer by die huis sou wou besoek, die adres en ook telefoon nommers nie die korrekte inligting is wat deur die ouer of leerder verskaf is nie. Dit is vir haar ’n probleem, want hierdie ouers bereik jy nooit en dit is veral hul kinders wat probleme gee.

“So daai ouers jy sien hulle nooit, baie keer die nommers wat byvoorbeeld by registrasie van die kinders gegee word. As jy die ouers probeer kontak, daai nommers bestaan nie of hulle word nie geantwoord nie of so die kontak is baie swak” (T1, LN117-121)

’n Ouer wat voorheen skool gehou het, het pertinent genoem dat deur fisies in die klas te wees, skep by die kinders daardie idee van eenvormigheid deurdat die onderwyser en sy ouer ’n samewerkingsooreenkoms het. Die kind neem dus waar dat sy ma en die juffrou goed oor die weg kom en dat hy sy kant moet bring deur nie daardie goeie verhouding en samewerking te verongeluk nie. Sy het verder genoem dat die ouer en die

onderwyser uit een mond moet praat oor hierdie tipe sake wat die kind se opvoeding direk raak.

“Sodat die kind ook weet daar is nie nou ’n gaping nie; my ma weet presies of my ouer weet presies wat die onderwyser verlang en die onderwyser weet presies hoe die ouer voel” (P12, LN160-162)

’n Nuutaangestelde skoolhoof by ’n hoërskool in ’n agtergeblewe woonbuurt was daarvan oortuig dat ouers graag by die skoolaktiwiteite betrek wil word, want as jy hulle eers by hul kinders se sportgeleenthede betrek, dit makliker sal gaan om hulle by ander aktiwiteite van die skool te betrek.

“Ek glo om ouers betrokke te kry, soos by sport, om hulle te betrek om te ondersteun. As jy dit begin regkry dan kry jy ouers wat gemaklik is om jou te bel as iets pla ... gemaklik is as daar ’n probleem is wat hulle graag met jou wil kommunikeer” (T9, LN136-139)

’n Ouer was van mening dat die skool ook nie gereelde ouervergaderings hou nie wat moontlik ’n oplossing kan bied vir die swak skakeling tussen die skool en die ouerhuis. Die ouer was ook van mening dat ouers daardie ekstra myl met die onderwyser en met die skool moet loop om aan die einde sukses met die kind te bereik.

“Rêrig, ek is ook ’n ouer, maar ons, mens moet insit! Waar ’n ouer betrokke is, is ’n leerder, dan vorder hy ook beter” (P21, LN96-97)

In die meeste gevalle waardeer die ouers dit as hulle oor hul kinders se gedrag en oor die vordering van hulle kinders ingelig word. Soms is die ouers redelik geskok oor hul kinders se gedrag omdat hulle nie bewus was daarvan nie.

“...gereelde terugvoering of kommunikasie, met die ouer... Daar waar daar probleme is, moet die ouergemeenskap op hoogte gehou word” (T7, LN106-108)

Volgens Van Wyk (1991:12), word ’n skool as ’n instansie beskou waar onderwysers in ’n werksmilieu funksioneer en omdat ouers belangrike vennote in die onderwys is, kan die skool nie in insolasie van sy ouergemeenskap voortbestaan nie. Hy gaan verder deur te noem dat as onderwysers die ouers met die nodige respek, verdraagsaamheid en waardering behandel, hulle op hierdie manier optimale bereidwilligheid en deelname vanaf die ouers sal ontvang. Die ouers sal voel dat hulle as medevennoot in die onderwys respekteer word, met die regte gesindheid hanteer word en as primêre opvoeder aanvaar word om ’n bydrae te lewer tot die opvoeding van die kind. Vir hierdie taak moet ouers deur die skool opgelei word om ’n verskil in die akademiese en kulturele groei van hul kinders te kan maak.

Die skool sal meer suksesvol wees in die bereiking van hul doelwitte as onderwysers uitreik na die ouers en die ouer as 'n potensiale medebesluitnemer en vennoot in die onderwys beskou, was 'n ander onderwyser se opinie.

“...daar was al pogings gewees dat van die onderwysers by die skool na omliggende gebiede gegaan het en probeer om ouers te kry en vir hulle te sê maar kom ons kom bymekaar op daardie spesifieke datum” (T1, LN148-151)

Die onderwyser en die ouer praat by mekaar verby as dit kom by gemeenskaplike onderwerpe. Hierdie onderwerpe sluit in: dissiplineprobleme by 'n skool, versuim van ouers om verslagkaarte van leerders te kom afhaal en bywoning van oueraande wat van dié belangrikste vraagstukke is wat tans heers in die onderwys, het van die deelnemers genoem.

“Hier is ouers met probleemgevalle van leerders. Ouers word uitgenooi na oueraande toe, ouers word uitgenooi om rapporte van leerders te kom afhaal” (T2, LN162-165)

Hierdie onbetrokkenheid van sekere ouers wat die opvoeding van die kind direk raak, het eerder 'n wedersydse wisselreaksie tot gevolg. Dit wil voorkom dat hierdie onbetrokkenheid tot gevolg het dat onderwysers, in teenreaksie, geneig is om 'n negatiewe opinie van die ouer te koester. Dit het verder tot gevolg dat geen versoening of samewerking tussen die partye bewerkstellig kan word nie. Die navorser kon dit duidelik agterkom uit die gesprekke met deelnemers. Die persepsies wat beide die ouer en onderwyser vir mekaar openbaar moet opsy geskuif word, het 'n onderwyser gesê, om samewerking tot die bevordering van elke leerder te laat slaag.

3.14.2 Bemoedig voorheen betrokke ouers tot volgehoue betrokkenheid

'n Onderwyser by 'n laerskool het genoem dat ouers nie meer betrokke is nie en dat sommige ouers altyd die een of ander verskoning het. Hy het verder genoem dat sommige ouers se wegbly van oueraande en ander funksies van die skool moontlik kan wees dat sommige ouers net nie wil probeer om betrokke te wees nie. Hy noem ook dat wanneer 'n kind na sy ouer sou gaan om die ouer se hulp te vra, die ouer die kind sou wegwys en soms wegvloek. 'n Ander onderwyser het ook genoem dat net sekere ouers belangstelling toon in skoolaktiwiteite en dat dit altyd dieselfde ouers is wat betrokke is.

Hy is van mening dat jy ouers eers moet laat inskakel by sportaktiwiteite en dan sal jy gouer samewerking kry. Die ouer wat elke keer moet inskakel, sien later dat net hy sy gewig moet ingooi by skoolfunksies en raak later onbetrokke omdat niemand anders genader word nie, het 'n die onderwyser ook genoem. Hy is ook van mening dat

sommige ouers dus na mekaar kyk, maar as die buurman nie ouervergaderings bywoon nie, hoekom moet ek dan? So word dit van een ouer na 'n ander oorgedra. Dit kan ook wees dat sommige ouers se negatiewe houding teenoor die skool daartoe bydra dat hulle ook so die kinders negatief beïnvloed.

“ ... daar's ouerbetrokkenheid wat geskrik het vir niks ... maar die opvoeders het iewers gaan slap lê. Ek weet nie presies wat ons verkeerd gedoen het nie, want by ouervergaderings het ons soms 'n volhuis getrek” (T3, LN182-185)

Die ouers word ook gereeld na die skole uitgenooi vir oueraande en ouervergaderings, maar net 'n kwart van die werklike getal ouers daag by sulke geleenthede op, het 'n onderwyser genoem. Die skoolbeheerliggaam ondervind ook baie probleme om 'n kworum te kry waar 'n skool se begroting veral deur die oorgrote meerderheid ouers goedgekeur behoort te word, het hy verder aangevoer. Die lang afstande wat ouers moet reis en werksure is bydraende faktore tot die swak opkoms by ouervergaderings en oueraande. 'n Deelnemer het die volgende hieroor te sê gehad:

“Op graad 12-vlak sal ouers bietjie meer gereeld skool toe kom, maar dan sal dit ook meer net die mense in die onmiddellike omgewing van die skool wees wat byvoorbeeld 'n oueraand sal bywoon, want ons kinders kom so ver as 50 km van die skool af. Kommunikasie is swak en dit maak dat ouers nie betrokke is nie!” (T1, LN115-117; 121-122)

Kommunikasie in die streek tussen die skool en ouergemeenskap is ook 'n bydraende faktor in die hantering van ouerbetrokkenheid. Skole is oor die algemeen nie in besit van alle kommunikasiemiddele om die ouers te bereik nie, soos nuusblaai, rekenaars, kennisgewings, webblad, telefoongesprekke, SMS-boodskappe.

Een van die deelnemers was daarvan oortuig dat kommunikasie 'n probleem is in die bevordering van ouerbetrokkenheid.

“ ...die groot ding is maar kommunikasie tussen ons skool en die ouer. Dit dink ek is die een ding wat 'n probleem kan help uitskakel” (T7, LN108-110)

Wolhuter & Oosthuizen (2003:333) is daarvan oortuig dat by skole waar daar 'n sterk ouerbetrokkenheid voorkom, daardie skole minder dissiplinêre probleme ondervind. Oosthuizen (2006:66) stel ook dat die swak gedrag deur leerders soms hul ouers weerhou om by skoolaangeleenthede betrokke te raak. Die skool behoort oueraande en skoolfunksies beter te benut om ouers by skoolaktiwiteite te betrek (Oosthuizen, 2006:67).

Volgens Rossouw (2003:431) is dit van die uiterste belang dat ouers nie apaties staan

teenoor die opvoeding van hul kinders nie, maar dat die ouers by skool- en onderwyssake inskakel.

Dit is belangrik dat ouers insae moet hê in die onderwys, wat ook deur Morrell (2001:294) beklemtoon word. In hierdie streek kon die navorser dus deur die ontleding van onderhoude agterkom dat daar 'n gebrekkige ouerbetrokkenheid in die skole heers.

3.14.3 Opleiding van onderwysers ook 'n noodsaaklikheid om betrokkenheid van ouers aan te moedig

“Dit is nie net ouers wat opleiding moet kry nie, maar ook onderwysers en veral deurlopende opleiding in professionele ontwikkeling om vaardighede te verwerf om met ouers te werk en veral die tipe ouers wat in hierdie samelewing voorkom” (sien T9, LN113-115).

Dit is tog belangrik dat onderwysers ook kennis opdoen oor hoe om ouers wat in 'n woedende en bakleierige bui die skoolterrein betree, te kalmeer. 'n Deelnemer het ook oor hierdie aspek iets te sê gehad, naamlik:

“...by my skool is die groot probleem, is die ouers van die kinders. Hulle kan nie mooi kom vra wat gaan aan nie. Hulle wil kom raas” (P20, LN27; 29)

Die tipe ouers wat ons soms vir ons kinders voorgee om te wees, belemmer ook die ope verhouding en kommunikasiekanaal wat daar tussen ouerhuis en skool moet wees, kon die navorser waarneem uit die gesprekke. Hierdie buierigheid van ouers word soms deur die kind as die norm aanvaar en so kom die kind in konflik met ander partye in die skoolopset wat sulke gedrag nie sal duld nie. Uit die response is die volgende stelling aan die navorser voorgehou:

“Ek dink op hierdie stadium is skole en ouers “alienated” van mekaar dat die skool al amper so besig is dat hy sy kontak verloor het met sy ouers; so ek dink dit is een van die krisisse wat ons in die oë staan” (T9, LN113-115)

Die navorser kon tot die volgende gevolgtrekking kom dat sommige ouers net in sulke gevalle soos hierbo genoem, uiting wil gee aan hulle gevoel dat hulle besoek aan die onderwyser eintlik niks werklik te doen het met die feit dat hulle kind oortree het nie, maar dat dit daarop gemik is om die onderwyser by te kom.

3.14.4 Skool en skoolbeheerliggaam skep geleenthede vir skakeling en moedig ouerbetrokkenheid aan

'n Deelnemer was daarvan oortuig dat die skoolbeheerliggaam ook opleiding moet ontvang in veral die hantering van wangedrag, kon deur die navorser afgelei word.

Indien probleme nie deur die skoolhoof aangespreek kan word nie, word die betrokke leerder se probleem na die skoolbeheerliggaam verwys, hulle ook dit moeilik vind om 'n oplossing te bied. In verskeie gevalle weet die skoolbeheerliggaam ook nie werklik wat om te doen nie.

"It's only speaking verbal and everything until it goes to the principal. It's now when it comes a little bit serious and then you will get it now to the SGB. The moment it gets to the SGB again the SGB there's nothing that they can do"

(Dit word net verbaal aangespreek en alles totdat dit na die skoolhoof gaan. Dit is wanneer dit bietjie ernstig raak en jy gee die probleem dan aan die SBL. Die oomblik die SBL met dit handel weer 'n keer die SBL, daar is niks wat hulle kan doen nie)

Uit bogenoemde response is dit dus duidelik dat die skoolbeheerliggaam ook in die verband opgelei behoort te word om te handel met leerders wat gedragsprobleme openbaar.

3.14.5 Skool bied opleiding oor ouerbetrokkenheid en akademiese steun aan

'n Deelnemer beweer dat ouers behulpzaam kan wees om fisies betrokke te raak en op so 'n wyse die onderwyser te ondersteun. Sy is oortuig daarvan dat as daar 'n samewerkingsooreenkoms tussen die ouer en die onderwyser is, dat dit vrugte sal afwerp. Kinders sal dan ook hul deel doen as hulle sien dat hul ouers en die onderwyser stem ooreen oor sekere goed.

"So fisiese betrokkenheid en mekaar te ondersteun sal vrugte afwerp, dan sien die kind daar is eenvormigheid"

'n Ander deelnemer was oortuig daarvan dat die meeste ouers opleiding nodig het omdat hulle nie skool gegaan het nie of dat hulle 'n minimum skoolopleiding het. Hulle weet dus nie hoe om kinders met hul skoolwerk te help nie.

"There are parents who are really not totally educated"

(Daar is ouers wat glad nie onderrig ontvang het nie)

'n Ander deelnemer het ook dieselfde argument gehad dat hy onmiddellik kon agterkom dat ouers nie verstaan wat hy as onderwyser verlang met betrekking tot die leerder se tuiswerkopdragte nie. Dit is seker ook waarom ouers nie hul kinders tuis kan help nie omdat ouers self soms nie verstaan of ongeletterd is.

"Daar is ouers die geletterheidsvlak speel 'n rol, jou gemeenskap, die ouer

gemeenskap is nie geletterde mense. Dis mense wat die kind sou weg vloek as die kind sou met 'n takie huistoe kom"

Uit hierdie response van deelnemers is dit duidelik dat die skool betrokke kan raak om ouers op te lei om betrokke te raak by hul kinders se opvoeding. Daar bestaan dus die behoefte by ouers om ondersteun te word veral in leerders se skoolwerk en moontlik kan ouers hul samewerking gee in die hantering van wangedrag.

3.14.6 Gemeenskapsorganisasies en kerke bied opleiding aan ouers.

Die gemeenskap- en kerkorganisasies behoort opleiding aan ouers te bied sodat ouers hul kinders in die verband kan ondersteun. Daar is verskeie ouers wat nie hul kinders kan ondersteun in byvoorbeeld hul skoolwerk omdat sommige van die ouers nie ver gevorder het op skool nie. Ouers het nie daardie skolastiese opleiding om hul aan hul kinders te verleen nie. Verskeie sprekers van die gevangenis of polisieforums kan genader word om oor verskillende onderwerpe met ouers te praat, veral oor byvoorbeeld dwelm- en alkoholmisbruik, tienerswangerskappe of HIV/AIDS. Op so 'n manier kan ouers bewus gemaak word van hul rol as ouers tuis.

3.14.7 Skole skep geleentheid vir betrokkenheid van ouers

Die skool kan ook 'n uitstalling van boeke reël om ouers die waarde van ouerskap te laat beleef (Oosthuizen, 2006:67). 'n Deelnemer, as hoof by 'n hoërskool, was daarvan oortuig dat as ouers in agtergeblewe gemeenskappe ook biblioteekgeriewe het waar ouers kennis kan bekom oor die boeke wat oor spesifieke onderwerpe soos ouerskap, kind- en ouerverhoudinge handel, opvoedkundig van aard is om ouers die belangrikheid van opvoeding te laat besef en selfs metodes om leerders tuis met skoolwerk te ondersteun om ouers se belangstelling in die opvoeding van hul kinders weer te prikkel.

"So there is a lot of work to be done so that parents, you know, at least you, can understand if a child comes with a problem at home. In urban areas they have a lot of libraries, the learners just go there, they are helped by librarians, but in our communities there are no libraries" (T10, L 233-234; 236-239)

(So daar is baie werk om te doen, jy weet, sodat ouers kan verstaan as kinders by die huis opdaag met 'n probleem. In stedelike gebiede het hulle baie biblioteke en die leerders gaan soontoe en hulle word deur bibliotekarisse gehelp, maar in ons gemeenskap is daar geen biblioteke nie)

Die navorser kon ook tydens sy waarneming by gesprekke met ouers en onderwysers agterkom dat dit blyk dat skole nie gereeld ouersessies reël nie waar ouers op hoogte

gebring kan word oor die gedragkode vir leerders, die dissiplinebeleid van die skool, verskillende komitees wat by die skool funksioneer en selfs wat die bepalings van die Suid-Afrikaanse Skolewet (SA, 1996a) en ander regsaksies asook regsregulasies deur die skool geloods, behels. 'n Onderwyser het beweer dat die skool behoort uit te reik na die ouergemeenskap deur meer simpatiek te wees en ouers weer deel te laat voel oor hul rol in die opvoedingstaak. Hy is ook verder van mening dat die skool die ouer ook kan dwing om belangstelling te toon in die opvoeding van hul kinders soos vervat in die Suid-Afrikaanse Grondwet (SA, 1996b) waar die ouer 'n verpligting het teenoor die skool om toe te sien dat kinders gereeld op skool is.

“...but we also need to have another committee that involves parents, all stakeholders, which include the parents, the teachers and social workers. Sometimes a learner misbehaves because there's a problem at home” (T10, LN124;127)

(Ons benodig 'n ander komitee wat ouers betrek, alle rolspelers, wat ouers insluit, die onderwysers, maatskaplike werkers. Partykeer is 'n leerder se gedrag so omdat daar 'n probleem by die huis is)

Party ouers ervaar 'n gevoel van skuheid om die skool te besoek omdat hulle nie op 'n gereelde basis verwittig word oor onderwysverwante sake nie.

“want ons stuur nie op 'n gereelde basis briewe nie” (T3, LN108-109)

Die mening word gehuldig dat ouerverteenwoordiging ook in die verskillende komitees kan geskied sodat ouers deel in die opvoedingsproses. Die vestiging van 'n onbenadering tussen die skool en die ouer om die gebrekkige skakeling tussen die twee essensiële partye in die onderwys te bewerkstellig word deur Oosthuizen (2006:67) verwelkom.

“Parents are more eager to participate in school functions. So they cannot really involve themselves in the classroom activities but in the fundraising they are really willing” (T10, LN250-252)

(Ouers is meer ywerig om deel te wees van skoolfunksies. Dit is waarom hulle hulself nie blootstel aan klas aktiwiteite nie, maar met fondsinsamelings is hulle meer toeganklik)

3.14.7.1 Betrokkenheid by Sport –en kultuur funksies

Oosthuizen (2006:72) is verder oortuig dat ouerdeelname aan funksies van die skool, sportfunksies, atletiekbyeenkomste en kultuuraande die vordering van leerlinge se skoolwerk kan aanmoedig.

Van die deelnemers het genoem dat die skool selfs ouer- en onderwysergesprekke kan ondersoek waar die betrokke ouer kennis maak met die betrokke vakonderwyser en waar onderwerpe soos leerders se gedrag binne die klaskamer, afwesigheid van leerders, die belangrikheid van skooldrag, die belangrikheid van tuiswerk, laatkommery van leerders en belangrikheid van toetse bespreek kan word. Op hierdie wyse leer die ouer die onderwyser beter ken, het 'n deelnemer genoem, en kry die onderwyser 'n beter beeld van die leerder se agtergrond en herkoms. Die deelnemer het ook die volgende meegedeel:

“Om gedurig te weet van sy tuiswerk, oueraande by te woon, navrae te doen by die onderwyser, kyk na die kind se tuiswerk, belang te stel in wat hy doen en belang te stel by wie hy klas kry” (P14, LN58-59)

3.14.7.2 Entreperneursdae

Die navorser kon deur sy gesprekke met deelnemers agterkom dat sommige skole die ouer slegs die skool laat besoek wanneer die leerder oortree het, maar nie wanneer die leerder goed presteer het nie. Die skool kan in hierdie geval 'n geselligheidsgeleentheid of -ete reël vir al die ouers wie se kinders toppresterders deur die jaar was, het nog 'n deelnemer aangevoer. Op 'n gereelde basis moet die ouers en die onderwysers op sosiale en skoolvlak gesellig kan verkeer om die kommunikasiegaping wat daar nog steeds heers te oorbrug, soos deur 'n ander deelnemer genoem.

Deur ouers meer betrokke te kry kan die skool ook 'n entrepreneursdag of 'n ouer-kinddag reël waar uitstallings van leerders se kunswerke byvoorbeeld vertoon word of selfs apparate deur leerders gemaak om op hierdie dag te verkoop om die leerders die geleentheid te bied om hul besigheids- en onderhandelingsvermoë na vore te bring, was 'n deelnemer se idee.

Hierdie spesiale dae moet ook deur ouers benut word om leerders spesiaal te laat voel. Die ouer versuim sy pligte as ouer en loop dit mis om ook deel te word van hierdie belangrike geleentheid om met die kinders te versoen.

“Jy nooi 'n ouer uit en sê dis vandag ouer-kinddag, dogterdag of pa- en dogterdag. Die ouer moet net kom sit en waarneem, dat die ouer kan besef wat gaan aan in die klas, wat word van die kind verwag en hoe moet die ouer optree met die kind by die huis, dan sal ouers seker meer betrokke wees of voel dat hier moet ek my bydrae gee omtrent die opvoeding van my kind” (T5, LN135-141)

Dit is dus belangrik dat ouers op alle terreine van betrokkenheid moet inskakel om op so 'n manier onderwysers behulpzaam te wees. Daar is sommige ouers wat graag deel van

hul kinders se opvoeding wil wees wat ook skoolfunksies en -aktiwiteite gereeld bywoon, maar van hierdie ouers is ongelukkig in die minderheid wat betrokkenheid betref.

3.15 Ander faktore wat ouerbetrokkenheid beperk

3.15.1 Wanpersepsies van onderwysers: Kinders het te veel regte

Die opmerking is deur 'n onderwyser gemaak dat sommige onderwysers dink dat kinders vandag soveel regte het en dat dit bygedra het dat ouers vandag gehoorsamer is as die kind, vandaar die gesegde: "*gehoorsame ouers en strengere kinders*".

Hierdie deelnemer het verder die volgende oor leerders se regte gesê:

"Ek dink ons nuwe demokrasie was te haastig met die Kinderregte. Kinderregte moet daar wees, daar is ouers wat kinders erg uitbuit en mishandel, want ek dink nie dis 'n algemene ding in ons land nie. Toe is daar wette gemaak wat sommer die dissipline, die handhawing van dissipline uit die ouerhand gevat het en die kinders hardloop weg met dit" (T3, LN89-93)

Die ouer is nou alreeds magteloos teenoor die standpunt wat kinders deesdae inneem deur nie na die vermanings van hul ouers te luister nie, maar eerder hulle eie besluite te neem en soms maak hul die verkeerde keuses in hul lewe, het 'n deelnemer genoem.

"Gesels julle as gesin oor alledaagse probleme en luister ook hoe hulle die saak sou hanteer het. Lig hulle in om die regte besluite te neem" (P12, LN142-144)

In die hofsaak van *Christian Education South Africa v Minister of Education [2000] (CC)* het regter Sachs, in die Hoërhof genoem dat ouers nie die reg het om onderwysers te beveel om hul kinders lyfstraf by skole toe te dien nie aangesien dit volgens artikel 10 in die Suid-Afrikaanse Skolewet (SA, 1996a) verbied was. In die geval waar ouers volgens hul geloofsoortuigings wel hul kinders wil lyfstraf toedien, hulle dit mag uitoefen, solank die ouer kinders op 'n redelike, matige manier straf.

Een onderwyser het genoem dat sommige onderwysers en selfs sommige ouers bang is om die kind te dissiplineer omdat die kind deesdae soveel regte geniet en dat sommige ouers self nie hulle eie regte omtrent die tugtiging en vermaning van hul kinders ken nie. Ouers mag redelike en matige lyfstraf aan kinders toedien omdat daar nog nie wetgewing is oor ouerlike lyfstraf nie. Regter Sachs het in die *CESA v Minister of Education* saak gemeld dat die Konstitusionele hof geen beslissing oor ouerlike lyfstraf gevel het nie, aangesien dit nie ter sprake was in die dispuut voor die hof nie. Dit impliseer dus dat die gemeenregtelike posisie ten opsigte van lyfstraf nog nie in die

howe getoets is nie en derhalwe geld die gemeenregtelike regsbeginnels ten opsigte van die geldigheid van matige en redelike ouerlike lyfstraf steeds.

“They are protected by the constitution... the learner has got their rights you cannot even shout at them” (T10, LN54; 58-59)

(Hulle word beskerm deur die Grondwet... die leerder het hul regte en jy kan vandag nie eens op hulle skree nie)

Visser & Potgieter (1998:200) is van mening dat ouers gehoorsaamheid van hul kinders moet eis en dat ouers ook die reg het om hul kinders op 'n regmatige en redelike wyse te straf. Hierteenoor het die kind ook 'n verpligting volgens die reg teenoor die ouer deur gehoorsaam en onderdanig te wees (Visser & Potgieter, 1998:200). Die verantwoordelikheid van die ouer behels nie net om die kind te voed en te klee nie, maar ook om toe te sien dat die kind sy skoolloopbaan voltooi soos dit in die Suid-Afrikaanse Grondwet (SA, 1996b) in artikel 8A vervat is. Indien die ouer sy plig versuim om die kind nie gereeld skool te laat bywoon nie, mag ouers strafregtelik gestraf of beboet word.

Die resultate van hierdie studie stem ook ooreen met dié van Van Wyk (2001:198) dat baie Suid-Afrikaanse onderwysers min kennis van dissiplinêre strategieë het en dat die meeste dissiplinemetodes reaktief, strafgerig, vernederend is eerder as korrektiewe, helende en herstellende benaderings te volg. Die Regering het op twee maniere probeer om die vakuum wat deur die afskaffing van lyfstraf geskep is te vul deur die onderwyser in die vordering van dissipline te help deur skoolbeheerliggame te bemagtig om gedragskodes vir leerders daar te stel en deur ouerverteenwoordiging op die skoolbeheerliggaam in te bring om met hierdie dissiplinêre probleme behulpsaam te wees (Morrell, 2001:292).

“Hulle sê (*sic*) gedrag is nie meer soos wat dit 10-20 jaar terug was nie en deel is dit omdat die regering wette in plek gestel het” (T5, LN24-25)

Jackson (1994:68-69) het ook deur sy bevindinge beweer dat 'n spanpoging deur die onderwyser, in samewerking met die ouers, die skoolhoof, ander kollegas by die skool en die skoolsielkundige kan help dat leerders probleme op 'n kalmer manier oplos en nie net geweld as die enigste oplossing gebruik nie.

Morrell (2001:292) se navorsing bevestig dat dissipline 'n groot probleem in skole geword het en dat die regering versuim het om met die afskaffing van lyfstraf ander alternatiewe in die plek van lyfstraf voor te stel.

“Corporal punishment is abolished and learners have got their rights, you can not say hard words to them, so that they can see this is serious. So you have to be

leaned and then what happens, nothing is happening in the school" (T10, L58-61)

(Lyfstraf is afgeskaf en leerders het hulle regte. Jy kan nie meer harde woorde vir hulle sê nie, sodat hulle kan besef dat dit ernstig is. Jy moet maar verdraagsaam wees en wat gebeur dan, niks gebeur in die skool nie)

Die feit dat kinders op hul regte staatmaak en soms die ouer dreig om hulle by die gereg aan te kla, gee aanleiding tot die versuim van ouers om die kind behoorlik en ordentlik te straf, het 'n deelnemer genoem. Die versuim van die ouer om dissiplinêr teenoor die kind op te tree, veroorsaak dat skole nou met onbeskofte, ongemanierde en ongeskikte leerders opgeskeep sit wat enorme probleme aan die onderwyser besorg, was 'n ander deelnemer se opinie.

"Dit wat by die ouerhuis gebeur begin uitvloei na die skool toe"

Van die deelnemers het die volgende oor die van leerderwangedrag verskynsel te sê gehad:

"Most of the learners are orphans and really the structure is not so right and when they come to school there is no more the way teachers can punish the learners. Not just corporal punishment but also to suspend a learner from school or to whatever, it takes a long time, you see. Those factors I think they contribute" (T4, L62-65)

(Die meeste van die leerders is weeskinders en regtig die struktuur is nie reg nie en wanneer die kinders by die skool aankom is, daar nie 'n manier dat onderwysers hierdie kinders kan straf nie, nie net lyfstraf toedien nie, maar om leerders te skors of wat ook al, jy sien hierdie dinge neem lank. Daardie faktore, dink ek dra by)

"Die ander ding wat ek ook dink wat 'n groot faktor is, is hoe pas jy dissipline toe. Ek meen ek wat 'n ouer is en jy wat 'n onderwyser is. So ek dink tog, ek is baie stout om terug te gaan natuur toe en die natuur wys vir jou duidelik hoe tugtig mense en hoe hou jy goed in plek. Ek wil amper sê hoe hou jy balans, daai balans is versteurd deur die wangedrag van kinders deesdae" (P13, L49, 50;52-55)

Die ouer moet hul rol as primêre opvoeders in die opvoeding van hul kinders begin besef en hulle volle gewig inspan om die skool behulpsaam te wees in hierdie aangeleentheid, is deur 'n deelnemer genoem.

3.15.2 Die taalkwessie as 'n verdere bydraende faktor

Met die toenemende ongeletterdheidsyfer in die streek het skole 'n verpligting teenoor die ouergemeenskap om ondersteunings- en opleidingskursusse van stapel te stuur om ouers op te lei, is deur 'n onderwyser genoem.

“...as an educated parent I can really be involved. I know what is expected of the learner. The parent who has never gone to school, they should attend ABET, it is really hard now to take a pen and write ...it becomes difficult for them to be more involved” (T10, LN218-219; 221; 223-224)

(As 'n gekwalifiseerde onderwyser kan ek as ouer betrokke wees. Ek weet wat word van my kind verwag. Die ouer wat nooit skool gegaan het nie, vir daardie ouer is dit moeilik om betrokke te raak by kinders se skoolwerk, want die ouer verstaan self ook nie)

'n Onderwyser is daarvan oortuig dat die probleem met die taal wyer strek as net die ondersteuning van leerders met hulle skoolwerk. Hy verduidelik dit nie in soveel woorde nie, maar as navorser van die studie kon ek agterkom dat hy insinueer dat ouers self ook hulp nodig het met die lees van eenvoudige kennisgewings en hoe om leerders met hul skoolwerk behulpsaam te wees. Jy kan dit wel agterkom in die volgende response, naamlik:

“Even in my school, there is not even a single library so how can parents assist these learners?” (T10, LN241-242)

(Ook in my skool, daar is nie eens 'n biblioteek so kan ouers hierdie leerders ondersteun)

“So there is a lot of work to be done so that parents, you know, at least you, they can understand if a child came with a problem at home” (T10, LN233-234)

(So daar is heelwat werk om te verrig sodat ouers, jy weet, eintlik, dat hulle kan verstaan as 'n kind met 'n probleem huis toe kom)

'n Ouer wat voorheen in die onderwys was, het genoem dat die taal ook in die geval van die onderrig van leerders 'n groot probleem is. Sy gaan verder deur te noem dat leerders soms nie verstaan nie en dan gefrustreerd raak.

“Ons het byvoorbeeld die taalkwessie in die skool waar kinders 'n Derde Taal as hulle 2de Taal doen en 'n 2de Taal as hulle 1ste Taal. Dit skep 'n groot probleem met die taal; die kinders verstaan nie wat ons praat nie. Kinders raak gefrustreerd

en dan doen hulle later nie hulle werk nie" (P12, LN40-42; 44-45)

Dit is dus belangrik dat skole onmiddellik die probleme rondom die taal moet aanspreek en 'n oplossing daarvoor vind om so die goeie samewerking en wedersydse kommunikasie tussen die huis en die skool te bevorder. Ouers moet behulpsaam wees met huiswerk van kinders en daarom moet ouers die taal waarin hul kinders onderrig ontvang, verstaan.

3.16 Samevatting

In hierdie hoofstuk is die kwalitatiewe data ten opsigte van die rol van ouers in die bekamping van leerderwangedrag bespreek. Semi-gestruktureerde onderhoude is met deelnemers gevoer om ryk data van die verskynsel van leerderwangedrag te verkry.

Van die vernaamste tipes wangedrag deur leerders waarmee die skole in die John Taolo Gaetsewe distrik en onderwysers in die Noordkaap te kampe het, is disrespek. Sommige kinders het net nie meer daardie respek vir onderwysers, vir hulle ouers en selfs vir ouer persone nie. Dit is 'n probleem wat binne 'n huisgesin aangespreek behoort te word en dit is asof sommige ouers net nie daarop ag slaan nie. As die respek daar is dan sal al die ander wangedrag deur kinders in 'n mate afneem.

Die ander tipes wangedrag deur kinders soos versuim om tuiswerk te doen, ontwrigting van klasse, afknouery en swak taalgebruik kan aangespreek word deur 'n skool se gedragskode en selfs deur die skoolreëls strenger toe te pas. Sommige skole doen net nie meer wat hulle veronderstel is om te doen nie en dit het die navorser deur die ondervraging van die deelnemers en uit eie ervaring in sy studie ontdek. Die gedragskode van elke skool stipuleer duidelik hoe daar te werk gegaan moet word wanneer ernstige wangedrag deur leerders gepleeg word. Die ernstige gevalle soos dwelm- en alkoholgebruik, seksuele misbedrywe, ernstige aanrandings en bakleiery wat daar deesdae in skole heers, word volgens die erns daarvan aangespreek en dit is waar die rol en verantwoordelikheid van 'n dissipline komitee van 'n skool moet inkom. Die skoolbeheerliggaam moet ook in dié verband sy plig uitvoer om veiligheid van onderwysers en leerders by die skool te verseker.

Die onbetrokkenheid van ouers is 'n vernaamsoorsaakwat onderrig en leer in die streek strem. Die redes waarom daar in die skole in die streek oueronbetrokkenheid heers, is dat sommige ouers minder streng dissipline in die ouerhuis handhaaf. Daar is ook faktore soos die afwesigheid van sommige ouers weens hul werksomstandighede en ouers wat wel fisies teenwoordig is, maar nie emosioneel, intellektueel en geestelik vir hul kinders beskikbaar is nie. Sommige ouers bestee dus geen kwaliteittyd met hul

kinders nie.

Sommige ouers het ook wanpersepsies oor hulle opvoedingsrol en soms kan dit toegeskryf word aan die lae opvoedingspeil van sommige ouers. In die streek speel sosio-ekonomiese omstandighede ook 'n groot rol, want van die ouerhuise beleef armoede in die ergste graad. Dit gee aanleiding tot die verbrokkeling van gesinstrukture wat weer op sy beurt aanleiding gee tot egskeidings en later tot enkelouergesinne. Sommige leerders lei daaronder, want een ouer kan nie alleen omsien na leerders se skoolwerk en boonop nog laat werk nie. In party ouerhuise is daar ook nie 'n vader as rolmodel na wie kinders kan opsien nie.

Verskeie redes was deur deelnemers verskaf waarom ouers oneffektief en onbetrokke is, naamlik: ouers is permissief, ouers stel nie duidelike grense of reëls nie, apatie van sommige ouers, ouers wat nie kwaliteittyd met hulle kinders spandeer nie, onkunde van ouers oor effektiewe dissipline maatreëls. Die faktore wat ouerbetrokkenheid kan verbeter wat deur deelnemers genoem was, is die bewusmaking van die belangrikheid van ouerbetrokkenheid, ouers wat voorheen baie betrokke was, aan te moedig tot volgehoue betrokkenheid, die noodsaaklikheid van opleiding van onderwysers oor ouerbetrokkenheid, skole en beheerliggame wat opleiding aan ouers kan verskaf hoe om betrokke te raak en om hulle kinders akademies te ondersteun. Ander onbeheerbare faktore wat deur deelnemers genoem was, was wanpersepsies van onderwysers oor kinders se regte en die taalkwessie as 'n bydraende faktor. Onderwysers wat onkunde is oor die korrekte prosedure wat gevolg moet word om leerderwangedrag te bekamp. Ouers wat aandring dat hulle kinders in 'n taal onderrig te ontvang wat hul kinders nie in magtig is nie.

In sommige ouerhuise is daar onkundigheid oor ouerlike lyfstraf. Ouers verkeer onder die indruk dat hulle nie lyfstraf mag toedien nie omdat dit in skole afgeskaf is en laat dus toe dat kinders se ongehoorsaamheid toeneem. Ouers verskaf nie die nodige leiding, deur byvoorbeeld godsdienstige riglyne by hul kinders in te skerp nie.

Die volgende hoofstuk sal meer duidelike aspekte aanraak en aanbevelings voorstel hoe hierdie probleem in die John Taolo Gaetsewe-distrik moontlik aangespreek kan word om nie net raad aan die skole in die streek te gee nie, maar ook aan die Departement van Onderwys in die Noordkaap.

HOOFSTUK4

Opsomming, Gevolgtrekkings en Aanbevelings

4.1 Inleiding

In hierdie finale hoofstuk, word die bevindings en gevolgtrekkings saamgevat en word aanbevelings voorgestel om ouers se rol, as primêre opvoeders van hul kinders by die bekamping van leerderwangedrag, uit te lig.

Die doel van die studie was om die betrokkenheid van ouers by die onderskeie skole in die John Taolo Gaetsewe streek te bepaal asook watter rol ouers as primêre opvoeders by die bekamping van leerderwangedrag kan speel.

Die navorsingsvrae wat beantwoord moes word, was die volgende:

- Wat is die regsbepalings of regsvoorskrifte wat ouers se betrokkenheid ten opsigte van leerderwangedrag by skole bepaal?
- Wat is ouers se regte en verpligtinge ten opsigte van die beheer en kontrole van leerderwangedrag by skole?
- Wat is die belewenisse van die belanghebbendes ten opsigte van ouers se betrokkenheid in die John Taolo Gaetsewe streek in die Noord-Kaap?

Hierdie navorsing val in die sosiale wetenskaplike veld van Onderwysreg. Die studie vanuit 'n Onderwysregtelike perspektief, wat 'n studieveld is wat toegespits is op die oorfleueling tussen Onderwys en regstoepassings in die Onderwysstelsel, het duidelikheid oor die onderlinge regsverhoudings tussen belanghebbendes, toepaslike regte en verpligtinge van rolspelers en regsbeginsele van toepassing op die vraagstuk van ouers se rol in die beheersing van leerderwangedrag, uitgelig.

4.2 Leerderwangedrag

Sekere bevindings in hierdie studie het getoon dat ouers wel deur konstruktiewe betrokkenheid 'n bydrae kan lewer om leerderwangedrag by skole te verminder. Onbetrokkenheid van ouers kan ook egter daartoe bydra dat wangedragprobleme in skole vererger. Hierdie studie beaam Oosthuizen (2006:66) se bevindinge en bevestig dat 'n gebrek aan dissipline in die ouerhuis een van die grootste redes vir leerderwangedrag in skole is. Uit die literatuurstudie het geblyk dat leerderwangedrag 'n wesenlike probleem in skole in Suid-Afrika en in die res van die wêreld is. Dit blyk duidelik uit die bevindinge van skrywers dat die gehalte of kwaliteit van onderrig deur die fenomeen, leerderwangedrag, gestrem word (Oosthuizen, Serame & Wolhuter,

2015:13). Die gebrek aan orde in skole weens ontwrigtende gedrag van leerders kniehalter effektiewe onderrig en leer (Joubert & Bray, 2007:79).

4.3 Opsomming van hoofstukke

In hoofstuk 1 is die navorsingsprobleem aangaande ***Ouerbetrokkenheid en die beheersing van leerderwangedrag in die Noord-Kaapse skole***, inleidend bespreek en is die navorsingsontwerp en -metodologie verduidelik. Die navorser se besluit om hierdie navorsingsprojek aan te pak was grotendeels gegrond op die feit dat die fenomeen (leerderwangedrag) so 'n aktuele verskynsel en wesenlike probleem in baie van die skole in die streek is. Die feit dat die navorser, wat self as onderwyser in hierdie streek werk, self die gevolge van leerderwangedrag op 'n daaglikse basis ondervind, het meegebring dat die navorser ook subjektief kon assosieer met die werklike situasies en bevindings wat deur die navorsing geopenbaar is.

Hoofstuk 1 behels dus 'n uiteensetting en beskrywing van die beoogde studie met alle aspekte soos dit agtermekaar volg, naamlik die probleemstelling, die literatuur wat ingewin was, die metodologie en die selektering van deelnemers by die betrokke skole in die John Taolo Gaetsewe streek. Die navorser het 'n kwalitatiewe benadering gevolg om die kern gedagtes, persepsies, oortuigings, veronderstellings en opinies van die deelnemers, wat daagliks te doen het met leerderwangedrag as fenomeen in die streek, te ondersoek.

In hoofstuk 2 was die literatuur bespreek wat die aktuele realiteit bevestig dat leerderwangedrag as daadwerklike probleem in skole in Suid-Afrika en in die res van die wêreld ondervind word. Hierdie hoofstuk het die bevindinge van ander skrywers, wat ook hierdie fenomeen ondersoek het, vergelyk en ontleed. Die regsteoretiese grondslae van verskeie regsaspekte, -regulasies en -reëls, wat met leerderwangedrag gepaard gaan is uiteengesit. Die fokuspunt van die navorsing was om leerderwangedragprobleme wat spesifiek heers in die John Taolo Gaetsewe streek te ondersoek en om uit te vind in hoe 'n mate ouerbetrokkenheid hierdie probleme kan aanspreek.

In hoofstuk 3 is die navorsingsontwerp, -strategie en metodologie uiteengesit asook verskeie onderafdelings wat die geldigheid en betroubaarheid van hierdie studie sou verseker. Die kwalitatiewe navorsing wat in die studie gebruik was, word ook in hierdie hoofstuk bespreek.

4.4 Bevindings en aanbevelings op navorsingsvrae

4.4.1 Wat is die regsbepalings of regsvoorskrifte wat ouers se betrokkenheid ten opsigte van leerderwangedrag by skole bepaal?

In die Children's Act word die regte en pligte van ouers onder artikel 18 (1) (a) en (c) uiteengesit. Volgens die gemeeneregbeginsels word ouers verplig om as voog en toesighouer vir hul kinders op te tree. Ouers het gemeenregtelike pligte en regte wat insluit, hul versorgingsplig teenoor hul kinders, toesighouding oor hul kinders en hul primêre opvoedingsplig. Die opvoedingsplig van ouers behels dissiplinering en korrigerende van leerders se gedrag. Ouers het steeds die bevoegdheid in terme van die gemeenereg om redelike, matige tug (wat die toepassing van matige lyfstraf insluit) toe te pas. In die Children's Act onder artikel 18 (2) (a) (e) (g) word ouers verplig om hulle kinders te versorg. In die Children's Act word daar ook onder artikel 7 (a) (i) (c) melding gemaak van die regte en verpligtinge van ouers om kinders te beskerm teen mishandeling, misbruik, verwaarloos, degradering, diskriminasie, eksploitasie en enige ander fisiese emosionele of morele leed of gevaar.

Volgens artikel 151 (1) in die Children's Act kan daar 'n hofbevel teen ouers gemaak word of die hof kan selfs 'n maatskaplike werker laat ondersoek instel, indien 'n ouer hul plig as ouers versuim. Sodanige ouer kan deur die hof verplig word, deur 'n hofbevel of gebiedende interdik om hulle pligte as ouers na te kom. As ouers nie hulle sorgplig behoorlik nakom in terme van die hofbevel nie, dan kan hulle weens minagting van die hof gestraf word of 'n hof kan beveel dat die kinders onder pleegsorg geplaas word.

Die ouers hoef nie net lyfstraf te gebruik om kinders te straf nie, maar ander metodes vind wat werklik 'n verskil sou maak wat leerderwangedrag betref. Ander alternatiewe metodes wat deur ouers aangewend kan word, kan die volgende insluit, die gee en wegneming van voorregte (sien par. 3.13.10), positiewe dissiplinemaatreëls, gereelde gesprekke oor waardes, norme en geloofsoortuigings, aanmoediging en ondersteunende betrokkenheid. Uit die onderhoude wat gevoer was met ouers was daar ouers wat met goeie voorbeelde van positiewe alternatiewe metodes navore gekom het. 'n Ouer as deelnemer het genoem van trek- en stootfaktore om die kind se gedrag te beheer (sien par. 3.13.10). Hy bedoel daarmee dat dit 'n neem en 'n gee handeling moet wees. Hierdeur word die vertroue van die kind gewen en terselfdertyd word die gesonde verhouding met die kind opgebou. Ander positiewe alternatiewe metodes van vermaning moet ondersoek word byvoorbeeld deur, sekere voorregte van kinders in te kort en selfs belonings toe te staan vir goeie gedrag van leerders. Ouers wat graag wil hê dat hulle kinders sport moet beoefen by die skool, se sportvoorregte kan van hul weggeneem

word as strafmaatreël. Sommige ouers soos uit die onderhoude navore gekom het, skep 'n opbouende, aanmoedigende, positiewe atmosfeer om met hulle kinders te praat. Hierdie dinge het volgens hierdie ouers 'n positiewe uitwerking, want kinders wil nie graag op hierdie wyse gestraf word nie.

Die ouers met die goeie metodes van positiewe maatreëls kan op hulle beurt ander ouers toespreek oor wat gedoen moet word as kinders nie gehoor wil gee nie. Hierdie ouers met die goeie metodes kan dus opleiding verskaf aan ouers wat al raadop is met die gedrag van hul kinders.

4.4.1.1 Ouerlike lyfstraf (redelike en matige tug)

Die gemenereg beginsels bepaal dat ouers oor die bevoegdheid beskik om hulle kinders op te voed deur streng vermanings asook deur redelike matige tug te gebruik indien kinders ernstig oortree het.

In die hofsaak van *Christian Education of South Africa v Minister of Education of the Government of the Republic of South Africa 2000 (4) SA, 757 (CC)*., het regter Sachs net beslis oor die regspraak voor die hof, naamlik: of die verbod op lyfstraf by skole grondwetlik was, en die konstitusionele hof het die vraag oor die toediening van ouerlike lyfstraf dus oopgelaat.

Die gemeenregtelike posisie geld dus steeds in Suid-Afrika ten opsigte van ouerlike lyfstraf. Die hof het dus nie besluit oor ouerlike lyfstraf nie, dus kan die ouers hul kinders op 'n matige redelike manier tug. Ouers in die ouergemeenskappe in die streek verkeer egter onder 'n wanindruk dat lyfstraf ook nie in die ouerhuis mag toegepas word nie (sien par. 3.19.9). Die wanindruk verduidelik daarom die traak-my-nie-agtige houding van sommige ouers in die streek wat betref die bekamping van leerderwangedrag (sien par. 3.19.9). Die ouers wil net nie betrokke raak by straftoediening en dissiplineer van hulle kinders nie as gevolg van die feit dat hulle onder hierdie wanindruk verkeer. Dit bring mee dat die onderwysers dan nie deur die ouers in hierdie verband gehelp word nie, om leerderwangedrag in die streek te verminder. Dit het 'n noodsaaklikheid geword dat ouers opleiding moet ontvang hoe om hulle kinders se gedrag te kan hanteer (sien P11, LN 114-117). Ouers sal net nie meer hulle verantwoordelikheid op die skouers van die skole in die streek kan plaas nie, maar daadwerklik hulle rol in die bekamping van leerderwangedrag in die streek in alle erns sal moet besef.

4.4.2 Wat is ouers se regte en verpligtinge ten opsigte van die beheer en kontrole van leerderwangedrag by skole?

Daar is regsprosesse, -remedies, -maatreëls en beskikbare wetgewing om ouers te

verplig om hul verantwoordelikhede as ouers na te kom. Ouers is volgens die Aanhef tot die Skolewet (SA, 1996b) in vennootskap met die skool en moet dus behulpsaam wees met die opstel van die gedragskode asook om selfs op die dissiplinêre komitee van die skool te dien. Ouers en onderwysers moet saam werk asook maatskaplike werkers, kerkleiers en skoolsielkundigers om probleme met leerderwangedrag te verminder (sien par. 3.15.1).

In terme van artikel 30 van die Skolewet kan gewone ouers, wat nie lede is van 'n skoolbeheerliggaam nie, betrokke wees en 'n rol vervul deur op komitees te dien. 'n Beheerliggaam kan 'n lid of lede van die gemeenskap koöpteer om behulpsaam te wees met sy werksaamhede. Sodoende kan ouers uit die skoolgemeenskap betrokke wees by akademiese-, sport- en kultuurfunksies sowel as verskeie buite kurrikulêre aktiwiteite wat deur skole aangebied word. Wanneer ouers op sodanige komitees dien of vrywillige diens lewer, vind daar gewoonlik kommunikasie tussen die skool en ouerhuis plaas en kan die twee partye mekaar positief beïnvloed. In terme van artikel 8 van die Skolewet het ouers wat op die skoolbeheerliggaam dien ook 'n kardinale rol te vervul ten opsigte van dissipline, aangesien die beheerliggaam 'n skool se gedragskode na oorleg met leerders, ouers en opvoeders moet opstel. Ouers op die skoolbeheerliggaam moet ook in terme van artikel 9 van die Skolewet dissiplinêre verrigtinge teen leerders wat ernstige wangedrag pleeg, behartig om oor die moontlike skorsing of uitsetting van sodanige leerder te besluit.

Die studie het verder die rol van ouers asook die beperkinge in die samelewing uitgewys (sien par. 3.14.7). Dit het ook uitgewys dat die ouers onseker is oor hulle regte en pligte. Daar is ook 'n behoefte oor opleiding van ouers in die verband (sien par. 3.15.1).

Volgens (artikel 3 (1)) van die Skolewet het ouers ook 'n opvoedingsplig om toe te sien dat kinders gereeld skool bywoon tot graad 9 en om die skool behulpsaam te wees indien hul kinders oortree. Om ouers te dwing en selfs kinders tot orde te roep, kan die skool 'n verklarende hofbevel of interdik teen ouers onderneem.

Ouers moet dus ingevolge die vennootskapsverhoudinge en algemene pligte van die ouergemeenskap in terme van die Skolewet, die skool en onderwysers ondersteun met die hantering van hul kinders se gedrag.

4.4.3 Wat is die belewenisse van die belanghebbendes ten opsigte van ouers se betrokkenheid in die John Taolo Gaetsewe streek in die Noord-Kaap?

Daar is verskeie sosio-ekonomiese faktore wat 'n bydrae lewer tot die onbetrokkenheid van ouers by skole in die streek. Die vernaamste faktore was afwesigheid van sommige ouers weens werksomstandighede, armoede, disfunksionele gesinstrukture, lae

geletterdheidsvlak van ouers, alkohol- en dwelmmisbruik deur ouers, egskeidings, enkelouergesinne, afwesige vaders as rolmodel. Sommige ouers, wat tot laat werk en nie die nodige aandag aan hulle kinders se gedrag en skoolwerk skenk nie, sien nie toe tot die behoorlike opvoeding van hulle kinders nie (sien par. 3.11.1). Armoede speel ook 'n groot rol in die sin dat ouers nie in die daaglikse behoeftes van hul kinders kan voorsien nie (sien par. 3.11.2). Sommige leerders vind dit moeilik om te konsentreer binne die klas as hulle huislike omstandighede van so 'n aard is dat ma en pa verskeie kere onder die invloed van alkohol is (sien par. 3.11.2). In verskeie huishoudings is daar nie behoorlike gesinstrukture nie en groter kinders in 'n huishouding moet soms kleiner kinders versorg (sien par. 3.11.3). Ouers laat na om hulle kinders te monitor by die gebruik van internetfasiliteite en selfone in van die huishoudings (sien par.3.9.1.2). Kinders is op hul eie aangewese en is soms geneig om hul besig te hou met verkeerde dinge as ouers nie teenwoordig is nie (sien par. 3.9.1.2).

Egskeidings as faktor speel ook 'n rol ten opsigte van ouerbetrokkenheid, deurdat van die ouers nie meer saamleef nie, die kinders word verwar deurdat hulle tussen twee wêrelde moet kies (sien par. 3.11.4). Van die leerders ly daaronder en hulle skoolwerk word hierdeur geraak (sien par. 3.11.4). Enkelouergesinne dra ookdaartoe by dat party ouers nie hul verpligtinge teenoor hul kinders nakom nie. Van die ouers is nie rolmodelle vir hul kinders nie en stel ook nie 'n goeie voorbeeld om na te streef nie (sien par. 3.11.5).

Die afwesigheid van 'n vader as rolmodel ontbreek in van die huishoudings. Die feit dat daar nie 'n vaderfiguur in 'n huishouding teenwoordig is nie, lei tot anti-sosiale gedrag van leerders (sien par. 3.11.6). In sommige gevalle waar die kinders by 'n tannie of oom bly, word die korrekte normes en waardes nie aangeleer nie (sien par. 3.11.6).

Die gebrekkige opvoedingsvlak van sommige ouers dra by tot leerderwangedragprobleme by skole in die streek (sien par. 3.11.7). Party ouers het net tot graad 7 op skool gevorder en is nie in staat om hulle kinders met tuiswerkopdragte te help nie. Van die ouers huiwer ook om op komitees van die skool te dien as gevolg van hul ongeletterdheidsvlak (sien par. 3.11.7). Daar is ouers wat net nie wil betrokke raak by hul kinders se skolastiese opvoeding nie omdat hulle ouers in baie gevalle nie die onderrigtaal verstaan nie. Daar is leerders wat 'n derde taal as 'n tweede taal doen en 'n tweede taal as 'n eerste taal (sien. par. 3.15.2). Sulke ouers staan aparties as dit kom by hul kinders se skoolopleiding en dit is asof hulle net nie belangstel daarin nie (sien par. 3.13.4).

Daar is nie veel ondersteuning van die Departement van Onderwys en

regeringsinstellings nie. Hulle hanteer soms net die verplasing van leerders vanaf die skool tydens skorsing en uitsetting, die opvolgproses om toe te sien dat kinders in goeie sorg geplaas word, ontbreek (sien par. 2.21.1). Daar is 'n groot groep ouers wat nie die nodige ondersteuning kry nie, skole het net nie die tyd daarvoor nie. Die gemeenskap moet hulle self help deur kundigers, maatskaplike werkers en kerkgenootskappe te nader om hulle in die verband by te staan.

Dit was duidelik uit die opinies van deelnemers dat skoolbestuurspanne en onderwysers ook tot orde geroep behoort te word om konstruktief deel te wees van skole se dissiplinêre planne en –strategieë wat deur skole geloods word om leerderwangedrag te verminder. Een van die deelnemers het pertinent genoem dat onderwysers nie ywerig is om administratiewe pligte uit te voer nie (sien par. 3.14.3). Uit die onderhoude het dit geblyk dat onderwysers onkundig is oor die korrekte regsprosedures wat gevolg behoort te word indien 'n leerder van ernstige wangedrag aangekla word.

Die samewerking van alle rolspelers soos die leerder, die ouer, die skoolbeheerliggaam, die skoolbestuurder en die onderwysers in die verband is dus nodig om die skool 'n veilige plek vir onderrig en leer te maak (sien par. 3.14.7.2). Die ouerkomponent is die belangrikste been van die onderwys en kan dus nie in isolasie funksioneer nie.

'n Ander deelnemer wat onlangs aangestel was as hoof het ook genoem dat die proses om 'n leerder 'n straf of 'n sanksie toe te dien, 'n lang uitgerekte proses word as dit eers in die hande van die skoolbestuurspan en die skoolbeheerliggaam beland. Van die skoolbeheerliggaamslede is soms ook nie opgewase vir die taak nie omdat hulle nie gereelde opleiding ontvang nie en ander geen kennis het van wat presies gebeur by 'n skool nie (sien par. 3.14.4).

Die ouers behoort almal 'n kopie van 'n skool se gedragskode te ontvang sodat hierdie reëls selfs tuis by die kinders ingeskerp kan word. Die gedragskode behoort by elke skool gereeld hersien te word waar alle rolspelers betrokke moet wees omdat die ouers die belangrikste komponent van besluitneming moet uitmaak. Daar moet gereelde wysigings omtrent die gedragskode wees, want elke skool hanteer 'n unieke situasie.

Dit is nie alle skole wat 'n afskrif van die gedragskode aan ouers voorsien nie en waar die ouer onderneem om streng by die bepalinge van die gedragskode te hou en ook hulle kinders daaromtrent in te lig. Van die skole hersien nie gereeld hul gedragskode nie en maak gebruik van verouderde of ontoepaslike gedragskode. Elke afdeling behoort stapgewys by oueraande aan ouers voorgehou te word en gereeld aangepas te word by die omstandighede van 'n skool. Die skoolhoof behoort ook, by byeenkomste deur die skool gehou, die moet en moenies in die gedragskode aan kinders voor te hou en

kinders wat oortree, aan te spreek.

Die oueraande word in baie gevalle redelik swak deur ouers bygewoon veral as ouers in die buitewyke van die streek woon soos ook deur 'n deelnemer genoem (sien par. 3.13.8).

Die puntstelsel werk goed by sekere skole, ander skole kan ook dit gebruik om ouers betrokke te kry. Dit werk by een van die geselekteerde skole waar sekere hoeveelheid punte gekoppel word aan 'n oortreding en hoe meer punte 'n leerder het dan word die leerder se ouers ingeroep en die leerder verskyn voor die dissiplinêre komitee van die skool. Dit is dan 'n aanduiding aan die ouers hoe ernstig die oortredings oor 'n tydperk verloop het en dat 'n straf of sanksie die gevolg gaan wees. Sekere voorregte word dan ontnem van die kind en hetsy sport of kultuur. Die leerder kry ook nie bloktyd om te studeer nie en moet dus inbly by die skool deur ekstra werk te voltooi (sien par. 3.13.7).

Die dissiplinêre komitees op skole sal op 'n gereelde basis moet funksioneer en ernstige gevalle van leerders spoedig hanteer met die korrekte prosedure wat daarmee gepaardgaan. 'n Deelnemer was van mening dat die proses soms onnodig gesloer word. Ouers ondersteun soms die verkeerde optredes van hul kinders. Die korrekte prosedures in die verband word dan nie gevolg nie.. Dit skep die indruk by die leerders dat niks met hulle gebeur nie en hulle staak dan nie hul wangedrag ten opsigte hiervan nie (sien par. 3.13.11; sien ook par. 4.4.2).

4.5 Gevolgtrekkings

4.5.1 Tipes wangedrag

Van die minder ernstige leerderwangedragprobleme wat deur bevindinge uit die literatuurstudie gevind was, was van die vernaamste wangedragprobleme wat in die John Taolo Gaetsewe streek in die Noord-Kaap voorkom.

Hierdie minder ernstige oortredings wat in die streek voorkom was die volgende, naamlik: klasse dros, teëpraterij, huiswerk nie voltooi nie, opdragte en take nie betyds inhandig nie, vuil taalgebruik teenoor die onderwyser, verontagsaming van skoolreëls, ontwrigting van klasse, ongehoorsaamheid, ongemanierdheid, disrespekvol wees teenoor onderwysers (sien par. 3.9.).

Die volgende gevolgtrekking is deur die navorser gemaak, naamlik dat die bekampings van disrespek as 'n tipe wangedrag 'n deurslaggende rol in die voorkoming van leerderwangedrag in skole in die John Taolo Gaetsewe streek speel. Die leerders in hierdie geselekteerde skole wil nie onder gesag staan nie en hulle ondermyn op alle

maniere die gesag van die onderwyser. Disrespek behoort binne die ouerhuis aangespreek te word (sien par. 3.9.1.1). Die ouer behoort ook opleiding in die verband te ontvang deur hulle eie kinders te leer om ander persone te respekteer. Die skool kan byvoorbeeld 'n spreker of verteenwoordiger van die Departement van Onderwys nooi om ouers toe te spreek oor "respek" waar metodes uitgewys word aan ouers hoe om respek by kinders af te dwing. Dit kan ook as 'n nuusbrief of in pamflette aan ouers voorsien word om hul kinders tuis daaraan te herinner (sien par. 3.9.1.1)

Die probleem ouers wat probleem kinders het of kinders wat verwaarloos is of gereelde dissiplinêre probleme veroorsaak kan verplig word om na-ure 'n ouer-kind opleidingskursus by te woon. Hierdie kursus kan deur die Departement van Onderwys geïnisieer word en die maatskaplike werkers en skoolsielkundiges kan betrokke raak om opleiding in die verband te verskaf. Die beheer daarvan kan afgewentel word na skole wat die proses dan verder dryf.

Die studie het uitgewys dat ouers behoort betrokke te raak by gewone -en ernstige wangedrag van leerders. Navorsing deur Oosthuizen, Serame en Wolhuter (2015:11) het ook getoon dat ouers wel betrokke kan raak by gewone wangedrag van hul kinders, byvoorbeeld deur kinders tuis te leer om nie te vloek en vuiltaal te gebruik nie. Ouers kan selfs behulpsaam wees om toe te sien dat leerders hul tuiswerk doen, gereeld op skool te wees, netjies te vertoon by die skool en ook bullebakkerie van hul kinders aanspreek as ouers aggressiwiteit by hul kinders opmerk. Ouers kan selfs oneerlikheid, ongeskiktheid en onbeskoftheid van hul kinders tuis aanspreek soos deur Oosthuizen, Serame en Wolhuter (2015:11) voorgestel was (sien par. 2.4.2).

Ouers kan ook 'n bydrae lewer by ernstige gevalle van wangedrag wat in skole in die streek voorkom deur kinders streng aan te spreek hieroor en om so die skool behulpsaam te wees met die hantering en bekamping daarvan. Ouers kan ook skole ondersteun deur tydens 'n dissiplinêre verhoor hul kinders tot verantwoording te roep en deur skole gereeld te besoek. Ouers kan toesien dat hul kinders hul straf uitdien en regstel waar hulle gefouteer het. Die ernstige gevalle wat in die streek voorkom is die volgende, naamlik: afknouery, rook van Oka-pyp deur selfs laerskool leerders, dwelm-en drankmisbruik, rook in skooluniform, pornografie, messtekery en seksuele misbedrywe in skool toilette (sien par. 3.10.1). Navorsing het getoon dat dwelms ook 'n invloed op leerderwangedrag het en dit bevestig ook die bevindings van Hoorn (2006, 53) dat die rook van dagga tydens en na skoolure asook die rook van die Oka-pyp onder laerskoolleerders waargeneem was.

4.5.2 Afskaffing van lyfstraf

Die afskaffing van lyfstraf in skole in Suid-Afrika en in sekere dele van die wêreld het ook 'n definitiewe impak gehad op skole in die John Taolo Gaetsewe streek.

Uit die onderhoude was bevind dat leerders bewus is van die feit dat lyfstraf afgeskaf is en daarom maak leerders staat op hulle regte. Die bevindinge het ook getoon dat ouers onder 'n wanindruk verkeer oor die toepassing van ouerlike lyfstraf. Sommige ouers in die streek weet nie regtig wat hulle regte en pligte is ten opsigte van wangedrag of ouerlike lyfstraf nie (sien par. 3.13.9). Sommige onderwysers is van mening dat lyfstraf 'n goeie maatstaaf was om leerders se gedrag te reguleer (sien par. 3.13.9).

Ouers versuim om op te tree teen hul kinders omdat hul deur hul kinders gedreig word met die polisie asook die maatskaplike werker. Leerders gebruik dit teen ouers wat graag hulle kinders se gedrag wil korrigeer (sien par. 3.13.9).

Sommige ouers verstaan soms nie die hele skoolopset nie en handel soms onkundig as dit kom by die regulering van kinders se gedrag. Die Hoof van Die Departement versuim soms om 'n besluit te neem oor die uitsetting of skorsing van 'n leerder en plaas soms dieselfde leerder terug by die dieselfde skool. Dit neem soms lank om ernstige gevalle van leerders op te volg en spoedig 'n sanksie of 'n straf aan sodanige leerder toe te ken. 'n Oplossing sou wees om probleme van minder ernstig tot ernstig onmiddellik aan te spreek en ouers onmiddellik in te roep sodat hul kennis dra van die tipe probleme wat skole ondervind (sien par. 3.13.8).

4.5.3 Sosio-ekonomiese faktore

4.5.3.1 Werksomstandighede

Die werksomstandighede van ouers in die streek veroorsaak dat ouers nie genoegsame kwaliteit tyd met hulle kinders spandeer nie. Uit die bevindinge blyk dit dus dat dit 'n impak het op die vordering van leerders by skole in die streek. Ouers sal hulle tydskedules moet aanpas sodat een van die ouers ten minste tyd met hul kinders deurbring terwyl die ander ouer werk (sien par. 3.13.5). In die geval van enkelouergesinne of self waar egskeidings voorkom, kan beide ouers hul verpligtinge nakom deur hul tyd so in te ruim dat albei ouers 'n geleentheid kry om na leerders se skoolwerk om te sien (sien par. 3.11.1). Ouers kan ook iemand betroubaar onder toesig van kinders plaas en sodanige persone vir hul dienste betaal. Ouers kan selfs naweke tyd met kinders deurbring en wanneer ouers op verlof is, vir 'n dag of twee, kan hulle aandag aan hierdie probleem skenk.

4.5.3.2 Dwelm- en drankmisbruik

Die probleem met drank- en dwelmmisbruik in die streek speel 'n rol by die opvoeding van leerders. Die probleme met leerders wat drink en dwelms gebruik kring later uit na skole. Die gebruik van die Oka-pyp onder selfs laerskool leerders is 'n kommerwekkende verskynsel in hierdie streek. Dit het tot gevolg dat leerders se vordering by skole hierdeur belemmer word (sien par. 3.10.1). Uit die bevindinge behoort daar gereeld klopjagte deur die polisie by skole plaas te vind om die probleem hok te slaan. Die ouergemeenskap kan klagtes by die polisie indien as daar 'n vermoede bestaan van dat sommige winkeleienaars dwelms mee handeldryf. Die buurtwag kan ook handelaars konfronteer en rapporteer deur aan die polisie inligting te verskaf. Die handelaars wat hul skuldig maak aan die handeldryf van rookmiddele aan minderjariges kan hul dranklisensie deur 'n openbare protesoptog verloor (sien par. 3.10.1). Daar mag geen rookmiddele aan minderjariges verkoop word nie kragtens artikel 22 van die Tobacco Products Control Act van 2013. Ouers sal dus hul kinders se gedrag moet monitor, hul leefstyl en selfs verandering in optredes om onderwysers behulpsaam te wees.

4.5.4 Oneffektiewe ouers

4.5.4.1 Permissiewe ouers

Die bevindinge van die navorsing het getoon dat sommige ouers nie streng teenoor hulle kinders optree nie (sien par. 3.13.1). Dit is ook bevind dat ouers te veel dinge van hul kinders toelaat. Daar is nie behoorlike toesig oor kinders nie en kinders is op hul eie aangewese (sien par. 3.13.2). Om die permissiwiteit van ouers aan te spreek sal daar na meganismes gekyk moet word om ouers bewus te maak van hul opvoedingstaak. Ouers kan betrek word by oueropleidingsforums waar opleiding verskaf word oor die belangrikheid van opvoeding, die stel van grense, die geborgenheid wat voortspruit uit gesinsreëls en gehoorsaamheid aan ouers, noodsaaklikheid van goeie maniere en respek teenoor alle mense (insluitende ouers en onderwysers) om aan te pas by die samelewing, skoolgereedheid en skoolsielkunde (sien par. 3.9.1.1). Ouers wat op welsynorganisasies dien of suksesvolle kundige ouers in die gemeenskap is, kan betrek word om verskeie onderwerpe aan te bied. Die werkende ouers kan ook by sulke forums betrek word na werk. Die skool kan moontlik iemand kundig in die gemeenskap aanwys om so 'n opleidingsprogram van staple te stuur.

4.5.4.2 Ouers spandeer te min kwaliteittyd aan hul kinders

Die navorsing het getoon dat ouers min kwaliteittyd met hulle kinders spandeer (sien par. 3.13.5). Verskeie faktore speel 'n rol soos ouers se werksomstandighede, armoede,

ongeleterdheidsvlak van sommige ouers, gesinstrukture en egskeidings. Ouers het volgens die gemenereg 'n verantwoordelikheid ten opsigte van hul kinders om toe te sien na kinders se welstand. Om hierdie probleem van kwaliteitstyd met kinders te verbeter kan die skoolbeheerliggaam van ouers wiese kinders ernstige wangedrag pleeg, vereis om ouerskapsopleidingskursusse by te woon. Hier kan die belangrike aspekte van 'n gesonde- en funksionele gesin aan ouers voorgehou word en ook advies gebied word oor maniere om tyd te maak vir jou gesin (sien par. 4.4.3.1 hierbo). Ouers kan selfs naweke kwaliteitstyd met hulle gesinne spandeer deur na 'n sokker- of rugbywedstryd te gaan kyk of saam met die hele gesin inkopies te gaan doen. Tydens hierdie uitstappies kan ouers kinders se gedrag monitor en positief reguleer.

4.5.4.3 Enkel ouergesinne

In die streek kom daar baie enkel-ouergesinne voor wat 'n definitiewe impak het op die vordering van leerders. Daar is nie 'n vaderfiguur in verskeie huishoudings nie. Die moeder is werkend en vind dit moeilik om kinders te dissiplineer en op te voed (sien par. 3.11.5). Die leerders moet soms die huishouding hanteer deur om te sien na kleiner boeties en sussies. In so 'n geval bly leerders soms afwesig en versuim hulle om hul skoolwerk of opdragte betyds te voltooi as gevolg hiervan. Die belang van 'n ondersteuningsstelsel, waarvolgens enkel ouers kan staatmaak op die hulp van naby geleë familieleden (bv. grootouers of ooms en tantes) of selfs bure, wat vertrou kan word, moet aan enkelouers benadruk word (sien par. 4.4.3.1 hierbo). Ouers kan moontlik kinders by verantwoordelike persone deur die dag laat bly, miskien 'n broer of 'n suster wat moontlik nie werk nie. Die persone kan toesien dat kinders hulle skoolwerk voltooi terwyl hulle ouer by die werk is. Skole of kerke (godsdiensgemeenskappe) kan enkelouers van hulp wees deur nasorgsentrums te bedryf waarvolgens leerders na skoolure onder toesig verkeer.

4.5.4.4 Egskeiding

Egskeidings speel ook 'n rol in die vordering van leerders in skole in die streek. Verskeie deelnemers het dit ook genoem dat as gevolg van egskeidings daar nie 'n vader as rolmodel in sommige huishoudings is nie. Die kinders rebelleer dan teenoor die omstandighede waarin hulle gedompel is en dit opsig self lei tot wangedragprobleme by hierdie skole (sien par. 3.11.4). Die omstandighede in so 'n huishouding veroorsaak dat kinders dros (afwesig is), skaamheid beleef omdat ander leerders neersien op sulke leerders en aggressiwiteit in sommige gevalle openbaar. Ouers sal met hul kinders oueropleidingsessies of sielkundigedienste mee van gebruik moet maak om hul kinders te help met skolastiese probleme, konsentrasie wat leerders ervaar, aggressiewe

gedrag, eensaamheid en ander sielkundige probleme wat moontlik ontstaan het as gevolg van die egskeiding. In terme van die Children's Act (SA, 2005) moet ouers wat van voorneme is om te skei 'n gesamentlike ouerskapsplan ("family plan") opstel om sodoende die verpligtinge en reëlings aangaande beheer en toesig van die kinders te reguleer. Sodanige ouerskapsplanne word gewoonlik deur die hof bekragtig en maak deel uit van die egskeidingsbevel. Ouers wat nie hul verpligtinge in terme van die ouerskapsplan nakom nie, kan regtens aanspreeklik gehou word.

4.5.4.5 Ongeletterdheid van ouers

Die navorsing het getoon dat ouers onkundig is oor tuiswerkopdragte wat deur die onderwyser huistoe gestuur word. Sommige ouers verstaan nie omdat hulle nie 'n behoorlike skoolopleiding ontvang het nie. Om hierdie probleem aan te spreek kan ABET- Klasse ondersoek wordwaardie Departement van Onderwys ook 'n rol kan speel. Die skool kan selfs klaskamers beskikbaar stel vir hierdie doel. Om die ongeletterdheid van ouers aan te spreek kan ouers betrek word by programme wat deur die skool geïnisieer word om die probleem op te los. By ouersessies, wat deur die skool gereël word, kan onderwysers ouers opleiding gee om die kind by die huis te help met sy skoolwerk (sien par. 3.11.7). Die ouers wat rekenaarvaardig is, kan hulle kinders beter by die huis behulpsaam wees deurdat die onderwyser sekere programme vir sulke ouers aflaai om op so 'n manier kinders met hulle skoolwerk te help. Skole kan hul ouergemeenskappe help met Wiskunde probleme van kinders deur ekstra klasse na-ure aan te bied. Daar kan vooraf met ouers vergader word om probleme wat hulle kinders ondervind, uit te gelig. Daarna word 'n program aan die ouers voorgehou en bespreek waar hulle kinders 'n lêer ontvang met alle inligting asook 'n evalueringsvorm om die kinders se vordering by die huis te toets (sien par. 3.12.2).

4.6 Ander faktore wat ouerbetrokkenheid beperk

4.6.1 Wanpersepsie van onderwysers oor kinders se regte

Van die onderwysers het 'n wanpersepsie oor die regte van kinders. Hulle is van mening dat kinders te veel regte het en min verantwoordelikheid toon ten opsigte van hul regte. Sommige onderwysers is dus onkundig hieroor en dra nie kennis dat kinders se regte deur artikel 36 beperk kan word indien dit die regte van ander persone skend. Sommige ouers is ook onkundig oor hul kinders se regte en voel dat kinders hul kan hof toe neem indien hulle nie strenger teenoor hul kinders optree nie (sien par. 3.15.1). Ouers het egter ook nie beheer oor onderwysers se wanpersepsies ten opsigte van kinders se regte nie. Onderwysers behoort ingelig en opgelei te word ten opsigte van die

beperkinge van kinders se regte soos vervat in artikel 36 (sien par. 3.19.2).

4.6.2 Taalkwessie

Die taalkwessie is 'n probleem in die streek. Daar is leerders wat by die skool ingeskryf word wat uitsluitlik Tswana-sprekend is en nou moet hulle 'n taal soos Afrikaans aanleer. Die meeste van die tyd verstaan kinders nie en hul vorder nie na die volgende graad as gevolg hiervan. Ouers is in staat om 'n verantwoordelike keuse om hulle kinders in gepaste skole te plaas, uit te oefen. Ouers behoort ook hul kinders te kan ondersteun in die taal van onderrig. Die Departement van Onderwys sowel as skole het ook 'n rol te speel in hierdie verband deur ouers te ondersteun om so hul kinders te help (sien par. 3.15.2).

Die ouer sal opleiding moet ontvang in die skryf en lees van die taal. Ouers verstaan niealtyd die kennisgewings wat deur skole uitgestuur word nie. Dit is 'n duidelike bewys dat selfs skole ook opleiding in die verband nodig het (sien par. 3.15.2). Die Afrikaanse onderwyser wat luistervaardighede ook as afdeling in hul werk behandel kan byvoorbeeld genader word om ouers hiermee te help of die skool kan 'n kundige op hierdie gebied nader om 'n praatjie met ouers te hê oor die belangrikheid van kommunikasie. Dit is belangrik vir ouers om betrokke te raak by hul kinders se opvoeding en daarom sal hulle hulself akademies moet bekwaam om tred te hou met die snelle verandering wat die onderwys aanbetref (sien par. 3.15.2).

4.7 Faktore wat ouerbetrokkenheid kan verbeter

'n Oueropleidingsprogram kan onderneem word om aan ouers opleiding te verskaf in basiese huisreëls dit wil sê hoe ouers tuis hul kinders se gedrag kan hanteer (sien par. 3.13.3). Hierdie opleiding kan ook handel oor hoe om positiewe dissipline in die ouerhuis by kinders van kleins af, in te skerp. Ouers behoort bewus gemaak te word van die belangrikheid van ouerbetrokkenheid. Ouers is ook onkundig oor hoe die regstelsel werk, so opleiding in die verband is ook noodsaaklik, veral kennis oor ouerlike lyfstraf, die Children's Act (SA, 2005), Grondwet (SA, 1996c) en die Child Justice Act (SA, 2008). In die algemeen is die beginsels bekend, maar daar is onsekerheid oor die regsposisie oor lyfstraf. Ouers wat voorheen baie betrokke was by die skool kan aangemoedig word om meer betrokke te raak en so ander ouers ook aanmoedig. Dit kan gedoen word deurdat die skool en skoolbeheerliggaam geleenthede skep vir ouers om betrokke te raak.

Organisasies binne die gemeenskap kan sport -en kultuurgeleenthede skep waarby kerke betrek word. Enterperneursdae kan selfs in samewerking met die

skoolgemeenskap gereël word waar ouers aan die stuur van die verkope kan wees. Uit die onderhoude met deelnemers was waardestelsels ook as een van die aspekte genoem wat aangespreek behoort te word.

Opleiding van onderwysers het 'n noodsaaklikheid in skole in die streek geword. Opleiding in verband met swak gedrag van leerders, hantering van ernstige gevalle wat lei tot skorsing en uitsetting, die rol van die onderwyser by dissiplinêre verhore, die rol van die ouer by die opstel van die gedragskode en skakeling tussen die skool en ouerhuis.

4.8 Aanbevelings:

4.8.1 Aanbevelings vir skole en ouers in die streek ten opsigte van die beheer van leerderwangedrag

Die reg kan nie al die sosio-ekonomiese faktore of probleme oplos nie, aangesien die reg hoofsaaklik die raamwerk daar stel waarvolgens dispute oor regte en pligte opgelos kan word. Die regsraamwerk moet geïmplementeer word met die samewerking van ouers en welwillendheid van die gemeenskap. Sosio-ekonomiese faktore kan aangespreek word deur 'n kombinasie van regstappe of –prosesse, gemeenskapsbetrokkenheid en ouerskapsopleiding soos hierna uiteengesit:

Ouers by die huis

- (i) Ouers het 'n sorgsaamheidspelig wat die gemenereg betref deur vir kinders te sorg, toe te sien dat kinders nie verwaarloos en mishandel word nie. Die ouers het verder 'n opvoedingsplig wat behels die beheer en korrigerende van dissipline (gedrag) binne die ouerhuis. Opleiding kan behels die gehoorsaming van reëls, inskerping van korrekte waardes en aanspreek van ongewenste gedrag van leerders. 'n Stelsel van voorregte en inkorting van voorregte deur ouers kan gebruik word om kinders se gedrag te korrigeer en te beheer. Ouers kan informeel met kinders tuis werk om 'n voorreg te koppel aan 'n beloning wat dus deel uitmaak van die ouer se opvoedingspligte. Ouers is in 'n beter posisie as die onderwyser en kan tuis help met die inskerping van waardes soos netheid, gehoorsaamheid, eerlikheid, beleefdheid, mededeelsaamheid, respek en hardwerkendheid.
- (ii) Die ouer moet dus met hul kinders vir 'n tydperk van 'n maand of drie, klasse loop wat deur 'n deskundige op die gebied van leerderwangedrag aangebied word. Op hierdie wyse sal ouers ook

bewus word van hul verantwoordelikheid teenoor hul kinders se opvoeding.

Skole en ouers

- (iii) Skole en selfs die Departement van Onderwys het ook 'n rol te speel in die bekamping van leerderwangedrag. Die skool kan byvoorbeeld 'n bydrae lewer deur opleidingskursusse vir ouers wat gedragsprobleme met kinders ondervind, aan te bied. 'n Ouer-kind opleidingskursus kan deur die Departement van Onderwys geïnisieer word sowel as maatskaplike werkers en skoolsielkundiges deur ouers op te lei in kinderverwaarlosing, verkragting en HIV/AIDS.
- (iv) By sulke opleidingsessies of oueropleidingsforums kan ouers met kinders wat gewone gedragsprobleme verskaf, subtiel benader word deur ouers hul opvoedingstaak te laat besef. Ouers wat ernstige wangedragprobleme met kinders ondervind kan opleiding ontvang in dissiplinêre verhore asook hoe om hul kinders tydens 'n dissiplinêre verhoor te ondersteun. Indien hul kinders tereg staan op kriminele aanklagte ten opsigte van ernstige (skedule 3 soos in die Child Justice Act vervat) leerderwangedrag behoort ouers opleiding te ontvang in regsprosedures in 'n Kinderhof.
- (v) Die skool kan byvoorbeeld 'n sms-stelsel gebruik om gereelde kontak met ouers te behou en nie net ouers skool toe laat kom omdat hulle leerders gereelde oortreders is nie, maar om ouers te help om positiewe dissipline maatreëls binne in die ouerhuis te handhaaf. Dit behels om kinders op 'n gereelde basis positief te vermaan en voortdurend positief aan te moedig.
- (vi) Die skool kan selfs ouer-en onderwysergesprekke ondersoek waar die betrokke ouer kennis maak met die betrokke vakonderwyser en die leerder se vordering byvoorbeeld bespreek. Dit is iets wat agterweë gelaat word en nie meer aandag aangeskenk word in skole in hierdie streek nie.
- (vii) Die skool kan ook 'n entrepreneursdag of 'n ouer-kind dag reël waar ouers genooi word om kinders se kunswerke of apparaat wat deur die kind gemaak is, kom besigtig. Op hierdie manier kan die ouer en die onderwyser op sosiale vlak met mekaar verkeer.

- (viii) Die skool kan besigheidsmanne in die gemeenskap uitnoui om sekere projekte van die skool van stapel te stuur en dat van die ouergemeenskap by die projek betrek word. Dit sal ook die oueronbetrokkenheid probeer verbeter en ouers sal graag wil inskakel om die skool se perseel te verbeter.
- (ix) Ernstige gevalle van wangedrag moet deur die funksionering van die dissiplinêre komitees op skole effektief hanteer word met die samewerking van verteenwoordigers van die skoolbeheerliggame. Die skoolbeheerliggame benodig egter opleiding in hierdie verband.
- (x) Skole sal die inisiatief moet neem om sy ouergemeenskap te betrek by skoolfunksies soos atletiekbyeenkomste, kultuuraktiwiteite, oueraande en sportgeleenthede waar ouers aan die stuur van sake kan wees.

Gemeenskapsorganisasies (polisieforums, godsdiensgroepe en welsynorganisasies)

- (xi) Verskeie godsdiensgroepe kan tydens 'n jeugseminaar (jeugnaweek) waarby ander kerkgenootskappe betrek word, onderwerpe bespreek wat handel oor tienerswangerskappe, alkohol-en dwelmmisbruik, kindermishandeling en misdaad. Hier kan ouers vrywillig uitgenooi word om dit by te woon en hulle ervarings en oplossings vir sulke probleme met ander ouers deel. Tydens 'n polisieforum kan bekende gemeenskapleiers of polisiebeamptes 'n toespraak lewer oor die impak van dwelms en misdaad op die gemeenskap, gesinslewe en minderjarige kinders in 'n verwaarloosde huishouding.

Departement van Onderwys

- (xii) Die Departement sal ook hulle bydrae moet lewer ten opsigte van leerderwangedragprobleme deur skole gereeld te besoek om wangedrag van leerders te verminder deur gereelde toesprake met kinders te voer of deur die polisie en die gevangenisdienste te gebruik om kinders bewus te maak van die gevolge van ernstige wangedrag.
- (xiii) Die ander dienste wat ook deur die Departement van Onderwys aan skole gelewer behoort te word, naamlik besoeke van skoolsielkundiges, verpleegkundiges en maatskaplike werkers/sters moet op 'n gereelde basis diens aan skole lewer. Dit sal die onderwyser in sy taak om dissipline te handhaaf steun in die sin dat probleme wat deur die skoolsielkundigers ontdek word die onderwyser sal help om 'n beter

begrip te toon vir sulke tipe leerders wat gereeld skuldig is aan wangedrag.

- (xiv) In die Skolewet onder artikel 21 (1)(A) word voorsiening gemaak vir 'n klaskamer vir die gebruik van ABET-Klasse waarby ongeletterde ouers opleiding kan ontvang om hulle kinders te help met hul skoolwerk.

Ouerskapopleiding

- (xv) Opleiding kan aan ouers verskaf word oor die tipes leerderwangedragprobleme asook die hantering daarvan en sulke opleidingsessies kan deur die skole, kerke of welsynorganisasies gereël word. Ouers met leerders wat hierdie tipe probleme veroorsaak kan deur ander ouers gehelp word wat ander alternatiewe metodes gebruik om leerders se gedrag te korrigeer. Informele gesprekke kan met ouers wat probleme ondervind met hul kinders, gevoer word. Sommige ouers wat sukkel met leerders se skoolwerk kan ook opleiding ontvang in die veral die onderrigtaal by skole. Dit was bevind dat leerders nie in hul moedertaal onderrig ontvang nie en dat ouers ook selfs nie verstaan nie. Alhoewel ouers die keuse kan uitoefen om hul kinders by 'n skool in te skryf wat nie die moedertaal van hul kinders is nie, het ouers opleiding nodig in die verband.

Wetswysigings

Children's Act

Dit word aanbeveel dat in die Children's Act 'n bepaling ingevoeg behoort te word wat ouers sal verplig om 'n oueropleidingskursus te deurloop wat ten doel het om ouers hul verpligtinge ten opsigte van hul kinders se opvoeding te laat besef.

- (xvi) In die Children's Act kan 'n bepaling onder artikel 18 (1) en (2) (a)-(j) ingevoeg of kan die wet gewysig word waar die ouers verplig word deur die Departement van Onderwys om 'n oueropleidingskursus te deurloop om hul ouerlike verpligtinge ten opsigte van kinders se gedrag na te kom.
- (xvii) Ouers kan deur 'n Hofbevel verplig word om opleidingskursusse by te woon wat handel oor leerderwangedrag en kriminele oortredings van leerders. Die skoolbeheerliggaam kan ook deur die hof beveel word om strenger op te tree met ouers wat hul verpligtinge versuim ten opsigte van hul kinders se wangedrag.

Suid-Afrikaanse Skolewet

- (xviii) Die Skolewet behoort gewysig te word deurdat artikel 9 aangevul word met 'n bepaling wat die beheerliggaam instaat stel om ouers te verplig om oueropleidingskursusse en opleidingssessies by te woon.
- (xix) Die Departement van Onderwys sal daarop moet let om leerders wat uit die skool gesit of geskors is, na 14 dae tot uitvoer te bring en nie die proses langer te laat sloer nie.

4.9 Die volgende aspekte verg verdere navorsing:

Die ouer-kind opleidingskursusse waar ouers saam met hulle kinders opleiding na-ure moet ontvang, nodig verdere navorsing.

Opleiding vir skoolbeheerliggame met betrekking tot wetgewing en regsprosedures veral by dissiplinêre verhore van leerders, vereis verdere navorsing.

Opleiding vir onderwysers in verband met hantering van verskillende ouers asook opleiding in die bywoning van dissiplinêre verhore van leerders benodig verder nagevors te word

Die onkundigheid en ongeletterdheid van ouers met betrekking tot ouerlike lyfstraf benodig verdere navorsing

Hoe kan ouers meer betrokke raak by hul kinders se skolastiese (holistiese ontwikkeling) opvoeding vereis verdere navorsing

Die feit dat ouers voorheen baie betrokke was by kulturele- en sportgeleenthede deur skole aangebied, sê dat iets gebeur het tussen die skool en ouerhuis en dit opsig self benodig verdere navorsing

Hoe kan samewerking met ouers in agtergeblewe gemeenskappe bewerkstellig word, is 'n aspek wat ook verder ondersoek kan word

Gebrekkige kennis wat sommige ouers openbaar in die onderwysdienste beskikbaar by die skool nodig verder nagevors te word.

4.10 Samevatting

In hierdie hoofstuk was 'n opsomming gegee van die vorige hoofstukke. Die gevolgtrekkings vir die studie wat uit die empiriese ondersoek navore gekom het, was deur die navorser uiteengesit en bespreek. Ten laaste was die aanbevelings deur die navorser gemaak, bespreek onder die volgende hofies, naamlik: Departement van

Onderwys, die skool ingeheel en bestuurspanne, onderwysers en ouers.

Leerderwangedrag in die John Taolo Gaetsewe streek bly 'n kommerwekkende verskynsel in skole in die Noord-Kaap. Die bekamping of vermindering van hierdie fenomeen sal grootliks afhang van die samewerking van die verskillende rolspelers in die Onderwys, naamlik: die leerder, onderwyser, ouer of ouergemeenskap en die Departement van Onderwys in die streek.

Ouerbetrokkenheid blyk die belangrike aspek te wees in die vermindering van leerderwangedrag in die streek. Indien hierdie probleem van oueronbetrokkenheid in skole in die streek nog heers en nie behoorlik aangespreek word nie, sal dit onbepaald onderrig en leer in die streek, strem.

BRONNELYS

BABBIE, E. & MOUTON, J. 2001. The Practise of Social Research. Oxford: Oxford University Press.

BABBIE, E. & MOUTON, J. 2006. The practice of social research South Africa edition. Oxford: Oxford University Press.

BADENHORST, J., STEYN, M. & BEUKES, L. 2007. Die dissiplinedilemma in post-apartheid Suid-Afrikaanse hoërskole: 'n kwalitatiewe ontleding. Tydskrif vir geesteswetenskappe, 47(3):301-319,Sept.

BECKMANN, J. L. 2000. Democratic management: An exploration of some key concepts and their implications for the management of a university academic department. 23 March2000.

BECKMANN, J. L. & NIEWENHUIS, J. 2004. The Education manifesto about values and democracy in education: a founding or flirtation with values? *South African Journal of Education*, 24:55-63.

BEKINK, M. 2012. "Child Divorce": A Break from Parental Responsibilities and Rights Due to the Traditional Socio-cultural Practices and Beliefs of the Parents. Potchefstroom Electronic Law Journal 15(1):178-212.

BERG, B. L. 1995. Qualitative research methodology for the social sciences. Boston: Allyn & Bacon.

BOTHA, A. J. 2004. Secondary school educators experience of own aggression. Faculty of Education and nursing, University of Johannesburg: Johannesburg.

BRAY, E. 2004. Constitutional values and human dignity: its value in education. *Perspectives in Education*, 22(3):37-47.

BRAY, E. 2005. Codes of conduct in public schools: a legal perspective. South Africa Journal of Education, 25(3):133-138.

BURTON, P. 2008. *Merchants, Skollies and Stones: Experiences of School Violence in South Africa*, Centre for Justice and Crime Prevention, Monograph Series, No.4, Cape Town.

BURTON, P. & LEOSCHUT, L. 2012. School Violence in South Africa. Results of the 2012 National School Violence Study. Centre for Justice and Crime Prevention, Monograph Series, No. 12. Cape Town.

BUSH, T. & HEYSTEK, J. 2003. School governance in the new South Africa. Compare, 33: 127-138.

CHIMHENG, S. 2002. Behaviour problems of adolescents in secondary schools of Bulawayo: causes, manifestations and educational support. Med-dissertation. Pretoria: UNISA.

CRESWELL, J. W. 2003. Research design: Qualitative, quantitative and mixed methods approaches. (2nd ed). Thousand Oaks: Sage.

CRESWELL, J. W. 2005. Research design: Qualitative and quantitative approaches New Jersey: Pearson Education Inc.

CRESWELL, J. W. 2007. Qualitative Inquiry and research design. New Jersey: Pearson Education Inc.

CRESWELL, J.W. 2014. Research Design. Fourth Edition. California. SAGE Publication. Inc.

COLDITZ, P. 2007. Buitekurrikulêre aktiwiteit by Openbare skole. Beheer, Bestuur en Praktiese Aspekte. Kopiereg: FEDSAS.

COUZENS, M. 2010. The Best Interests of the Child and its Collective Connotations in the South African Law. *Tydskrif vir Hedendaagse Romeinse Hollandse Reg* 73 (2): 266-287.

CURRIE, I. & DE WAAL, J. 2005. The Bill of Rights Handbook. Cape Town. Juta.

CURRIE, I. & DE WAAL, J. 2006. *The Bill of Rights handbook*. 5de Uitgawe. Welton: Juta.

CURWIN, R. L. & MENDLER, A.N. 1988. Discipline with dignity. Association for supervision and curriculumdevelopment.

DE BEER, L. 2007. Opgeskort vonnis na slanery in skool se toilet. *Beeld*, 11 Augustus.

DE KLERK, J. & RENS, J. 2003. The role of values in school discipline. *Koers*, 68: 353-371.

DE KLERK-LUTTIG, J. & HEYSTEK, J. 2006. Discipline in schools: are our student teachers ready for the challenge? Perspectives on learner conduct: proceedings of the first international Conference on learner discipline at the North-West University Potchefstroom Campus. 2-4 April 2006.

DEPARTMENT OF EDUCATION. 1977. Criminal Procedure Act (Act 51 of 1977). Pretoria: Government Printer.

DEPARTMENT OF EDUCATION. 1995. White Paper on Education and Training. Pretoria: GovernmentPrinter.

DEPARTMENT OF EDUCATION. 1996a. Die Nasionale Onderwysbeleid (No. 27 van 1996). Pretoria: Staats Drukker.

DEPARTMENT OF EDUCATION. 1996b. *Suid-Afrikaanse Skolewet* (No. 84 van 1996). Pretoria: Staats Drukker.

DEPARTMENT OF EDUCATION. 1996c. *Die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika* (No. 108 van 1996). Pretoria: Staats Drukker.

DEPARTMENT OF EDUCATION. 1998. Guidelines for the Consideration of Governing Bodies in Adopting a Code of Conduct for Learners. Government Notice 776 of 1998, Pretoria: Government Printer.

DEPARTMENT OF EDUCATION, 2004. Regulations for Safety Measures at Public Schools. GN 1040 in GG 22754, Regulation, 4(2).

DEPARTMENT OF EDUCATION. 2004. Regulations for Safety Measures at Independent Schools. Government Gazette No. 26663, Notice 975.

DEPARTMENT OF EDUCATION, 2005. Teachers for the future, meeting teacher's shortages to achieve education for all. Pretoria: Department of Education.

DEPARTMENT OF EDUCATION. 2008a. Child Justice Act (Act 75 of 2008). Pretoria: Government Printer.

DEPARTMENT OF EDUCATION. 1998b. Wet op die Bevordering van Gelykheid en Voorkoming van Diskriminasie (No. 55 van 1998). Pretoria: Staats Drukker.

DEPARTMENT OF EDUCATION. 2000b. Promotion of Administrative Justice Act. (No. 3 of 2000). Pretoria: Government Printer.

DE VOS, A. S. & FOUICHE, C.B. 1998. Writing the research proposal, in A.S. De Vos (Ed) *Research at Grass Roots: A primer for the caring professions*. Pretoria: Van Schaik:95-106.

DURRHEIM, K. & WASSENAAR, D. 2002. Putting design into practice: writing and evaluating research proposals (54-71). In Terre Blanche, M. & DURRHEIM, K. (Eds), *Research in practice: applied methods for the social sciences*. Cape Town: University of Cape Town Press.

EDUCATION LAW AMENDMENT ACT, 2007. Government Gazette, Republic of South Africa. CapeTown.

ELOFF, C. 2009. Die hantering van leerderwangedrag in Sekondêre skole. Potchefstroom: NoordwesUniversiteit. (Med-Skripsie).

FEGE, A. F. & SMIT, A. J. 2002. An Action Guide for Community and Parent Leaders. Washington, DC: Public Education Network.

FOUCHE, C. B. 2002. Research at grassroots levels. For the social sciences and human service professionals. Pretoria: Van Schaik.

FREDERICKS, I. 2007. Katgeveg by skool glo nie rasgerig, *Beeld*, 12 Mei.

GALL, M.D., BORG, W.R. & GALL, J.P. 1996. Educational research: an introduction. White Plains. New York: Longman Publishers. 788p.

GOODMAN, J.F. 2006. School discipline in moral disarray. *Journal of Moral Education*, 35,213-230.

HAT sien Verklarende Handwoordeboek van die Afrikaanse Taal.

HEATON, J. & CRONJE, D.S.P. 2004. *Vonnisbundel oor die Persone- en familiereg*. Durban: Butterworths.

HENZEL, U. 2005. Dr. Linderbaum in der Deutschen literatuur des 18 und 19 Jahrhunderts. Singapore: ORBIS Litterarum.

HEYTEK, J. 2006. School governing bodies in South Africa: Relationships between principals and parent governors, a question of trust? *Educational Management, Administration & Leadership*, 34:473-486.

HOORN, L. G. 2006. Die invloed van die Suid-Afrikaanse Skolewet (1996) op dissipline in intermediêre skole in die Namakwa-distrik van die Noord-Kaapprovinsie. Johannesburg.

Universiteit van Suid-Afrika. (Verhandeling- M.Sc.)

HOPKINS, D. 2008. The Legal Obligations of A teacher. Australian Catholic University for The Victorian Institute of Teaching.

HUMAN RIGHTS COMMISSION, 2008. Report of the public hearing on school- based violence, Pretoria: Van Schaik Publishers.

HOSTEN, W.J., EDWARDS, A.B., CHURCH, I. & BOSTON, F. 1997. *Introduction to South African law and legal theory*. Durban: Butterworths.

JACOBS, A. 2007. Springmes tref seun in die hart. *Beeld*, 9 Mei.

JACKSON, D. 1994. Discipline without anger and tears: A manual for educators and school principals. Cape Town: Tafelberg.

JOHNSON, B. & CHRISTENSON, L. 2000. Educational Research: Quantitative and Qualitative Approaches. Boston: Allyn & Bacon.

JOHNSON, B. & TURNER, F. 2003. Data collection strategies. In Tashakkori, A. & Teddlie, C. (Eds), *Handbook of mixed methods in social and behavioural research*. Thousand Oaks: Sage.

JOUBERT, J. 2005. 'Ouerreaksie sal kom oor minder inspraak': Beheerliggaam se sê oor aanstelling ingekort. *Volksblad*, 17 Mei.

JOUBERT, R. 2007. The supportive role of the school governing body. JOUBERT & BRAY (Eds) 2007:37-47.

JOUBERT, R. 2008. Policy-making by public school governing bodies: law and practice

in Gauteng, *Acta Academica*, 41 (2): 230-255.

JOUBERT, R. & BRAY, E. 2007. *Public School Governance in South Africa*, First Edition, CELP, Pretoria.

JOUBERT, R. , DE WAAL, E. & ROSSOUW, J.P. 2004. Discipline: Impact on Access to Equal Educational Opportunities. *Perspectives in Education* 22(3):77-87.

JOUBERT, H.J. & PRINSLOO, S. 2001. *Education Law: A Practical Guide for Educators*. Pretoria: Van Schaik.

JOUBERT, R. 2008. *Learner discipline in Schools*. Pretoria: CELP.

KHULUSE, N.L. 2009. The effect of discipline on academic achievement in secondary school. Ongepubliseerde Med-tesis. Universiteit van Zoeloeland.

LEEDY, P.D. & ORMROD, J.E. 2001. *Practical research: planning and design*. 7th ed. Upper Saddle River, NJ:Prentice-Hall.

LEEDY, P.D. & ORMROD, J.E. 2005. *Practical research: planning and design*. 8th ed. Upper Saddle River, NJ:Prentice-Hall.

LEMMER, E. M.2000. The Epstein model of family school partnership: teachers' Experiences in South African Schools. *Educare*, 29 (1): 60-75.

LEMMER, E. & SQUELCH, J. 1993. *Multicultural Education: a teachers' manual*. Pretoria: Sigma Press.99-101.

LESSING, A.C. & DE WITT, M.W. 2011. Stemme uit die Suid-Afrikaanse Onderwysunie-geledere oor discipline. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe* 51(3): 403-418.

LESSING, A. C. & DREYER, J. 2007. Every teacher's dream: discipline is no longer a problem in South African schools! Oosthuizen *et al* (Eds) 2007:120-131.

LEOSCHUT, L. 2009. Running Nowhere Fast: Results of the 2008 National Youth Lifestyle Study. Centre for Justice and Crime Prevention Monograph Series 6. Cape Town. Centre for Justice and Crime Prevention.

LE ROUX, C.S. & MOKHELE, P.R. 2011. The Persistence of Violence in South Africa's Schools: In Search of Solutions. *Africa Education Review* 8(2):318-335.

LIEBENBERG, D. 2007. 7-jarige glo by skool verkrag. *Beeld*, 12 Mei.

LIEBENBERG, D. 2009. *Nege keer met mes by skool gesteek*. *Beeld*. 29 April.

LOUW, A. 2009. A Acquisition of Parental Responsibilities and Rights (LLD thesis UP).

LOUW, A. 2010. Humeure vat vlam. *Kalahari Bulletin*: 14 Oktober.

LOUW, E. & BARNES, M. 2003. Stout kind: dis die ouers se skuld. *Koers*, Vol. 68, 4:20.

MACLEAN, L. M., MEYER, M. & ESTABLE, A. 2004. Improving accuracy of transcripts in qualitative research. *Qualitative Health Research*, 14(1), 113-123.

MALAN, M. 2006. Skole nou broeiplek van geweld. *Rapport*: 9 Okt.

MALHERBE, E. F. J. 2000. A fresh start I: education rights in South Africa. *European Journal for Education Law and Policy*, 4 (1): 49- 55.

MALHERBE, R. 2004. A Constitutional perspective on the rights and duties of learners and educators. (Paper delivered at the annual international conference (Balancing Rights

of Stakeholders in Education) of the South African Education Law and Policy Association from 5-7 September 2004) Van Riebeeck Hotel: Gordonsbay.

MALHERBE, E.F.J. & BECKMANN, J.L. 2003. Chapter 4 of an unpublished *Education Law document. Education in action in South Africa*. Pretoria: Van Schaik Publishers.

MAMBANE, M.S. 2000. Parent involvement as an aspect of school management: Implication for whole school development. Unpublished Med dissertation. Johannesburg: Rand Afrikaans University.

MAPHOSA, C & MAMMEN, K.J. 2011. How Chaotic and Unmanageable Classrooms Have Become: Insights into Prevalent Forms of Learner Indiscipline in South African Schools. *Anthropologist* 13(3):185-193.

MAPHOSA, C. & SHUMBA, A. 2010. Educators' Discipline Capabilities after the Banning of Corporal Punishment in South African Schools. *South African Journal of Education*. 30:387-399.

MARE, C. 1998. Gesinspolitiek en die ouer-kind verhouding. LLM-verhandeling: Pretoria Universiteit vir CHO.

MAREE, J.G. 2010. Critical Appraisal of the System of Education and Prospects of Meeting the Manpower and Development Needs of South Africa. *Africa Insight* 40(2):85-108.

MAREE, K. 2007. First steps in Research. Van Schaik: Pretoria.

MAREE, J.G. & CHERIAN, L. 2004. Hitting the Headlines- The Veil on Corporal Punishment in South Africa Lifted. *Acta Criminologica* 17(3):72-85.

MARAIS, P. & MEIER, C. 2010. *Disruptive behaviour in the Foundation Phase of Schooling*: South African Journal of Education: Pretoria.

MARSHALL, C. & ROSSMAN, G. B. 2011. Designing qualitative research (5th ed.)

Thousand Oaks, CA:Sage.

MAWDSLEY, R. & VISSER, P.J. 2007. The development of Education Law as a separate field of law: the experience of the United States with some observations on South Africa. *Journal for South Africa Law*, (1):153-161.

MAYAN, M.J. 2001. An introduction to qualitative methods: a training module for students and professionals. University of Alberta: International Institute for Qualitative Methodology.

MCMILLAN, J. H. & SCHUMACHER, S. 1997. Research in Education. 4th edition. New York:Longman.

MCMILLAN, J. H. & SCHUMACHER, S. 2001. Research in Education. 5th edition.

MELLET, S. 2013. Aanspreeklikheid met betrekking tot leerdertoetsing buite skooltyd. FEDSAS.

MERRIAM, S.B. 1998. Qualitative research and case study application in education. San Francisco, CA: Jossey-Bass.

MESTRY, R & GROBLER, B. 2007. Collaboration and communication as effective strategies for parent involvement in public schools. *Educational research and review*, 2 (7): 176-185, July.

MILES, M.B. & HUBERMAN, A. M. 1994. Qualitative data analysis: an expanded sourcebook. 2nd edition. London: SAGE Publications.

MULLER, C.J.P. 2010. Regmatige Dissiplinêre maatreëls in die Klaskamer: 'n Gevallestudie. Universiteit van Suid- Afrika.

MTSWENI, J. 2008. The Role of Educators in the Management of School Discipline in the Nkangala Region of Mpumalanga. University of South Africa.

MORRELL, R. 2001. Corporal punishment in South Africa schools: a neglected explanation for its persistence. *South African Journal of Education*, 21(4): 292-299.

NIEUWENHUIS, J. 2007. Qualitative Research Designs and Data Gathering Techniques. In *First Steps in Research* edited by K. Maree. Pretoria: Van Schaik.

NIEUWENHUIS, J. 2007. Growing human rights and values in education. Pretoria: Van Schaik.

ODENDAL, F.F. 1997. Verklarende handewoordeboek van die Afrikaanse taal. Kaapstad: Pearson.

OOSTHUIZEN, I.JJ 2003. Aspects of Education Law. Van Schaik: Pretoria.

OOSTHUIZEN, I.J. 2004. Inleiding tot die Onderwysreg. Van Schaik Uitgewers.

OOSTHUIZEN, I.J. 2005. Praktiese wenke vir leerderdisipline. NoordwesPotchefstroom Universiteit.

OOSTHUIZEN, I.J. 2006. Praktiese wenke vir leerderdisipline. Van Schaik: Pretoria

OOSTHUIZEN, I.J. 2009. Aspects of Education Law. Van Schaik: Pretoria.

OOSTHUIZEN, I.J. 2007. Final report on learner misconduct in the Southern Region Potchefstroom: NW-Education Department.

OOSTHUIZEN, I.J. 2015. Introduction to Education Law: Pretoria: Van Schaik.

OOSTHUIZEN, I. J. & ROSSOUW, M. C. 2009. The phenomenon of swearing among S.A. learners. *Journal of Educational Studies*, 8 (1): 83-100.

OOSTHUIZEN, I.J., ROSSOUW, J.P. & DE WET, A. 2004. Inleiding tot die Onderwysreg. Van Schaik: Pretoria.

OSLER, A. 1994. The UN Convention on the Rights of the Child: some implications for teacher education. *Education Review*, 46 (2):141-151.

PAHAD, S. & GRAHAM, T.M. 2012. Educators' Perceptions of Factors Contributing to School Violence in Alexandra. *African Safety Promotion Journal* 10 (1):3-15.

PARKER, K. & LEITHWOOD, K. 2000. School councils' influence on school and classroom practice. *Peabody Journal of Education*, 75:37-65

PICKHARDT, C.E. 2004. The everything Parent's guide to positive discipline. Adams Media. Avon,U.S.A.

POGGENPOEL, M. 1993. Phenomenological research: summary. Johannesburg: RAU. (Dissertation-M.Sc).

POLAND, B. 1995. Transcription quality as an aspect of rigor in qualitative research. *Qualitative Inquiry*, 1(3),290-310.

POTGIETER, M. 2010. Oproerige leerders steek nog klaskamers aan die brand. *Die Burger*, 14, April.

PRETORIUS, Y. 2008. Die invloed van leerderdisipline op onderrig in openbareskole. Vanderbylpark, Fakulteit Vaaldriehoek, Noordwes-Universiteit.

RAYMENT, T. 2006. Managing boys' behavior. New York: MPG Books Ltd.

REYNEKE, J.M. 2013. The Best Interests of the Child in School Discipline in South Africa. Tilburg University.

RICHTER, L. & SWART-KRUGER, J. 1993. A research project on the knowledge, attitudes, beliefs and general sexual behavioral patterns practices amongst children in schools with regard to sexuality and Aids-related issues: Street children only, Pretoria. Department of National Health and Population Development.

ROGERS, B. 1998. *You know the Fair Rule*. Second Edition. London: Pitman.

ROSEN, L. 2005. *School Discipline: Best Practices for Administrators*. Second Edition. California: Corwin Press.

ROSSOUW, J.P. 2003. Learner discipline in South African public schools- a qualitative study. *Koers*, 68(4), 413-435.

ROSSOUW, J. P. 2005. School-based management in South Africa: reaching the ideas for South African education? *Education Law Journal*, 6(3), United Kingdom: 180-191.

ROSSOUW, J.P. 2007. The effect of learner discipline on educator security- an international qualitative inquiry. Oosthuizen et al. (Eds)2007.

ROSSOUW, J. P. & STEWART, D. 2008. Student/ Learner discipline and bullying: a comparative analysis of legal risk management in schools in Australia and South Africa. *Acta Academica* 2008 (2):244-274.

RUDESTAM, K. E & NEWTON, R.R. 2001. *Surviving your Dissertation. A Comprehensive Guide to Content and Process*. Second Edition. Sage Publications. California.

RUSSO, C. J. & STEWART, D. 2001. The place of education law in the international community. *Education Law Journal*: 18-25.

RUSSO, J., OOSTHUIZEN, I.J. & WOLHUTER, C.C. 2015(a) *International perspectives on student behaviour*. Landman:Rowman and Littlefield.

SA sien SUID-AFRIKA en SOUTH AFRICA.

SCHOOL-BASED VIOLENCE REPORT. 2011. An overview of School-Based Violence in South Africa. South Africa Council for Educators.

SERAME, N.J. 2011. An investigation into the disciplinary methods in the secondary schools of Jouberton. Potchefstroom: NWU (Med-dissertation).

SIERS, M. 2007. RAPCAN's positive discipline programme in schools: an overview: Article19,3,1-4.

SILVERMAN, D. 2001. Interpreting qualitative data: methods for analyzing talk, text and interaction. London:Publications.

SMIT, M.E. 2010. The role of school discipline in combating violence in schools in the East London region. Ongepubliseerde Med-tesis. Universiteit van Fort Hare.

Smith, C. 2006. Kaalvuisgevegte vir sakgeld. *Rapport*, 6 Augustus.

SMIT, M. H. 2011. Fundamentals of Human Rights and Democracy in Education: a South African Perspective (1st ed.) North West University: Potchefstroom Campus.

SLOTH-NIELSEN, J. 2001. The Child's Rights to Social Services, the Right to Social Security, and Primary Prevention of Child Abuse: Some Conclusions in the Aftermath of Grootboom. South African Journal of Human Rights 17:210-231.

SOUTH AFRICA. 1996c. National Education Policy Act (Act 27 of 1996). Pretoria: GovernmentPrinter.

SOUTH AFRICA. 2000. Promotion of Administrative Justice Act (Act 3 of 2000). Pretoria: GovernmentPrinter.

SOUTH AFRICA. 2005. Children's Act (Act 38 of 2005). Pretoria: Government Printer.

SOWELL, E. J. 2001. Education research: An integrative introduction. New York: McGraw-Hill.

SQUELCH, J. M. 2000. Discipline. Series on education transformation. Pretoria: Centre for Education Law and EducationPolicy.

SQUELCH, J.M. 2000. Governance of Education. In Contemporary education: Global issues and trends, Lemmer, E (Ed). Sandton: Heinemann.

STEYN, S. C., WOLHUTER, C.C., OOSTHUIZEN, I.J. & VAN DER WALT, J.L. 2003. 'n Internasionale perspektief op leerderdisipline in skole. *South African Journal of Education*, Copyright: EASA. 23(3)225-232.

STRAUS, M.A. & STEWART, J.H. 1999. Corporal Punishment by American Parents: National Data on Prevalence, Chronicity, Severity, and Duration, in relation to Child and Family Characteristics. *Clinical Child and Family Psychology Review*, 2 (2):55-69.

STRYDOM, J. 2006. *Buig die boompie, Beeld*. 26 September.

SUID-AFRIKA (SA). 1996b. Suid-Afrikaanse Skolewet, 84 van 1996. Pretoria: Staatsdrukker.

SUID-AFRIKA (SA). 1996c. Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 108 van 1996. Pretoria: Staatsdrukker.

SUID-AFRIKA (SA). 1998. Riglyne vir die oorweging deur beheerliggame in die aanvaarding van 'n gedragkode vir leerders. Staatskoerant: 776, 15 Mei.

STOOP, D. & STOOP, J. 2007. Die volledige Ouerskapboek. Praktiese raad deur kenners. Lux Verbi BM, Wellington.

TEMPELHOFF, E. 2006. Skolegeweld: Seun met skêr aangeval. *Die Beeld*: 14, 2 Augustus.

TIWANI, S.V. 2010. Managing Learner Behaviour: A Collective Case Study of Three Effective Secondary Schools. University of South Africa.

TSOTETSI, S., VAN WYK, N. & LEMMER, E. 2008. The experience of and need for

training of school governors in rural schools in South Africa, *South African Journal of Education*, Vol 28: 385-400.

UNESCO, 2006. Positive discipline in the inclusive, learning friendly classroom: a guide for teachers and teacher educators.

UNITED NATIONS. 1989. Convention on the Rights of the Child. New York: UN.

VALLY, S. 1996. Corporal Punishment-need for policy education. *Matlhasedi*, November/December:45-50.

VAN AARDT, P. 2006. Onnie by skool deur leerlinge aangeval. *Rapport*: 10, 16 September.

VAN BUEREN, G. 1992. Autonomy and the child: The international educational rights of the child. *Social Education*, 56 (4): 214-215.

VAN DER WALT, J. L. & OOSTHUIZEN, I. J. 2007. The nature and frequency of discipline problems with which educators have to cope in a region of the North-West Province of South Africa, Faculty of Education Sciences, Potchefstroom, North- West University.

VAN LOGGERENBERG, N. 2004. Dissipline agteruit? Wie se skuld? *Volksblad*: 7, 13 Jan.

VAN LOGGERENBERG, N. 2006. Dissiplineer binne kinderregte en op meriete. *Volksblad*: 1, 15Maart.

VAN RENSBURG, C.J.J. & LANDMAN, W.A. 1990. Sesde hersiene druk. Fundamenteel- pedagogiese begripsverklarings. Pretoria: NGKerkboekhandel.

VAN STADEN, J. G. 1999. Onderwysprofessionalisme. Referaat gelewer tydens die Opvoedkunde Vereniging van Suid-Afrika-kongres, Wellington, 13-15 Januarie.

VAN WYK, H. W. 1991. Die rol van die bestuursraad in die skool bestuur. Potchefstroom: PU VIR CHO. (Verhandeling- M.Ed.)

VAN WYK, N. 2001. Perceptions and practices of discipline in urban black schools in South Africa. *South African Journal of Education*, 21: 195- 201.

VAN WYK, N. 2004. School governing bodies: the experiences of South African educators,
South African Journal of Education, 2004 EASA, 24 (1): 49-54.

VAN WYK, N. 2007. The rights and roles of parents on school governing bodies in South Africa. *International Journal about Parents in Education*, Vol. 1, No. 0, 132-139. University of South Africa: Pretoria, SouthAfrica.

VISSER, P. J. & POTGIETER, J. M. 1994. Inleiding tot die familiereg. Kenwyn: Juta.

VOGEL, S. 2004. Public agenda. Teaching interrupted. [Web:] <http://www.Publicagenda.org>.

WEAVER, A. & ATKINSON, P. 1994. Micro computing and Qualitative Data Analysis. Aldershot:Avebury.

WELLARD, S. & MCKENNA, L. 2001. Turning tapes into text: Issues surrounding the transcription of interviews. *Contemporary Nurse*, 11 (2/3), 180-186.

WINKLEY, L. 1996. Emotional problems in children and young people. London: Cassell.

WOLHUTER, C. C. & OOSTHUIZEN, I. J. 2005. Die dissiplinesituasie aan Afrikaanse skole: belewenis van 'n groep opvoeders. SA-eDUC Vol 2: 10-19.

WOLHUTER, C.C & OOSTHUIZEN, I. J. (Eds). 2003. *Handling discipline in schools*. Potchefstroom: Azarel.

WOLHUTER, C.C., OOSTHUIZEN, I.J. & VAN STADEN, J.G. 2010. Skoolfase/ Leerderouderdom as Faktor in Leerderdissipline in Suid-Afrikaanse skole. Tydskrif vir Christelike Wetenskap 46(1):167-186.

WOLHUTER, C. C. & STEYN, S. C. 2003. Learner discipline at school: A comparative educational perspective. *Koers*, 68:521-538.

WOLHUTER, C.C. & VAN STADEN, J.G. 2007. Learner misconduct in the Free State, Eastern Cape and Vaal Triangle. Potchefstroom: Conference proceedings, 2-4 April.

ZULU, C.B. & WOLHUTER, C.C. 2013. Preface. *KOERS*, 78.3:1-2.

LYS VAN HOFSAKE:

Christian Education of South Africa v Minister of Education (CESA) of the Government of the Republic of South Africa 2000 (4) SA, 757 (CC).

Gordyn v Barnard 1977 1 SA 887 (K)

Governing Body of Mikro Primary School and Another v Western Cape Minister of Education and Others, 2005. (3) SA 504 (C).

Governing Body, Tafelberg School v Head of Western Cape Education Department (1999) 4 ALL SA 573 (C).

Governing Body, Tafelberg School v Head of Cape Education Department 2000 (1) SA 1209 (C).

Hamata and Another v Chairperson, Peninsula Technikon Internal Disciplinary Committee and Others, 2002 (5) SA 449 (SCA).

Harris v Minister of Education 2000 (case 30218/2000) T.

Jacobs v Chairman of Governing Body of Rhodes High School and Others, (2010).

L v H 1992 2 SA 594 (OK)

Le Roux and Others v Dey (Freedom of Expression Institute and Restorative Justice Centre as Amici Curiae, (3) SA 274 (CC), 2006.

MEC for Education: KwaZulu-Natal v Pillay and Others (CC), CCT 51/06 Maritzburg College v C.R. Dlamini N.O. and Others [2005] JOL 15075 (N).

Matukane and Others v Laerskool Potgietersrus.1996 (3) SA 215 (T).

Queens College v Department of Education, Head of Department of Education and Ten Others (2007) SA (EC) CN. 454/08.

R v Muller, 1948 (4) SA 848 (O) 88.

S v M, 2007 (2) SACR 539 (CC) 52.

Schoonbee and Others v MEC for Education, Mpumalanga and Another 2002 (4) SA 877 (T).

V v V, 1998 (4) SA 169 (C)

Western Cape Residents' Association obo Williams and Another v Parow High School 2006 (3) SA 542 (C)

LYS VAN WETTE

AFRIKA-Handves oor die Regte en Welsyn van die Kind (AU, 2000).

DEPARTMENT OF EDUCATION. 1995. White Paper on Education and Training. Pretoria: Staatsdrukker.

DEPARTMENT OF EDUCATION. 2004. Regulations for Safety Measures at Public Schools. GN 1040 IN GG 22754, Regulation, 4(2).

Suid-Afrika (SA). 1993. Wet op Beroepsgesondheid en Veiligheid (SA, 1993). Pretoria: Staatsdrukker.

SOUTH AFRICA. (SA). 2005. Children's Act (Act 38 of 2005). Pretoria: Government Printer.

SOUTH AFRICA. 2008. Child Justice Act (Act 75 of 2008). Pretoria: Government Printer.

Suid-Afrika (SA). 1977. Die Strafproseswet(Wet 51 van 1977). Pretoria: Staatsdrukker.

Suid-Afrika (SA). 1996b. Suid-Afrikaanse Skolewet, Wet 84 van 1996. Pretoria: Staatsdrukker.

Suid-Afrika (SA). 1996c. Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika (Wet 108 van 1996). Pretoria: Staatsdrukker.

Suid-Afrika (SA). 1993. Wet op Voogdy (Wet 192 van 1993). Pretoria: Staatsdrukker.

Universiële Verklaring van Menseregte (VN, 1948).

Konvensie oor die Regte van die Kind (VN, 1998).

Suid-Afrika (SA). 2000. Wet op Bevordering van Gelykheid en Voorkoming van Onbillike Diskriminasie (Wet 4 van 2000). Pretoria: Staatsdrukker.

Nasionale Beleid oor die Behartiging van Dwelmmisbruik by Leerders (DBO, 2002b, hierna Beleid op Dwelmmisbruik).

ADDENDUM A: TOESTEMMINGSBRIEF VAN NOORD-KAAP DEPARTEMENT VAN ONDERWYS

17:42/46 75247 18882

DEPARTMENT OF EDUCATION
DEPARTEMENT VAN ONDERWYS
LEFAPHA LA THUTO
KEBE LEZEMFUNDO

Education Building
100 Barkly Road
Homestead
KIMBERLEY 6801
Private Bag 25029
KIMBERLEY 6800
Republic of South Africa
www.ededu.gov.za
Tel: (053) 036 4506
Fax: (053) 036 0501

Enquiries :
Dinelliso : Mr T. Pharas
Intluze :
Newble :
Reference :
Tshatso :
Kobehle :
Vanwydige :

Bye :
Lesupale : 03/05/2011
Uchti :
Datum :

Mr/Ms JPD Buys
Wrenchville
Kuruman
8480

Dear Sir/Madam

PERMISSION TO INTERVIEW 10 EDUCATORS IN JTG DISTRICT
PERMISSION GRANTED

Your letter on the abovementioned subject matter is hereby acknowledged.

The Acting Head of Department, Mr. Pharas, has granted permission for you to conduct your research in our schools as indicated in your letter.

It is however the department's position that during the process of conducting the research, teaching and learning should under no circumstances be disrupted. Arrangements should be made by the researcher to conduct the envisaged interviews outside of the teaching time.

Mr Pharas would like to wish you well in your endeavors to improve education. He will be looking forward to receive the final product of your research.

Kind regards


G.T. Pharas
Acting Head of Department: Education

HIV/AIDS is everyone's concern.
Page 1 of 2

ADDENDUM B: BRIEF AAN SKOOLHOOF

Letter to school Principals

The Principals

Date: _____

Dear Sir/ Madam

I am presently a permanently employed educator, as well as a part-time second year MEd student at the North West University, doing full research under the supervision of Professor, M.H.Smit.

My research topic is about learner misconduct in the John Taolo Gaetsewe district in the Northern Cape with specific reference to the involvement of parents as partners in the managing of discipline in these schools. The investigation will include interviews with two teachers at the school and three parents in the same community. The aim of the study is to solicit ideas that might enhance effective discipline practices. The interviews will not interfere with the daily school program and it will be conducted after working hours on school premises with the permission of the principal and the SGB.

I hereby seek permission from you and your SMT to engage the teachers of your school as participants in my study. The investigation will be guided by a strict code of ethics, as prescribed by the Ethics Committee of the North West University. All data collected during the investigation will be treated in a strictly confidential manner.

Your participation in my study will be highly appreciated.

I declare myself available to answer any queries you or your SMT members might have regarding the nature of the investigation.

Thank you in anticipation of your response.

Yours sincerely

J.P.D. Buys

The principal

Name & signature

ADDENDUM C: ONDERHOUDSKEDULE

Onderhoudskedule

Die volgende onderhoudsvrae sal aan ouers gestel word.

- 1) Wat dink u is die tipes leerderwangedrag wat by die skool in die area waar u woon ondervind word?
- 2) Is u bewus van die aard van hierdie tipes wangedrag?
- 3) Hoe gereeld dink u vind hierdie tipe wangedrag plaas?
- 4) Watter verantwoordelikheid het u as ouer tuis om dissipline by die skool te bevorder?
- 5) Hoe kan u as ouer meer betrokke raak by u kind se opvoeding?
- 6) Hoe hanteer u as ouer ernstige wangedrag (oortredings) deur u kind veroorsaak?
- 7) Wat doen u as ouer tuis om positiewe gedrag by u kind te vestig?
- 8) Wat dink u is u rol as ouer ten opsigte van strafmaatreëls soos vervat in die gedragskode van die skool?
- 9) Hoe ondersteun u as ouer die onderwyser om leerderwangedrag te verminder?
- 10) Hoe dissiplineer u as ouer u kind om respek te toon vir onderwyers en ander gesaghebbers?